DIE REPUBLIKEINSE STREWE: DRYFVERE EN PROBLEEM BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE PARTYPOLITIEK, 1902 - 1961

deur Nicolaas Gerhardus Stefanus van der Walt

Akademiese Proefskrif aangebied ter verkryging van die graad Doctor Philosophiae Postuum in Staatsleer aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

1968

Promotor: PROF. DR. C.P. VAN DER WALT.

Hulppromotor: PROF. DR. J.S. DU PLESSIS.

„Dit, na my mening, en in besonder onder die Hollands-sprekende mense van die vroeëre Republieke, is steeds hulle hoop gewees - en is vandag hulle hoop - en ten slotte is dit die mees verhewe hoop wat 'n volk kan koester - naamlik onafhanklikheid."

- Genl. J.B.M. Hertzog, 1915.

VAN DIE PROMOTOR

Met leedwese word bekend gestel dat mnr. N.G.S. van der Walt, die skrywer van hierdie proefskrif, op 5 November 1966 te Sannieshof oorlede is. Ten tyde van sy dood was die werk nog nie voltooi nie: veral hoofstukke IX, X en XI moes nog hersien, bygewerk en afgerond word, terwyl die slothoofstuk nog in sy geheel ontbreek het.

Op versoek van die weduwee van die oorledene en met goedkeuring van die Universiteit is die manuskrip deur dr. B. Spoelstra, 'n familielid, persklaar gemaak met die oog op indiening daarvan en beoordeling deur die eksaminatore. Hy het ook die slothoofstuk saamgestel op dié wyse wat ter plaatse aangedui word. Dit word as addendum tot die proefskrif ingesluit.

In 'n konsep-voorwoord het die kandidaat sy studiewerk soos volg gemotiveer:

> „Die vryheidstrewe van die Afrikanervolk is nie in 1961 met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika beëindig nie ..... Die verwesenliking van republikeinse onafhanklikheid ten opsigte van die Britse Kroon en Ryk het maar een aspek van die vryheidstrewe gevorm. Die ideaal van nasionale selfverwesenliking, die ander aspek van die vryheidstrewe, is nog maar tydelik en voorwaardelik bereik. Dit is dus 'n saak van aktuele betekenis dat die grondmotiewe van die republikeinse strewe bloot gelê moet word sodat behoorlik voorraad ten opsigte van die lang gekoesterde ideaal geneem kan word."

Die skrywer se lewensbeskouing en die daaruit spruitende opvatting oor die onderwerp wat in die proefskrif behandel word, blyk uit 'n brief kort voor sy dood waarin hy gesê het:

> „Dit is vir my 'n geloofsaak. Dit hang saam met die goddelike roeping van volke in die geskiedenis - 'n roeping ook op politieke gebied."

Die werk bevat inderdaad die politieke belydenis van die oorledene.

C.P. VAN DER WALT.

Potchefstroom.
29 Januarie 1968.

I N H O U D

		Bladsy
HOOFSTUK I	DIE VRYHEIDSVRAAGSTUK	
	1. DIE AGTERGROND EN WESE VAN DIE VRYHEIDSVRAAGSTUK	1
	2. DIE VRAAGSTUK SEDERT 1902	15
HOOFSTUK II	HERKOMS EN ONTPLOOIING VAN DIE VRYHEIDSVRAAGSTUK	21
	1. DIE AFRIKANER SE VRYHEIDSTREWE IN DIE GROOT TREK	21
	2. DIE VRYHEIDSVRAAGSTUK IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK	25
	3. DIE VRYHEIDSTREWE NA DIE VREDE VAN VEREENIGING (1902)	31
	(a) Eenstroom-beleid in Transvaal	32
	(b) Tweestroom-beleid in die Vrystaat	42
HOOFSTUK III	NA UNIE, 1910	50
	1. UNIFIKASIE EN AANPASSING	50
	2. KONSILIASIE EN NASIONALISME	58
	3. DIE REBELLIE	70
HOOFSTUK IV	HERLEWING VAN DIE REPUBLIKEINSE IDEAAL	80
	1. DIE NASIONALE ASPEK	80
	2. DIE STAATKUNDIGE ASPEK	83
	3. DIE VOLKSTAATGEDAGTE NA VORE	93
	4. VRYHEIDSTREWE, 'N VOLKSBEWEGING	98
HOOFSTUK V	VERLOËNING VAN DIE REPUBLIKEINSE IDEAAL	100
	1. POGINGS TOT HERENIGING	100
	2. REPUBLIKEINSE TERUGGANG	106
	3. SOEWEREINE ONAFHANKLIKHEID	110
	4. DIE SENTRALE VRAAGSTUK	115
HOOFSTUK VI	VOLKSVERSET	120
	1. VERSAKING VAN DIE VRYHEIDSTREWE	120
	2. BUITE DIE PARTYPOLITIEK	123
	3. UITWERKING VAN SAMESMELTING	127

HOOFSTUK VII	HERLEWING VAN DIE VRYHEIDSTREWE	133
	1. NA SAMESMELTING	133
	2. DIE NUWE NASIONALE PARTY	136
	3. DIE DRYFKRAGTE	139
	4. ONDERLIGGENDE BEGINSEL	143
	5. AFRIKANEREENHEID	145
HOOFSTUK VIII	„WEDEROPSTANDING"	151
	1. VOORTREKKER-EEUFEES	151
	2. DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG	156
	3. DIE OPKOMS VAN DIE VOLKSBEWEGING-GEDAGTE	158
	4. UNIALE KONGRES 1941	163
	5. OPLOSSING VIR DIE VOLKSTAATIDEE	167
HOOFSTUK IX	DIE VOLKSTAATGEDAGTE	170
	1. DIE REPUBLIKEINSE KONSEPGRONDWET	170
	2. DIE REPUBLIKEINSE MOSIE	177
	3. TOENADERING	181
	4. DIE OSSEWABRANDWAG	184
	5. IDEAAL EN PRAKTYK	187
HOOFSTUK X	DIE KONSTITUSIONELE STREWE	191
	1. TWEE MOSIES - TWEE VERKIESINGS	192
	2. DIE STATEBOND	
	(a) Britse Konneksie Behoue	198
	(b) Ekonomiese Bande	202
	(c) Engeland se Oorloë	203
	(d) Parlementêre Bande	204
	(e) Geestelike Bande	205
	(f) Volkseenheid op Britse Grondslag	208
	3. DIE BRITSE KROON	209
HOOFSTUK XI	HOOGTEPUNT	214
	1. REPUBLIKEINSE DRUK	214
	2. PARLEMENTÊRE EENSTEMMIGHEID	218
	3. AFRIKANER-OORWINNING	223
	4. DIE REPUBLIEK	226
HOOFSTUK XII	SAMEVATTING	230

B Y L A E — DIE REPUBLIKEINSE ARTIKELS IN DIE PROGRAMME VAN BEGINSELS VAN DIE NASIONALE PARTYE — 249

B R O N N E — 253

HOOFSTUK I

DIE VRYHEIDSVRAAGSTUK

1. DIE AGTERGROND EN WESE VAN DIE VRYHEIDSVRAAGSTUK.

„Suid-Afrika se vraagstuk is basies nie 'n vraagstuk van ras en kleur nie, maar van nasieskap: dit moet 'n manier vind vir verskillende nasies met verskillende identiteite om gelukkig langs mekaar te leef." So het die Suid-Afrikaanse Minister van Buitelandse Sake, dr. Hilgard Muller, tydens 'n besoek aan Frankryk die politieke toestand in Suid-Afrika in verband met die kleurvraagstuk opgesom,[1] en daarmee tegelyk die vinger gelê op die vryheidsvraagstuk in ons land - die vryheid nie net van die Afrikanervolk nie, maar ook van die nie-blanke volksgroepe wat in die afgelope paar dekades tot nasionale ontwaking begin kom het. Want hierdie vraagstuk is nouer ineengeknoop as wat dit oppervlakkig voorkom. Omdat die vryheidsbeweging van die Afrikanervolk aanvanklik uitgemond het in en later 'n doelbewuste strewe geword het na 'n republiek, het dit ook bekend geword as die republikeinse beweging. Hierdie benaming het egter veral in die later jare verwarrend en beperkend ingewerk op die vryheidstrewe, want dit het slegs een aspek daarvan beklemtoon: die buitelandse, terwyl die wesenlike van die vryheidstryd juis daarin gelê het dat 'n afsonderlike volk, onder die drang van geroepenheid, nie net deur 'n vreemde moondheid nie, maar ook deur die aanwesigheid van ander volke van die beskikking oor sy eie staat as politieke volksorgaan weerhou is of weerhou kon word. In wese gaan die vryheidstryd dus dieper as daarom dat dit net 'n verset teen Groot-Brittanje en selfs die Engelse bevolkingsgroep binne Suid-Afrika was. Dit raak ook die Afrikaner se verhouding tot ander bevolkingsgroepe met 'n eie identiteit, maar in laasgenoemde geval word dit aangedui as die „kleur-" of „rassevraagstuk". Aanvanklik is hierdie probleem nie as 'n saak van vryheid aangevoel nie en het ander faktore die Afrikaner se beskouing help bepaal, maar veral in later jare het die Afrikaner, in die lig van die Britse gelykstellingsbeleid, die mede-seggenskap van die nie-blanke in staats-

---

1) Die Transvaler, 7/10/64.

aangeleenthede bewustelik as 'n bedreiging vir die witman en daarmee vir homself as volk beskou.[2)]

Histories beskou word die vryheidsvraagstuk vir die Afrikanervolk bepaal deur die volgende faktore:

(1) 'n Buitelandse moondheid, Groot-Brittanje, het sedert 1806 sy staatkundige gesag oor Suid-Afrika uitgebrei.

(2) Gepaard daarmee het 'n afsonderlike, uitheemse volksgroep, deur afkoms en taal aan die buitelandse gesag verbonde, hom langs die inheemse blanke volk kom vestig; 'n geringe persentasie van hierdie vreemde volk het met die Afrikaners geassimileer, dog die meerderheid het as Engelse gemeenskap bly voortbestaan.

(3) Hoewel 'n deel van laasgenoemde groep van tyd tot tyd hul samewerking verleen het in die stryd teen die buitelandse gesag om groter politieke seggenskap in eie sake, was hierdie samewerking beperk òf wat ideaalstelling betref (bv. tot selfbestuur onder Britse vlag), òf wat getalle betref weens die verwantskapsgevoel tussen hierdie Engelse bevolkingsgroep en die buitelandse moondheid.

(4) Afgesien van taal- en sentimentsverskille het daar tradisioneel en lewensbeskoulik 'n diepgaande kloof tussen die twee volksgroepe bestaan wat samewerking bemoeilik het.

(5) Behalwe die twee blanke groepe was daar nog die nieblanke volksgroepe, insonderheid die Bantoes, wat die vraagstuk verskerp het.

Die verskillende benaderings van die twee blanke groepe, veral ook met betrekking tot die faktor van die nieblanke bevolkingsgroepe, het nie net albei vraagstukke afsonderlik bemoeilik nie, dit het ook meegebring dat die kleurvraagstuk as sodanig 'n aandrywende faktor agter die vryheidsbeweging was. Dit het reeds gedeeltelik tot die Groot Trek aanleiding gegee, maar veral in die latere jare in 'n belangrike mate daartoe bygedra dat die Afrikaners as afsonderlike volk op politieke gebied sou verenig, waardeur

---

2) Vgl. M.D.C. de W. Nel, aangehaal deur D.W. Krüger: South African Parties and Policies, Kaapstad, 1960 bl. 443-444.

hulle in staat gestel sou word om die bevrediging te smaak van die beheer oor 'n eie staat waarin hulle sou kon kom tot die volvoering van 'n eie roeping, of soos dit meermale gestel is: tot nasionale selfverwesenliking, afgesien van sekere beperkinge wat nog sou bestaan.

Om die omvang van die vryheidsvraagstuk in Suid-Afrika te begryp, is dit in die eerste plaas nodig om daarop te wys dat ons hier te doen het met die algemene selfgeldingsdrang by volke op politieke gebied: daardie strewe om 'n eie staat te besit, of minstens te beheer,[3] en wat vanuit Calvinistiese oogpunt beskou, in verband gebring kan word met die Goddelike roeping van volke in die geskiedenis.[4] Deur die Calvinisme se erkenning van die selfstandige menslike verbande - gesin, volk, kerk, ens. - en hul geroepenheid deur en verantwoordelikheid aan God, word vanself die nasionale eenheid erken. Selfs 'n teoloog soos prof. dr. Surjit Singh, wat „weier om tot die geledere van die nasionalisme toe te tree", erken dat „dieselfde (Bybelse) geloof (ons) lei tot die erkenning van die God-gegewe verskille tussen lede van verskillende rasse en kleure", en dat „elke volk of nasie 'n besondere bydrae kan maak tot voordeel van die mensdom".[5] Die samelewing begin immers by die gesin en brei uit totdat dit uitgroei tot 'n volk as 'n afgeslote geheel. Nie net die enkeling nie, maar ook die volk in etniese sin het 'n roeping teenoor God ten opsigte van die wêreld, en aangesien 'n volk nie net kultureel en andersins geroepe is nie, dog ook polities, is dit vanselfsprekend dat so 'n volk vry moet wees om hom op staatkundige gebied te laat geld, sowel binne- as buitelands.

Hierdie strewe na nasionale selfverwesenliking op politieke gebied bring dan mee dat die staat tot op groot hoogte met die volk as etniese eenheid vereenselwig word. Die staat word dan gesien as die volk se politieke orgaan of organisasie[6] wat, behalwe om reg te handhaaf (en te skep) en die openbare orde te reël, meer in besonder ook die volk tot beskerming en diens moet wees. Ons kan dit die volkstaat-

---

3) Vgl. ibid., bl. 441.
4) Vgl. H.G. Stoker: Die stryd om die Ordes, Potchefstroom, 1942, bl. 42 en 59.
5) „Nasie, Volk en Ras", Pro Veritate, deel III, No. 2, 15/4/64.
6) Vgl. J. Albert Coetzee: Politieke Groeperinge in die Wording van die Afrikanernasie, Johannesburg, 1941, bl. 284.

gedagte noem, en ooreenkomstig hierdie opvatting kan die begrip „staat" dan soos volg gedefinieer word: „Een volk onder eigen owerheid, wonende op eigen grondgebied vormt een staat."[7)]

Van hierdie volkstaat sê Hans Kohn: „The nation-state is more deeprooted in the emotions of the masses than any previous political organization."[8)]

Burgerskap in so 'n volkstaat is in die eerste plaas die voorreg van die volksgenoot. Ander inwoners van die land kom vir burgerskap in aanmerking slegs op grond van hul bereidwilligheid en vermoë om hulle met die inheemse volk te vereenselwig. President Kruger wat, soos later sal blyk, 'n sterk aanhanger van hierdie gedagtegang was, het dan ook aan 'n afvaardiging van die Transvaal National Union gesê: „What was sought for in the franchise would, if granted, deprive his people of their sole privilege."[9)]

Dit is dus vanselfsprekend dat 'n volk met 'n sterk roepingsbesef geneig sal wees om die volkstaatgedagte te huldig, want alleen wanneer hy ten volle en uitsluitlik oor sy eie staat beskik, kan so 'n volk by magte wees om sy roeping op politieke gebied onbelemmerd te vervul. Ter ondersteuning van hierdie stelling kan die volgende voorbeeld dien: Hoewel lewensbeskouing op sigself geen volksonderskeidende faktor is nie, kan 'n bepaalde volk tog die stempel van 'n besondere lewensbeskouing dra.[10)] Waar twee blanke volksgroepe dan met verskillende tradisie en lewensbeskouing in 'n veelrassige land soos Suid-Afrika 'n staatkundige roeping moet vervul ten opsigte van die nie-blankes in hulle midde en omgewing, en die twee volksgroepe sou op grond van hierdie verskille strydige benaderings huldig ten opsigte van hierdie staatstaak, sodat die een 'n beleid van assimilasie voorstaan en die ander een van skeiding, sal so 'n staat òf net een van die twee volksgroepe bevredig, òf sy taak met 'n laat-maar-loop-beleid omseil, wat nie een van die twee sal bevredig nie. Op die terrein van buitelandse verhoudinge mag die een groep hom verbonde voel aan 'n wêreldbeweging op grondslag van die

---

7) Christelijke Encyclopaedie, deel V, 1929, bl. 260.
8) Hans Kohn: The Idea of Nationalism, New York, 1951, bl.22.
9) G.D. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, Johannesburg, 1947, bl.278.
10) Vgl. Stoker, a.w., bl.2, t.o.v. die Afrikanervolk.

Liberalisme, wat 'n wêreldstaat nastrewe, terwyl die ander in 'n rigting van internasionale samewerking maar met handhawing van die nasionale gedagte wil beweeg. Enige staatsoptrede om aan een volksgroep se buitelandse aspirasies te voldoen, sluit dan vanself die ander groep uit, wat daarop neerkom dat daardie volk onvry is in die vervulling van sy roeping.

Dit dwing tot die gevolgtrekking: òf die konsekwensie van die Calvinistiese beginsel van volksgeroepenheid moet aanvaar word, ook op staatkundige gebied, en dan het die volk 'n staat, òf die standpunt van losse individue wat kontraktueel tot 'n staatsverband georganiseer word, moet aanvaar word, en dan het die staat 'n volk.[11)]

Nou is dit 'n feit dat die Afrikanervolk, op grond van sy Calvinistiese lewensbeskouing, van die vroegste tyd af 'n diepe besef gehad het van sy roeping as volk.[12)] „Hierdie idee van geroepenheid, van apartheid, van die taak om hulle vry te hou van vermenging met die heidense volke ..... vorm inderdaad die diepste ondergronde van die kragtige rassebewustheid van die Afrikanervolk en die drang tot durende voortbestaan as aparte volk", aldus dr. A.J.H. van der Walt.[13)]

Die gevoel van „apartheid", van sy „rassebewustheid", het in die eerste plaas betrekking gehad op die nie-blankes. Anna Steenkamp beklemtoon die beginsel van afkoms waar sy die gelykstelling van die slawe veroordeel as „strydig met die wette van God en die natuurlike onderskeid van afkoms en geloof".[14)] Die nie-blankes is in beginsel geheel en al uitgesluit van medeseggenskap in die staatsgesag en selfs van die voorreg om te assimileer. Die beleid van selfstandige ontwikkeling moet dan ook as 'n konsekwensie gesien word van die volkstaatgedagte wat bewus of onbewus die Afrikaner se

---

11) Vgl. ook P.J. Meyer: „Nasionalisme: die Onsigbare Vlam", Die Republiek van Suid-Afrika onder redaksie van F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, Johannesburg, 1966, bl.299.

12) Vgl. M.C.E. van Schoor: Die Nasionale en Politieke Bewuswording van die Afrikaner in Migrasie tot 1854, D.Litt.-Proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1961, bl.92-98.

13) „Exodus van die Boerevolk", Koers, deel IV, No. 3, Des. 1938, bl.6.

14) Die Dagboek van Anna Elizabeth Steenkamp, Pietermaritzburg, 1939, bl.11.

politieke beskouing gevorm het, en dit is daarom dat die meeste Engelssprekendes hierdie beleid „eenvoudig nie begryp nie",[15] want die Engelse tradisie spruit uit 'n heeltemal ander beginsel, soos weldra sal blyk.

Maar in die tweede plaas het hierdie gevoel van apartheid, van „groep-identiteit", ook betrekking gehad op ander blanke volke. Solank individuele lede van 'n ander volk opgeneem kan word sonder die gevaar dat dit die volksidentiteit kan skaad - „dat onze nationaliteit daardoor overstroomd worde", soos Paul Kruger dit gestel het[16] - of dat hulle die staatsgesag kan bemeester,[17] is hulle as potensiële volksgenote welkom.[18] Die stemreg, dit wil sê volle burgerskap, moet toegeken word in samehang met die assimilasieproses. Daarom dat Pres. Kruger as 'n toegewing hom ten gunste daarvan verklaar het om by wyse van uitsondering van tyd tot tyd die name van „betroubare" persone voor die Volksraad te lê met die bedoeling om aan hulle die stemreg te verleen.[19]

Vreemde elemente binne 'n volkstaat is, na gelang van hul assimileerbaarheid of begeerte om geassimilieer te word, òf vreemdelinge met gasreg,[20] òf potensiële volksgenote wat by die volk ingelyf gaan word en wat later, in hul nageslag, een van sin en bloed met die res van die volk sal word. So gesien, sal assimileerbare nie-volksgenote verskillende stadiums deurmaak in die proses van ontwikkeling na volwaardige volksgenootskap. Onder op die leer staan so diegene wat nog 'n vreemde staatkundige vaderlandsliefde handhaaf, maar wat reeds 'n ekonomiese of estetiese vaderlandsliefde openbaar.[21] Die anti-republikeinse Uitlanders in die Transvaal voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog vorm 'n voorbeeld van hierdie groep. Hoër op staan diegene wat reeds staatkundige vaderlandsliefde besit, maar wat nog nie die

---

15) Dennis Worrall in Die S.A. Beeld, 13/2/66, bl.9.
16) J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, Amsterdam, 1889, bl.380.
17) J.S. Marais: The Fall of Kruger's Republic, London, 1961, bl.282.
18) Vgl. D.F. du T. Malherbe: Afrikaner-volkseenheid, Bloemfontein, 1942, bl.43.
19) Scholtz, a.w., bl.278.
20) Vgl. L.J. du Plessis, Die Transvaler, 8/11/38; Pres. Kruger se woorde aan die vreemdelinge in 1898, C.E. Vulliamy; Outlanders, London, 1938, bl.262.
21) Vgl. J. Albert Coetzee, a.w., bl.5.

kultuur, tradisie of lewensbeskouing van die volk deel nie (bv. daardie Engelse wat aan die Republiek se kant geveg het teen Engeland). En nog hoër op dié wat sommige van hierdie geestesgoedere reeds deel, maar wat hulle nog nie genoegsaam vereenselwig het met die tradisie (geskiedenis) van die volk nie (bv. Nederlanders van Calvinistiese oortuiging of vaderlandsliewende Engelssprekende Suid-Afrikaners wat die Afrikaners se rassegevoel deel).

Op watter stadium 'n potensiële volksgenoot volle burgerskap sal ontvang, sal in die lig van hierdie opvatting 'n saak van praktiese eerder as van beginseloorweging wees. Toegepas op Suid-Afrika sal dit daarop neerkom dat Engelssprekendes wat polities lojaal teenoor Suid-Afrika staan en sosio-histories ingeweef is by die Suid-Afrikaanse lewenspatroon, veral ook met betrekking tot sy standpunt van rassedifferensiasie, vir alle praktiese doeleindes reeds beskou kan word as volksgenote, aangesien die taal meer tot die terrein van die kulturele as tot die staatkundige roepingsvervulling van 'n volk behoort.[22] Polities kan hulle dus reeds 'n bydrae lewer tot die uitvoering van die volksroeping op staatkundige gebied. Die verdere afronding van die volksassimilasieproses sal hierna as 'n histories-logiese noodwendigheid volg.

Ongelukkig is daar verskillende faktore wat hierdie natuurlike verloop in ons land belemmer. Vir J.J. McCord bestaan daar reeds 'n volk, „the South African-Afrikaner nation", „the heart and core of the country",[23] maar hy dui die belemmerende faktore aan as „racialism, latent and active imperialism, and agitation" sowel as „the inability or unwillingness (van die Engelse) to give themselves fully to the new land of their adoption". Wat hy onder laasgenoemde verstaan, kan afgelei word van sy verwysing na die Transvaalse Republiek in die voorafgaande paragraaf: „The English refused to identify themselves fully with the country. They wanted to remain English, British, and for them alone as against all

---

22) Vgl. Genl. Hertzog se standpunt, M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl.228.

23) J.J. McCord: South African Struggle, Pretoria 1952, bl.486.

the other nationalities that had created the new nation, they wanted the country to be 'Anglicised'."[24)]

Uitgaande dan van die volkstaatgedagte, sal die vraagstuk waarmee die Afrikanervolk sedert die begin van die vorige eeu gekonfronteer was, al dadelik besef word. Hy het reeds sy verhouding tot die nie-blankes bepaal: hulle sou geen aandeel mag hê aan sy maatskaplike, kerklike en politieke instellings nie.[25)] Hierdie beleid sou hy egter nie in die staatspraktyk kon deurvoer nie, want afgesien daarvan dat sy staat in die hande van 'n buitelandse moondheid met 'n geheel ander benadering was, was die strewe van die Britse inkomelinge, soos aanvanklik deur die sendeling-filantroop verteenwoordig, juis om die nie-blanke polities en maatskaplik met die blanke gelyk te stel.

Daar was dus in die eerste plaas die botsing tussen twee lewensbeskouings; maar in die tweede plaas het hierdie botsing grootliks daartoe bygedra dat die Afrikaner tot nasionale bewustheid geskok is terwyl dit sy roepingsbesef in so 'n mate versterk het dat hy vir meer as 'n eeu sou volhard in sy strewe om die beheer oor 'n eie staat te bemagtig. 'n Belangrike deel van sy stryd sou inderdaad gaan teen die strewe om sy staatsopvatting te vervang deur dié van die vreemde gesag, want daarmee het saamgehang sy voortbestaan of ondergang as 'n afsonderlike volk met 'n politieke roeping. Dit is dus inderdaad 'n stryd, soos deur dr. Hilgard Muller aangedui, om die vraagstuk van nasieskappe langs mekaar op te los.

Teenoor die volkstaatgedagte waartoe die Afrikaner se lewensbeskouing met sy geloof aan 'n volksroeping[26)] hom intuïtief gedwing het, staan die Britse gedagte met sy liberale tradisie wat in sy staatsbeskouing nie van die volk uitgaan nie maar van die individu.[27)] Dr. Dennis Worrall sê: „Sonder die Afrikaner se gevoel vir groepidentiteit en die waardes en opvattinge wat daarmee gepaard gaan, kan die Engelssprekende Suid-Afrikaner die noodsaaklikheid daarvan nie insien om mag

---

24) Ibid., bl.165-66.
25) Vgl. Van Schoor, a.w., bl.68-69.
26) Vgl. ook P.J. Meyer: Die Afrikaner, Bloemfontein, bl.50, 88. C.C. Nepgen: Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, Stellenbosch, 1938, bl.71,94.
27) Vgl. Morris Broughton: Press and Politics of South Africa, Kaapstad, 1961, bl. 127 en 94.

oor te dra in terme van gebiede nie".[28] Ons kan sê dat waar die Afrikaner die volksgenootskap, die bloedband beklemtoon, die Engelsman die burgerskap van die individu as die bindende element beskou. „Net soos in die geval van die Franse rewolusionêre beskouings, slaan die Britse liberalistiese volksbegrip nie op die lede van natuurlike taalgemeenskappe nie, maar op die som van enkelinge wat binne 'n bepaalde staatsgebied woon en dan as staatsburgers bekend staan", aldus dr. P.J. Meyer.[29] Almal wat hulle aan die Britse kroon en vlag onderwerp, is lede van die (staats-) volk. Die begrip „volk", in sy etniese betekenis, is by hulle vervang deur die begrip „ras" („race") - en is daarmee terselfdertyd buite die staatsbegrip verplaas. Die volk word polities dan nie gesien as 'n etniese verband „onder eigen overheid" nie, dog as 'n staats- of regsgemeenskap waarbinne enkelinge, ongeag herkoms, taal of kleur, op grond van onderdaanskap tot 'n eenheidsverband saamgeknoop word.

Die definisie wat ons vroeër van die „staat" gegee het, kan in hierdie geval omgespan word tot: „Burgers binne een grondgebied, onder een staat, vorm 'n volk." Langs en teenoor die volk as etniese begrip staan dan nou die staatsvolk,[30] en teenoor die volkstaat staan die massastaat.[31]

Soos later sal blyk, het die verhoudingsvraagstuk sommige Afrikaners van tyd tot tyd gedwing om hul staatsopvatting by omstandighede aan te pas, hoewel almal nie vry te spreek is van beïnvloeding deur die Britse lewensbeskouing nie.[32] Dr. P.J. Meyer verklaar: „Dit is veral in sy stryd teen Britse oorheersing en in sy toenemende integrasie met die Engelse volksdeel in Suid-Afrika dat die Suid-Afrikaanse nasionalisme meer en meer beïnvloed is deur wat ons in die algemeen, die liberalisme noem." In plaas van 'n volk onder eie owerheid op eie grondgebied het dié Afrikaners soms ook uitgegaan van die gedagte dat burgers binne een grondgebied onder een staat 'n volk vorm. Ander het wel dieselfde standpunt gehuldig op grond van 'n wysgerige opvatting van die staat as 'n

---

28) Denis Worrall, Die S.A. Beeld, 19/2/66.
29) P.J. Meyer: „Nasionalisme: die Onsigbare Vlam", t.a.p., bl. 302-3.
30) Vgl. Malherbe, a.w., bl.22.
31) Vgl. J.F.W. Haak: „Invloed van die Parlementêre Stelsel op die Afrikanervolk", Die O.B., 21/2/45, bl.5.
32) P.J. Meyer, a.w., bl.302.

regsgemeenskap met die taak van reg- en ordehandhawing oor 'n bepaalde gebied.[33] Omdat die Afrikaners se rassebewustheid, op enkele uitsonderings na, egter steeds te sterk gebly het vir die Britse liberale opvatting, kan in hul geval nie van 'n massastaat gepraat word nie, maar eerder van 'n „burgerstaat". Want terwyl die Engelse bereid was om aan nie-blankes burgerregte te verleen deur die toepassing van 'n beskawingsmaatstaf,[34] het sulke Afrikaners hierdie voorreg uitsluitlik vir die blanke ras gereserveer. Teenoor die volkstaatgedagte kan dan die burgerstaatgedagte gestel word, wat die volk as etniese verband eintlik uitskakel van die staatsterrein en deur die staatsvolk vervang. Om eersgenoemde opvatting van volk nog binne die politiek te betrek, is dit vir baie jare as „rassehaat" en „rassepolitiek" veroordeel,[35] in so 'n mate dat dit in baie se oë selfs „as stammende uit die opperste duisternis" beskou is om van „nasionalisme" te praat.[36]

Die volkstaatgedagte hou ook sekere konsekwensies in wat die Afrikaner in later jare voor aanpassingsprobleme gestel het ten opsigte van die partypolitiek, en ons vind die verskynsel dat tot diep in die twintigste eeu daar nog altyd Afrikaners was wat hulle nie met die Britse partystelsel kon vereenselwig nie. Hierdie houding spruit ook uit die teenstelling tussen die twee blanke groepe se tradisie en lewensbeskouing. Dr. Meyer toon aan dat die liberalistiese volksbegrip waarop die Engelse staatsbeskouing rus, impliseer dat die staat moet toesien „dat die enkeling in sy vryheid om te doen en te laat wat hy in sy eie belang ag, nie dieselfde reg en vryheid van ander enkelinge binne dieselfde staatsgrens aantas nie. Die staat reël dan in hoofsaak net die onderlinge ‚oorlog van die een teen die ander' waarop die werklike

---

33) Vgl. hiervoor slothoofstuk. Vgl. Hoofstuk XII, verw. 1.
34) Volgens die beleid van die Unioniste-Party in 1910 was die benadering ten opsigte van die Bantoes „in accordance with the degree of civilisation attained by them" (D.W. Krüger, Parties and Policies, bl.46); vgl. ook Merriman se standpunt op bl.41; Rhodesië se stemregbeleid, Intelligence Digest, jaargang 27, no. 323, Okt. 1965, bl.15.
35) Vgl. J.C. Smuts se opmerking, M.P.A. Malan: a.w., bl.67; vgl. ook J.D. Naudé: Generaal J.B.M. Hertzog en die Ontstaan van die Nasionale Party, M.A.-tesis, Potchefstroom, 1964, bl.46, 49, 53.
36) N. Diedericks: Nasionalisme as Lewensbeskouing, Bloemfontein, 1936, bl.9.

vooruitgang van die lewe berus. Binne hierdie staat groepeer die verskillende enkelinge hulle op grond van ooreenstemmende belange saam en bevorder dan gesamentlik hul groepsbelange. Dit lei op die politieke terrein tot die ontstaan van politieke partye wat daarna strewe om met die steun van die meerderheid van die kieserskorps die regerende mag uit te oefen". Met betrekking tot Suid-Afrika sê Meyer: „In hierdie oorwegend Britse staatsordening is die wesenlike elemente van die Afrikaanse nasionale staatkunde in 'n uitgesproke liberalistiese stroming opgeneem."[37]

Nou mag dit wees dat die herleiding van politieke partye as sodanig tot die liberalistiese beginsel 'n eensydige voorstelling is. Prof. L.J. du Plessis het in verband met die afwerende houding van Afrikaners teen politieke partye, veral onmiddellik vóór en tydens die Tweede Wêreldoorlog, daarop gewys dat geen volk „in die moderne wêreld sy staat daarsonder georganiseer het nie".[38] Daar kan ook aangevoer word dat mense binne 'n volk op grond van uiteenlopende belange of beginselrigtings die reg het om hulle tot 'n party te organiseer. Die vraagstuk hang egter saam met die rol wat die party in die staatsordening speel: dien dit as 'n volksverteenwoordigende, 'n regerende of 'n regering-aanwysende instrument? Prof. Stoker vind byvoorbeeld geen fout met partyvorming met die oog op verteenwoordiging van bepaalde belange by die regering nie, maar wel met die strewe van 'n party na die regeringsmag. In dieselfde verklaring waarin hy op die algemene bestaan van politieke partye wys, beklemtoon prof. Du Plessis die noodsaaklikheid van hervorming om dit by die eie volksaard aan te pas. Sonder om dieper op die saak in te gaan, kan dit só gestel word dat partyvorming as sodanig nie te veroordeel is nie, maar dat dit bepaal word deur die funksie wat dit in die staatsordening moet vervul, wat op sy beurt grootliks bepaal sal word deur 'n volk se aard en omstandighede.

Waar dit nou hier net gaan oor die vraagstuk wat die Britse partystelsel vir die Afrikanervolk in sy strewe na nasionale selfverwesenliking geskep het, is daar twee feite

---

37) A.w., bl.303: Vgl. ook Stoker, a.w., bl.64.
38) Die Volksblad, 6/8/40.

wat in gedagte gehou moet word. Die een is dat die Britse vorm van partystelsel wat ná 1902 in Suid-Afrika toegepas is, by die Engelse volksaard met sy liberalistiese lewensbeskouing aangepas is waar daar in terme van enkelinge en nie van 'n volk uitgegaan word nie. Ook Morris Broughton met sy rake insig in die karakter van die Afrikaner, toon 'n ope oog vir die probleem wanneer hy opmerk: „The error which gives rise to unreality here lies in forgetting that although parliamentary democracy was imported in South Africa, its content, the ideal, was left behind. Ideals cannot be imported." Hy dui die Liberalisme aan as die „inhoud" wat by die (Britse) parlementêre stelsel pas: daardie lewensbeskouing wat vra wat 'n politieke daad of beleid se betrekking tot die individu is, terwyl die Suid-Afrikaanse houding die „ras" (volk) vooropstel.[39)]

G.D. Scholtz toon aan hoe die „radikale verskil tussen die opvattings van die Afrikaners en die Engelse oor parlementêre regering" een van die belangrike oorsake van die gewapende protes teen die verowering van Duits Suidwes-Afrika in 1914 was.[40)]

Die tweede feit is dat die Afrikaner met sy bewuste groepidentiteit hom nou binne een en dieselfde staat bevind het met burgers wat nie net tot 'n vreemde volk behoort het nie, maar wat daarop uit was om sy nasionale identiteit te misken en gelyk te skakel. Die versplintering van die Afrikanervolk tot 'n staatsburgery wat in politieke partye ooreenkomstig programme van beleid, ongeag nasionale verband, gegroepeer word, het met die Afrikaner se histories-ontwikkelde volkstaatgedagte gebots sowel as met sy strewe na selfbehoud.

Kragtens 'n beskouing wat die „volk" sien as 'n meganies-versamelde massa individue wat toevallig binne een staat woon, is dit heeltemal natuurlik dat so 'n versameling enkelinge hulself op grond van allerlei belange-oorwegings uiteen kan organiseer terwyl die staatsgesag uitsluitend aan een groep toevertrou word. Vir die volkstaatgedagte, waar die staatsowerheid tegelyk ook volksowerheid moet wees, is so 'n uiteenskeuring op politieke gebied 'n ongerymdheid, veral in 'n meervolkige staat. Vandaar die naarstige ywer in

---

39) A.w., bl. 127 en 150.
40) G.D. Scholtz, Die Rebellie, bl. 105-106.

Afrikaanse kringe om steeds na „volkseenheid" op politieke gebied te strewe binne 'n stelsel wat juis volksverdeeldheid veronderstel.[41] Die verste wat 'n partystelsel blykbaar binne die volkstaatopvatting kan gaan, is die organisering van verskillende rigtings binne die volk met die oog daarop om 'n regering, wat in die algemeen nog volksverteenwoordigend moet wees,[42] aan te wys en belange aldaar te verteenwoordig.

Waar die eenheidsgevoel van die volk hom op staatkundige gebied bedreig voel, kom daar 'n volksbeskermende reaksie.[43] Ná 'n studie van die werking van die Britse parlementêre stelsel in nege Europese lande het prof. A.H. Murray, van Kaapstad, in 1948 tot die gevolgtrekking gekom dat dié stelsel oral in Europa misluk het waar daar meer as een volk („ras") in 'n land is, omdat dit aanleiding gegee het tot die stigting van „rassepartye" in plaas van „beleidspartye". In Nazi-Duitsland, waar die volkstaatgedagte doelbewus nagestrewe is, is die oplossing gesoek in die eenpartydiktatuur wat alle ander partye, behalwe die „nasionale", onderdruk het. In Suid-Afrika, waar daar teen die einde van die vorige eeu nog nie 'n lang parlementêre tradisie bestaan het nie en die moderne praktyk om die staat deur middel van 'n politieke party te organiseer, veral in die noordelike Boererepublieke, nog nie ingeslaan het nie,[44] is die ideaal van 'n

---

41) Vgl. hoofartikel, Die S.A. Beeld, 20/1/66, wat in verband met die moontlikheid van 'n verdwene opposisieparty opmerk: „Op so 'n manier kan die demokrasie nie werk nie".
42) Vgl. Stoker, a.w., bl. 245 en 62-63.
43) Die O.B., 10/3/48.
44) Vgl. J.S. Marais; a.w., bl.10; F.V. Engelenburg: Genl. Louis Botha, Pretoria, 1928, bl.177; Selfs in Kaapland was die parlementêre stelsel nie 'n getroue nabootsing van die Britse met sy streng koukus-beheer nie, en daarom kon Merriman afkeurend na Botha se Transvaal verwys as „the land of the steamroller and the land of the secret caucus" (D.W. Krüger, a.w., bl.35). L.E. Neame, General Hertzog, Prime Minister of the Union of South Africa since 1924 ..., London, s.j., bl.118, verwys na die voorval in 1897 toe twee ministers, Sauer en Merriman, teen 'n regeringsmaatreël van Schreiner gestem het. Inderdaad het Molteno se voorstel vir selfbestuur aanvanklik die bepaling bevat dat persone van buite die parlement in die kabinet aangestel kan word, wat sou neerkom op 'n verwerping van die Britse parlementêre beginsel. Vgl. ook G.D. Scholtz: Die Rebellie 1914-15, Johannesburg, 1942, bl.105.

„partylose" staat gekoester. Die Transvaalse Volksraad het selfs sover gegaan om deur middel van wetgewing partyvorming te verbied deur dit onwettig te maak vir 'n kandidaat om 'n verkiesingsorganisasie aan te hou en vir burgers om hulle met die verkiesing buite hul eie stemdistrikte te bemoei.[45)]

Die gevolg van die Afrikaners se eenheidstrewe binne die partypolitiek was dat hulle later inderwaarheid die reëls van die spel in die oë van die kenners oortree het deur prakties, hoewel nie teoreties nie, hul party op „rassegrondslag" te organiseer. Binne die stelsel wat nie by sy lewensbeskouing pas nie, het die Afrikaner die beste daarvan probeer maak deur intuïtief sy volkstaat deur middel van sy volksparty te probeer bereik. Dit is belangrik om hierdie feit voor oë te hou, want nie alleen het hierdie aspek van sy politieke opvatting die Afrikaner voor 'n groot vraagstuk in die partypolitiek gestel nie, maar die oplossing wat hy uiteindelik juis in en deur middel van die partypolitiek gevind het om sy volksaspirasies te verwesenlik, bied 'n interessante voorbeeld van die aanpassingsvermoë van 'n volk wanneer dit gaan om selfbehoud. Juis binne die politieke party het die Afrikaner sy isolasie gevind en deur middel daarvan het hy 'n eie staat bekom.

Die verhoudingsvraagstuk ten opsigte van die vreemde volksgroep is vir die Afrikaner nie net deur 'n volksvreemde stelsel ingewikkelder gemaak nie, maar die lewensbeskouing van daardie volksgroep het so wesenlik van dié van die Afrikaner verskil dat hierdie feit alleen, afgesien van ander faktore, dit vir die Afrikaners moontlik gemaak het om hul volkseenheid binne hul party te vind in so 'n mate dat hulle Engelssprekendes kon uitsluit en hul eie beleid kon deurvoer en dus vir alle praktiese doeleindes oor 'n eie staat kon beskik. Want ondanks 'n toenaderingstrewe wat ná republiekwording allerweë ontstaan het en ondanks 'n groot bewondering vir dr. Verwoerd het die Engelssprekendes as groep nog steeds buite die Nasionale Party gebly omdat hulle onder meer „afsonderlike ontwikkeling eenvoudig nie begryp nie".

---

45) Wet No. 3, 5 en 9 van 1894 (H.J. Coster: De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, Pretoria, 1895.

Het die Afrikaner se rassebewustheid 'n belangrike bydrae gelewer om die skeiding tussen die twee volksgroepe in die negentiende eeu deur middel van die Groot Trek te bewerkstellig, nog steeds lewer dit sy bydrae om hierdie skeiding te handhaaf en daarmee ook die Afrikaner in staat te stel om homself op politieke gebied te laat geld, net soos die Groot Trek tot staatkundige selfverwesenliking gelei het. Maar in die loop van die republikeinse stryd het die verskil in lewensbeskouing groot spanninge in die volksboesem veroorsaak, nie net in verband met sy verhouding-bepaling tot die Engelse bevolkingsgroep nie, maar ook ten opsigte van sy strewe na selfbehoud en solidariteit binne 'n staat wat op 'n ander fondament gerus het as wat sy opvatting en tradisie vereis het.

2. DIE VRAAGSTUK SEDERT 1902.

Na bostaande uiteensetting van die agtergrond en wese van die Afrikaner se vryheidsvraagstuk soos dit histories ontwikkel het, kan nou daartoe oorgegaan word om die probleem van die republikeinse strewe sedert 1902 te stel, toe die hele Suid-Afrika onder Britse gesag gekom het. Die probleem van die republikeinse strewe het twee aspekte. In die eerste plaas moes politieke regte wat deur verowering weggeneem is, langs politieke weg teruggewen word van 'n buitelandse staatsgesag. Dit vorm die staatkundige aspek. In die tweede plaas moes hierdie stryd aangebind word teen die verset van 'n binnelandse mag wat bestaan het uit 'n getalsterke bevolkingsgroep wat nie net lojaal was aan die buitelandse oorheersende gesag nie, maar wat deur taal, kultuur en afkoms aan daardie gesag verbonde was, en as sodanig 'n bedreiging geskep het beide vir die voortbestaan van die Afrikanervolk as taalgemeenskap en vir sy politieke roepingsvervulling. Dit vorm die nasionale aspek van die vryheidstrewe.

Die staatkundige aspek van die stryd het gegaan om volledíger seggenskap ten opsigte van buitelandse en huishoudelike aangeleenthede en 'n eie staatsinrigting. Teoreties gesproke kon die Afrikaner hom in hierdie opsig op albei bevolkingsgroepe beroep.

Die nasionale aspek van die stryd het gegaan om die voortbestaan en uitlewing van die Afrikanervolk, ook op politieke gebied. Hierin moes die Afrikaner, uit die aard van sy strewe, hom beperk tot die Afrikaanse bevolkingsgroep en

diegene wat gewillig was om hulle met die Afrikaner te vereenselwig. Vandaar ook die sterk drang na volkseenheid wat hom steeds binne hierdie strewe openbaar, feitlik as 'n derde faktor.

Hierdie tweeledige aard van die Afrikanervryheidstryd het sy neerslag ook in die partypolitiek gevind waar die voortdurende konflik tussen die engere strewe van die Afrikanervolk na nasionale selfverwesenliking in die volste mate - die volkstaatgedagte - en die werklikheid van 'n tweevoudige staatsvolk binne dieselfde staatsorganisasie - die burgerstaatgedagte - 'n vraagstuk in die partypolitiek geskep het. Die konflik het aan die een kant gelei tot beskuldigings van opportunisme, en aan die ander kant tot - soms minder skouspelagtige - geleidelike stappe ter bevordering van nasionale selfverwesenliking langs die weg van die suiwer staatkundige aspek waar daar ook 'n beroep gedoen kon word op die breëre staatsvolk. Laasgenoemde staan bekend as die konstitusionele ontwikkeling. Dit het meermale plaasgevind met die samewerking van 'n Engelse groep, aanvanklik tussen Het Volk en die Responsible Government Party vóór Unie in die Transvaal, en later tussen die Nasionale Party en die Engelsgeoriënteerde Arbeidersparty in die twintigerjare, terwyl die wetsontwerp vir die afskaffing van die Union Jack as een van die landsvlae selfs deur 'n lid van die Engelse gemeenskap ingedien is.[46)]

By die breë Afrikaanse volkslae was die tweede aspek van die vryheidstryd, dit wil sê die nasionale aspirasie, die oorheersende element wat hom in afwisselende krag soos eb en vloed geopenbaar het: soms deur opbruising in tye van emosionele spanning sodat selfs die partyleiers, wat noodwendig aan die burgerstaatgedagte met sy staatsvolk gekoppel was, meermale voor hierdie druk moes swig, en dan weer deur passiwiteit of berusting wanneer partypolitieke oorwegings dit afgedwing of 'n Afrikaanse regering aan bewind gekom het, wat 'n gevoel van voldaanheid laat ontstaan het.

Hierdie eb en vloed was kenmerkende van die republikeinse strewe tot in 1960, kort voordat dit uitgemond het in die republiekwording van Suid-Afrika onder die kragtige leiding van dr. H.F. Verwoerd. Laasgenoemde stap is veral

---

46) A.G. Barlow. Vgl. D.W. Krüger, a.w., bl.215.

merkwaardig omdat dit op 'n tydstip gekom het toe die republikeinse gevoel op 'n betreklike laagwatermerk gestaan het, want sedert die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 is die republikeinse ideaal, sover dit die praktyk betref, na die agtergrond verdring toe die emosionele swaartepunt na die kleurvraagstuk verskuif het. Hoewel daar in 1958 weer 'n republikeinse opflikkering was, is die politieke konstellasie daarna nogmaals deur die rassevraagstuk oorheers.

Die gedragslyn van die Afrikaners ten opsigte van die verhoudingsvraagstuk op staatkundige en nasionale gebied het die grondslag gelê vir die politieke verdeeldheid onder Afrikaners ná 1910 toe staatkundige eenheid bereik is. Die een rigting onder leiding van genls. Botha en Smuts was bereid om nie alleen die opperheerskappy van Brittanje oor Suid-Afrika as 'n duursame reëling te aanvaar nie,[47] maar ook om hulle met die burgerstaatgedagte te vereenselwig en breed te dink oor die begrip „volk".

Insoverre hierdie rigting nog rekening met 'n volk in etniese sin gehou het, was dit vir hom 'n toekomsideaal, iets wat aan die geskiedenis oorgelaat kon word en nie nou oorsaak van twis en verdeeldheid behoort te wees nie. Maar teenoor die aard en taal van die toekomstige volk - daarteenoor het hierdie rigting onverskillig gestaan.[48]

Hierteenoor was daar die strewe van 'n ander rigting om die Afrikanernasieskap te behou en sover moontlik binne die politieke party te mobiliseer. Dit sou veg vir „gelyke regte" en 'n „Suid-Afrikaanse nasionalisme" waarby die Engelse burgers mettertyd betrek kon word namate hulle rypheid bereik. Vir die teenswoordige het dit die onnatuurlike toestand van twee volksgroepe binne een staat aanvaar (tweestroombeleid), maar die ideaal was 'n uiteindelike oorwinning vir die Afrikaanse stroom. Insoverre partypolitieke verbreding om ook Engelssprekendes se steun te wen, of staatkundige onafhanklikheid beklemtoon is as voorwaardes vir die verwesenliking van hierdie strewe, het daar soms ook verdeeldheid binne hierdie rigting ontstaan. Die grootste probleem vir diegene in die

---

47) Engelenburg, a.w., bl.246 sê Botha het geen drang meer gevoel „om die gedane ongedaan te maak nie". Vgl. ook M.C.E. van Schoor in Die Republiek van Suid-Afrika, bl.144.

48) Vgl. redaksionele voetnoot Die Transvaler, 18/8/66.

partypolitiek was egter hoe om die nasionale gedagte te beskerm en te bevorder, en tegelyk die staatsmag te verower wanneer daarvoor ook die stemme nodig geag was van mense binne die staatsvolk, mense wat nie net onverskillig nie, maar selfs vyandig teenoor die aanvaarde ideaal van Afrikaanse volksverwesenliking gestaan het, mense wat wesenlik „Engelanders" was en verkies het om dit te bly, eerder as Suid-Afrikaners. Van hulle het Tommy Boydell kort voor republiekwording nog gesê: „This type much preferred to be colonists of Britain than citizens of South Africa."[49] Hierdie aspek het ook soms gelei tot bitterheid in die geledere van die eie volk en meer dikwels tot partypolitieke opportunisme wat nie altyd deur die breë Afrikaanse volkslae begryp of geduld is nie.

Die Afrikaans-nasionale strewe openbaar hom by sy draers soms selfs as anti-republikeins (in staatkundige sin), wat toegeskrywe kan word aan verskillende faktore soos: gebrek aan 'n republikeinse tradisie (wat veral vir Kaaplandse Afrikaners gegeld het), onduidelikheid in verband met die volkstaatbeginsel (veral as gevolg van die inwerking van die Engelse staatsbeskouing), geringskatting van die volksvormende betekenis van 'n republiek, vrees vir groter verwydering tussen die taalgroepe (veral by genl. Hertzog) of bewuste berusting in die skynbaar onveranderbare toestand van twee nasionaliteite met uiteenlopende lojaliteit binne dieselfde staat - met ander woorde, kapitulasie teenoor die bestaande praktyk. Meer dikwels was die oorsaak skynbaar noodgedwonge partybevorderende oorwegings. Want onthou moet word dat die twee bevolkingsgroepe, sover dit volwassenes betref, aan die begin van hierdie tydperk feitlik van gelyke getalsterkte was. Eers sedert die dertigerjare het daar as gevolg van hul natuurlike aanwas 'n geleidelike kentering ten gunste van die Afrikaanse volksgroep plaasgevind. Die sensussyfers van 1936[50] toon naamlik dat laasgenoemdes binne elke sewejaargroep na onder 'n groter voorsprong op die Engelssprekendes in getalle behaal het. Terwyl die verhouding ten opsigte van die volwassenes byna gelykop was, was die verhouding in die onder-sewejaar-groep 2.15 teenoor 1 in die guns van die Afrikaanssprekendes. En dit was hierdie faktor, meer as

---

49) Tommy Boydell: „My Beloved Country", Kaapstad, 1959, bl.36.
50) U.G. No. 44, 1938, bl.11.

iets anders, wat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gebring en die republikeinse referendum laat slaag het.

Die aangewese weg vir die Afrikanerleiers, veral na Unie, sou gewees het om soos die Nasionale Party in die jare veertig-vyftig gedoen het, die Afrikaanse volk binne en rondom 'n party te organiseer en dus as volk, en nie as 'n meganies-saamgevoegde party nie, binne die partypolitiek op te tree, om met ander woorde die party te verbreed tot 'n volksbeweging.[51] Dan sou hulle gestaan het „op den wortel onzer volkshistorie". En dit sou 'n veel makliker taak kon gewees het, aangesien die Afrikaners van die verskillende provinsies reeds binne hul politieke „organisasies" agter hul leiers verenig was en 'n aansienlike aantal welwillende Engelssprekende Suid-Afrikaners ingesluit het wat gewillig was om hul lot by die Afrikaner in te werp.[52] D.W. Krüger verklaar: „The South African Party enjoyed the nearly unanimous support of Afrikaners throughout the Union, and very many English-speaking South Africans, imbued with the spirit of the old Afrikaner Bond of the Cape, followed Botha."[53] Hulle sou ook in staat gewees het om die land te regeer. „On a purely Dutch appeal he (Botha) might have secured a small majority in the House of Assembly".[54] Maar toe die twee Transvaalse leiers, genls. Botha en Smuts, hulle polities op die burgerstaatbeginsel met sy individualistiese grondslag gaan stel het, is die Afrikaner-eenheid opgebreek en opgelos in die staatsburgerlike gemeenskap.

Die pogings sedert 1912 om die Afrikanervolk weer rondom 'n party te organiseer, was 'n langsame en moeilike proses wat eers 'n halfeeu later dermate welslae behaal het dat daar gedink kon word aan 'n verbreding van die party-verband na lede van die Engelse volksgroep.

Opsommend kan die vryheidstryd ná 1902 aangedui word in twee hoofrigtings. Vir die bloot staatkundige rigting was

---

51) Dit is wat eintlik opgesluit lê in dr. Malan se stelling in 1941: „Ons is geen partypolitieke organisasie in die gewone sin van die woord nie. Ons is baie meer as dit." (Notule van die Ses-en-twintigste Kongres, Bloemfontein, 1941, bl.12.

52) Nl. Het Volk, Orangia-Unie en Afrikanerbond. Vgl. Coetzee, a.w., bl.339.

53) D.W. Krüger, The Age of the Generals, Johannesburg, 1958, bl. 57.

54) L.E. Neame, a.w., bl.88.

dit slegs te doen om die verhouding tussen Engeland en Suid-Afrika, en hulle strewe het gewissel van selfbestuur onder Britse vlag (Responsible Government Party, Botha en Smuts) tot afskeiding van die Britse Kroon en die Ryk (Roos). Hierdie rigting het hom op die staatsburgerlike uitgangspunt gestel wat op politieke gebied net in terme van Suid-Afrikaanse burgers gereken het. Mens kan dit ook die Suid-Afrikaanse gedagte noem in teenstelling met die tweede rigting wat aangedui kan word as die Afrikaanse gedagte- of nasionale rigting met sy sterk drang na politieke selfverwesenliking van die Afrikanervolk as sodanig. Hierdie rigting lê in lyn met die volkstaatgedagte, hoewel dit by die breë lae en merendeels by sy leiers nie bewustelik so verantwoord was nie.

Laasgenoemde rigting het op sy beurt weer twee strominge bevat. Die een stroming wou die Afrikaner se posisie in die politiek versterk sien sonder dat dit aan die strydvraag van internasionale betrekkinge gekoppel moes word. Volkshandhawing of politieke selfverwesenliking van die Afrikanervolk is as 'n afsonderlike doelwit beskou, wat los staan van die vraagstuk van Suid-Afrika se verhouding tot Brittanje (Hertzog en Malan). In hul oë kon dit skadelik wees vir die strewe na nasionale selfverwesenliking omdat dit die vraagstuk vertroebel het met oorwegings van ekonomiese en volkeregtelike aard, wat tog bykomstig maar veral twiswekkend was, en in die geval van genl. Hertzog was hulle van so 'n aard dat hulle die assimilasieproses kon verhinder.

In die tweede onderstroom binne die nasionale gedagte was die vraagstukke van staatkundige onafhanklikheid en volksverwesenliking met mekaar vervleg, omdat die voorstanders geredeneer het dat republikeinse onafhanklikheid 'n voorwaarde was vir die oplossing van die Engels-Afrikaanse verhoudingsvraagstuk. Die twee sterk eksponente van hierdie rigting was adv. Strijdom en dr. Verwoerd, en laasgenoemde kon dan ook by die aankondiging van die republikeinse referendum in 1960 verklaar: „Die Strewe wat ons het, is besiel alleen deur die hoop dat uiteindelik hier ten minste 'n end aan die stryd en twis oor ons konstitusionele toekoms en tussen die taalgroepe sal kom, sodat ons as een volk kan saamgroei ....."[55]

---

55) Debatte van die Volksraad, deel 103, 1960, kol. 112.

HOOFSTUK II

HERKOMS EN ONTPLOOIING VAN DIE VRYHEIDSVRAAGSTUK.

Vir 'n behoorlike begrip van die dryfvere agter die vryheidsbeweging is dit noodsaaklik om heel kortliks aan te knoop by die vorige eeu, en meer bepaald by die stryd van die Transvaalse Boererepubliek teen die tweeledige bedreiging van Britse imperialisme op staatkundige gebied aan die een kant en volksonderploeging deur uitlander-oorheersing aan die ander kant. Daarna sal die vreemde situasie waarin die Afrikaners van die noordelike kolonies hulle ná die Tweede Vryheidsoorlog bevind het, makliker verstaan word, die situasie naamlik toe hulle voortaan as individue binne die Brits-georiënteerde massastaat moes optree in plaas van as volksgenote binne 'n volkstaat, soos hulle gewoond was. Die invloede van hierdie toestand op hulle - wat gepaard gegaan het met 'n poging tot uitwissing van hul identiteit deur middel van 'n proses van verengelsing - en hul aanpassing daarby of verset daarteen vorm dan nou die voorwerp van ons ondersoek. Dit sal dan blyk hoe daar onder leiding van voormalige Boere-generaals in die Transvaal en die Vrystaat ná die Vrede van Vereeniging verskillende rigtings ingeslaan is, sodat in die geval van eersgenoemde daar in hoofsaak gespreek kan word van aanpassing en in die geval van laasgenoemde van verset.

1. DIE AFRIKANER SE VRYHEIDSTREWE IN DIE GROOT TREK.

Hoewel die Afrikaners se vryheidstrewe verder teruggevoer kan word as die negentiende eeu, word hier slegs by die tydperk na die Britse besetting aangeknoop omdat hierdie studie meer bepaald handel oor die Afrikaans-Engelse verhoudings wat ten grondslag aan die vraagstuk van die republikeinse beweging in die twintigste eeu gelê het en gedeeltelik nog lê. Die wortels van hierdie vraagstuk strek so ver terug as die Groot Trek, toe die ingrypende veranderings wat deur die Britse bewind ingevoer is, die Afrikaners soos vreemdelinge binne hul eie land laat voel het. Dr. P.S. du Toit verklaar dat die oorsake van die trek „kumulatief gewerk het op 'n volk wat van die begin af die Engelse as vreemde en ongewenste indringers beskou het", en dr. M.C.E. van Schoor toon

aan dat die Afrikaners aan die Kaap erfgename was van wederkerige antipatie wat reeds histories tussen Engelsman en Hollander ontwikkel het.[1)]

Verskillende geskiedskrywers het weliswaar verskillende standpunte ingeneem oor die vraag of en in hoever die Groot Trek 'n vryheidsbeweging in politieke sin was. Onder meer word gewys op die gebrek aan bronne vir so 'n aanname. Tereg wys M.C.E. van Schoor egter daarop dat nasionalisme 'n abstrakte begrip is en dat dit weens die afwesigheid van genoegsame bronne wat oor dié tydperk handel, selfs moeilik is om ten opsigte van die mees konkrete gebeurtenisse altoos korrekte afleidings te maak.[2)] Dit sou werklik baie gevra wees om te verwag dat hierdie volksgroep, met nog geen vryheidservaring en 'n nog pas ontluikende volksbewussyn, wat F.A. van Jaarsveld 'n „groepsbewustheid" noem[3)] in 'n Engelsgeoriënteerde land onmiddellik na vore sou kom met emosionele oorwegings as motivering vir hul optrede. Dit sou in die omstandighede nie net sinloos geklink het nie, maar sake net meer ingewikkeld en gevaarlik gemaak het.[4)] Vandaar die rasionele verklaring wat hulle vir hul optrede probeer gee het - materiële en ideologiese griewe wat deur hul tydgenote verstaan kon word. Die nasionale dryfveer agter hul optrede het hulle eers ten volle herken nadat hul hunkering na selfbeskikking bevrediging gevind het in die ervaring van 'n eie staat. Vanaf daardie oomblik was hulle by magte om daardie vryheidsdrang aan te toon as beweegrede, en is dit ook in steeds duideliker taal geformuleer.

---

1) P.S. du Toit: „Waarom Hulle Getrek Het", Die Huisgenoot, Gedenkuitgawe, Des. 1938, bl.157; M.C.E. van Schoor: Die Nasionale en Politieke Bewuswording van die Afrikaner in Migrasie tot 1854, D.Litt.-Proefskrif, Potchefstroom, 1961, bl.43. Vgl. ook A.J.H. van der Walt in Geskiedenis van Suid-Afrika, verwerking deur D.W. Krüger, Elsiesrivier, 1965, bl.196.

2) M.C.E. van Schoor, a.w., bl.89.

3) F.A. van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, Johannesburg, 1957, bl.20. Dit is verstaanbaar dat 'n volk in 'n uitgestrekte land groepsgewys bewus sal word na gelang van die prikkels wat sy nasionale gevoel tot aksie en dus tot manifestasie stimuleer. In die Republieke is die nasionale bewussyn aanvanklik ook groepmatig gekanaliseer.

4) Vgl. C.F.J. Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, Kaapstad, 1948, bl.88.

Reeds in 1838 skryf genl. A.H. Potgieter aan die Goewerneur dat „alle naatsies vrey seyn en gaat ook waar sy wel", en Andries Pretorius praat in 1839 van hulself as 'n „vry gebooren volk" wat „ons (nooid) onder den (Britse) wet onderwerpen" sal.[5] Die uitdruklike verwysing in geskrifte van daardie tyd na „Engelse" of „Britse" bewind en na „Afrikaners" openbaar reeds die nasionale teenstelling wat bewustelik in die gemoed aanwesig was. In verskillende uitlatings van gewone individue en leiers kom hierdie teenstelling na vore.[6] „Ek wil my onder geen Brit of enige moondheid in die wêreld onderwerp nie", skryf Potgieter in 1841 aan Pretorius,[7] en in Retief se manifes, wat Van Schoor met 'n „onafhanklikheidsverklaring" vergelyk, spreek hy die hoop uit dat die „Engelse regering" „niks meer van ons te vorder het nie en ons, sonder verdere bemoeiing, sal toelaat om ons in die toekoms self te bestuur".[8]

Daar kan dus met dr. D.W. Krüger saamgestem word wanneer hy sê: „Die allesomvattende faktor wat die hele beweging innerlik gebind, nasionale betekenis en karakter gegee het, was die drang om onder eie wette 'n eie staat te stig". Dit sou neerkom op „'n volk, onder eie owerheid, wonende op eie grondgebied".[9] Ook G.W. Eybers het hierdie nasionale grondslag beklemtoon waar hy sê: „Juist omdat de strijd gevoerd werd niet alleen tegen een outokratie, maar tegen een vreemde outokratie werd de strijd met soveel volharding voortgezet".[10] Daarom kon die Volksraad van die Voortrekkers in hul antwoord aan die Britse regering se proklamasie om Natal te annekseer so duidelik laat uitkom dat hulle hulself soos vreemdelinge in

---

5) Van Schoor, a.w., bl.87.
6) Vgl. Muller, a.w., bl. 67, 75, 80, 81; L.E. Neame: General Hertzog. Prime Minister of the Union of South Africa since 1924 ..., London, s.j., bl.27, sê: „Racialism was thus rampant at the time of the Great Trek". Hy haal ook majoor Charters aan wat in 1840 in 'n brief meld dat „at Capetown and elsewhere the friendly intercourse between English and Dutch no longer exists".
7) Carel Potgieter en N.H. Theunissen: Kommandant-generaal Hendrik Potgieter, Johannesburg, 1938, bl.124.
8) Geskiedenis van Suid-Afrika, bl.197.
9) D.W. Krüger: Die Weg na die See, Argiefjaarboek, deel 1, 1938, bl.51. Vgl. ook Van Schoor, a.w., bl.88, waar hy die Afrikaner-grensboere se „sluimerende volksbesef die diepere beweegrede" noem. Vgl. C. Beyers: Die Groot Trek met betrekking tot ons Nasiegroei, Argiefjaarboek, 1941, bl.14.
10) Aangehaal deur Van Schoor, a.w., bl.62.

hul eie vaderland gevoel het: „Heeft niet het-zelfde Goewerment ons steeds als uitheemschen behandeld?"[11] Aan die Koning van Holland skryf dieselfde Volksraad in 1842 dat hulle onderworpe was aan 'n vreemde volk wat „eene vreemde algeheel onverstaanbare taal spraaken, en aan wiens gewoonten en instellingen wij ons in den loop van Zes en dertig jaren niet hebben kunnen gewennen".[12]

Dit is opmerklik dat, hoewel die Britse Setlaars van die Oosgrens die Afrikaners se griewe oor die algemeen gedeel het,[13] hulle nie saam na die Noorde verhuis het nie. Dit hou ongetwyfeld verband met Wiid se gevolgtrekking dat die Groot Trek 'n Afrikaner-volksbeweging was met die doel om die Afrikaner se „identiteit, sy siel" te bewaar.[14] Die dryfvere het dieper gelê as die ontevredenheid oor ekonomiese kwellinge wat ook die Engelse Setlaars geraak het.
Van Jaarsveld merk in dié verband op dat dit die liberaaldenkende kritici en historici was wat die ekonomiese faktore oorbeklemtoon het in 'n poging om die aandag van die politieke aspek af te lei. Hy konkludeer dat die Groot Trek doelbewuste afwerping van die Britse onderdaanskap ten doel gehad het - „die idee van onafhanklikheid is voorop gestel" - en dat die Trek ook gesien kan word as 'n poging „wat die identiteit van 'n aparte volksgroep, nl. die ‚Hollandse Afrikaners' moes handhaaf en bestendig".[15] Ook Van der Walt konkludeer: „Die Groot Trek was in sy wese die eerste groot mobilisasie van 'n deel van die Afrikanervolk met 'n weloorwoë en goedbegrepe doel: die stigting en uitbou van 'n vrye en staatkundig onafhanklike staat, waarin hulle volgens eie tradisies en onder eie wette kan leef."[16]

Wanneer Van Jaarsveld later verklaar dat die Vryheidsoorloë pogings was „om die Republieke as uitvloeisels van die Groot Trek te handhaaf",[17] toon hy daarmee ook die verband

---

11) J. Stuart: De Hollandsche Afrikanen en Hunne Republiek, Amsterdam, 1854, bl.157.
12) F.A. van Jaarsveld in Die Republiek van Suid-Afrika, onder redaksie van F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, Johannesburg, 1966, bl.35.
13) Van Jaarsveld, a.w., bl.37.
14) Die O.B., 18/12/42.
15) Van Jaarsveld, a.w., bl.41.
16) Geskiedenis van Suid-Afrika, bl.198.
17) A.w., bl.93.

aan tussen die na-oorlogse republikeinse beweging en die Groot Trek, want hierdie twee bewegings is deur dieselfde dryfkrag gemotiveer, naamlik die strewe van 'n volk na volledige selfverwesenliking deur middel van 'n eie staatsoewerheid. In die toenmalige omstandighede het daar vir die Afrikaners eintlik net een oplossing vir hul vraagstuk van „staatloosheid" bestaan, nl. 'n grootskaalse volksverhuising „om evenals onze voorgeslachten, en alle Europeesche natien voor ons gedaan hebben, een eigen regeringsvorm te bekomen en op te richten, en om daardoor ons vry te houden van alle wetten en gewoonten van andere natien, die met ons geweten en nationaal gevoel strydig en in ons oog onbehoorlik zijn".[18] Dit het dus vir hulle gegaan om die „natie", en wat hulle daaronder verstaan, kom duidelik uit in die antwoord van die Natalse Volksraad in 1841 op die weiering van die Kaapse Goewerneur om hul vryheid te erken: „Wij zijn van geboorte Hollandsche Afrikanen ....."[19]

Nou dat hierdie Afrikaners, wat reeds 'n nasionale groepsbewussyn ontwikkel het, deur die aanwesigheid van die „vreemde indringers" gedwing word om 'n nuwe vaderland te gaan soek, gaan dit nie net om die verkryging van 'n eie staat nie, maar veral om 'n staat wat ooreenkomstig hul eie „gewete en nasionale gevoel" bestuur kan word. Dit het dus gegaan om staatkundige onafhanklikheid maar ook en veral om nasionale selfverwesenliking op politieke gebied.

2. DIE VRYHEIDSVRAAGSTUK IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK.

Nog duideliker as in die Groot Trek kom die motief van staatkundige onafhanklikheid en veral dié van nasionale selfverwesenliking aan die lig in die Suid-Afrikaanse Republiek. Na die ontdekking van goud in die Transvaal was daar so 'n toestroming van uitlandse elemente met 'n oorwegend Britse stempel[20] dat dieselfde vraagstuk van verhouding tussen Engelsman en Afrikaner wat die grondslag van die politieke stryd in die latere Unie van Suid-Afrika sou vorm, ook daar

---

18) Skrywe van die Volksraad van Lydenburg in De Oude Emigrant van 3 April 1860, aangehaal deur A.J.H. van der Walt, in Koers, Deel VI, No. 3, Desember 1938.
19) J. Stuart, a.w., bl.149.
20) C.E. Vulliamy: Outlanders, London, 1938, bl.191.

in akute vorm opgeduik het, hoewel in omgekeerde verhouding sover dit beheer oor die staat betref. Die vraagstuk was in sy diepste wese 'n botsing tussen kulture, tussen die Afrikaanse gedagte en die Engelse gedagte op dieselfde grondgebied.[21] Van Engelse kant het die Uitlanders geweier om in die Afrikanervolk op te los: „We have come to this land as Englishmen and Englishmen we intend to remain", het eerw. Drew van die kansel af verklaar.[22] Die meerderheid van die Uitlanders was selfs onwillig om onder Brittanje se gesag te kom, mits hulle beheer oor die Republiek kon verkry. So skryf sir Hercules Robinson aan Chamberlain dat „nine out of every ten Englishmen in the Transvaal would prefer an anglicised and liberalised Republic to a British Colony in any shape, whether constitutional or otherwise".[23]

'n Ondersoek van hierdie geskiedenis openbaar twee strominge vir die oplossing van die verhoudingsvraagstuk: die Afrikaanse gedagte onder leiding van Paul Kruger en die meer „Suid-Afrikaanse" gedagte onder leiding van Piet Joubert. Binne hierdie twee rigtings het die volk geworstel met die probleem van nasionale selfverwesenliking binne 'n eie staat, en in die praktyk moes hulle rekening hou met 'n Engelse bevolking wat in die weg van daardie strewe gestaan het.

Die standpunt van die Kruger-rigting was dat Suid-Afrika aan die Afrikaner behoort en dat die Suid-Afrikaanse staat nie net onder eie vlag regeer moet word nie, maar dat daardie regering uitsluitlik die taak van die Afrikaner moet wees. Hoewel Kruger hierdie ideaal voorlopig net van toepassing op die Transvaal wou maak, het hy nogtans 'n uiteindelike eenheid van Suid-Afrika in gedagte gehad waarin dit sou wees: „Afrika vir die Afrikaner".[24] Rhodes het al in 1888 geweet

---

21) Vgl. G.D. Scholtz: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, Johannesburg, 1947, bl.14.
22) Ibid., bl.268.
23) J.J. McCord: South African Struggle, Pretoria, 1952, bl.162. Vgl. ook J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, Amsterdam, 1898, bl. 569 en 657; J.S. Marais: The Fall of Kruger's Republic, London, 1961, bl.71.
24) Vgl. J.A. Mouton: Genl. Piet Joubert in die Geskiedenis van die Transvaal tot 1884, M.A.-verhandeling, Pretoria, 1935, bl.143; J. Albert Coetzee: Politieke Groeperinge in die Wording van die Afrikanernasie, Johannesburg, 1941, bl. 77-78; vgl. ook D.W. Krüger: Paul Kruger, deel II, Johannesburg, 1965, bl. 24, 86.

van Kruger se „dream of a Republic for his people and his people alone".[25] Milner skryf aan Lord Selborne: „I need not tell you what their creed and ideal is - that of a separate Afrikaander nation and state, comprising, no doubt, men of other races, who are ready to be Afrikanderized, but essentially autochthonous, isolated and unbritish, though some of them are prepared to see their object, for a time at least, under the British flag".[26] Die Kruger-rigting het gestreef na 'n staat „wat 'n volledige weerspieëling van die Afrikaanse volksaard was";[27] maar „teenoor die idee van die Republikeinse onafhanklikheid en handhawing van Afrikaneridentiteit in 'n suiwer Afrikanerstaat het die idee van Britse baasskap gestaan".[28]

Die rigting onder leiding van genl. Joubert het meer burgerlik as Afrikaans-nasionaal gedink. Hulle het die oplossing gesoek in samewerking en versoening met die Uitlanders. Hierdie vreemde stroom moes „met onze belangen soodanig ineensmelt en samenwerkt om niet slecths onze duur gekochten onafhankelijkheid te bewaren, maar bovendien onze nationale welvaart te verhoogen".[29] Daarby het hy ook sterk gehunker na 'n verenigde Suid-Afrika. D.W. Krüger wys daarop dat hierdie ideaal van Joubert in daardie stadium 'n verenigde Suid-Afrika onder Britse vlag sou beteken het, terwyl Kruger gevrees het dat sy volk in so 'n eenheid verswelg sou word.[30] J. Albert Coetzee wys ook daarop dat Joubert se opvatting van „Afrikaner" die Engelssprekendes nie uitgesluit het nie. In 1890 het hy in verband met sy ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika in Engeland verklaar: „De Afrikaners hebben de hoogste achting voor de Engelschen. Zij gelooven dat er geen betere macht of betere wet ter wereld is dan de Engelsche".[31] Dr. F.V. Engelenburg stel die standpunt van die Joubert-rigting voor as 'n vertroue „op die opneem van nie-burgers in die regmatige magsfeer van die ouere bevolking, in die

---

25) G.D. Scholtz, a.w., bl.137.
26) C. Headlam: The Milner Papers, South Africa 1899-1905, deel 2, London, 1933, bl.550.
27) Scholtz, a.w., bl.110.
28) F.A. van Jaarsveld in Die Republiek van Suid-Afrika, bl.123.
29) Coetzee, a.w., bl.248.
30) D.W. Krüger, a.w., bl. 115-116.
31) Coetzee, t.a.p.

verwagting dat daardeur die weerstand sterker sal word teen die aanmatiging van oorsese finansiële belange".[32] Dit gaan dus by hulle nie soseer om die handhawing van die „regmatige magsfeer" van die Afrikaanse volk nie, maar om die uitsluiting van oorsese finansiële belange, d.w.s. 'n nadrukverskuiwing van die begrip „volk" na die begrip „staat", m.a.w., beklemtoning van die staatkundige eerder as van die nasionale aspek.

Kruger het gestaan vir die nasionale vryheid van sy volk, en vir hierdie ideaal was hy bereid om die staatkundige onafhanklikheid op die spel te plaas en desnoods tydelik te verloor, wat dan ook inderdaad gebeur het met die Tweede Vryheidsoorlog. Genl. Smuts het 'n fyn aanvoeling vir hierdie standpunt geopenbaar toe hy tydens die vredesonderhandelings in Mei 1902 gepleit het dat die staatkundige vryheid prysgegee moet word ter wille van die voortbestaan van die Afrikanervolk. „We commenced the struggle and continued it to this moment because we wished to maintain our independence, and we were prepared to sacrifice everything for it. But we may not sacrifice the Afrikaner people for that independence."[33] Hierdie pleidooi openbaar die krag van die nasionale aspek van die republikeinse strewe teenoor die staatkundige - 'n feit wat 'n belangrike rol later sou speel in die vryheidstryd toe staatkundige republikanisme meermale ondergeskik gestel is aan die eise van nasionale voortbestaan.

Die bedreiging van Britse kant is deur die meeste Transvaalse burgers, en veral deur Kruger, dan ook nie gesien as net gemik teen die selfstandigheid van hul staat nie, maar ook teen die voortbestaan van die Afrikanervolk self. Prof. Krüger onderstreep hierdie feit ook wanneer hy verklaar: „President Kruger feared for the future of his state, and with him the older population felt that the very existence of the Afrikaner people was at stake."[34]

Die houding van pres. Kruger word deur homself beskryf in sy antwoord op die rekwisisie vir die presidentskap in 1882,

---

32) F.V. Engelenburg, Genl. Louis Botha, Pretoria, 1928, bl.22.
33) D.W. Krüger; The Age of the Generals, Potchefstroom, 1958, bl.24.
34) Ibid., bl.20.

waar hy met verwysing na die nuwe inkomelinge verklaar dat die stroom nie te sterk moet wees nie „zodat er gevaar zij dat onze nationaliteit daardoor overstroomd worde", en verder „dat wij als eene Republiek opgroeijende op den wortel onzer volkshistorie, met de erkenning van de leiding Gods in het verledene, het bestaande tot uitgangspunt nemen voor onze eendrachtelijk streven naar nationale wasdom".[35] Die stelsel van twee volksrade wat deur Kruger self ontwerp is,[36] was bedoel om die seggenskap van die staat in die hande van die Boere te behou. J. Albert Coetzee maak ook melding van die pogings van pres. Kruger om die Afrikaner-inkomelinge uit ander kolonies by die volk in te sluit,[37] wat duidelik aantoon dat hy nie 'n staatkundige begrip van 'n volk gehad het nie, maar 'n etniese want vir hom was die volk ook buite die destydse grense. So kon Lion Cachet dan ook opmerk dat die kandidatuur van Kruger (vir die presidentskap) „daarom te beschouwen (is) als een kort maar veelseggend hoofdstuk in de geschiedenis van den worstelstrijd der Transvalers om en tot behoudt van een eigen onafhanklijk nationaal volksbestaan".[38]

Hierdie rigting het die steun van die meerderheid Transvaalse burgers gehad en het met die verkiesing van 1898 beslis getriomfeer.[39]

Dit het steeds geblyk dat die staatkundige rigting oor die algemeen minder sterk vryheidsgesind was, en dat dit telkens bereid was om in die stryd te verslap of selfs oor te slaan tot bevegting van die vryheidstrewe. Die ware vryheidsrigting in die Suid-Afrikaanse Republiek, soos toe in die regering beliggaam, het vasgekleef aan die nasionale grondslag[40] en daarom het hulle ook sterker vir die staatkundige onafhanklikheid gestaan.[41]

---

35) J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, Amsterdam 1898, bl.380.
36) Ibid., bl.502.
37) Coetzee, a.w., bl.256.
38) F. Lion Cachet: De worstelstrijd der Transvalers, Aan Het Volk van Nederland Verhaalt, tweede druk, Amsterdam 1883, bl.445.
39) Van Oordt, a.w., bl.795.
40) Coetzee, a.w., bl.298.
41) Vgl. F.J. Weeber: „'n Geliefde Volksman", Die Huisgenoot, No. 641, 6/7/34, bl.69, in verband met Joubert se negatiewe houding ten opsigte van die Tweede Vryheidsoorlog; Coetzee, a.w., bl. 314 en 316.

Die politieke stryd in die Transvaalse Republiek, net soos later in die Unie van Suid-Afrika, het in die eerste plaas gegaan oor die vraagstuk van verhouding tussen Brit en Boer binne dieselfde staatsverband, net met die rolle omgekeerd. Coetzee raak die wortel van die saak waar hy verklaar: „Hiermee is dan ook een van die groot vraagstukke van die Afrikanerdom gestel: die vraagstuk van sy identiteit te midde van die ‚demos' waarin hy hom deur die uiteenlopendheid van die verskillende bevolkingselemente van Suid-Afrika bevind."[42)]

Die stryd teen Groot-Brittanje het in sy wese dan ook nie gegaan oor die vraagstuk van staatkundige oorheersing nie, maar van nasionale oorheersing. Dit was 'n stryd tussen „British supremacy" en Afrikaanse nasionalisme.[43)] Soos Vulliamy dit uitdruk: „It was feared that the Dutch element, instead of the British, might become supreme in South Africa."[44)] „British supremacy" het nie net betrekking op bestuur vanuit Engeland nie, maar ook op die Britse oorheersing binne Suid-Afrika, soos beliggaam in die Engelse bevolkingselement hier te lande. Vir die Britse imperialis is dit voldoende as die Engelse 'n oorheersende invloed op die wetgewing van Suid-Afrika uitoefen en op hierdie grondslag kan selfregering en selfs soewereine onafhanklikheid aan 'n kolonie toegestaan word, soos deur lord Milner voor die toekenning van selfregering verklaar is: „.... we can only maintain South Africa at all by maintaining this strength of British sentiment and by increasing the numbers of British people".[45)]

Die Brit, Milner, het die wese van die stryd, as 'n worsteling om nasionale oorheersing, op 19 April 1904 soos volg beklemtoon: „It is obvious that, if terrible troubles between the Colonies and the Mother Country are to be averted, we must get self-government soon, and yet too soon is also dangerous. We must increase the British population first."[46)]

---

42) Coetzee, a.w., bl.284.
43) Vgl. Coetzee, a.w., hoofstuk III; G.B. Pyrah: Imperial Policy in South Africa, London, 1955, bl.82.
44) Vulliamy, a.w., bl.87.
45) C. Headlam: a.w., bl.449.
46) Ibid., bl.492.

3. DIE VRYHEIDSTREWE NA DIE VREDE VAN VEREENIGING (1902)[47]

Ten spyte van die radikale omwenteling wat daar in die Transvaal en die Vrystaat plaasgevind het as gevolg van die gewelddadige onderwerping van die Boererepublieke deur Brittanje, is die historiese ontwikkelingslyn van die Afrikaanse idee nie onderbreek nie. Die ideale wat faktore rondom die Groot Trek na vore gebring het en wat in die Boererepubliek vergestalt is, is nie vernietig nie, maar het in die nuwe omstandighede voor ingewikkelde probleme te staan gekom.

Die stryd is veral bemoeilik toe daar ná die oorlog binne die Afrikaanse geledere twee rigtings ontstaan het ten opsigte van die sentrale vraagstuk wat die Suid-Afrikaanse politiek reeds sedert die einde van die negentiende eeu oorheers het, naamlik die vraag oor watter standpunt die Afrikaner moet inneem teenoor die Engelse element in sy land. Die oplossing is deur die een rigting gesoek in 'n beleid van gelykskakeling (eenstroom) en deur die ander rigting in handhawing van 'n eie volksidentiteit langs dié van die Engelse (tweestroom). Laasgenoemde kan op sy beurt weer onderskei word in beleid wat onderskeidelik op die volkstaat- en die burgerstaatbeginsel gegrond is. Binne hierdie dekade is tewens ook belangrike stappe op die weg na vryheid gedoen, onder andere op onderwysgebied, wat bygedra het tot die handhawing van 'n Afrikaanse bewussyn. Die skenking van selfbestuur aan die Transvaal- en Oranjerivier-kolonie het wel aan die een kant sy sielkundig-bindende element bevat vir Britse Ryksbehoud, maar aan die ander kant het dit ook weer die aktiewe belangstelling van die Afrikaner in die politiek geprikkel. Die Afrikaners is in die posisie gedwing om daadwerklik vir hul ideaal op politieke gebied te veg, ondanks die verwarrende en verbrokkelende invloed van 'n vreemde staatsidee.

---

47) Aangesien die republikeinse gedagte hoofsaaklik deur die twee Boererepublieke benoorde die Oranjerivier verteenwoordig was, word besondere aandag aan Kaapland en Natal onnodig geag. Eers na die Eerste Wêreldoorlog sou die Kaaplandse nasionaalvoelende Afrikaners vryheidsbewus word. Voorheen was hulle slegs Afrikaans- of kultuurbewus. Vgl. in dié verband F.A. van Jaarsveld, Die Republiek van Suid-Afrika, bl.108, waar hy onderskei tussen die politieke stryd om selfhandhawing in die Noorde en die kulturele stryd in die Suide.

(a) Eenstroom-beleid in Transvaal.

Hoewel die Republikeinse burgers oor die algemeen nie bereid was om die stryd in 1902 met prysgewing van die vryheid te staak nie[48] en hoewel daar by die leiers die voorneme bestaan het om die wapen later ter gelegenertyd weer op te neem,[49] het só 'n moedeloosheid hulle na die vrede blykbaar oorval dat die groot meerderheid gedurende die tydperk 1902-1912 alle belangstelling in volksake verloor het. So merk G.D. Scholtz op: „'n Bestudering van die tydperk tussen 1902 en 1912 sal elkeen tot die oortuiging bring dat die merendeel van die Afrikaners destyds absoluut geestelik dood was op taal- en kultuurgebied - om van die politiek nie eers te praat nie."[50] En in die Vrystaatse nuusbrief van De Volksstem word verklaar: „Kort na die oorlog scheen het of we nu allen Engelsen waren geworden. Nu is die kaart gedraaid. Die onderwyswet van genl. Hertzog word toegejuicht."[51]

Die eerste nasionale reaksie by die verowerde volk was teen die verengelsingsproses in die staatskole. Die Britse oogmerke was om die bevolking van die gewese Republieke deur middel van die skole te verengels, soos o.a. blyk uit lord Milner se antwoord op 'n memorandum oor die saak aan hom voorgelê deur die Goewerneur van Natal: „My policy would be to make English indispensable for the future and to prepare the rising generation for that state of affairs by practically compelling them to learn it, but to admit Dutch until the Anglicising process is consummated, in order to meet the necessities of the existing non-English speaking Boers."[52]

---

48) C.M. v.d. Heever: Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1943, bl.157.

49) N.J. van der Merwe: Marthinus Theunis Steyn, Kaapstad, 1921, deel 2, bl.75. In 'n brief aan pres. Steyn skryf genl. Smuts dat dit beter is om die oorlog te beëindig en oor 15 of 20 jaar te hervat wanneer Engeland in moeilikheid verkeer. Ook Harm Oost in Wie is die Skuldiges?, Johannesburg, 1957, bl.114, verwys na 'n „plegtige ooreenkoms" tussen genls. Botha, De la Rey en De Wet om die vryheid later weer terug te neem sodra die geleentheid hom voordoen. Vgl. ook F.S. Crafford: Jan Smuts, A Biography, Kaapstad, 1945, bl.108.

50) G.D. Scholtz: Generaal Christiaan Frederik Beyers, Johannesburg, 1941, bl.172; Engelenburg, a.w., bl.105, haal genl. De Wet aan wat sê dat hy geen belangstelling in die politiek na 1902 gehad het nie.

51) De Volksstem, 13/1/11.

52) C. Headlam, a.w., bl.43.

Politiek was die Afrikaners dus met moedeloosheid geslaan, en daar het onsekerheid bestaan oor die rigting wat hulle moes inslaan, maar omdat dit hul nasionale voortbestaan gegeld het, het 'n aantal leiers met alle middele tot hul beskikking die stryd op onderwysgebied aangeknoop. Met behulp van gelde wat deur die Boere-afvaardiging onder leiding van genl. Louis Botha in Europa gekollekteer is, is 'n aantal Christelik-nasionale skole opgerig waarin die Boerekarakter ongeskonde oorgedra moes word op die opkomende geslag.[53] Die doel van die C.N.O.-beweging was: „Onderwys, overeenkomstig de Heilige Schrift, in overeenstemming met de belydenisschriften der drie Hollandsche Kerken" en „Onderwys dat, met het oog op de leidingen Gods in den geschiedenis van ons volk, den Godsdienst, de taal en traditien onzer vaderen in eere houdt en voortplant".[54]

Hierdie Christelik-nasionale beweging is gelei deur 'n paar manne, hoofsaaklik predikante, wat 'n taai stryd moes voer, nie net teen die Britse Koloniale regering nie, maar ook teen die politieke leiers van hul eie volk wat ter wille van politieke oorwegings die welwillendheid van die Engelse verkies het bo die bewaring van die nasionale volksbestaan. Met hierdie teenkanting en 'n lamgeslane volk met geen belangstelling in die stryd nie het die beweging in 1909 doodgeloop.[55] Ons het hier die begin van 'n dualisme in die Afrikaanse nasionale beweging wat hom vir 'n lang tyd sou openbaar in 'n afsonderlik sterk georganiseerde kultuurbeweging wat moes waak oor die „nasionale wasdom" langs en soms teenoor die politieke beweging wat vertroebel geraak het in die breë volksbegrip wat deur die vreemde bewind oorgeplant is en gevolglik geneig het om die afsonderlike volksbestaan op te offer aan oorwegings van suiwer staatkundige aard. Hierdie kultuurstryd wat die Afrikanerdom moes voer ter wille van sy nasionale voortbestaan binne die Britse staatsverband wat met sy liberalistiese grondslag geen plek gehad het vir die natuurlike volksbegrip nie, vorm 'n baie belangrike aspek van die vryheidstrewe van die

---

53) J.C.G. Kemp: Die Pad van die Veroweraar, Kaapstad, 1942, bl.91.
54) Scholtz; a.w., bl.147, art. 2 van die Konstitusie van die C.N.O.-beweging.
55) Ibid., bl.176.

Afrikanervolk.[56] In hierdie studie word egter hoofsaaklik gehandel oor die suiwer politieke beweging.

In die lig van die feit dat die Afrikanerdom binne die Republieke geen politieke partye gehad het nie, maar, soos Coetzee dit raak aantoon, die staat as hul politieke organisasie beskou het,[57] kan die politieke verwarring van die eerste na-oorlogse jare gedeeltelik verklaar word. Die staat was nou in vreemde hande en die Afrikaner het homself 'n vreemdeling in sy eie land gevoel. Daarby is sy volks- en staatsbegrip nou vervang deur 'n ander. Dit was eers toe sy sterk ontwikkelde rassebewussyn wakker geskud is deur die invoer van Sjinese arbeiders vir die goudmyne dat ons die eerste roersele op politieke gebied waarneem. In Transvaal het genl. Louis Botha 'n protesbeweging op tou gesit wat uitgeloop het op 'n volksvergadering op 23 en 24 Mei 1904 waar besluit is om 'n politieke organisasie te stig wat later die naam Het Volk sou kry.[58] Dit is opmerklik dat op die eerste van hierdie reeks vergaderings besluit is om 'n organisasie, georganiseer op die patroon van die kommando-stelsel, te stig.[59] Die idee van politieke partye wat moes wedywer om die staatsbestuur in hande te kry, was vir die Boerevolk in Transvaal totaal vreemd.

Die politieke organisasie, „Het Volk", het die hele aktiewe en passiewe Afrikanervolk van die Transvaal omsluit sodat genl. Beyers in 'n toespraak kon verklaar dat die organisasie daartoe bygedra het om „onze mensen weer byeen te brengen en broederlik saam te doen werken".[60] Met die nasionale of volkstaatgedagte van Kruger nou vervang deur die Britsindividualistiese staatsopvatting het die vraag ontstaan of die georganiseerde Afrikanerdom homself as 'n politieke eenheid sou kon handhaaf en of hy sou versmelt in die nasionaalonbelynde burgery.

Dit was al dadelik duidelik dat die leiers van Het Volk die weg van oplossing in 'n nasionaal-onbelynde burgery

---

56) Vgl. P.J. Meyer: „Nasionalisme: Die Onsigbare Vlam, Die Republiek van Suid-Afrika, F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, a.w., bl.305.
57) J. Albert Coetzee, a.w., bl.284.
58) Scholtz, a.w., bl.113. Engelenburg, a.w., bl.119, sê dat die stigting oorweeg is nadat die Britse regering laat weet het dat hy genl. Botha en ander generaals nie beskou as verteenwoordigend van die volk nie, en gevolglik hul protes verwerp.
59) H.C. Armstrong: Grey Steel, Londen, 1937, bl.157, vergadering te Heidelberg, 2 Julie 1903.
60) Die Volksstem, 25/10/06. Vgl. ook J.F.W. Haak in Wapenskou, Junie 1943, bl.22.

ingeslaan het. In 'n brief aan Emily Hobhouse in 1904 het genl. Smuts verklaar dat, indien selfbestuur geskenk sou word, alle Boereleiers lojaal met die Britte sou saamwerk, „thus rendering the imperial position in South Africa impregnable".[61] By geleentheid van die kongres op 28 Januarie 1905 verklaar genl. Botha dat hy met die Engelse wil saamwerk. Hy en genl. Smuts het met alle mag „rasseversoening" begin bepleit, en blykbaar sowel met die doel om in die guns van die Engelse regering te kom as om die steun van die Engelse kiesers te verkry, het hulle uit hul pad gegaan om lojaliteit aan die Britse kroon en vlag te betuig.[62]

Aangesien genl. Botha na die oorlogsjare die sentrale figuur vorm van die konsiliasie-rigting teenoor die Afrikaans-nasionale rigting onder leiding van genl. Hertzog, is dit nodig om sy standpunt enigsins van nader te beskou. Engelenburg skryf sy na-oorlogse standpunt toe aan die insig waartoe hy tydens die oorlog gekom het, nl. dat Suid-Afrika weerloos sou wees teenoor 'n herhaling - selfs van die kant van 'n ander moondheid - van 'n aksie om hom binne die mag-sfeer van 'n buitelandse moondheid te betrek „tensy Boer en Brit mekaar in gemeenskaplike patriotisme leer respekteer vir 'n gesamentlike staatkundige ekspansie".[63] „As Transvaler begin Botha die oorlog; as Suid-Afrikaner onderteken hy die vredestraktaat ..... Sy taak sal wees om 'n blywende vrede aan die hele Suid-Afrika te besorg". Aan 'n strydmakker sê hy: „Van more af begin ons groot werk om 'n Suid-Afrikaanse nasie op te bou".[64]

Coetzee herlei Botha se houding tot 'n beginsel-grondslag deurdat hy hom koppel aan die liberale rigting in die Suid-Afrikaanse Republiek, t.w. die Joubert-rigting, wat minder sterk op die Afrikaanse gedagte gestaan het as die Kruger-rigting. Hy en andere beklemtoon ook Botha se gebrek aan kultuurbewustheid en onverskilligheid teenoor die Afrikaanse

---

61) G.B. Pyrah, a.w., bl.163.
62) G.D. Scholtz, a.w., bl.120.
63) Engelenburg, a.w., bl.73; vgl. J.D. Naudé: Generaal J.B.M. Hertzog en die Ontstaan van die Nasionale Party 1913-1914, M.A.-tesis, Potchefstroom, 1964, bl.46.
64) Engelenburg, a.w., bl.88.

taal.[65] Dit is ook opmerklik dat ten spyte van sy heftige veroordeling van Brittanje se optrede in 'n toespraak in die Volksraad kort voor die oorlog, Botha onder diegene getel het wat hul stem teen die ultimatum aan Engeland, wat tot vyandelikheid sou lei, uitgebring het.[66]

Mens kan aanneem dat 'n kompleks van faktore meegewerk het tot Botha se breë Suid-Afrikaanse kyk op sake, maar dat die oorsprong in sy politieke opvatting van voor die oorlog geleë is, en dat dit op sy beurt grootliks bepaal is deur sy gebrek aan kultuur- en taalbewustheid, met ander woorde, sy gebrek aan ware nasionalisme of gevoel vir groepsidentiteit. Hy was in die eerste plaas vaderlander (patriot) en nie nasionalis nie, en daarom kon hy hom reeds ten opsigte van die Uitlander-vraagstuk gemaklik by dié rigting voeg wat ten gunste van uitbreiding van die stemreg was - daardie rigting wat met betrekking tot die vreemdelinge meer bekommerd was oor „'n modus vivendi, gebaseer op gemeenskaplike Suid-Afrikaanse belang" as oor die handhawing van die „regmatige politieke magsfeer" van sy volk.[67] Dit hang saam met die staatkundige en nasionale aspekte waarna in die eerste hoofstuk verwys is. Hierdie aspekte was ook reeds in die Suid-Afrikaanse Republiek aanwesig. Die een rigting het die politiek benader vanuit 'n oorwegend staatse of vaderlandse grondslag en die ander vanuit 'n oorwegend nasionale of volkse grondslag. Laasgenoemde hang saam met die bewuste of onbewuste, beredeneerde of onberedeneerde volkstaatgedagte in teenstelling met die een of ander vorm van 'n massastaatgedagte. Vir die Britse liberale tradisie het die massastaat ook nie-blankes ingesluit; vir die Afrikaanse tradisie het dit nie-blankes uitgesluit. Daarom kon Botha met sy vaderlandse uitgangspunt afwysend staan teenoor Sjinese immigrasie, dog onverskillig of selfs aanmoedigend teenoor Britse immigrasie, ongeag die gevolge vir die kulturele voortbestaan van die Afrikanervolk. 'n Welvarende en

---

65) Coetzee, a.w., bl.300; Engelenburg, a.w., bl.7 en 243; Van den Heever, a.w., bl.274; D.W. Krüger: The Age of the Generals, Johannesburg, 1958, bl.32 en 59; G.D. Scholtz: Die Rebellie 1914-15, Johannesburg, 1942, bl.23.

66) Engelenburg, a.w., bl.26; Vulliamy, a.w., bl.286. Vgl. ook die opmerking oor die staatkundige rigting en die vryheidstrewe by verwysings 40 en 41 van hierdie hoofstuk.

67) Vgl. Engelenburg, a.w., bl.22.

vreedsame Suid-Afrika het by hom swaarder geweeg as die geestelike voortbestaan van die Afrikanervolk. Vir die fisiese voortbestaan en welsyn van sy volk het hy nog wel deeglik oorweging gehad, maar die afsonderlike bestaan van hierdie volk as etniese entiteit moes ondergeskik gestel word aan die belange van die gemeenskaplike vaderland van die twee volksgroepe. Vir Botha was daar in die politiek net Suid-Afrikaners, en nie Afrikaners en Engelse nie. Taalregte kon verontagsaam word indien handhawing daarvan tot onderlinge tweedrag kon lei of tot versteuring van die binnestaatlike harmonie. Daarom kon hy in die binnekamer saamstem met Hertzog se standpunt van „Suid-Afrika eerste", dog in die openbaar dit repudieer.[68] Botha wou selfs ook nie 'n staatkundige vryheidsdrang ten opsigte van Brittanje in die politiek erken nie. Verantwoordelike regering of selfbestuur was vir hom genoegsame vryheid binne die Britse Ryk, hoewel hy 'n paar jaar voor sy dood weliswaar maar in private hoedanigheid, die gedagte uitgespreek het van 'n susterverhouding in plaas van 'n dogter-verhouding met Brittanje.[69]

Omdat genl. Botha dus meer staatkundig as nasionaal gedink het, meer vaderlands as volks, was sy benadering van die onafhanklikheidsvraagstuk bloot staatkundig en beperk. Die beleid van die Kroonkolonie-bestuur het hy as noodlottig vir die land beskou. Daarom word hy 'n sterk voorvegter vir selfbestuur ingevolge die belofte vervat in artikel 6 van die Vredesverdrag, nl. dat militêre bestuur „op die vroegs moontlike datum opgevolg word deur siviele regering en sodra omstandighede dit toelaat, sal verteenwoordigende instellings wat uitloop op selfregering, ingevoer word".[70]

Die enigste leier in Transvaal wat 'n ander standpunt ingeneem het, was genl. C.F. Beyers (bygestaan deur A.D.W. Wolmarans) wat tot die groep manne behoort het wat in terme van nasionale vryheid gedink het. Hy het sy politieke geloofsbelydenis eenmaal geformuleer in 'n toespraak naby Pretoria: „Als God u in de wereld gebracht heeft als Afrikaner,

---

68) Van den Heever, a.w., bl.317.
69) Engelenburg, a.w., bl.252: Brief van Botha aan sir Wilfrid Laurier.
70) A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad, 1951, bl.67.

verwacht Hy ook van u dat u sal sterven als Afrikaner".[71] Vir hom was staatkundige onafhanklikheid selfs iets wat op die lange baan geskuif kon word solank die nasionale selfstandigheid behoue kon bly, soos blyk uit sy woorde dat die tyd sal kom dat „die Engelse dit saam met ons sal verlang. Daarvoor sal ons nou nie veg nie."[72] Hy het hom daarom ook so sterk ingewerp by die C.N.O.-beweging.

Hierteenoor staan genl. Botha se opvatting van nasionaliteit soos hy dit verduidelik het in 'n toespraak in 1905: „Samenwerking is't hoofdoel en nu om van de beide blanke rassen een natie te maken ..... Als we beiden naties te zamen willen brengen, dan moeten we niet te sterk op een stuk staan."[73] Hierdie botsende opvattings het dan ook so vroeg as Februarie 1905 uitgeloop op 'n repudiëring van Beyers deur genl. Botha waarin hy hom bestempel het as „'n kind in die politiek".[74]

In afwagting van die beloofde selfbestuur het die Engelse bevolking van Transvaal twee politieke partye gestig waarvan die een onder leiding van Harry Solomon - die Responsible Government Party - hom beywer het vir verantwoordelike bestuur, terwyl die ander - die Progressive Party - onder leiding van George Farrar hom beywer het vir verteenwoordigende bestuur.

Die leiers van Het Volk het samewerking gesoek en gevind met die Responsible Government Party wat hom net soos hulle vir volle selfbestuur beywer het. Vir hierdie samewerking was hulle bereid om die Afrikaanse volkseenheid prys te gee. Volgens The Star[75] het die twee partye ooreengestem met betrekking tot die beginsel van lojaliteit aan die Britse konneksie en die afskaffing van Afrikaans as onderwysmedium ná standerd vier. Nogtans het hulle verskil oor die beginsel van gelyke taalregte in die staatspraktyk. Die ooreenkoms het egter 'n toegewing van Afrikaanse kant aan die verengelsingsproses ingehou. Die leiers van Het Volk, wat hul organisasie nou begin sien het as 'n politieke party wat moet wedywer om steun uit 'n staatsburgerlike kieserskorps, het ter

---

71) G.D. Scholtz, a.w., bl.121.
72) Ibid., bl.122.
73) De Volksstem, 20/5/05.
74) Scholtz, a.w., bl.124.
75) The Star, 20/4/1905.

wille van staatkundige selfbestuur die nasionale vryheid van hul volk verloën.

Die toekenning van volle selfbestuur is verhaas deur die val van die Konserwatiewe Regering in Desember 1905 in Engeland. Genl. Smuts is afgevaardig om te gaan pleit vir selfbestuur by die nuwe simpatieke regering in Londen, onder leiding van Sir Henry Campbell-Bannerman. Hy het daarin geslaag om die Britse staatsmanne te oortuig dat selfbestuur 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n suksesvolle samewerking tussen Engelse en Boere is.[76)]

In 1906 is aan Transvaal en in 1907 aan die Vrystaat selfbestuur toegestaan.

In die lig van vorige en latere uitlatings van Britse staatsmanne is dit sterk te betwyfel of hierdie toekenning van selfbestuur 'n saak van blote groothartigheid aan hul kant was. Pyrah motiveer die Britse optrede soos volg: „In the confident believe that magnanimity would save South Africa for the Empire, Campbell-Bannerman's policy came from his heart rather than his intellect."[77)]

Die vraag is of genl. Smuts wel daarin geslaag het om hulle tot sy standpunt te bekeer dan wel of sy optrede nie miskien net die bewys gelewer het dat hul proefneming met Suid-Afrika gaan slaag nie. Reeds in 1837 het Lord Durham in sy verslag oor Kanada aan die hand gedoen dat aan die kroonkolonies groter politieke vryheid gegee moet word ten einde hul lojaliteit te behou. So ook beveel Joseph Chamberlain, veroweraar van die Republieke, in 1903 reeds aan dat daar „'n vennootskap met die groeiende kolonies" gesluit moet word „sonder wie se sterke regterhande en lojale harte jy jou ryk nie kan behou nie".[78)] Op 4 Desember 1934 lewer Stanley Baldwin die volgende betekenisvolle pleidooi vir toekenning van 'n nuwe konstitusie aan Indië: „Dis my eerlike oortuiging dat u by magte is om die hele Indië vir altyd vir die Britse ryk te red. Ek verklaar met nadruk dat ek vas oortuig is dat, as u Indië nie hierdie geleentheid gun nie, u Indië binne twee geslagte sal verloor. Die toekenning van selfbestuur

---

76) S.G. Millin: General Smuts, Deel 1, Londen, 1936, bl.212.
77) Pyrah, a.w., bl.224.
78) C.P. Lucas: The Report of the Earl of Durham, Londen, 1902, bl.229, 230; H.D.J. Bodenstein: Die Wolf in die Skaapvel, Kaapstad, 1920, bl.8; Vgl. Pyrah, a.w., bl.82.

aan Suid-Afrika wat indertyd so gewaagd gelyk het, het getoon dat dit die beste ding vir die Britse Ryk was wat kon gebeur het."[79] En in 1950 onderskryf nog 'n Brit, N. Monsarrat, direkteur van die Britse inligtingsburo in Johannesburg, die resep: „The keynote of the Commonwealth, the secret of its strength and success has always been a process of continuous growth - the growth of young countries towards nationhood, towards independence, while still keeping the Commonwealth bond."[80]

Dit is nodig om hierdie aspek te benadruk aangesien hierdie optrede van Britse kant baie sterk daartoe bygedra het om Afrikaner-leiers te laat afsien van hul vryheidsideaal en aangesien dit in die latere partypolitieke stryd dikwels gedien het as argument teen die republikeinse strewe. So verklaar genl. Smuts byvoorbeeld in 1920: „Hierdie grote beweging van die opbou van 'n volk is nie van vandag nie. Dit dateer van die grote vrugbare vertrouwensdaad, toe pas vier jaar na die Boere-oorlog die Britse volk vry en verantwoordelike goewerment gegee het aan die twee ou Boererepublieke. Dit was die skoonste en edelste daad van staatsmanskap in ons geskiedenis."[81] Selfs in die geval van genl. J.B.M. Hertzog, een van die voorvegters van die nasionale idee, het hierdie Britse gebaar invloed uitgeoefen, want dit het hom laat afsien van die strewe na onafhanklikheid buite die Britse Ryksverband, soos blyk uit 'n toespraak kort na Unifikasie: „Hierdie wyse edelmoedigheid het ons versoen met ons verlies deur die oorlogsfortuin gely, en as ons nie langer toegelaat word nie om vrye Republikeine te wees, sal ons vrye Britte wees en bly."[82]

Die politieke situasie in die Transvaal ná die Tweede Vryheidsoorlog was die gevolg van twee ontwikkelingslyne, die een van Engelse en die ander van Afrikaanse kant, en hierdie twee lyne het by genl. Botha ontmoet. Van Engelse kant was die posisie so dat die oorlog die Britse staatsmanne daarvan oortuig het dat die pogings om Suid-Afrika te verengels, voorlopig op 'n mislukking uitgeloop het. In die woorde van Seeley[83] kan die vraagstuk vir die Britse imperialisme op

---

79) Die Volksblad, 4/12/34.
80) Sunday Times, 1/1/50.
81) Die Burger, 18/12/20.
82) Die Burger, 9/12/18, soos aangehaal uit The Cape Argus, 4/12/18.
83) Expansion of England, 2de deel, bl. 54-55, soos aangehaal deur Pyrah, a.w., bl.223.

daardie tydstip soos volg gestel word: „When a nation extends itself into other territories, the chances are that it will there meet with other nationalities which it cannot destroy or completely drive out, even if it succeeds in conquering them. When this happens it has 'n great and permanent difficulty to contend with; for the subjected or rival nationalities cannot be perfectly assimilated and remain as a permanent cause of weakness and danger."

Die imperialistiese kopstukke het hul hoop in die Transvaal gevestig op 'n onderploeging van die Afrikaanse volk deur die Uitlanders; selfs na die oorlog het lord Milner dit nog steeds gehoop. Chamberlain, wat geglo het dat dit nooit tot werklike oorlog sou lei nie maar dat die Transvaalse regering deur 'n dreigement van oorlog tot oorgawe gedwing sou word - en dat die uitslag dan deur die stemreg bepaal sou word, - was ontnugter deur die Boere se taaie verset.[84] Die uitwerking wat die oorlog op alle Afrikaners, ook dié van die Kaapkolonie, gehad het, moes hom verder oortuig het dat die ideaal van 'n verengelste Suid-Afrika voorlopig van die baan was. Hulle moes „tevrede wees" met die „groot en blywende" vraagstuk van 'n verowerde volk wat nie uitgeskakel kon word nie. Hulle het ook besef dat die toekoms in die hande van die Afrikaners as die meerderheidsgroep gelê het en dat „the Boers ..... would never be satisfied until they could rule themselves".[85] Hoewel die imperiale oogmerk nog onveranderd gehandhaaf is, het die metode as gevolg van hierdie probleem verander. Daar sou nou gepoog word om die lojaliteit van die Afrikaners te wen deur 'n beleid van versoening, en om hulle langs dié weg vir die Ryk te behou. Daarmee het die aksent van Britse kant voorlopig van die nasionale na die staatkundige aspek verskuif: selfregering moes gegee word „in order that (they) might be reconciled with the Empire".[86]

Hierdie aksentverskuiwing het saamgeval met 'n dergelike ontwikkeling by 'n deel van die Afrikaners onder leiding van genl. Botha, wat weens sy staatsburgerlike benadering, soos

---

84) Pyrah, a.w., bl.58; vgl. ook Vulliamy, a.w., bl.287, 294: Die verwagting was dat die oorlog binne vier maande verby sou wees.

85) Pyrah, a.w., bl.183. Die pogings van Engelse kant in 1910, onder leiding van dr. Jameson en met steun van die Engelse pers, om 'n „best men ministry" daar te stel in plaas van 'n partyregering, openbaar die vrees vir Boereoorheersing. Vgl. Engelenburg, a.w., bl.190; L.E. Neame, a.w., bl.80.

86) Pyrah, a.w., bl.179.

reeds in die Suid-Afrikaanse Republiek geopenbaar, soveel makliker kon oorslaan na 'n beleid van „Suid-Afrika 'n volk". Pyrah merk in dié verband op dat die Britse toenaderingsbeleid Botha en Smuts se stryd vir hul volk gesuiwer het van „separatist ambition". „It stimulated enormously Botha's policy of conciliation, his resolve to forge out of the two races one single South African people, imbued with South African ideals."[87] Tydens die verkiesingsveldtog 'n paar maande na toekenning van selfbestuur, verklaar genl. Botha te Rosebank, Johannesburg, dat „they have accepted the King as their King, and the British flag as their flag, and meant to be loyal to it. He did not speak to them as a Boer but as a British Subject".[88]

En dit was die einde van die vryheidstrewe sover dit die leiers van Het Volk betref. Die imperialistiese proefneming het geslaag en die ontwikkeling het voorlopig geëindig in 'n oorwinning vir „British Supremacy". So verlammend het hierdie versoeningsrigting op die Afrikanervolk gewerk dat daar, toe die oproep in 1907 van Pres. Steyn uitgegaan het, selfs beswaar van Afrikanerkant gekom het teen die oprigting van 'n gedenkteken vir die vroue en kinders van die Tweede Vryheidsoorlog omdat „dit te veel bitterheid verwek en rassehaat (sou) aanblaas".[89]

(b) Tweestroom-beleid in die Vrystaat.

In die Vrystaat word op 4 Mei 1906 die „Volksvereeniging Orangia" of die Orangia-Unie in Bloemfontein gestig. Net soos in Transvaal word 'n versoenende houding ingeneem en die nadruk gelê op die eis om staatkundige selfregering. Daar was dan ook 'n paar Engelssprekendes teenwoordig.
Van den Heever toon aan dat dit die beste taktiek was om vir samewerking en gelyke regte te pleit en vergewensgesindheid voor te staan selfs teenoor hensoppers, wie se steun nodig was.[90]

Nogtans vind ons een belangrike verskil tussen die Vrystaat en Transvaal. Terwyl genl. Botha bereid was om die

---

87) Vgl. a.w., bl.220. Engelenburg bestempel sy beleid as die strewe na 'n „verenigde land onder nie-rasse-beginsels", a.w., bl.274.
88) Rand Daily Mail, 13/2/07.
89) N.J. van der Merwe, a.w., bl.165.
90) Van den Heever, a.w., bl.212.

volksgedagte op te offer aan sy politieke oogmerke, het die Vrystaat onder leiding van genl. Hertzog - wat beskryf is as die „eintlike leier en siel" van die Orangia-Unie ondanks Abraham Fischer se formele leierskap - die Afrikaans-nasionale onafhanklikheid nooit uit die oog verloor nie. By die stigting het genl. Hertzog gepraat van 'n sterk volk waarmee hy bedoel „'n volk wat hom nog vol nasionale krag voel en wat nog in staat is om sy nasionale bestaan te handhaaf".[91] Volgens Neame het hy gesê: „I made my ideal the building up of Dutch-speaking South Africa - to make that portion of the people worthy of the name".[92]

Die verskil tussen die standpunte van genls. Botha en Hertzog word bondig saamgevat deur dr. D.W. Krüger waar hy verklaar: „For Botha the Republic had lost the war for ever and the Afrikaners had to find a new future completely merged in a new nationhood. For Hertzog the past was not dead in that sense, and he was resolved that Afrikanerdom should regain the substance of what it had lost whilst surrendering the shadow. That is why he concentrated on the language question ... For him there existed two streams in the country, an Afrikaans stream and an English one, and they would continue side by side in the future as they had in the past. The Afrikaans stream was rooted in the soil, the history and the traditions of South Africa, and ultimately it would absorb the other."[93] Hertzog self het gesê: „I foresee the time when, through intermarriage and gathering in commercial life, the two white races will become virtually one nationality under the British flag."[94]

Dat waarnemers van daardie tyd reeds in staat was om die strewe van genl. Hertzog en sy medestryders suiwer raak te sien, blyk uit die gevolgtrekking van die skrywer A.R. Colquhoun dat die mikpunt van die konstitusionele agitasie is: Suid-Afrika vir die Afrikaners, 'n onafhanklike Suid-Afrika geregeer deur seuns van die land.[95]

Dit is nodig dat ons 'n duidelike beeld kry van genl. Hertzog se vryheidsgedagte, omdat hy die middelpunt vorm van die grootste deel van die vryheidsbeweging in die tydperk 1902

---

91) Ibid., t.a.p.
92) Neame, a.w., bl.50.
93) D.W. Krüger: The Age of the Generals, bl.66.
94) Neame, a.w., bl.111: Hertzog op Newcastle.
95) Van den Heever, a.w., bl.205.

tot 1926. Genl. Hertzog het van die taalbeginsel uitgegaan, die „uitingsvorm waardeur 'n volk sy kultuurafsonderlikheid en selfstandigheidsdrang kan handhaaf en uitbou".[96] Hy het uitgegaan van die Afrikaanse idee en daarom was sy ideaal van vryheid nie in die eerste plaas staatkundige onafhanklikheid nie - en nog veel minder het hy vryheid in die een of ander staatsvorm gesien - dog nasionale selfstandigheid waardeur die Afrikanervolk in staat gestel sou word om as 'n lewenseenheid ten volle te ontplooi. Dit was deurgaans tot by die dertigerjare genl. Hertzog se politieke strewe om aan die Afrikanervolk volledige seggenskap binne sy staat te laat toekom. Slegs in soverre Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge in die pad van so 'n nasionale selfverwesenliking gestaan het, was dit van betekenis om beveg te word. Daarom kon hy aanvanklik heeltemal berus by die Unie se konstitusionele posisie van 1910 en later by die dominiale status van 1926. Republikeinse onafhanklikheid was vir hom 'n saak van die verre toekoms. Belangriker was dit om die Afrikaner se baasskap oor sy eie aangeleentheid te verseker en om daarna eventuele vereniging van die twee volksdele „tot een selfbewuste, selfrespekterende Afrikanerdom" te bewerkstellig.[97]

Genl. Hertzog het die selfregering van 1906 en 1907 as genoegsame waarborg vir uiteindelike staatkundige onafhanklikheid beskou. So verwys N.J. van der Merwe na genl. Hertzog se verklaring by meer as een geleentheid „dat die ontwikkeling van die koloniale idee vanself die vryheid en uiteindelike onafhanklikheid van die kolonies beteken".[98] Ook Van den Heever beklemtoon dat selfregering vir hom die aanvang was van 'n hele konstitusionele ontwikkeling, „want waar daar eenmaal selfbestuur is, daar bestaan die uitgangskern na volledige onafhanklikheid, die geleentheid vir organiese vryheidsontplooiing van binne na buite, mits die wil daar is om vry te wees".[99] Maar hoofsaak was dat die Afrikanerdom sal voortbestaan, eers binne die Britse Ryksverband wat geleidelik losser word, en dan in 'n afsonderlike stroom naas die Engelse stroom tot tyd en wyl die twee strome ineenvloei met Afrikaans as die oorwinnaar omdat hy 'n inheemse produk is. Die Engels-

---

96) Ibid., bl.221.
97) Ibid., bl.311 en 711.
98) N.J. van der Merwe, a.w., bl.256.
99) Van den Heever, a.w., bl.218.

sprekendes sou uiteindelik deel in die volle Afrikanerskap wanneer hulle hul „sal beroem op die geskiedenis van Suid-Afrika en die groot dade van die voorgeslag as hulle gemeenskaplike erfdeel", het hy nog voor Unie in 'n Geloftedag-rede gesê.[100] Dit was die grondgedagte van genl. Hertzog se tweestroombeleid soos deur hom vir die eerste keer op Nylstroom (5 Oktober 1912) en De Wildt (7 Desember 1912) uiteengesit en te Smithfield op 18 November 1938 herbeklemtoon is.[101]

In 1930 kon 'n Engelse skrywer, Leonard Barnes, dan ook konkludeer dat genl. Hertzog se strewe na eenheid twee stadia bevat het: „Hy wou eers oorwinning aan die Afrikaner besorg, dié moes vir hom die baas word. Die Afrikaner is deur hom nou in daardie posisie van baasskap geplaas. Vir die tweede stadium sal hy oorgaan na samewerking met die Engelssprekendes, maar hulle sal die Afrikaner se voorstelle daartoe moet aanvaar. So sal die gedagte wat hy steeds nagestrewe het van volledige verafrikaansing van die land, ondanks verbloeming van die ware mikpunt, vervul word ....."[102] Daarom het genl. Hertzog as taalstryder begin en in 1908 sy bekende onderwyswet ingevoer waardeur Engels en Hollands op gelyke voet in die skole geplaas is. Hierdie wet het 'n sterk reaksie van Engelse kant uitgelok, maar dit op sy beurt weer „het 'n ontwaking van nasionale gevoel veroorsaak wat ongekend was sedert die oorlog".[103]

---

100) Ibid., bl.221 en 539; D.W. Krüger, a.w., bl.67.
101) Van den Heever, a.w., bl.311 en 682.
102) Ibid., bl.539. Vgl. ook sy standpuntstelling in 1939 op Smithfield waar hy na diegene verwys wat as gevolg van die Engelssprekendes se oorlogshouding „in alle erns twyfel ... of die Engelssprekendes hulle wel ooit genoegsaam los en afgesonderd van Engeland en Engelse bande sal kan voel om Afrikaners te word in die sin waarin die Afrikaners voel ... Met hierdie mening, dat dit onmoontlik sou wees om 'n suiwer Afrikanervolk op te bou uit ons twee groot volksdele van vandag, kan ek geensins instem nie". (Die Vaderland, 4/11/39.) Onthou moet word dat genl. Hertzog as politikus sy standpunt baie versigtig moes stel. Soms het hy ook die indruk geskep dat hy net Suid-Afrikaanse trou verwag - wat Neame 'n „Colonial nationalism" noem. Maar hierdie skrywer gee wel toe dat in die geval van Hertzogisme dit „baie eng" toegepas is „to South African conditions in general and to Dutch ideals in particular". (A.w., bl.150.)
103) N.J. van der Merwe, a.w., bl.244.

In die praktyk het die ideaalstelling van genl. Hertzog ontplooi in verskillende stadia van gedagtegang en toepassing. Dit het eers in die veertigerjare in sy geheel na vore gekom. Toe hy met sy stryd in 1908 begin het, was die onmiddellike ideaal om vir die Afrikaner en sy taal 'n plek langs die Engelsman te vind binne die Britse Ryk. Afrikaans moes voortleef. Na 1924, toe hierdie voorlopige ideaal 'n voldonge feit geword het, kon gedink word aan staatkundige selfstandigheid, hoewel voorlopig nog binne die Ryk. Daarna moes gepoog word om die twee volksgroepe tot 'n nasionale eenheid te lei, waarna volledige staatkundige onafhanklikheid in die toekoms verkry kan word in soverre dit 'n eie staatsvorm en staatsinstelling betref. Dit was min of meer die rigting waarin genl. Hertzog gestuur het, en wat hy nougeset probeer volhou het.

Hierdie ontwikkeling is egter telkens gestrem of vertroebel deur die partypolitiek, en teen die aand van sy lewe het genl. Hertzog sowel hierdie stelsel[104] as die volgorde van die laaste deel van sy ontwikkelingsplan verwerp. Hy het toe gemeen dat staatkundige onafhanklikheid eerste moes kom, en wel 'n republikeinse onafhanklikheid „wat sig aanpas by die lewenswyse, morele opvattinge en godsdienstige beskouinge van die Afrikanervolk".[105] Tot hierdie oortuiging het hy geraak eers nadat hy geruime tyd in die dertigerjare 'n soort konsiliasie beleid gevolg het wat wel in doelstelling van dié van die Botha-rigting verskil het, maar wat vir die Afrikanervolk onaanneemlik was. Daar moet egter onthou word dat genl. Hertzog steeds van die gedagte uitgegaan het dat Suid-Afrika genoegsame selfbeskikkingsreg kragtens sy grondwet besit om oor sy eie toekoms te besluit.[106]

Genl. Hertzog se vryheidstrewe is nie altyd deur sy volksgenote reg verstaan nie, wat daartoe gelei het dat hy meermale deur 'n deel van sy volk verwerp is, al het daar ook

---

104) Op 22 Oktober 1941 het genl. Hertzog op 'n konferensie van Afrikanerparty-besture verklaar dat hy onder geen omstandighede weer sal deelneem „aan 'n politieke stelsel wat op niks soseer bereken is nie as om, ten koste van nasionale belange, die eersug, hebsug en magsug van individue en individue-groepe te bevorder en te bevredig" nie. (Van den Heever, a.w., bl.754.)

105) Die O.B., 15/11/44, faksimilee.

106) Van den Heever, a.w., bl.403.

diepere redes vir hul houding bestaan, soos byvoorbeeld sy onderskatting van die bindende krag van 'n republiek deur die uitskakeling van die getwis oor konstitusionele sake, wat ook Afrikaner-eenheid ten goede sou kom. Deurdat die breë volkskringe egter nie behoorlik onderskei het tussen die twee hoofaspekte van die vryheidstrewe nie, is die Afrikaans-nasionale strewe van genl. Hertzog nie na waarde geskat nie, net soos sy verdediging van die Engelssprekendes se politieke regte in 1940 - anders as in die dertigerjare - blykbaar nie deur nasionale Afrikaners in die regte lig gesien is nie. Daar is gemeen dat hy vir die „onnasionale en vyandiggesinde elemente" in die bresse tree, terwyl dit geensins die geval skyn te wees nie. Genl. Hertzog het hier in die eerste plaas geskerm vir behoud van die natuurlike assimilasieproses waarlangs die twee volksgroepe tot een „selfbewuste Afrikanervolk" moes groei. Hy wou die brug tussen die twee bevolkingsdele nie deur oorlogsgevoelens laat vernietig nie, en toe hy op daardie tydstip vir gelyke politieke regte gepleit het, het hy eintlik daardie Engelssprekendes op die oog gehad wat hul lot by die Afrikanervolk ingewerp het.

Wanneer genl. Hertzog hom oor die begrip „Afrikanerdom" uitgelaat het, moet onthou word dat hy mense soos die Brebners, MacHardies, Frasers, ensovoorts, beskou het as Engelssprekende Afrikaners. Dit was mense wat hulle sodanig met die Afrikanervolk en sy strewe vereenselwig het dat hulle eintlik net weens hul afkoms en miskien nog hul huistaal as 'n afsonderlike element binne die volk aangewys kon word. Slegs in die lig van hierdie vertolking kan die volgende verklaring van die Generaal op 9 Junie 1940 - dit wil sê enkele maande voordat hy oor „Engelse regte" uit die Bloemfonteinse kongres gestap het - verstaan word:

> „Die diep skokkende gebrek aan trou deur die gebeurtenisse op 4 September 1939 aan die dag gelê, het nie alleen dadelik die vernietigende gevolg gehad van die Verenigde Party in stuk te slaan nie. Dit het ook oombliklik elke Afrikaner, sowel binne as buite die party, doen besef die onmoontlikheid vir die Afrikaner om op die duur op 'n basis van Afrikaanse beginsels te kan saamwerk met Engelssprekendes by wie die gees van Suid-Afrika se vaderlandsliefde en die gevoel van nasionale samehorigheid nog te seer in die kiem sluimer om te kan deel in die nasionale aspirasies en ideale vir die Afrikanerdom. Daardeur is dan ook op 4 September spontaan in 'n oogwenk, die gehele Afrikaanssprekende Afrikanerdom tot die oortuiging geraak dat die eenheid in sy midde herstel was en dat die toekoms van die Afrikanerdom voortaan alleen by en deur die

> Afrikaner, sy hy Afrikaans- of Engelssprekend, moet gesoek en beveilig word. Op hierdie basis van gelykheid en gelyke beregtiging vir alle Afrikaners uit die twee rasse, staan tans die nuwe Herenigde Party gegrondves en sal die Afrikaner-seuns en -dogters van Suid-Afrika voortaan in gemeenskaplike toewyding ter beskikking staan van die roepstem van Suid-Afrika.
>
> Ek wens die Afrikanerdom geluk met hierdie seënryke gebeurtenis waardeur Afrikaner-eenheid, staande op die breë, hegte basis van gelykheid vir alle Afrikaners binne sy geledere, weer met hernude besieling sy groot taak sal hervat."107)

Uit hierdie aanhaling blyk duidelik dat genl. Hertzog potensiële Afrikaners uit die Engelssprekende groep steeds op 'n voet van gelykheid wou insluit by die volk, en dit blyk net so duidelik dat hy deeglik onderskei tussen daardie Engelssprekendes „by wie die gees van Suid-Afrika se vaderlandsliefde en die gevoel van nasionale samehorigheid nog te seer in die kiem sluimer om te kan deel in die nasionale aspirasies en ideale van die Afrikanerdom" en daardie Engelssprekendes wat hulle heelhartig met die Afrikanerstrewe vereenselwig. Eersgenoemdes word nou buite gelaat, en die toekoms alleen gesoek „by en deur die Afrikaner, sy hy Afrikaans- of Engelssprekend". Daarom dat genl. Hertzog „diep teleurgestel" was oor die verkiesing tot voorsitter op die herenigingskongres (November 1940) van sen. M.J. Vermeulen in plaas van sen. W.J.C. Brebner.[108] Hy het daarin 'n diskriminasie teen die politieke regte van sulke Afrikaners van Engelse afkoms gesien. Hy het in dieselfde lig afgelei dat slegs „gelyke taal- en kulturele regte" van die oud-Nasionaliste beklemtoon word. Daarom het hy opgemerk: „Geen Engelssprekende kan dus ooit leier van die Nasionale Party word nie."

Hierdie standpunt van genl. Hertzog was nog steeds in ooreenstemming met die volkstaatbeginsel, want hier het ons te doen met elemente van Engelse herkoms wat reeds ver gevorder het op die weg van assimilasie, en hulle moes as volksgenote aanvaar word. Hulle was reeds geestelik deel van die Afrikanerdom sodat hulle onder meer ook nie aan „Brittanje se oorlog" wou deelneem nie.

---

107) M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl.228.
108) Ibid., bl.200.

Dié standpunt van genl. Hertzog met sy assimilasie-brug na Afrikaner-eenheid verskil in beginsel van die latere standpunt van dr. D.F. Malan en die Nasionale Party, wat 'n tweevolkige „nasionale staat" voorstaan waar die eenheid nie in 'n eventuele opgaan in die Afrikanervolk gesoek word nie, maar die twee afsonderlike kulture op 'n grondslag van vaderlandsliefde (en nie volksliefde nie) met slegs 'n gemeenskaplike politieke strewe bestendig word. Hierdie laasgenoemde standpunt is gegrond op die burgerstaatbeginsel. Oor die besonderhede en konsekwensies van hierdie beleid word in 'n latere hoofstuk gehandel.

HOOFSTUK III

NA UNIE, 1910.

In die dekade voor 1910 is die grondslae gelê vir 'n tweesprong in die nasionale politieke ontwikkeling. Die Transvaalse leiers het die weg gevolg van aanpassing by en opgaan in die gees en metodes van die Britse gedagte, terwyl die Vrystaat, onder leiding van genl. Hertzog, gesoek het na middele ter uitbouing van die Afrikaanse gedagte, en daarmee is die weg berei vir 'n toekomstige botsing wat nou in ons ondersoek onder die soeklig kom.

Die tweede tydperk neem 'n aanvang met 'n baie belangrike staatkundige mylpaal, naamlik die vereniging van die voormalige Britse kolonies tot die Unie van Suid-Afrika. Hiermee kom daar 'n einde aan die verbrokkeling op geografies-politieke gebied, dog die unifikasie het die nasionale idee ook voor sy grootste vraagstuk gestel. Daar moes 'n weg gevind word uit 'n toestand waar twee volke - soos veral verteenwoordig deur Natal en die Vrystaat, onderskeidelik die een aangevuur deur die idee van imperiale gelykskakeling en die ander deur die idee van nasionale selfverwesenliking - aangewese is op dieselfde staatsorganisasie vir die vervulling van hul botsende ideale. Afgesien van die noodwendige botsing wat op so 'n grondslag moes volg, het die uitbreek van die Europese Oorlog in 1914 die worsteling in hierdie tydperk verhewig, dog tegelyk ook die Afrikaner-koers skerper geëts.

1. UNIFIKASIE EN AANPASSING.

Op 31 Mei het die unifikasie van die vier selfregerende kolonies plaasgevind ingevolge 'n wet van die Britse parlement van 1909, bekend as die Suid-Afrika-wet, wat gebaseer was op 'n ontwerpgrondwet wat deur verteenwoordigers van die vier koloniale parlemente opgestel was. Daarmee is 'n lang gekoesterde strewe van sowel Afrikaanse as Engelse kant verwesenlik, maar dit het uitgeloop op 'n oorwinning vir die Britse ideaal wat 'n verenigde Suid-Afrika onder Britse gesag begeer het teenoor dié van die Boere-leiers wat hulle 'n Afrikaanse staat onder eie vlag voorgestel het.[1] In 'n sekere sin lê

---

1) Vgl. Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II, onder redaksie van A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer, Kaapstad, 1951, bl. 100.

daarin ook 'n kompromis tussen die twee strominge opgesluit. Engelenburg stel dit so dat die Afrikaner-insigte 'n oorwinning behaal het ten opsigte van die nie-blanke stemreg, maar dat die Angelsaksiese insigte wat betref „regering op party-basis" geseëvier het oor die Boere-tradisie van „by volkstemming gekose bewindsmanne". Omdat die Unie-grondwet 'n Britse geskenk was, is vanselfsprekend „die Engelse boustyl van party-regering verkies".[2] Dit is egter merkwaardig dat dit Engelssprekendes was wat ná Unie hulle beywer het vir 'n partylose regeringsgrondslag en dat dit juis Afrikaners van die noordelike twee kolonies (Botha en Fischer) was wat die deurslag gegee het vir die toepassing van die partystelsel.[3] Engelenburg wys daarop dat daar geen algemene gronde vir partyverdeling na Unie bestaan het nie omdat die vorige partyverdelings in die kolonies van plaaslike aard was. In verband met die idee van 'n „koalisie-bewind" het Jameson volgens Engelenburg „'n totaal nuwe, 'n tabula rasa-begin" in gedagte gehad.[4]

Die geleentheid het hom dus voorgedoen om die ou party-verdeling dood te vee onder die leuse van 'n „fresh start" en „best men government". Dr. Jameson het vir hierdie ideaal propaganda gemaak en byna daarin geslaag om genl. Botha tot sy sienswyse te oorreed, maar op 27 Januarie 1910 is die skema na 'n finale samespreking in Merriman se kantoor tussen laasgenoemde, genl. Botha en Fischer verwerp. Twee weke later hou Jameson 'n vergadering in Kaapstad met die oog op die stigting van 'n Engelse party en kondig teen die end van Februarie die geboorte van die Unioniste-party aan. In die lig van die getalle-verhouding op daardie tydstip en die opmerking van Jameson in 'n brief dat hy vrees Botha op die ou end „will go with his own people", moet hierdie Engelse poging in die rigting van 'n partylose staat toegeskryf word aan die vrees vir Afrikaner-oorheersing, wat kon gebeur het indien Botha in die eerste plaas hom tot sy eie mense sou gewend het. Botha het egter die Unie beskou as 'n „eervolle verstandhouding" tussen die twee volksgroepe waarmee die Engelssprekendes hul vertroue in 'n Afrikaanse meerderheid getoon het, en daarom sou hy hom losmaak van enige blyke van „rasse-politiek".[5]

---

2) F.V. Engelenburg: Genl. Louis Botha, Pretoria, 1928, bl. 177, 228.
3) Ibid., bl. 190.
4) Ibid., bl. 196.
5) Ibid., bl. 194, 180.

Dit is merkwaardig dat dié Engelse wat hulle nie met Jameson se party vereenselwig het nie, ten gunste van die Afrikaner Botha as leier was, terwyl juis Afrikaners soos Steyn, Fischer en Hertzog die Engelssprekende Merriman as leier verkies het.[6] Behalwe vir sy kleurstandpunt, wat nog liberaal georiënteerd was, het Merriman reeds as Kaapse leier blyke gegee van 'n Suid-Afrikaanse benadering ook ten opsigte van die partypolitiek. Hy het die politieke metodes van die na-oorlogse Transvaal, wat hy beskryf het as „the land of the steamroller and the land of the secret caucus", afgekeur. Daarteenoor het hy die voorbeeld van die Kaapse parlementêre metodes aangeprys met die „free air of party discussions", wat selfs ministers toegelaat het om teen hul eerste minister in die parlement te stem.[7] Herriman was verder ten gunste daarvan dat die Bantoe-vraagstuk geheel en al uit die partypolitiek geneem moes word.[8] Vir hom het daar 'n natuurlike skeidslyn binne Suid-Afrika se bevolking deur geloop wat die basis moes vorm vir 'n toekomstige partyverdeling: Aan die een kant is daar „the people who are wedded to South Africa, the people who believe in it, who think that South Africans must govern themselves", en aan die ander kant is daar „the exotics who, under one name or another, are always looking elsewhere" en „who when they have made their fortune, go to the other side of the water".[9]

Merriman en sy geesgenote het reeds ver op die brug na assimilasie gestaan. Dit was dus te begrype dat 'n man soos genl. Hertzog met sy Afrikaanse strewe - wat al in 1910 dieselfde taal uit 'n Engelssprekende se mond verneem het wat hy twee jaar later op De Wildt sou gebruik - meer ten gunste van so 'n man met 'n Engelse naam sou wees as iemand met 'n Afrikaanse van wat die Afrikaner se belange juis sou opoffer aan diegene wat „elders kyk".[10] Dertig jaar later sou die

---

6) Ibid., bl. 201, 203; J.D. Naudé: Generaal J.B.M. Hertzog en die Ontstaan van die Nasionale Party, M.A.-tesis, Potchefstroom, 1964, bl.37.
7) Vgl. D.W. Krüger: South African Parties and Policies, 1960, bl. 35; L.E. Neame: General Hertzog. Prime Minister of the Union of South Africa since 1924 ..., bl. 118.
8) Krüger, a.w., bl. 38.
9) Ibid., bl. 36.
10) Vgl. Hertzog (Neame, a.w., bl. 137): „I refuse to sacrifice one child on that altar"; ook sy vertolking van Botha se konsiliasiebeleid, bl. 131. Vgl. Naudé, a.w., bl. 38.

Generaal, ten spyte van sy diepe teleurstelling in die Engelssprekendes, nog steeds pleit vir die reg van 'n Engelssprekende „Afrikaner" om leier van 'n nasionale party te kan word.[11]

Ongelukkig sou die toekomstige partyverdeling nie altyd die weg volg wat Merriman voorsien het nie. Dit sou veral nie gebeur onder die leiding van genl. Botha nie. In sy strewe na 'n „Suid-Afrikaanse volk" het Botha hom op die burgerlike - in teenstelling met die nasionale - standpunt gestel en nie onderskei tussen wat volkseie of volksvreemd, tussen wat lojaal teenoor die eie of lojaal teenoor 'n vreemde vaderland was nie. Vir die Afrikaners, wat reeds moeilik by 'n vreemde regeringstelsel en staatsopvatting moes aanpas, het hierdie uitwissing van die natuurlike grens (selfs maar vanuit Engels-Suid-Afrikaanse standpunt besien) die verwarring nog groter gemaak.

Die verwarring het onder andere ook daartoe gelei dat baie Afrikaners van die noorde in reaksie gekom het teen die partypolitiek as sodanig. In sy boek oor die Rebellie verwys Johan Schoeman na mense wat geweier het om aan die partypolitiek deel te neem. Hy self bestempel dit as „ook 'n soort imperialisme".[12] In De Volksstem skryf die rubriekskrywer Knop: „Die partypolitiek wat ons teenwoordig voer, die verligte Engelse stelsel van partypolitiek, van georganiseerde partye, besture en caucusse het 'n neiging om 'n ordinaire Knop soos ik, wat g'n beroepspolitikus wil word nie, sijn belangstelling in sake van die land te ontneem ..."[13] Sewe jaar na Unie het ou Republikeine nog steeds beswaar gemaak teen die vreemde stelsel en hulle is deur niemand minder nie as die Regeringsorgaan in Transvaal bygestaan. So verwys De Volksstem in 1917 na briewe wat hy ontvang het wat die stelsel afkeur, en vereenselwig hom met dié standpunt. Hy haal selfs genl. Botha aan wat op 29 Mei in die Volksraad gesê het „dat daar veel te sê was in belang van 'n regering sonder partye, en hy sou heeltemal bereid wees, als die tyd daarvoor aangebreek is, om die saak te bespreek".[14]

---

11) M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl. 200. (Vgl. ook vorige hoofstuk, by verwysing 107 e.v.)
12) Johan Schoeman: Die Anderkant van die Rebellie, Pretoria, 1915, bl. 21.
13) De Volksstem, 24/10/11.
14) Ibid., 5/6/17.

Die strewe nou om die partyprogramme vir die staatsburgerlike kieserskorps aanneemlik te maak met die oog op verkiesingsteun, is veral van Calvinistiese kant swaar aanvaar. Hulle kon hulle maar nie indink in 'n toestand waar die volk as taalgemeenskap nou deur die staatsvolk vervang is nie. Na aanleiding van Ons Land se aanval op die Gereformeerde Bond van Steynsburg oor hul „program van (politieke) beginselen waardig de kristelik-nasionale tradisies van onze vaderen" wat naas genl. Botha se politieke program gestel is, skryf die redakteur van De Jonge Kalvinist: „Dat stuk (van genl. Botha) weerkaatst de ziel van onse voormannen maar, en niet de ziel van ons volk. En telkemale is het nu gebeurd dat in volksprogrammen gerekend is zonder het volk. De politieke beginselen van onze voormannen schijnen niet inheems maar uitheems te zijn."[15] Later sou dieselfde blad ook kla oor die „grote afstand" „tussen de leerstellingen die onze Afrikaanse pers (as „party-pers") verkondigd, en de opinies die er onder onze Afrikaanse volk leven".[16]

Hoe ver die politieke of „volksprogrammen" van die leiers in die eerste jare inderdaad afgewyk het van die volkstrewe, blyk uit genl. Botha se klaagbriewe aan pres. Steyn kort na die verkiesing van September 1910, waarin die Suid-Afrikaanse Party die meerderheid behaal het. Hy kla: „Hertzogisme is er bepaald de oorzaak van dat wij hier zes zetels hebben verloren en Sauer deelt mij mede dat ook in de Kaap deze elektiekreet ons vele zetels heeft doen verliezen ..... en het is aan het geroep van Hertzogisme toe te schrijven dat verscheidene van mijn Engels vrienden op 't laaste ogenblik omdraaiden en tegen my stemde."[17] Vir hierdie voorman wat nou partyleier geword het, was die verlies van „zes zetels" 'n baie gewigtiger saak as die voortbestaan van die volk waaruit hy gebore was en die taal wat hy gepraat het - die dinge wat Hertzogisme juis wou red, en wat die innerlike wens van die „volksiel" beliggaam het.

Hoewel daar toe nog party-eenheid was, het die volk tog baie duidelik begin openbaar dat hy „Hertzogisme" ondersteun, soos onder andere ook blyk uit talle briewe waarin daar

---

15) De Jonge Kalvinist, Aug. 1911.
16) A.w., Jan. 1912.
17) N.J. van der Merwe: Marthinus Theunis Steyn, Kaapstad, 1912, bl. 241.

gekla word oor die miskenning van Hollands, soos byvoorbeeld: „Geen Hollandse opskriften op die Pretoria trains".[18] Die proteste teen die partystelsel en die party-programme weerspieël die vraagstuk wat die nuwe toestand in die noordelike provinsies vir die Afrikanervolk en sy politici geskep het. Hierdie mense was gewoond om aan 'n volk te dink as 'n taalgemeenskap wat beskik het oor 'n eie owerheid op eie grondgebied en waar vreemdelinge se posisie bepaal is deur die mate van vatbaarheid vir assimilasie wat hulle aan die dag gelê het, want in die politiek moes steeds rekening gehou word met „de ziel van ons volk". Hul volksowerheid, wat hulle by wyse van volkstemming aangewys het, is nou vervang deur 'n „party-owerheid". Die „party-owerheid" berus op die grondslag van organisatoriese groepvorming rondom 'n „program van beginsels" van die doeleindes van bewindsverowering in mededinging met en ter uitsluiting van ander dergelike willekeurig gevormde groepe of partye. Ten slotte het hul volk, wat hulle gekoester het as 'n lewenseenheid waarbinne hulle hul geskiedenis en tradisie geweef gesien het, as politieke faktor verbrokkel en sy lede is as enkelinge verstrooi in die staatsvolk - „'n amalgamasie van alle moontlike kleure en geure", soos De Jonge Kalvinist dit uitgedruk het.[19]

Veral die Afrikaanse politici het met hierdie vraagstuk van aanpassing te doen gehad. Diegene soos Botha en Smuts wat nie so deurdrenk was van 'n Afrikaanse nasionalisme nie en hul strewe vereenselwig het met die nuwe volksbegrip, het natuurlik geen probleem gehad nie. Moeiliker was dit vir daardie leiers wat moes probeer aanpas sonder om met die Afrikaanse volkstaatgedagte te breek. Terwyl dit die natuurlike begeerte en strewe van die nasionaalgesinde politici was om in die rigting van volkseenheid en vryheid te stuur, het die staatspraktyk hulle gedwing om aan te pas by hierdie individualistiese idee en hul program van beginsels moes gevolglik ook op die meganies-versamelde kiesersmassa gerig wees. Op Afrikanernasionalisme kon hulle amptelik nooit 'n beroep doen nie, hoogstens op patriotisme, want dit was selfs vir 'n politieke program taboe om die vereniging van die Afrikanervolk as sodanig as beleidstrewe te bevat. Elke sweem van 'n beroep op die Afrikanervolk as sodanig is veroordeel as „rassehaat" en

---

18) De Volksstem, 13/1/11.
19) De Jonge Kalvinist, Oktober 1911.

„rassepolitiek". Waar daar soms tog van volkseenheid in die openbaar gepraat is, is dit òf op so 'n wyse gedoen dat dit ook in die breër sin vertolk kon word, gewoonlik ook met verwysing na Engelssprekende Suid-Afrikaners wat Suid-Afrika eerste stel, òf dit het eenvoudig geskied in stryd met die partypolitieke idee en dit is as't ware na die volkspolitieke gebied verskuif of dit het daartoe oorgehel. So 'n beweging na die volkspolitieke terrein het plaasgevind ná die Rebellie en die Voortrekkereeufees, toe die politieke party telkens standpunte ingeneem het wat wesenlik verskil het van sy beleidsformules.[20] Eers toe die volk in 1940 so 'n emosionele hoogtepunt bereik het dat hy gedreig het om sy eie koers in te slaan, wou die partyleiers - wat ongetwyfeld ook deur hierdie gevoel meegesleur is - dit waag om openlik hul strewe te formuleer ooreenkomstig die Afrikanervolksbegeerte en nie meer ooreenkomstig die veronderstelde meerderheidsbegeerte van die somtotaal kiesers nie. Die Afrikanervolksbegeerte is toe ook nog selfs langs en teenoor die amptelike program van beginsels geformuleer[21] en ook eers nadat een van die party-leiers, dr. N.J. van der Merwe, openlik taktiese oorwegings „uit partypolitieke oogpunt" verwerp het as „partypolitieke kwaksalwery".[22]

Tussen die botsende lewensbeskouings van die Calvinisme met sy erkenning van die nasionale strewe en die liberalistiese met sy aanvaarding slegs van 'n individuele strewe, is die nasionale politici in 'n onbenydenswaardige posisie geplaas. Hulle is voor die keuse gestel van ideaal-verloëning of -verwatering ter wille van die voorreg om te regeer en ideaal-behoud met skynbare gevolglike prysgewing van sowel die voorreg om te regeer as die moontlikheid om die ideaal langs konstitusionele weg te verwesenlik. C.M. van den Heever merk ook op: „Die burgers van die gewese Republieke, wat so lank gewoon was aan 'n eie politieke vorm, moes hulle nou noodwendig onder die Britse vlag en parlementêre stelsel skik; as hulle hulle nie op die wyse politiek wou probeer uitleef so goed as dit kon nie, moes hulle maar in die wildernis verwyl."[23]

---

20) Vgl. De Volksstem, 5/7/10; Verklaring van die Federale Raad, Notule van die ses-en-twintigste Kongres, 1941, bl. 18 (punt ses). (Vgl. verderaan hoofstuk IV, par. 3 en hoofstuk VII, par. 5.)
21) Vgl. verderaan hoofstuk VIII, par. 4, Die Uniale Kongres 1941.
22) Die Volksblad, 20/7/40.
23) C.M. van den Heever: Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1943, bl. 209.

Terwyl genls. Botha en Smuts onvoorwaardelike konsiliasie bepleit het uit waarskynlik eerlike politieke oortuiging,[24] het dit byvoorbeeld gebeur dat genl. Beyers, wat hom andersins selfs voor stedelike gehore openhartig oor die handhawing van 'n eie nasionaliteit uitgespreek het, tydens die verkiesingsveldtog dinge voor Engelse gehore gesê het wat sy biograaf, dr. G.D. Scholtz, noop om te verklaar dat dit „'n mens enigsins verbaas". Die doel van die toespraak was egter om die manne van Simmer en Jack se stemme te wen, en daarvoor moes hy beklemtoon dat die manne wat Kruger se beleid beveg het, toe aan die hoof van Het Volk gestaan het, manne wat ten gunste was van gelyke regte vir die Uitlanders.[25] Dit was nog maar 'n geringe toegewing, hoewel nie vir 'n man van Beyers se geaardheid nie. Dit toon die invloed wat die nuwe politieke stelsel uit die staanspoor op leiers gehad het vir wie die vryheid van hul volk 'n saak van lewende erns was.

Die aanvaarding van die gangbare Engelse partystelsel was natuurlik onvermydelik in 'n Brits-oorheerste staat. Maar die volksverdelende uitwerking daarvan op die Afrikanervolk kon tot op groot hoogte besweer gewees het indien die Afrikanerleiers prinsipieel suiwerder en dus sterker „op een stuk" gestaan het. Hulle kon hul volk tot 'n party georganiseer het wat die stryd om die bewind kon aanknoop - ook met behulp van gewortelde Engelssprekende Afrikaners - eerder as om toe te gee aan die opvatting wat die volk beskou het as 'n staatsburgery bestaande uit gelyke enkelinge sonder natuurlike verband wat gevolglik willekeurig op grond van „programme" in partye georganiseer kon word tot uitsluiting van eie volksgenote. Terwyl volksverwesenliking belemmer en die volk selfs met uitwissing bedreig was deur die verskillende faktore van oorheersing, was volkshandhawing 'n primêre motief vir politieke organisasie, wat anders binne 'n homogene volk

---

24) Genl. Smuts het naamlik by een geleentheid gesê dat dit vir hom duidelik geword het dat God deur die geskiedenis getoon het dat hulle verkeerd was, en dat hulle nou moes saamwerk (G.D. Scholtz: Generaal Christiaan Frederik Beyers, Johannesburg, 1941, bl. 133).

25) Scholtz, a.w., bl. 161.

ooreenkomstig diepgaande beleids- of beginselrigtings geskied.[26] Die opskorting van die stelsel van party-regering deur die vorming van 'n „National Government" in Engeland tydens die Tweede Wêreldoorlog toe die Britse volk sy bestaan bedreig gevoel het, kan as voorbeeld dien vir hierdie stelling. Toe 'n groot deel van die volk egter deur die toedoen van hul leiers eenmaal politiek opgebreek geraak het in die staatsburgery, het daar vir die leiers van die Afrikaans-nasionale gedagte eintlik geen ander weg oorgebly as om op dieselfde grondslag mee te ding nie.

2. KONSILIASIE EN NASIONALISME.

Teenoor die nasionale strewe het gestaan die politieke strewe van daardie partyleiers wat gepraat het van die „nuwe nasie" wat hulle wou skep. So formuleer genl. Botha sy beleid van konsiliasie in die volgende woorde te Standerton: „Het enige lichtpunt dat ik in de toekomst zie is het sementeren van de vriendschap van de beide rassen en eerste daarna zullen we een gelukkige en bloeiende bevolking zijn. Het alternatief is een rassenstryd om het bewind .... Laten wij daarom volgen een politiek van verzoening en verdraagzaamheid .... Het is mijn ideaal om uit de verschillende nationaliteiten die in Zuid-Afrika verblyven een nieuwe natie te scheppen en aan te moedigen."[27] As sy brief aan pres. Steyn

---

26) P.H. Coetzee meen dat daar nie sulke diepgaande staatsfilosofiese verskille in Suid-Afrika bestaan wat partyvorming regverdig nie, en dat ná uitskakeling van die onafhanklikheids-strydvraag die posisie van die Republieke maklik aanvaar sal kan word waar die dryfveer agter volksverteenwoordigers se opposisie „gewoonlik te vind (was) in beginselverskille van die owerheid oor die een of ander saak. Dieselfde persone het by 'n volgende geleentheid weer as gevolg van hul beginseloortuigings dieselfde owerheid gesteun." (Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910, M.A.-verhandeling, Bloemfontein, 1952, bl. 255.)

27) De Volksstem, 5/7/10.
Opmerking: Byna veertig jaar later, op 11 September 1949, het hierdie poging tot volkskepping nog so weinig sukses gehad dat genl. Smuts moes bely: „It has been the fate of this young country of ours to have divided souls, but it will not always be like that. We shall become one soul with one people." Capt. J.J. McCord: South African Struggle, Pretoria, 1952, bl. 501.

in gedagte gehou word, ontstaan die vraag in hoeverre hierdie versoeningsbeleid, met die „ideaal" van 'n nuwe nasie, vir genl. Botha werklik 'n begeerte van die hart was en of dit nie maar 'n middel was om politieke mag te behou nie. Sy strewe na 'n „nieuwe natie" staan waarskynlik in verband met sy vrees vir 'n „rassestryd", wat alleen langs dié weg blywend uitgeskakel kon word.

Teenoor die politieke „sementeren" van die twee „rasse" tot 'n nuwe nasie het die nasionale rigting die sement van die taal gestel as eenheidsfaktor. So hou dr. D.F. Malan op 7 April 1911 'n lesing voor die studente-taalkonferensie te Stellenbosch oor die onderwerp taal en nasionaliteit. Hy beskryf die taal as „het sement dat alles wat aan het volk eigen is aan elkander bindt en dat aan het gebouw van het nationaal leven vastheid geeft". Hy stel dit selfs sterker: „De taal is het omhulsel, dat alles wat tot een volk behoort, samenbindt en tot een maakt neem weg de taal en gij ontbindt daarmede het volk."[28)]

Die eerste slag om taalbehoud is gelewer en gewen toe veral op aandrang van genl. Hertzog, bygestaan deur pres. Steyn, die erkenning van Hollands langs Engels as amptelike taal in die grondwet verskans is. In 1925 sou Afrikaans langs Hollands bygevoeg word.[29)] Vir die staatsontwortelde Afrikaner was verknogtheid aan sy taal die enigste middel tot selfbehoud.

Die vryheidsideaal het in hierdie na-oorlogse toestand sy wese suiwer geopenbaar. Dit was 'n stryd tot selfverwesenliking van 'n volk waarin die staatkundige onafhanklikheid voorlopig as oorbodig beskou is. Trouens, staatkundige onafhanklikheid kon op hierdie tydstip selfs gevaarlik word vir die nasionale verwesenliking omdat die stryd gegaan het om die behoud van 'n volk se identiteit. Staatkundige vryheid kon maklik die skyn wek van ideaal-verwesenliking, wat juis gebeur het met 'n deel van die volk wat selfregering as genoegsame rede beskou het om versoenend op te tree, en wat ná republiekwording in 1961 weer gebeur het toe daar 'n sigbare verslapping in taalhandhawing ingetree het.[30)]

---

28) De Volksstem, 16/5/1911.
29) A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, (1951), bl. 109 en 110.
30) Vgl. hoofartikel en korrespondensie in Die Transvaler, 21/5/65; 3/6/65; 2/7/65, ens.

Later toe die taalstryd met welslae bekroon was, was die konsekwente verloop van die nasionale of vryheidstrewe in die rigting van staatkundige verwesenliking. Toe is die staat op sy beurt weer beskou as die „omhulsel" van die nasionale lewe.[31] Staatkundige vryheid was dus nie 'n „akademiese" doelstelling soos sommige teenstanders dit dikwels bestempel het nie, maar die natuurlike uitvloeisel van die nasionale strewe tot selfverwesenliking. Solank daar egter nog eers geleentheid was om die nasionale lewe binne die bestaande staat te ontwikkel, was daar geen noodsaaklike drang vir 'n strewe na staatkundige vryheid nie.

Die standpunt van genl. Hertzog, wat in die tweestroombeleid 'n middel gesien het om die Afrikaner se identiteit te bewaar tot tyd en wyl hy sterk genoeg sou wees om die ander elemente te absorbeer, het spoedig onder drang van partypolitieke noodsaak verstok tot 'n skyn-ideaal wat in later jare selfs in die pad sou staan van die voleinding van die nasionale strewe. Genl. Hertzog het naamlik beoog dat die Afrikanervolk die Engelse element uiteindelik moet opneem. Dr. Malan verklaar in genoemde lesing op 7 April 1911 te Stellenbosch: „Het enige ware (ideaal) is dit, dat er in Zuid-Afrika twee nationaliteiten zijn en dat zij er altijd behoren te zijn; dat ieder geheel vrij zal zijn en een gelijke gelegenheid zal hebben om wat eigen is te handhaven en te ontwikkelen. Zo kan het grote Zuid-Afrikaanse volk het best een eenheid worden, een zedelijke eenheid, gegrond in een gemeenschappelike liefde tot een gemeenschappelijke vaderland, maar het zal een eenheid zijn bestaande in een tweeheid -- een twee-eenheid."

So 'n „twee-eenheid" is natuurlik net moontlik wanneer elkeen se eiendomlikhede nie op die politiek betrekking het nie. Van nie een van die twee „seksies" kan met ander woorde verwag word om 'n politieke roeping te vervul nie, of anders kan dit hoogstens net van een verwag word, in watter geval daar nie meer sprake van „gelijke gelegenheid" kan wees nie. Die voorbeeld is reeds genoem[32] waar twee volke mekaar se politieke roeping binne een staat uitsluit. Die onvolledige ideaal-stelling was deels die gevolg van 'n toegewing aan die

---

31) Vgl. N.G.S. van der Walt: Kan die Tweestroombeleid langer Gehandhaaf word? Die Republikein, 16/4/37.
32) Vgl. hoofstuk I, by verwysing 11 e.v.

praktyk waar nasionaalgesindes gestuit het teen die onverbiddelike aanwesigheid van 'n Engelse bevolkingsdeel waarmee hulle geen raad geweet het nie anders as om hulle as deel van die staatsvolk te aanvaar.[33] Deels was die onvolledige formulering van die ideaal egter ook vrug van die heersende staatsbeskouing wat die volksroeping op politieke gebied misken het.[34] 'n Staat wat neutraal ten opsigte van die nasionale aspirasies van sy bevolkingsgroepe staan, was nie alleen moontlik nie, maar selfs wenslik beskou. Binne hierdie opvatting kon daar in Suid-Afrika dus hoogstens ten opsigte van die kultuur nasionaal gedink word. Daar was slegs op kulturele gebied sprake van volkseenheid en volksroeping, en daarom moes die kulturele lewe waterdig geskei word van die politieke terrein waarop daar net in terme van enkelinge gereken word. En dit is dan ook om hierdie rede dat ons die reeds genoemde dualisme in die Afrikaanse vryheidsbeweging aantref, daardie dualisme wat die nasionale lewe binne die kultuur wou koester, maar wat dit op die politieke terrein verloën het. Dit was ook as gevolg van hierdie skeiding dat 'n organisasie soos die Afrikaner-Broederbond in 1918 langs die Nasionale Party tot stand gekom het „om die Afrikaanse nasionalisme ..... op alle lewensterreine tot volledige selfstandigheid en volwassenheid uit te bou".[35]

Dit sou te veel wees om te beweer dat die nasionale denkers almal 'n duidelik omlynde eind-ideaal soos hier aangedui, gehad het. Dit gaan hier om 'n proses. In die jare kort na Unie was die vraagstuk van die Afrikaanse voortbestaan nog so beklemmend dat 'n tweestroom-ideaal op sigself as 'n bevryding uit die dilemma aangegryp en daarom vir baie jare hartstogtelik vasgehou is. Dit was eers in die dertigerjare en in toenemende mate na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog dat openlike vraagtekens agter hierdie ideaal verskyn en Afrikaner-nasionalisme so sterk gehyg het na staatkundige mondigheid dat hulle die „ander seksie" as uitheems en dus as staatsburgerlik onwaardig bestempel het.[36]

---

33) By sommige Afrikaners het ook die vrees bestaan dat 'n opname van die Engelssprekendes tot gevolg kan hê dat die Afrikaner se geesteseienskappe verander kan word.
34) Vgl. P.J. Meyer: Nasionalisme: die Onsigbare Vlam, t.a.p. bl. 302, aangehaal hoofstuk 1, verwysing 32.
35) Meyer, a.w., bl. 305.
36) Vgl. hoofstuk VII.

Ongelukkig het onder andere die destydse oorlogspolitiek meegebring dat vyandskap teenoor die Engelse „seksie" eerder as prinsipiële oortuiging die bepalende faktor by die nuwe ideaalstelling was. Hierdie ideaal kan nagestrewe word sonder vyandskap teenoor Engelssprekende medeburgers. Dit kan selfs nagestreef word met hul aktiewe medewerking, soos reeds geblyk het uit pleidooie wat van tyd tot tyd van Engelssprekende kant gelewer is ten gunste van so 'n ideaal.[37)]

Vir die Afrikaanse politici was dit buitengewoon moeilik om in die jare kort na Unie hul strewe duidelik te formuleer. Hulle was in die posisie van vreemdelingskap en boweal het die konsiliasie-beleid van die leiers 'n politieke klimaat geskep wat enige nasionale afwyking soos 'n skel wanklank laat galm het. Met al die moed wat sy karakter gekenmerk het, het ook genl. Hertzog met hierdie probleem te worstel gehad, soos duidelik blyk uit sy politieke uitlatings van daardie tyd. Hy het sy rigting duidelik voor hom gesien, die rigting van volksassimilasie wat in één „selfrespekterende Afrikanervolk" moet uitmond; maar in die aanbieding van sy ideaal het hy as politikus steeds naby die grens beweeg, veral toe hy nog lid van die regering was. Neame wys ook daarop dat hy ná die kabinetskrisis in 1912 in openlike botsing met genl. Botha meer ekstremisties in sy uitlatings geword het.[38)]

Mens moet natuurlik onthou dat Hertzog as verantwoordelike minister in die Suid-Afrikaanse Party-kabinet die breër standpunt moes inneem, al was dit teen sy sin. Hy het aanvanklik net geveg teen veronregting van Afrikaans. Besonder betekenisvol vir 'n begrip van dié breër standpunt was die geval waar hy slegs enkele maande voor die finale breuk tussen hom en genl. Botha die voorstel gesekondeer het om die woord „nasionaal" uit die party se naam te skrap, omdat, soos hy dit gestel het, die woord te veel betrekking op Afrikaners alleen het. Wanneer hy in 1914 sy party egter „die Nasionale Party" noem, merk Neame op dat hy weer 'n enger standpunt ingeneem het as in 1912 „on his own showing".[39)]

---

37) Vgl. McCord, a.w., bl. 486; R. Rudman in Die Volksblad, 19/9/36; dr. E. MacMillan in Die Volksblad, 30/11/38. In 1937 het 'n Engelssprekende aan skrywer dit so gestel: „Hier is net twee soorte mense wat hier hoort: die Boere en die wat graag Boere wil wees".

38) Neame, a.w., bl. 112.

39) Ibid.

Wanneer genl. Hertzog teen die end van 1912 die verskil tussen hom en sy premier tot 'n krisis voer, beweeg hy so naby die grens dat genl. Botha hom eintlik net ten opsigte van die staatkundige aspek, „Suid-Afrika eerste", kon repudieer. Die verhoudingsvraagstuk ten opsigte van die twee volksgroepe (nasionale aspek) het Hertzog so versigtig gehanteer dat elkeen maar sy eie gevolgtrekkings moes maak. Hy het die woord „Afrikaner" en „Suid-Afrikaner" so deureengevleg dat hy oënskynlik geen grens tussen die twee volksgroepe getrek het nie. Sonder die sleutel tot begrip van sy beleid, naamlik sy uitgangspunt van volkseenheid deur middel van assimilasie, het sy uitlatings van hierdie en ook latere tye die indruk gelaat dat hy homself weerspreek. Te Nylstroom, 5 Oktober 1912, waar hy die bom die eerste maal laat bars,[40] praat hy deurgaans van „Afrikaners" wat die land moet regeer. Hy doen dit na aanleiding van die beskuldiging van kol. Byron dat dit sy strewe was „to make the Africander 'boss'". Die Kolonel het dus sy eie gevolgtrekking gemaak en Hertzog se strewe in die engere sin vertolk. Laasgenoemde reageer daarop bevestigend: „Colonel Byron was quite right, for he (the speaker) would continue to work for the dominance of the Africander in South Africa". Vir hom is die Afrikaner in Suid-Afrika baas en „zal hy baas spelen".[41] Dit het die Engelse pers laat ontplof. Wanneer hy 'n week later, op 14 Oktober, sy standpunt op Smithfield verdedig, praat genl. Hertzog weer deurgaans van „Suid-Afrikaners" wat moet baas wees. „Sir Percy (Fitzpatrick) could not pretend that he (General Hertzog) meant only the Dutch when he said South African", en dan verwys hy na toesprake elders in die land waar almal geweet het „that he had referred to all South Africans". Ook die Natallers „were as good South Africans as the Dutchspeaking people".[42]

Wesenlik was daar geen teenstrydigheid in bostaande verklarings nie. Hertzog beklemtoon verskillende aspekte van

---

40) Vgl. genl. Hertzog se stelling: „In 1910 the people might have assimilated the Opposition, just as a farmer might put bastard sheep among his 'mofschapen' but once the separation had been made complete by such things as the 'Vote British' cry, re-union became increasingly difficult". (Krüger: S.A. Parties and Policies, bl. 63.)
41) De Volksstem, 8/10/12.
42) Krüger, a.w., bl. 62-64.

dieselfde saak. Uitgaande van die Afrikanervolk[43] as die kern wat reeds 'n volledige Suid-Afrikaanse nasionalisme ontwikkel het, sou die ander blanke elemente stapsgewys tot hierdie kern toegevoeg word. Hy glo: „The day would come when they would all realise they were Africanders aiming to achieve the same object".[44] Die eerste stap was liefde en trou jeens die gemeenskaplike vaderland. Mense wat dus Suid-Afrika bo die Britse „Home" stel, se Afrikanerskap het reeds ontkiem. Hulle het hoër in die assimilasie-proses gestaan as daardie Engelssprekendes „by wie die gees van Suid-Afrika se vaderlandsliefde en die gevoel van nasionale saamhorigheid nog te seer in die kiem gesluimer het om te kon deel in die nasionale aspirasies en ideale vir die Afrikanerdom".[45] Hoewel hy op Nylstroom 'n duidelike beginsellyn getrek het tussen wie Suid-Afrika mag regeer en wie nie, wou hy blykbaar in daardie stadium nog nie die bevolking weerskante van daardie lyn spesifiek indeel nie, en sê hy op Smithfield dat hy gesê het Suid-Afrikaners moet baas wees, „but he wished to draw no line between the South Africans and the outsiders".[46] Wat nou gebeur, is dat genl. Hertzog van geleentheid tot geleentheid die nadruk verskuif van die kern tot die breë Afrikanerdom in sy verskillende stadiums van assimilasie, en teenoor hierdie groeiende Afrikanerdom die vreemdelinge en fortuinsoekers stel wat nog buitekant hierdie groeiproses gestaan het. Laasgenoemde was nie net 'n klompie enkelinge nie. Hulle was ook nie net 'n groepie politici, soos Smartt, Byron en Fitzpatrick nie. Hulle het duisende en selfs honderd duisende getel soos blyk uit sy verwysing op De Wildt na die imperialistiese agitasie om bydraes tot die Britse vloot deur „a few thousand or hundred thousand people who had axis to grind".[47] Volgens Hertzog se maatstaf sou slegs 'n klein persentasie Engelssprekendes (ook in Natal) as Afrikaners gekwalifiseer het, en Naudé sê dat Hertzog se nasionale strewe „die meeste Engelssprekendes in Suid-Afrika met verbittering vervul het".[48]

---

43) Vgl. Neame, a.w., bl. 150 se verwysing na Hertzogisme wat betrekking het op „Dutch ideals in particular". Vgl. ook Colquhoun en Barnes, hoofstuk II, by verwysings 86, 95, 102.
44) Krüger, a.w., bl. 67.
45) By M.P.A. Malan, a.w., bl. 228.
46) Krüger, a.w., bl. 64.
47) Neame, a.w., bl. 125.
48) Naudé, a.w., bl. 71.

Genl. Botha het natuurlik ook gepraat van één volk waarna hy gestrewe het. Toe Smartt vir Jameson in 1912 as Opposisieleier opvolg, het hy in sy toespraak sy ideaal met die term „one people one country" gestel. Hy het die vertroue uitgespreek dat Smartt ter ondersteuning van daardie ideaal sy voorganger se „spirit of co-operation" sou navolg. Genl. Hertzog se term „Afrikaner", wanneer hy daarby ook Engelssprekendes betrek, kon nie per se as 'n afwyking van sy beleid deur Botha afgekeur word nie. Dit het nog steeds binne die ideaalstelling „een volk, een land" geval, maar Hertzog se ideaal het Afrikaans as kern gehad, terwyl Botha nooit laat blyk het wat sy „een nasie" se identiteit sou wees nie.

Die botsing tussen die twee leiers kon dus nie plaasgevind het toe genl. Hertzog op Nylstroom so 'n sterk standpunt in verband met die nasionale aspek van die vryheidstrewe ingeneem het nie, ondanks die feit dat genl. Botha se volksbegrip, soos blyk uit sy verwysing na Jameson en Smartt se „co-operation", ook diegene ingesluit het wat genl. Hertzog afgekamp het as „outsiders". Juis ook omdat Botha se konsiliasiebeleid so wyd was dat dit alle Suid-Afrikaners ingesluit het, het hy hom met die imperialistiese strewe vereenselwig. Toe hy hom eenmaal met die gedagte van 'n groter Suid-Afrika met Boer en Brit as gelyke vennote versoen het, het die drang na en eintlik ook die noodsaak vir groter staatkundige vryheid (as selfbestuur) verdwyn, veral omdat so 'n hunkering skadelik kon wees vir die goeie samewerking tussen Brit en Boer vanweë eersgenoemde se verknogtheid aan Brittanje. Hy repudieer Hertzog dus nog nie toe hy die nasionale aspek alleen beklemtoon nie, want laasgenoemde het te ná aan die grens beweeg. Eers toe hy met sy verwysing na Suid-Afrika se oorheersende belange ook die buitelandse (staatkundige) aspek byhaal, beskou hy dit as „unpardonable to suggest, as happened at De Wildt, that the Empire is only good so long as it is useful to South Africa".[49)]

Nogtans het die wesenlike stryd om hierdie nasionale aspek gedraai, want juis omdat Hertzog aangesluit het by die Afrikaanse sentiment, wat anti-Brits was, het hy Suid-Afrika se belange voor dié van die Empire gestel, en juis omdat

---

49) Neame, a.w., bl. 125.

Botha rekening gehou het met die Engelse sentiment, het hy die Empire se belange eerste gestel. Die staatkundige nasionalisme wat Hertzog verkondig het, was die reeds bestaande Afrikaanse nasionalisme. Neame erken dit ook wanneer hy onderskei tussen die ideaal van „Suid-Afrika eerste" as „Colonial Nationalism" en die „narrow view" van genl. Hertzog wat aangesluit het by die „Dutch ideals".[50] Hoewel Neame dit nie so noem nie, kom hierdie onderskeiding min of meer ooreen met die twee aspekte van die vryheidstrewe wat in hierdie werk aangedui word. Die standpunt van „Suid-Afrika eerste" vanuit die „narrow view" dra 'n Afrikaanse aksent, is gelaai met Afrikaanse sentiment, terwyl die „Colonial nationalism" meer staatkundig-nasionaal is en gelaai is met 'n Suid-Afrikaanse sentiment. Die eerste word gedra deur 'n etnies-geïnspireerde nasionalisme, die tweede, deur 'n geografies-geïnspireerde patriotisme.

Hertzog se volksgedagte het veel verder gegaan as die blote kulturele begrip van sommige van sy strydmakkers. Afrikaner-sentiment moes ook staatkundig oorheers en was nie net tot die kulturele binnekamer beperk nie. Daarom kon hy sê: „The language question, however, was only part of the great question of South African nationalism ..... if they wished to see South Africa ruled in the interests of the country it should be ruled by people imbued with the South African spirit".[51]

Hierdie Suid-Afrikaanse nasionalisme was nie iets van die toekoms wat nog moes voortkom uit die „sementeren" van die twee „rasse", soos genl. Botha dit gesien het nie, maar dit het reeds bestaan binne die Afrikanervolk en moes net aanvaar word deur die ander taalgroep. Daarom het genl. Hertzog, net soos pres. Kruger, in die Engelse immigrasie 'n gevaar gesien, en veroordeel hy die staatsimmigrasieskema as 'n „nasionale misdaad". Hy pleit vir geleidelike inbouing van die

---

50) Ibid., bl. 103 en 150.
Genl. Hertzog self staaf dit wanneer hy in 1940 „die nasionale aspirasies en ideale vir die Afrikanerdom" voorhou as grondslag vir „nasionale samehorigheid", wat voortaan „alleen by en deur die Afrikaner ... gesoek en beveilig moet word". (M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl. 228.)

51) Krüger, a.w., bl. 66.

immigrante in die volksgebou „and not dump immigrants down on on the country as one dumped bricks from a Scotch cart".[52] Adv. Oswald Pirow onderstreep hierdie feit as hy genl. Hertzog se standpunt soos volg weergee: „General Hertzog accepted as good South Africans only those English-speaking citizens who were prepared to throw in their lot with the Boers as the Brebners, MacHardies and others had done during the war. The rest were Imperialists and 'foreign adventurers'. He did not put it as crudely as this but in 1910 that was in fact his outlook".[53]

Soos in 'n vorige hoofstuk reeds beklemtoon is, was die pleitbesorgers van die nasionale gedagterigting steeds ook die sterkste voorstanders van die staatkundige onafhanklikheid. Genl. Hertzog se toespraak op De Wildt op 7 Oktober 1912 openbaar juis hierdie kenmerk. Hoewel nog tevrede met die Britse Ryksverband solank die Afrikaner maar Suid-Afrika regeer, betoon hy hom hier as 'n „besliste teenstander" van Imperialisme „waar dit in botsing kom met die belange van Suid-Afrika".[54] Hierdie standpunt behels 'n baie sterk belydenis van Suid-Afrika se staatkundige selfstandigheid wat reeds geblyk het te Amersfoort op 11 Oktober 1911 toe hy gesê het: „Met genoegen konstateer ik dat wij Zuid-Afrika voor Zuid-Afrika wensen te regeren".[55]

Genl. Botha was bereid om dieselfde standpunt in beginsel te onderskryf, maar hy was nie bereid om dit prakties in die partypolitiek deur te voer nie. As <u>persoon</u> het hy hom met genl. Hertzog se opvatting vereenselwig, maar as <u>partyleier</u> moes hy Hertzog repudieer. Botha het Hertzog in 'n private onderhoud meegedeel dat hy met hom saamstem, maar dat Hertzog 'n fout gemaak het om aan die beginsel uiting te gee. Genl. Botha wou dat genl. Hertzog na die De Wildt-toespraak uit die kabinet bedank.[56] Op grond van die belydenis van dit wat in die hart van elke Afrikaner gebrand het, en wel in die openbaar, is genl. Hertzog in Desember 1912 van die Bothakabinet uitgesluit. In Botha se oë was hierdie belydenis goed vir die binnekamer, maar nie vir die partypolitiek nie.

52) <u>Ibid.</u>, bl. 63. Vgl. ook Neame, <u>a.w.</u>, bl. 109.
53) Oswald Pirow: <u>James Barry Munnik Hertzog</u>, Kaapstad, s.j., bl. 53.
54) Van den Heever, <u>a.w.</u>, bl. 313.
55) <u>De Volksstem</u>, 17/10/11.
56) Van den Heever, <u>a.w.</u>, bl. 317.

Die breuk tussen Hertzog en Botha het enersyds die uiting van die vryheidstrewe aan die kant van die nasionale rigting versterk, maar andersyds het dit ook veroorsaak dat die staatkundige rigting die vryheidstrewe in 'n groter mate verloën het. Genl. Botha het meer en meer namate hy onder sy eie volk steun verloor het, op die Engelse aangeleun vir die instandhouding van sy party. Hertzog het hom gevolglik al in April 1913 verwyt dat hy so met die Engelse opposisie verbroeder het dat hulle kritiek daardeur verval.[57] Party-oorwegings het egter die bepalende maatstaf vir genl. Botha se optrede geword. Om hierdie rede weier hy openhartig pres. Steyn se versoek om ná die Hertzog-krisis 'n verkiesing uit te skryf om die volksgevoel te toets. Hy skryf: „Geloof my, President, er is ernstig gevaar voor onze Party verbonden aan ene algemene elektie nu".[58]

Al die volgelinge van genl. Botha was nie voorstanders van die staatkundige rigting nie. Baie van hulle het in hul harte saamgevoel met die nasionale beweging,[59] maar het uit oorwegings van persoonlike trou aan genl. Botha vasgekleef. Dr. D.W. Krüger merk dan ook op: „Many of his own people who in general were loyal to Botha, could with growing difficulty be kept from joining Hertzog's movement, which was more than a political party. The pull proved to be stronger with the passing of the years. Afrikaners who felt deeply about their language and culture were naturally not at home in a political party which was suspected to be dominated by influence rooted in the British way of living".[60]

Dit is opvallend hoe die Afrikanervolk sy eenheid in hierdie krisis probeer beskerm het. Van alle kante is beroepe gedoen om die volk nie te verdeel nie. Die leuse, „Eendracht Maakt Macht", is voortdurend beklemtoon. So byvoorbeeld pleit 'n „Lezeresse" dat die parlementslede wat hul pligte versuim, versoek moet word om liewer te verbeter, „want door scheuring zullen ook de goede leden moeten lijden, ja ons hele volk".[61] Van den Heever wys daarop dat selfs 'n groot aantal predikante, onder wie 'n volksman soos ds. J.D. Kestell,

---

57) Ibid., bl. 340.
58) N.J. van der Merwe, a.w., bl. 224.
59) Neame, a.w., bl. 214. Vgl. G.D. Scholtz: Die Rebellie, bl. 45.
60) D.W. Krüger: The Age of the Generals, Johannesburg, 1959, bl. 72.
61) De Volksstem, 2/6/11.

gepleit het dat daar nie 'n skeuring in die volk moet plaasvind nie.[62]

Hierdie reaksie moet ongetwyfeld toegeskryf word aan die eenheidsbesef wat daar bestaan het by 'n volk wat nog geen ondervinding van die partystelsel gehad het nie. Dit moet ook aan hierdie gevoel toegeskryf word dat soveel nasionaalvoelende Afrikaners hul steun aan genl. Botha bly gee het ondanks sy verloëning van hul aspirasies. Baie het in genl. Hertzog 'n hardkoppige skeurder gesien. Sy optrede het in hul oë die volksaak so 'n groot skade berokken dat hulle baie jare later nog steeds geweier het om hom as leier te aanvaar. Met die toenadering tussen genl. Hertzog en genl. Smuts in 1934 het sommige van hierdie mense hul party verlaat en liewer by die nuwe Nasionale Party aangesluit omdat hulle hul nie kon versoen met die eertydse „volkskeurder"[63] nie. Dit val dan ook enigsins te betwyfel of genl. Hertzog ooit so spoedig sou oorwin het indien dit nie vir die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was wat 'n nuwe oriëntasie op politieke gebied moontlik gemaak het nie.

Die leiers van die nasionale rigting het besef dat die konsiliasie-beleid van genl. Botha tot die vernietiging van die Afrikanervolk sou lei. Dr. D.F. Malan het dit raak geteken voor die studentekonferensie: „Wij worden tegenwoordig niet meer gevraagd om onze nationaliteit op te geven, maar wij worden gebeden om de vernietiging daarvan toch niet te verhinderen".[64] Hierdie leiers het daarom besluit om daardie deel van die volk wat bereid was om hulle teen die vernietiging van hul nasionaliteit te verdedig, in 'n politieke party saam te snoer wat dan die nasionale oortuiging en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk sou verteenwoordig en ontwikkel en dit in die eerste artikel van die konstitusie van die Nasionale Party beliggaam.[65]

---

62) Van den Heever, a.w., bl. 319.
63) Persoonlike waarneming.
64) De Volksstem, 16/5/11.
65) Van den Heever, a.w., bl. 351, gee die betrokke artikel soos volg weer: „Die Nasionale Party verteenwoordig die nasionale oortuiging en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk binne die Unie, en strewe daarna om hierdie oortuiging en aspirasies te ontwikkel en te laat ontwikkel tot ruimste seën vir land en volk."

In Januarie 1914 is die Nasionale Party in Bloemfontein onder leiding van genl. Hertzog gestig. Binne die party-politieke raamwerk sou hierdie organisasie vir 'n tiental jare die vryheidsgedagte op politieke gebied dra. In die derde artikel van sy konstitusie onderneem hy „die aankweek van 'n kragtige besef van nasionale selfstandigheid". Hy aanvaar ook die staatkundige onafhanklikheid van die Unie omdat „ons in ons doen en late op regeringsgebied aan niemand buite die Unie, aan geen land of volk behalwe ons s'n, verantwoording verskuldig is nie".[66] Die verband met Engeland bestaan slegs in die gemeenskaplike Kroon wat egter geen seggenskap aan die Engelse regering in Suid-Afrikaanse aangeleenthede gee nie. Wat dit betref, staan Engeland op gelyke voet met enige ander land. Volgens hierdie opvatting was Suid-Afrika in wese onafhanklik hoewel hy deur formele bande in 'n noue betrekking tot die Britse Ryk gestaan het.

Kragtens hierdie beskouing was dit heeltemal logies dat die vryheidstryd in sy wese Afrikaans-nasionaal moes wees en nie staatkundig nie. Die stryd moes gaan om die Afrikanervolk as taalgemeenskap nie net van verdwyning te red nie, maar ook om hom 'n gelyke posisie te laat inneem langs die Engelse bevolkingsgroep met volledige erkenning van sy taal. Dit was die eerste fase van die nasionale stryd - die stryd om <u>mede</u>seggenskap in die Suid-Afrikaanse staat.

3. <u>DIE REBELLIE</u>.

Hierdie ontwikkeling is egter plotseling van sy bane gestoot deur die uitbreek van die Europese Oorlog in Augustus 1914. Dit sou die groot toets wees vir die vryheidsgedagte.

---

66) <u>Die Transvaler</u>, 2/6/43. Artikel IV het gelui: „De positie van de Unie ten opzichte van hare betrekkingen tegenover 't Verenigde Koninkrijk, berustende op de goede trouw van twee naties, word door haar zonder omweg erkend en zij gevoelt zich ervan overtuigd dat de handhaving van de goede verstandhouding tussen de Unie en 't Rijk afhankelijk is van die nauwgezette vermijding van enige handeling waardoor 't volk der Unie in zijn staatkundige vrijheid wordt verkort of belemmerd of waardoor enige der vrijheden van 't land of diens regering onttrokken worden aan 't onmiddellijk gezag of beheer van 't volk der Unie." Vgl. C.M. van den Heever, <u>a.w.</u>, bl. 352 en 353.

Die vraag of Suid-Afrika en sy volk selfstandig was of nie, sou beslis word deur 'n oorlog waarin Engeland betrokke was. Die algemene gedagte onder die Afrikanervolk daardie tyd was dat Suid-Afrika buite die oorlog sou bly. Talle Afrikaners, onder wie selfs vurige ondersteuners van genl. Botha, het selfs in stilte die hoop gekoester dat die oorlog die geleentheid sou bied om van die Britse oorheersing verlos te raak. So byvoorbeeld het genl. Koos de la Rey, intieme vriend en volgeling van genl. Botha, selfs met medewete van laasgenoemde, voorbereidsels getref om die Vierkleur te hys en die onafhanklikheid uit te roep.[67] Voor die Gekose Komitee insake die Rebellie het magistraat J.C. Juta getuig dat „a good many people belonging to the Government Party also joined in the rebellion".[68] Die orgaan van die Regeringsparty, De Volksstem, skryf selfs: „De stelling, kort geleden in dit blad verdedigd, ten effekte dat de Britse kolonie-republikeinen staatrechtelijk bevoegd zijn om onzijdig te blijven ingeval van een wereld-oorlog, heeft dan ook geen ernstige bestryding gevonden by onze juristen".[69]

Dit het egter spoedig duidelik geword dat genl. Botha anders oor die saak gedink het. Hy het die standpunt van De Volksstem verwerp en volgehou dat wanneer die Koning oorlog verklaar, die hele Ryk vanselfsprekend in die oorlog verkeer.[70]

Op 9 September het hy in die Parlement voorgestel dat die Unie op versoek van die Britse regering, Duits Suidwes-Afrika moes binneval.[71] Hierdie oorlogsverklaring het 'n streep deur die idee van onafhanklikheid vir die Unie getrek en daarby die vryheidstryd in nuwe rigtings gestuur. Dit is moontlik dat genl. Botha hom gebonde gevoel het aan 'n onderneming van durende trou aan die Britse konneksie, wat hy saam met genl. Smuts in 1905 teenoor die Britse regering gegee het.[72] Daarteenoor meen ander weer dat genl. Botha, as gevolg van sy

---

67) Vgl. G.D. Scholtz, a.w., bl. 48; J.C.G. Kemp: Die Pad van die Veroweraar, Kaapstad, 1942, Hoofstuk VII; Harm Oost, a.w., bl. 114.
68) Report of the Select Committee on Rebellion, S.C. 1 - 1915, par. 1765.
69) A.w., 14/7/11.
70) Van den Heever, a.w., bl. 368.
71) Ibid., bl. 370. Vgl. Scholtz, a.w., bl. 42.
72) D.W. Krüger, a.w., bl. 26.

breuk met genl. Hertzog, al meer op Engelse steun vir die handhawing van sy party aangewese was. Politieke noodwendigheid het hom gevolglik verplig om 'n oorlogsbeleid te volg wat vir die Engelse welgevallig sou wees. Daar is reeds aangetoon hoe hy besig was om met die Engelse Opposisie te verbroeder en hoe hy ná die kabinetskrisis geweier het om 'n verkiesing uit te skryf omdat dit nie in belang van sy party sou wees nie. Genl. Botha moet dus besef het dat sy party heelwat ondersteuning van Afrikaanse kant verloor het. Dit word dan ook gesê dat mosies waarin kiesers hul Parlementslede vra om te bedank „aan die orde van die dag" was en dat 'n verkiesing selfs onder partyverband vir die regering ongunstig sou uitgeval het.[73)]

Indien genl. Botha dus gemeen het om die posisie van sy party deur middel van die oorlogsverklaring te verstewig, het hy hom misgis, want dit het presies die teenoorgestelde uitwerking gehad en het gedien as kragtige stimulus vir die vryheidsaak. Vurige ondersteuners van die Regeringsparty het kort na die oorlogsverklaring weggebreek en by die Nasionale Opposisie aangesluit.

'n Groot aantal Volksraadslede het twee jaar na die Hertzogkrisis ongetwyfeld nie meer die Afrikaanse openbare mening verteenwoordig nie. Die verandering in die Afrikaanse openbare mening wat in die Hertzogkrisis aan die lig getree het, is deur die oorlog verskerp. Die uitslag van die eerste na-oorlogse verkiesing het getoon dat genl. Hertzog negentien setels meer verower het as voor die oorlog. Indien 'n verkiesing oor die kwessie van deelname aan die oorlog gehou sou gewees het, sou die Volksraad seker heelwat anders daar uitgesien het. Genl. Botha sou waarskynlik selfs dan nog met behulp van die Engelse Opposisie oor 'n meerderheid beskik het, maar dit is baie twyfelagtig of die volksverteenwoordigers die voorstel tot deelname aan die oorlog by 'n vrye stemming sou ondersteun het. Dit is bekend hoe die Regering van propaganda gebruik gemaak het, naamlik met die bewering dat Duitsers die Unie-grens by Nakob oorskry het ten einde die Volksraad tot deelname aan die oorlog te oorreed.[74)] In sy „kennisgewing"

---

73) Schoeman, a.w., bl. 17.
74) Scholtz, a.w., bl. 73, 196; Harm Oost, a.w., bl. 66, wyt hierdie misleiding aan die motief om in terme van die verdedigingswet van 1912 die burgers te kon opkommandeer.

van 29 Oktober 1914 te Steenbokfontein beklemtoon genl. Beyers ook dat „de Regering van de Unie besloten heeft Duits Zuidwest te veroveren en op onjuiste berichten en beweringen de Parlementsleden van de Z.A. Partij het besluit van die Regering hebben bekrachtigd". 'n Tydgenoot beweer dat voor die parlementsitting nagenoeg sestig parlementslede hulle teen 'n inval in Duits-Suidwes uitgespreek het, maar dat hierdie getal tot twaalf gekrimp het nadat die partymasjinerie in Kaapstad in werking gestel is.[75] Ook F.S. Crafford sê dat daar baie lede van die Suid-Afrikaanse Party in die Parlement was wat die Nasionaliste se standpunt gehuldig het en dat dit al die oorredingsvermoë van Smuts en Botha gekos het om hul partykoukus oor te haal om hulle te steun.[76] Daar kan min twyfel bestaan dat, indien die verteenwoordigers in die Parlement hul opdrag van hul kiesers moes ontvang het en nie van die Partyleiers nie, die oorlogsbesluit nooit geneem sou gewees het nie - altans nie sonder misleidende propaganda nie.

Scholtz toon aan dat daar in hierdie opsig grootliks afgewyk is van die Afrikaanse tradisie en dat juis hierdie afwyking in 'n groot mate verantwoordelik was vir die gewapende protes. „Die Afrikaanse opvatting van regering is dat die manne aan die hoof daarvan hul as dienaars van die volk moet beskou en dat hulle ag moet gee op wat die wens en wil van die volk is. Omdat die Regering in verband met die aanval op Duits-Suidwes-Afrika hom alleen op sy meerderheid in die parlement verlaat het, het dit 'n gees van verset by die Afrikaners opgewek."[77] Ook pres. Steyn het gewys op die feit dat Volksraadslede, wat reeds die vertroue van hul kiesers verloor het, desondanks vir die oorlog gestem het „zodat de grond voor het zaad van rebellie goed voorbereid was".[78]

Die verklaring vir hierdie ernstige krisis moet weer eens gesoek word in die botsende opvattings van twee volke binne een land. Scholtz sê: „In hierdie opsig was daar 'n radikale verskil tussen die opvattings van die Afrikaners en die Engelse oor parlementêre regering" en hy wys tereg daarop dat, volgens Engelse opvatting, 'n lid van die wetgewende

---

75) Mededeling van sen. Bruckner de Villiers.
76) F.S. Crafford: Jan Smuts, a Biography, Kaapstad, 1945, bl. 107.
77) Scholtz, a.w., bl. 105.
78) N.J. van der Merwe: Marthinus Theunis Steyn, Kaapstad, 1921, bl. 325.

liggaam na die parlement gestuur word met 'n haas onbeperkte mandaat. Hy kan optree na goeddunke of soos sy party aan hom voorskryf. In die praktyk beteken dit dat die uitvoerende mag (deur middel van die koukus) aan die wetgewende mag voorskryf wat om te doen, terwyl in die Republieke die wetgewende mag die dienaar van die volk moes bly en nie dié van die uitvoerende mag nie. Daarom moes volksraadslede steeds in voeling met hul kiesers bly en hul stemme volgens opdrag van die kiesers uitbring.[79] Dat dit onder die Britse stelsel, ten opsigte van so 'n belangrike saak soos die verowering van 'n ander se grondgebied, kon gebeur dat parlementslede hul steun aan die Regering kon gee sonder om eers hul kiesers te raadpleeg of selfs in stryd met laasgenoemdes se opvatting, was vir die Afrikanervolk onbegryplik.

Hierdie krisis beklemtoon aan die een kant die waarheid dat 'n volk se staatstelsel produk van sy kultuur en lewensbeskouing moet wees,[80] en onderstreep aan die ander kant die vraagstuk wat ontstaan wanneer 'n volk in 'n besef van sy geroepenheid te staan kom voor die feit dat hy slegs oor 'n party-owerheid beskik en nie oor 'n volksowerheid op eie grondgebied deur wie die volk tot sy staatkundige roepingsvervulling gelei kan word nie. So 'n party-owerheid hoef nie verteenwoordigend van die volk te wees nie, dog slegs van 'n skynmeerderheid[81] van die nasionaal-onverbonde staatsburgery. Die roepingsbesef het inderdaad swaar op die volksgemoed gerus toe die vrees vir die toorn van God oor 'n volksonde hulle in hul politieke verydeling na die wapen laat gryp het sonder duidelike doel of verwagting. „Dat die Afrikaners hul godsdienstige oortuigings geweld moes aandoen ten einde veroweringswerk vir die Britse Ryk te doen, was iets waarteen die

---

79) Vgl. Scholtz, a.w., bl. 106.
80) Vgl. P.J. Meyer: Die Afrikaner, Bloemfontein, 1940, bl. 25.
81) Dit is moontlik vir 'n party onder die Britse stelsel om nie alleen met 'n minderheid van stemme nie dog ook met 'n minderheid van volksraadslede te regeer. Die Nasionale Party het vir baie jare regeer met 'n minderheid van die kiesers agter hom, terwyl genl. Smuts in 1920 met 27 lede minder in die Volksraad as 'n volstrekte meerderheid regeer het. (Vgl. M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl.68.) Met 'n geringe meerderheid in die koukus kan met behulp van die partytug 'n minderheidsmening in die Volksraad selfs wet word omdat alle Regeringsparty-lede dan moet stem vir die wetgewing.

gevoelens van die meeste mense in opstand gekom het ..... Veroweringswerk was teen die voorskrifte van die Bybel en toe die parlement ten gunste van so iets besluit, was die skok onder die Afrikaners baie groot."[82] Hulle het duidelik besef dat hier 'n botsing was tussen regering en volk; die sondige besluit van die staatsowerheid, wat geen volksowerheid is nie, bots met die Christelike roeping van die Afrikanervolk. Daarom spreek genl. De Wet van die keuse waarvoor hy gestel word: om sy „vinger te steek in die oog van God of in die oog van Lewies Botha", en genl. Beyers van sy oortuiging „om ons volk wakker te maak, al kos dit ook my lewe want anders sou die vloek van God oor die volk gehaal word".[83]

Die hele stryd het gegaan <u>om die verantwoordelikheid van die Afrikanervolk op politieke gebied en daarmee ook om sy reg</u>. Dit het daarop neergekom dat hierdie volk, vanweë sy versplintering in die Brits-georiënteerde massastaat, tot roepingsversaking en sonde gedwing is deur 'n owerheid wat geen volksowerheid was volgens die staatsbegrip wat die Afrikaner ooreenkomstig sy tradisie en lewensbeskouing ontwikkel het nie. Juis daarom ook kon hy in opstand kom teen hierdie owerheid wat in stryd gehandel het met die sedelike opvattings van die volk, wat homself dus losgemaak het van die volk en die volk in daardie opsig dus owerheidloos gelaat het. Hul keer nou ook terug tot hul eie tradisionele volksbegrip luidens die verklaring van die vergadering op Kopjes: „Nademaal het Hollands-Zuid-Afrikaanse volk van de Oranje-Vrijstaat en de Transvaal verdrukt word, besluit de vergadering alle verdere maatregelen toe te vertrouwen aan Generaal Beyers in de Transvaal en aan Generaal De Wet in de Oranje-Vrijstaat."[84] Op Lichtenburg oordeel die vergadering van protesterendes dat die handeling van die Regering „in strijd zijn met ... onze eervolle kristelike volkstradisies".[85] Dr. P.J. Meyer sê dat hierdie handeling nie uit bloot staatkundige beginsels gespruit

---

82) Scholtz, <u>a.w.</u>, bl. 109.
83) <u>Ibid</u>., bl. 195, 197. Genl. Beyers verwys na die „gevaarlijke beginsel welke de Regering tegen de zin en wil van het volk wenst uit te voeren, dat ons volk in de grootste ellende en ramp zal gedompeld worden en dat Gods vloek ons treffen zal, indien dit besluit van de Regering ten uitvoer gebracht wordt".
84) <u>Ibid</u>., bl. 190.
85) <u>Ibid</u>., 103.

het nie, maar uit die beginsel van 'n eie nasionalisme wat nie in 'n breër algemene gemeenskapsgeheel mag vervloei nie.[86]

Hierdie volkskrisis in 1914 illustreer op treffende wyse die onmoontlikheid om op politieke gebied in terme van 'n volksroeping met uitsluiting van die volkstaatbeginsel te dink.[87]

Nadat die parlement besluit het om Duits-Suidwes binne te val, is dit opvallend dat die vryheidsbeweging nie met 'n party vereenselwig is nie. Die militêre Boereleiers, soos De la Rey, De Wet, Kemp, Maritz en Beyers, het die voortou geneem, terwyl die politieke leier, genl. Hertzog, selfs moeite gedoen het om die saak buite die partypolitiek te hou. Volgens sy getuienis voor die Gekose Komitee het genl. Beyers hom versoek om nie met die party-organisasie aan te gaan en geen munt te slaan uit sy bedanking as Kommandant-generaal nie. Genl. Hertzog het daarop geantwoord dat hy nie met sy party aangaan solank die gevoelens so hoog loop nie. Hy het aan genl. De Wet gesê dat dit „'n volksaak" is en hulle twee behoort nie deel te neem nie. „Laat dit spontaan kom uit die volk", het hy gemaan.[88] En so was dit.

Diegene by wie die vryheidsvuur sterker as partytrou gebrand het, het teen die regering van hul land in verset gekom en saam met hul broers, van wie hulle voorheen oor partysake verskil het, die vryheidstryd aangebind. In sy getuienis voor die Gekose Komitee het J.H. Conradie[89] beklemtoon dat die Rebellie geen politieke saak was nie, maar dat politieke teenstanders mekaar in die opstand gevind het. Hy verwys na Upington waar daar vier weke voor die uitbreek van die oorlog 'n benoeming met die oog op 'n tussenverkiesing was en waar twee latere rebelle, Stadler en Fourie, 'n ondersteuner van genl. Botha en kwaai teenstander van genl. Hertzog, as kandidaat voorgestel is. Harm Oost onderskryf dit: „Partypolitiek en Volksonafhanklikheid was twee aparte dinge. 'n Mens kon 'n getroue Sap wees en tog gereed staan om enige oomblik vir die onafhanklikheid te veg."[90] Ons het dus

---

86) Die Republiek van Suid-Afrika, onder redaksie van F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, Johannesburg, 1966, bl. 305.
87) Vgl. hoofstuk I i.v.m. die volkstaatbeginsel.
88) S.C.1 - 1915, par. 2277.
89) Ibid., par. 1311.
90) Harm Oost, a.w., bl. 65.

hier te doen gehad met 'n samevloeiing van die twee aspekte van die vryheidstrewe, nasionaal en staatkundig, buite en bo die partypolitiek. Ná die oorlog sou hierdie samevloeiing binne die partypolitiek 'n bedding probeer vind.

Die Rebellie van 1914 is dikwels beskryf as 'n blote „gewapende protes" teen die Regering se besluit om Duitswes aan te val. Dit is duidelik dat die Nasionale leiers destyds nie openlik in hul uitlatings kon verkondig dat hulle die onafhanklikheid beoog nie. Dit sou onmiddellik as verraad onderdruk gewees het. Daarom is 'n reeks „protesvergaderings" gehou om die volk se verset aan te wakker en dit het uiteindelik uitgeloop op die gewapende opstand. Nogtans het verskeie objektiewe persone voor die Gekose Komitee getuig dat daar ruim twee jaar voor die oorlog in die Vrystaat en Wes-Transvaal sterk onafhanklikheidsbewegings was.[91] Genl. Kemp sê ook onomwonde dat die hoop sedert 1902 bestaan het om die onafhanklikheid terug te wen sodra Engeland in moeilikheid sou kom. Hy en Maritz het onder andere reeds in breë trekke aan die begin van 1912 op Bloemfontein in die Militêre Kollege beraadslaag oor so 'n gebeurlikheid.[92] Verder is reeds verwys na die voorneme van genl. De la Rey om die Vierkleur te hys en die onafhanklikheid uit te roep. M.C.E. van Schoor meen dan ook: „Die Rebellie het uiteindelik meer as 'n protesbeweging geword. Dit moes 'n republikeinse beweging word. Word? Nee, want vir baie was dit van die begin af 'n gegewe geleentheid om opnuut hul republikeinse aspirasies te verwesenlik."[93]

Hierdie mense het daar geen fout in gesien om te rebelleer of selfs gemene saak met die Duitsers teen hul eie regering te maak nie. Die verklaring vir hierdie opvatting moet in die nasionale aspek van die vryheidsgedagte gesoek word. Hierdie mense het selfs ná selfregering en Unifikasie hulle nie oor formele staatkundige vryheid moeg gemaak nie; hulle het hulle hoogstens neergelê by die staatkundige posisie wat die Unie 'n vrye hand gegee het om sy eie sake in sy eie belang te behartig. Vir hulle was dit hoofsaak om die Boerevolk as nasionale groep te handhaaf teenoor sowel die Britse

---

91) S.C.1 - 1915, par. 1732-45 en 1885.
92) Kemp, a.w., bl. 110.
93) M.C.E. van Schoor: „Rebellie" (3), Die Huisgenoot, 21/6/64, bl. 28. Genl. Beyers was moontlik 'n uitsondering: Vgl. Scholtz, a.w., bl. 197-98. (Dit was vir hom hoofsaaklik 'n protes.)

Ryk as die Engelse bevolkingsgroep binne die Unie. Die meeste van hulle het gedink dat die Regering - al het 'n Boeregeneraal aan die hoof daarvan gestaan - die vernietiging van hul nasionale identiteit beoog. Daarom het die Regering na hulle mening reeds die eerste beginsels van regeringskap versaak en homself gevolglik as vyand van die nasionale volk verklaar. Formeel of wetlik kon hulle die Rebellie wel as verraad beskou, maar in wese was dit vir hulle 'n daad van trou teenoor hul volk.

Die Rebelle kon met behoud van selfrespek saam met die Duitsers werk omdat hulle hul volk as 'n vriend van Duitsland beskou het, ondanks die feit dat hulle staat op oorlogsvoet met laasgenoemde verkeer het. Hulle het gestry vir die vryheid van die Boerevolk en nie vir die eer of bestaan van hul staat as sodanig nie. D.W. Krüger maak ook hierdie onderskeiding wanneer hy in verband met die vroue se versoekskrif ten behoewe van genl. De Wet opmerk: „After all, De Wet especially was a national hero and not a traitor of his people, rebel against the state though he might be."[94] Eindelik het juis ook die gedagte dat hulle teen hul eie volksgenote sou moes veg van die hele opstand 'n floue poging gemaak en dit tot mislukking gedoem. Harm Oost kan dus sê dat die Duitsers nie besef het nie dat die weg na oorwinning vir die Rebelle „sou moes lei deur poele bloed van die eie mense, wat nog kort gelede amper uitgeroei is deur 'n oormagtige vyand. Maritz en sy getroues wil die onafhanklikheid vir die volk van Suid-Afrika, maar nie die tweede vernietiging van daardie volk nie".[95] Dit is gevolglik opmerklik dat, hoewel daar ook aan staatkundige onafhanklikheid gedink is, die volk nogtans die grondliggende motief bly. So skryf genl. Maritz tydens die Rebellie aan genl. Koen Britz: „De zwaard die U zegt ik getrokken heb, heb ik gedaan tegen de leugenachtige en wanhopige Regering, maar niet tegen mijn volk."[96] Wanneer hy sy „Proklamasie" op Kakamas uitvaardig, omskryf hy daardie „volk" nader as „de Boerenbevolking".[97] Maritz erken nie meer die wettige regering as verteenwoordigend van die volk nie, maar beskou genls. Hertzog, Beyers, De Wet en andere as die ware

---

94) A.w., bl. 86.
95) Harm Oost, a.w., bl. 79.
96) Kemp, a.w., bl. 239.
97) Ibid., bl. 240.

volksleiers aan wie hy hom sou onderwerp: „As hulle my sê om die wapens neer te lê en my aan die Unie-regering oor te gee, sal ek dit doen."[98)]

Die militêre aspek van die Rebellie was 'n mislukking, maar uit hierdie gebeurtenis is onberekenbare besieling geput vir die vryheidstrewe in die jare daarna. Dit het kragtig meegewerk tot die verowering van die bewind in 1924 deur die draers van die nasionale idee.

x x x

Gedurende hierdie tydperk in die vryheidstrewe het die nadruk aanvanklik op Afrikaanse volkshandhawing geval en het die stryd gegaan om gelyke regte vir die Afrikaner langs die Brit. Die staatkundige posisie is aanvaar insoverre dit self-beskikkingsreg aan Suid-Afrika verleen het. Maar toe genl. Hertzog steeds sterker na vore tree in belang van die Afrikaans-nasionale idee, ook wat die verhouding tot Brittanje betref, en selfs die baasskap van die Afrikaner in Suid-Afrika as ideaal voorhou, het dit tot 'n politieke breuk binne die party gelei. So is die grondslae gelê vir die logiese botsing tussen die Afrikaanse en die Britse idee. Hierdie botsing is egter verhaas en buitekant die partypolitiek geruk deur die uitbreek van die Wêreldoorlog in 1914, wat gelei het tot 'n gewelddadige herlewing van die staatkundige vryheidsideaal terwyl die nasionaal-organiese karakter daarvan sterk benadruk is.

---

98) Ibid., bl. 235.

HOOFSTUK IV

HERLEWING VAN DIE REPUBLIKEINSE IDEAAL.

Toe die republikeinse ideaal ná die mislukte gewapende opstand 1914 weer in die party-politiek terugkeer, is dit aanvanklik om verstaanbare redes maar versigtig gehanteer. Die posisie kom dus weer ooreen met dié van kort ná 1910 toe die Afrikaans-sprekendes na gelyke regte met die Engelssprekendes gestreef het. Toe die herstel van die geskonde regte van klein volkere internasionaal deur Geallieerde staatsmanne gewaarborg word, lê die draers van die Afrikaanse vryheidsgedagte groter vrymoedigheid aan die dag. Sodoende word daar geleidelik beweeg in die rigting van staatkundige onafhanklikheid. Hierdie beweging is veral vanuit die breë volkslae aangevuur deur lede van albei politieke partye, sodat selfs die Regeringsparty met 'n republikeinse vraagstuk binne sy geledere te doen kry. Dit lei op sy beurt weer tot 'n groter beklemtoning van die Afrikaanse idee deurdat die burgerlike bevolking op 'n natuurlike wyse uiteenval in 'n algemeen Afrikaans-republikeinse stroom en 'n algemeen Engels-imperiale stroom. Die republikeinse strewe bereik 'n hoogtepunt toe 'n vryheidsdeputasie na die buiteland gestuur is. Die enigste positiewe resultaat was egter dat die grond waarop die Britse Eerste Minister die versoek weier, aangegryp kon word as 'n erkenning dat Suid-Afrika staatkundig selfstandig was.

1. DIE NASIONALE ASPEK.

Na die onderdrukking van die Rebellie het die republikeinse of vryheidstryd uitdrukking gevind in die optrede van die Nasionale Party. Die kortstondige oplewing van die republikeinse staatkundige aspirasies het saam met die mislukte militêre aksie van die openbare toneel verdwyn. Onder leiding van die genoemde politieke party, wat kort daarna in 'n verkiesingstryd gewikkel was, het die hoofnadruk geval op nasionale behoud met gelyke beregtiging as ideaal. Nogtans het die gedagte aan republikeinse vryheid in die hart van die volk bly voortlewe en binne enkele jare het dit onder aanmoediging van buitelandse bewegings so sterk tot openbaring gekom dat selfs die politieke party tydelik daarvoor geswig het. Genl. Hertzog het in die begin van 1915 voor die Gekose Komitee insake die Rebellie op 'n vraag die onafhanklikheids-

beweging soos volg erken: „Dit, na ek meen, en in die besonder onder die Hollandssprekende mense van die vroeëre Republiek, is steeds hulle hoop gewees - en is vandag hulle hoop - en ten slotte is dit die mees verhewe hoop wat 'n volk kan koester - naamlik onafhanklikheid."[1)]

Genl. Hertzog het self hierdie hoop gedeel. Hy het egter onafhanklikheid as die voleinding van 'n ontwikkelingsproses beskou. Daardie proses was toe nog in die stadium waarin meer nadruk gelê moes word op die nasionale vryhede van sy volk as op die staatkundige verhoudinge tot die Britse Ryk, wat hy as van hoogs formele aard beskou het. Hy was bereid om die Britse vlag voorlopig te erken op voorwaarde dat dit die vryheid van die volk nie aan bande sou lê nie. So verklaar hy na aanleiding van 'n vraag op Koffiefontein: „Wij staan voor de vlag indien wij de rechten van onze mensen en land verkrijgen."[2)]

As lede van die politieke party wat nou moes meeding op die kiesersmark, moes die leiers spoedig heelwat lojaliteitsbetuigings maak. Dit gebeur veral in Kaapland waar die strewe na onafhanklikheid nog nie tot werklikheid gekom het nie. So verduidelik dr. D.F. Malan op 18 November 1915 te Ceres sy party se standpunt soos volg: „De Britse vlag in de handen der Nationale Party, was even veilig, indien niet veiliger dan met enige andere party."[3)] Die Burger gaan in 'n hoofartikel selfs nog verder en huldig „de zegeningen" van die Britse vlag: „Maar waarom hechten wij daaraan soveel waarde dat het met geld niet betaald kan worden? Het antwoord is omdat de vlag staat voor een zeker stelsel van regering."[4)] Hierdie positiewe standpunt ten opsigte van die Britse vlag - as simbool van die Britse konneksie - verskil heelwat van genl. Hertzog se standpunt van voorwaardelike aanvaarding.

Die stryd word in die openbaar nog op 'n baie verdedigende wyse gevoer. Dit is daarop bereken om die vernietiging van die Afrikanervolk te verhoed en om die gebroke volkseenheid te herbou, wat in daardie tyd van spanning omtrent die verste

---

1) Report of the Select Committee on Rebellion, SC.1 - 1915, par. 2671 (uit Engels vertaal).
2) Die Burger, 23/9/15.
3) Ibid., 19/11/15.
4) Ibid., 3/11/15.

was wat 'n politieke party met veiligheid kon gaan. „Wij moeten waken tegen revolutie die ons volk in gevaar bracht van gedenationaliseerd te worden. Wij willen een politiek van een vrij zelfstandig Afrikaner volk onder de Britse vlag en meenden weer onze volkseenheid op te bouwen", verklaar dr. Malan te Malmesbury.[5] Die Burger stel, onder die opskrif „Hereniging as Hoofdoel", hul politieke ideaal onder die Britse vlag in daardie tyd soos volg: „Er zijn ook belangen meer bepaald voor het Afrikanervolk. Tot deze laaste behoren de belangen van onze taal, het onderwijs aan onze kinderen in onze eigen geest, en vooral ook het recht dat er in belangrijke parlementsbesluiten zoals bv. dat aangaande Duits Zuidwest-Afrika behoorlik rekening zal gehouden word met onze nationaliteit en met onze geschiedenis en onze biezonder volksgevoel. Sommige van onze rechten bestaan nog maar op papier en moeten in de praktijk nog veroverd worden. Hereniging stelt op de voorgrond niet een persoon of een partij. Zij wil in de plaats daarvan stellen iets beters, iets hogers, iets edelers. En dit is: Het Volk ..... daarom bepleiten wij noch Bothaisme noch Hertzogisme maar nationalisme."[6] Aan die situasie onder die Britse vlag kon toe niks gedoen word nie, maar daar kon gesorg word dat die Afrikanervolk se taal en lewensbeskouing ("eigen geest") ten spyte van daardie vlag aan die nageslag oorgedra word en dat die Afrikaanse ("biezonder") volksgevoel ook erkenning binne die parlement geniet. Die eise bly nog maar beskeie: slegs maar die regte op papier moet in die praktyk tot uitvoering gebring word. En alles wentel rondom „die volk" - nie die staatsvolk nie, maar die bloedvolk wie se eenheid weer herbou moet word.

Die Burger se „biesondere medewerker" laat die Afrikaanse strewe nog duideliker uitkom: „Die Afrikaner sê nou rondborstig aan die ganse wêreld: „Mijn land het ik verloor, maar mijn nasionale siel gaan ik niet prysgee nie. My vlag is my ontnome, maar des te vaster is ik beslote om mijn innerlike volkskarakter te behou. Ik eis gelykheid en regvaardigheid van behandeling - niks meer, maar ook niks minder nie."[7]

---

5) Ibid., 27/7/15.
6) Ibid., 28/7/15.
7) Ibid., 29/6/15.

Die verlies van die staatkundige vryheid word hier as voldonge feit aanvaar, en op die politieke verhoog word die drang daarna selfs heeltemal ontken. So kla mnr. C.A. van Niekerk dat daar gepoog word om „de Nationalisten verdacht te maken alsof zij naar onafhanklikheid streven en de vlag van het Rijk willen afrukken. Dit is ook een grove onwaarheid. Wij streven volgens onze beginselen niet naar onafhanklikheid, doch naar zelfstandigheid of individualiteit."[8)]

Sover dit selfstandigheid betref, kom die partystrewe nog heeltemal in wese ooreen met die republikeinse strewe, wat die gesag van die Afrikaanse volk op politieke gebied wou laat geld het: aanvanklik binne die Ryksverband, dog uiteindelik afgerond in 'n selfstandige staat wat die stempel van die Afrikanervolk sou dra. Die partypolitiek was dus heeltemal eerlik met die beklemtoning van die selfstandigheid, maar beslis oneerlik toe dit die onafhanklikheidstrewe so skerp verloën het dat dit selfs tot verheerliking van die Britse vlag moes lei. Want diep in die volkshart het die geldingsdrang van die eie nasionaliteit onstuimig gebruis, en met die minste aanmoediging het dit gedreig om die ontwikkelingsdrang te verhaas of selfs verby te steek. M.P.A. Malan sê dat die onafhanklikheidsgevoel ná die verkiesing van 1915 sterk op die voorgrond getree het deurdat „Nasionaliste oor die hele land gevoel (het) dat dit 'n vraagstuk was wat die aandag van die leiers moes geniet".[9)] Die onafhanklikheidsgedagte in staatkundige sin het dus die volk al beweeg toe die politieke leiers nog met die oog op praktiese politiek „niks meer" as „gelykheid en regvaardigheid" vir die Afrikanervolk geëis het nie. 'n Paar jaar later sou die politici voor hierdie druk van die volk swig nadat openhartigheid oor dié saak vergemaklik is: in die buiteland deur uitsprake oor herstelde regte, en in die binneland deur die verbreiding van die republikeinse gevoel tot binne die geledere van hul teenstanders.

2. DIE STAATKUNDIGE ASPEK.

In die eerste helfte van 1916 kom die Ierse vraagstuk in die Britse parlement te berde. Lloyd George stel op 28 Julie voor dat daar aan die einde van die oorlog 'n

---

8) Ibid., 23/9/15.
9) M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl. 48.

imperiale konferensie gehou word „met die doel om die oorsese geweste in nouere samewerking met die regering van die Ryk te bring."[10] Hierdie gedagte vind ook weerklank by regeringspolitici in Suid-Afrika en op 6 September spreek min. F.S. Malan die gedagte uit dat 'n sentrale parlement die mag moet hê om oor die vraag van oorlog te besluit.[11] Later in die jaar is daar selfs 'n uitnodiging aan die „selfregerende gewestes" gerig om verteenwoordigers na die oorlogskabinet te stuur.[12]

Hierdie uitlatings is deur die politici van die Nasionale Party vertolk as 'n terugwaartse stap in die konstitusionele ontwikkeling, en die kongres laat dan ook die waarskuwing hoor dat so 'n stap aanleiding sal gee tot „het verbreken van alle bestaande banden tussen Groot-Brittanje en Zuid-Afrika".[13]

Die gedagtes is verder in beroering gebring deur uitlatings van Geallieerde staatsmanne dat geen vrede moontlik is sonder herstel van geskonde regte en erkenning van die beginsel van nasionaliteite en die onafhanklike bestaan van klein state nie. Gedurende Januarie 1917 het die Geallieerdes in 'n nota hul oorlogsoogmerke opgesom en een daarvan uitdruklik soos volg geformuleer: „The liberation of Italians, Slavs, Rumanians and Slovaks from foreign domination."[14] Dit gee duidelik te kenne dat die Geallieerdes nie net oor die onafhanklikheid van state maar ook oor die selfbeskikkingsreg van volke as sodanig begaan is. Adv. Tielman Roos en sy medeleiers van die Nasionale Party in Transvaal het dadelik hierdie uitspraak van toepassing op die gewese Republieke gemaak en 'n verklaring in dié gees aan die Goewerneur-generaal oorhandig vir deursending aan die Britse regering.[15]

Die Engelse pers het op die verklaring summier met uitroepe van sedisie en hoogverraad gereageer. Uit die verweer van nasionale kant kom egter duidelik aan die lig watter diepgaande verskil daar nog tussen die noordelike provinsies en

---

10) Die Burger, 19/10/16.
11) Ibid., 6/9/16.
12) Ibid., 20/12/16.
13) Ibid., 13/10/16.
14) The Star, 12/1/17; vgl. L.E. Neame: General Hertzog. Prime Minister of the Union of South Africa since 1924 ....., London, s.j., bl. 189.
15) Die Burger, 27/1/17.

die suidelikes oor die vraagstuk van onafhanklikheid was. So skryf Die Burger dat die strewe na selfstandigheid in die hele Suid-Afrika één is, „hoewel het zich niet in dezelfde vorm voordoet in de twee ander provincies, die niet een pas-verloren onafhanklikheid te betreuren hebben en by wie dus het streven naar zelfstandigheid niet noodwendig de onafhanklikheidsidee in zich sluit".[16]

Die onderskeid wat die blad hier tussen „selfstandigheid" en „onafhanklikheid" maak, is 'n treffende bevestiging van die onderskeiding wat in hierdie proefskrif gemaak word tussen die twee aspekte of uitgangspunte van die vryheidstrewe: 'n nasionale (volkselfverwesenlikte) en 'n staatkundige (staatsonafhanklike).

Die suidelike provinsie was tevrede om sy ideaal voorlopig as „een vrij zelfstandig Afrikanervolk onder de Britse vlag" te stel en kon daar berus word in die verlies van „mijn land". Dit sluit in hoofsaak ook aan by genl. Hertzog se standpunt, maar met dié verskil dat hy selfbeskikkingsreg op staatkundige gebied in praktyk net so belangrik as volksverwesenliking geag het. Hertzog se standpunt was dus eintlik sterker en breër as dié van die suidelike leiers omdat in sy strewe[17] albei aspekte van die vryheidstrewe beliggaam was. Omdat hy egter reeds in praktyk van staatkundige selfstandigheid uitgegaan het, was 'n staatkundige gerigte republikanisme vir genl. Hertzog 'n blote formele aangeleentheid wat net 'n veranderde staatsvorm, waarvoor hy nie sterk gevoel het nie, verlang het. D.W. Krüger sê: „He was resolved that Afrikanerdom should regain the substance of what it had lost whilst surrendering the shadow."[18] Hy het die republikeinse staatsvorm as die skaduwee beskou wanneer nasionale en staatkundige selfbeskikking, selfs al was dit onder die Britse vlag en koning, maar 'n werklikheid was. Hierdie onderskeid wat genl. Hertzog tussen die wesenlike en formele aspekte gemaak het, het veral in latere jare gelei tot baie misverstand omdat die Afrikanervolk in sy breë lae die aspekte met mekaar verwar het.

---

16) Ibid., 3/2/17.
17) Vgl. sy reeds aangehaalde voorwaardelike aanvaarding van die Britse vlag, by voorgaande verwysing 2.
18) D.W. Krüger: The Age of the Generals, Johannesburg, 1958, bl. 16.

Dat daar egter wel verskil kon bestaan en inderdaad ook bestaan het oor die vraag of 'n republikeinse staatsvorm bloot 'n formele aangeleentheid was, moet toegegee word. Genl. Hertzog self het later by meer as een geleentheid erken dat dit van praktiese betekenis geword het. As bindende element tot bevordering van volkseenheid, veral in die sin van assimilasie van vreemdes deur die Afrikanervolk, was dit 'n noodsaaklikheid - 'n belangrike argument wat dr. H.F. Verwoerd later ook in sy republikeinse optrede gebruik.

Dr. D.F. Malan het dit nodig gevind om op 29 September 1917 in 'n telegram aan genl. Hertzog te protesteer teen mnr. Tielman Roos se republikeinse voorstelle waarmee beoog word dat die kongresse op onafhanklikheid moet aandring. Hy maak gewag van 'n moontlikheid dat die party as gevolg daarvan mag skeur en noem die voorstelle in „lynregte stryd" met die grondbeginsels van die party.[19]

Die sluise van die republikeinse harte het egter reeds oopgegaan. Op 5 Februarie 1917 skryf Die Burger, onder opskrif „Een Zelfstandig Zuid-Afrika", dat konstitusionele verandering onvermydelik geword het - agteruit of vooruit. Hy noem 'n aantal punte as grondslag vir so 'n selfstandigheid wat onder andere „volmaakte" vryheid ten opsigte van binnelandse aangeleenthede met verkiesing van die Goewerneur-generaal insluit. Ten opsigte van buitelandse aangeleenthede moet Suid-Afrika self op handelsgebied masjinerie in werking stel om sy belange te bevorder „al moet het dan ook door middel van de Britse konsulaire dienst geschieden".

Sterker en sterker het die beweging onder die volk geword sodat genl. Botha in Junie genoodsaak voel om te kla: „Er is geen nationaal blad, geen vergadering in de Transvaal, of men vindt er praatjes over een republiek."[20] Die Nasionale Party verklaar in Julie dat elkeen die reg het om 'n republikeinse regeringsvorm te bespreek, maar beskou die tyd ongeleë om dit aktief te propageer.[21] Genl. Hertzog, by wie die nadruk ook meer op die nasionale as die formeel-staatkundige onafhanklikheid geval het, verklaar selfs in die Parlement na aanleiding van 'n mosie van die heer J.X. Merriman,

---

19) Van den Heever, a.w., bl. 406.
20) Die Burger, 20/6/17.
21) Neame, a.w., bl. 195.

wat die republikeinse beweging afkeur: „Ik zal ijveren voor het republikanisme, de beste vorm van volksregering", hoewel hy byvoeg: „Tans is het de tijd niet een republiek te stichten."[22)]

Hierdie woorde bewys ook hoe sterk genl. Hertzog die republikeinse strewe as 'n bloot formele ideaal beskou het. Hoewel hy toegee dat dit die beste is, is die republiek maar 'n „vorm" van volksregering. Vir die nasionale denker was so 'n republikanisme inderdaad voorlopig van minder belang aangesien die stryd nog gewoed het om die Afrikanervolk se agterstand teenoor die Engelse bevolkingsdeel op binnestaatlike terrein in te haal. Voorbarige stigting van 'n republiek kon selfs 'n gevaarlike selftevredenheid by 'n groot deel van die Afrikanervolk laat intree het. Genl. Hertzog het egter eerder die vrees gekoester dat dit die Engelssprekendes sou vervreem.

'n Mens kry egter die indruk dat die volksmassa nie hierdie fyn onderskeiding gemaak het nie, maar die drang na 'n republiek vereenselwig het met die drang na nasionale selfstandigheid, die strewe na 'n eie volkstaat. Dit blyk duidelik uit 'n skrywe van Chris F. Nezar van Potgietersrus ná verkryging van soewereine onafhanklikheid aan Ons Vaderland in 1927: „Vroeger het ons nog altyd gehoop dat sodra ons ons uiteindelike doel, soos in art. 4 omskryf, bereik het, dan kan ons al wat na Britse heerskappy lyk of ons daaraan herinner, uit ons midde of uit ons land wegdoen. Ik meen natuurlik nie elke Engelsman nie maar hul vlag, hul oorheersing in en op taalgebied, die Engelse magistrate, van wie ons geen simpatie kry nie ....."[23)] Op die Transvaalse kongres van die Nasionale Party moes Tielman Roos waarsku: „Er is geen vraag van het stichten van een Hollandssprekend republiek, en de mensen die van zo iets dromen, gaan op een verkeerde koers."[24)]

Die volk het in hierdie tyd van hartstog gedreig om sy eie koers te kies en die partypolitieke weg te verlaat. Die onnatuurlike skeiding tussen Afrikaners wat eenders voel oor volksake wanneer hulle nie dink in terme van die politieke

---

22) Die Burger, 20/6/17.
23) Ibid., 9/12/27.
24) Ibid., 5/10/17.

programme van hul onderskeie partye nie, moet hulle in hierdie tyd baie sterk aangevoel het. Op 2 Junie 1917[25] word 'n „nie-politieke" vergadering van alle partye op Philippolis gehou en „de wenslikheid besproken van een beweging op touw te zetten met het doel een reusachtige poging aan te wenden om langs een weg van vrede de onafhanklikheid van die Unie van Zuid-Afrika te verkrijgen". Dit word berig dat „volmaakte harmonie" geheers het. Daar is eenparig 'n kommissie „uit de verschillende politieke partyen tegenwoordig", onder andere drie lede van die Suid-Afrikaanse Party, gekies. Daar is 'n kongres vir 8 Augustus te Bloemfontein beplan en met nadruk gesê dat dit 'n „volks-beweging" en geen „party-beweging" is nie. Die volk het intuïtief sy krag uit sy organiese eenheid geput en daardeur in botsing gekom met die politieke partye wat uit die meganies-individualistiese grondslag van die Britse staatsopvatting gespruit en dus ook na steun buite die eie volk gesoek het.

Op 3 Julie rig genl. Hertzog as leier van die Nasionale Party 'n boodskap aan „alle Afrikaners" om nie hul oortuigings te propageer nie „op een tijdstip waarop zij voor onze Engelse mede-Afrikaners kwetsend, so niet verontrustend, mogen zijn". Hy versoek „met overtuiging dat een kongres, als bedoeld door onze vrienden uit Philippolis, tans geen goed kan doen, zij zullen afsien van de poging door hen daartoe aangewend".[26]

Hierdie oproep het die gewenste uitwerking gehad. Dog ses maande later wend twee sprekers van Johannesburg, Ralph Tatham en 'n sekere Du Plessis, uit Transvaal op 19 Januarie 'n soortgelyke poging te Heilbron aan. Op die vergadering, gehou met die doel om 'n „Zuid-Afrikaanse Republikeinse Vereeniging" te stig, word die nasionale gedagte sterk beklemtoon. Tatham argumenteer „dat nationaliteit een zaak van geboorte was", en soek die hulp en samewerking van almal wat hulle insigte deel. Met meerderheid van stemme is egter met die oog op genl. Hertzog se waarskuwing besluit dat dit „voor het tegenwoordige niet wenslik is een republikeinse vereniging in dit distrikt te stichten".[27]

---

25) Ibid., 23/6/17.
26) Ibid., 3/7/17.
27) Ibid., 21/1/18.

Dit is egter opmerklik dat die politieke party stap vir stap deur die volksgevoel gedwing is in die rigting van republikeinse onafhanklikheid. So sê Die Burger op 25 Junie nog dat die „verbreking van de konnektie tussen Suid-Afrika en het Britse Ryk" nie deur hom as volgende stap aanbeveel word nie, maar op 16 Julie reik die Federale Raad van die Nasionale Party 'n verklaring oor die onafhanklikheid uit wat die republikeinse gevoel „als een feit konstateert en onder bestaande omstandighede als verklaarbaar en geoorlooft acht". As rigsnoer word neergelê dat die verandering van status langs konstitusionele weg moet geskied; op die „vaste fondament van die volkswil" moet berus; die Unie as ondeelbaar beskou moet word; die verandering van status moet nie in belang van enige bepaalde seksie nagestreef word nie, „maar enkel en alleen as een zaak die geoordeeld wordt in Zuid-Afrika's belang te zijn". Vanweë die gemoedsonrus as gevolg van die oorlog ag die raad „voor het tegenwoordige" enige stappe in die rigting van „een aktiewe republikeinse propaganda waardoor aanstoot of maatschappelike verbittering kan veroorzaakt worden of waardoor enige verkeerde indruk kan worden teweeg gebracht" onwenslik.[28] Die verskeurdheid in die politieke gemoed is hier duidelik waarneembaar: aan die een kant leun dit op die werklikheid van die volksgevoel maar aan die ander kant moet dit as gevolg van sy individualistiese grondslag ook besorgd na die Engelse kiesers kyk. Op grond van die beginsel wat die Geallieerdes neergelê het, sluit die Federale Raad met 'n losstaande gedagte en in passiewe afwagting: „Mocht het gelukken by de vredeskonferentie de erkenning van dit grondbeginsel te verkrygen dan wil de raad er verder op aandringen, dat met het oog op heersende toestanden en vooral met het oog op de geschiedenis Zuid-Afrika van de praktiese toepassing hiervan niet uitgesloten zal zijn."

Die Transvaalse kongres het gevolglik besluit om geen aanstootlike propaganda te maak nie en geweier om die program van beginsels so te verander dat die party „zou trachten langs konstitusionele weg de imperiale regering te bewegen Zuid-Afrika haar onafhanklikheid te geven".[29] Die Vrystaatse kongres aanvaar die Federale Raad se verklaring en genl. Hertzog

---

28) Ibid., 20/7/17.
29) Ibid., 5/10/17.

spreek as sy oortuiging uit dat 'n republiek sal kom, maar „ons ontsien nou die Engelse se gevoeligheid".[30]

Op 13 April 1918 te Paarl verdedig genl. Hertzog egter die republikeinse beweging en verklaar dat die oortuiging by hom toeneem „dat er bij ons in Zuid-Afrika nooit gerekend zal kunnen worden op 'n gezond nationaal eenheidsgevoel tussen de twee seksies van onze bevolking, zolang de tegenwoordige staat van onderhorigheid of vermeende onderhorigheid aan Groot Brittanje voortduurt". Hy verwys na pres. Wilson se voorstelle, veral punt 14, wat gelyke waarborge eis vir die territoriale onskendbaarheid van alle groot en klein state. Hy sê: „Door het verheffen van dat idee door pres. Wilson en andere staatsmannen tot een wereldpolitiek wordt het aan diegenen onder ons die het met hen eens zijn als een plicht opgelegd om, met ter sijde schuiwing van elk beswaar daartegen, alle krachten in te spannen tot het verwesenlijken van de onafhanklikheid voor Zuid-Afrika."[31] Hier word dus nie meer gewaarsku teen aanstootlike propaganda nie. Dit word reeds as 'n plig beskou om kragdadig op te tree. Die uitlatings van Geallieerde staatsmanne het ongetwyfeld die politieke party groter vrymoedigheid gegee om die Engelse kiesers met dieselfde slagkreet in die oë te kyk.

In dieselfde toespraak het genl. Hertzog ook sy vroeëre standpunt dat die Unie reeds onafhanklik genoeg is, laat vaar. Na aanleiding van genl. Botha se teregwysing in die Parlement dat die agitasie vir 'n republiek sedisie is, noem hy selfregering 'n „kolossaal stuk staatsbedrog". Die vryheidsbeweging het ook vanuit die buiteland deur die selfbeskikkingseise van Ierland en Kanada[32] aanmoediging ontvang. Dit het dermate in krag toegeneem dat selfs die leiers van die Suid-Afrikaanse Party daarvoor moes swig. So moes genl. Botha, wat 'n paar maande tevore dit nog as sedisie veroordeel het, in Mei voor sy partykongres in Pretoria toegee dat van sy eie volgelinge aandring „dat de S.A. party de republikeinse propaganda zou opnemen in haar program van beginselen". Hy het nou geen beginselbeswaar daarteen in te bring nie, maar stel op praktiese gronde vir die stigting van 'n republiek die

---

30) Ibid., 5/10/17.
31) Ibid., 15/4/18.
32) Vgl. Ibid., 8/8/18; Van den Heever, a.w., bl. 424.

voorwaarde dat „de Engelssprekenden overeenkwamen over de zaak".[33] Genl. Lemmer spreek dit onomwonde as sy mening op die kongres uit dat „elk Afrikaner verlangt naar een republiek langs grondwettige weg met behoud van het vriendschap van het Britse Ryk".[34] Dit was veertig jaar later inderdaad die standpunt van die Nasionale Party![35]

Die leiers van die Suid-Afrikaanse Party het in Transvaal dit ook moeilik gevind om die partybeleid ten opsigte van die imperiale konneksie te handhaaf. Op Delmas verduidelik genl. Schalk Burger dat twee dinge in die pad van 'n republiek staan, naamlik „ons onderlinge onenigheid en 'n nakende kaffergevaar". Hy vervolg: „Maar hoewel ons ronduit verklaar dat ons altyd republikeins was en hoop om 't ook altoos te bly, bly ons ook daarby dat geweld alleen ons die verlore Republiek kan terugbesorg, en dat ons vandaag nog nie aan geweld kan dink nie." Ten slotte lê hy 'n eienaardige stelling neer wat tien jaar later weer deur nasionale politici gebruik sou word om die republikeinse propaganda in eie geledere teen te gaan: „Wij zijn vandaag vryer dan wij ooit waren als Republikeinen."[36] Die Vokstem - lyforgaan van die Suid-Afrikaanse Party - het hierop heftig gereageer: „Vryer as geen woord wat ons in ons mond kan neem in aanzijn van die dinge wat agter ons lê. Dit is histories nie juis nie." In vurige taal word 'n aantal voorbeelde van onderhorigheid genoem om daarna teen die verwagting in die besware deur genl. Burger genoem, te onderskryf.[37]

In die toespraak van Burger voel 'n mens hoe die Transvaler sy oortuiging moes wegsteek agter die deursigtige vyeblaar van „onenigheid" en „kaffergevaar" ter wille van die samewerking op partypolitieke gebied met die anti-republikeinse en onafrikaanse staatsburgery. 'n Mens vind 'n uitnemende voorbeeld van die onnatuurlike verbreking van die Afrikaanse volkseenheid deur die partypolitiek in hierdie jare toe die hele Afrikaanse volk in beweging gekom het oor die groot vraagstuk van onafhanklikheid en by tye byna deur die partywalle gebreek het. Op 2 September 1918 moes Die Burger met

---

33) Die Burger, 16/5/18.
34) Ibid., 17/5/18.
35) D.W. Krüger, South African Parties and Policies, Kaapstad, 1960, bl. 236.
36) Die Volkstem, 5/8/18.
37) Ibid., 5/8/18.

verwysing na die eenparige aanname van republikeinse mosies op Malmesbury en Porterville erken dat „die onafhanklikheidsideaal geen provinsiale ideaal is nie, maar 'n volksideaal; dat dit nie net 'n soort opstandige gevoel by die ou Republikeine is nie, maar 'n gevoel wat die Afrikanervolk as 'n geheel deurdring". Ons Land, die Suid-Afrikaanse Partyorgaan van die Suide, sê omstreeks hierdie tyd: „Wij zijn op de weg om een volk, zelfstandig, welvarend en gelukkig te worden en uiteindelijk onafhanklijk."[38]

Dit is merkwaardig dat „Knop" van Die Volkstem allereerste die Geallieerde verklaring van 10 Januarie 1917 op Suid-Afrika toegepas en met die vryheidsideaal van die Afrikanervolk in verband gebring het. Hy het op 13 Januarie geskryf dat, indien die Geallieerdes veg vir „de teruggawe van provinsies en landen welke vroeger door geweld of tegen de wensen van de inwoners zijn afgescheurd", die Afrikaners ook geregtig is op dit waarvoor hulle in belang van ander veg. Die vryheidsgevoel het ook in Kaapland sterker geword. Die Burger sê na aanleiding van die vordering van die Nasionale Party in twee tussenverkiesings te Ladismith en Riversdal:[39] „De uitslagen brengen de genade-slag aan de bewering dat de Afrikaners van de Kaapprovinsie niet onder de republikeinsgezinden kunnen gerekend worden. By de verkiezing was de onafhanklijkheidskwestie het hoofgeschilpunt."[40] So sterk het hierdie beweging die volk beetgepak dat toe die Nasionale Party 'n kort rukkie later besluit om 'n vryheidsafvaardiging na Europa te stuur, Die Burger kon rapporteer: „In sommige afdelingen komen Zappen en Nationalisten bymekaar om gezamentlijk te werken voor de onafhanklijkheid door het samenbrengen van geld voor de deputasie".[41] Die Volkstem erken selfs: „Ons glo nie dat daar in Vrystaat en Transvaal 'n enkele Hollandssprekende Afrikaner te vinde is wat nie daarvoor ('n republiek) sal stem nie. Die Engelse daarenteen sal dit nie doen nie."[42]

Die krag van die vryheidsdrang het die leiers van die Nasionale Party spoedig gedwing om hul uitlatings van vroeër te repudieer. Dr. D.F. Malan verklaar in Desember 1918 te

---

38) Aangehaal deur dr. D.F. Malan in Die Burger, 2/9/18.
39) In Ladismith wen die N.P. met 'n meerderheid van 273 stemme vergeleke met die S.A.P.-meerderheid van 140 in 1915, en in Riversdal krimp die S.A.P.-meerderheid van 425 na 91.
40) Die Burger, 20/12/18.
41) Ibid., 4/3/19.
42) Die Volkstem, 27/11/18.

Riversdal die frontverandering ten opsigte van die dae toe daar nog gepraat is van die seëninge van die Britse vlag, soos volg: „Vroeër was beskerming miskien nodig, maar nou dat die Volkerebond gestig staan te word, sal klein nasies veilig wees en nie meer aparte beskerming nodig hê nie."[43] Nadat die Engelse pers hom op sy vroeëre lofbetuigings vir Britse grootmoedigheid gewys het, moes ook genl. Hertzog, wat so konsekwent vasgebyt het aan sy opvatting dat die Unie in status gelyk aan Engeland is, bely: „Dit is vir my duidelik dat die hoë opvatting wat ek in 1910 had van ons selfregering 'n loutere droom was en daarom kan ek nie langer die wyse edelmoedigheid by Britse staatsmanne erken nie. Daar is ook geen vryheid nie, soos ek destyds gemeen het, wat die moeite werd is om te handhaaf nie en is ek vasbeslote om my uiterste pogings aan te wend om 'n werklike vryheid te verkry wat ons so hoog ag, dat ons dit met getrouheid en manlikheid sal handhaaf."[44]

3. DIE VOLKSTAATGEDAGTE NA VORE.

Op grond van die openbare mening, soos weerspieël in Die Volkstem en Die Burger, is in die vorige paragraaf aangetoon dat die Afrikaners omstreeks 1918 oor die algemeen republikeins gesind was, terwyl dit nie die geval met die Engelse was nie. Dit is dus te begrype dat selfs afgesien van die nasionale drang, praktiese partypolitieke oorwegings dit reeds vir die Nasionale Party lonend sou gemaak het om hom op die Afrikaners toe te spits. Onder druk van die vryheidsdrang het dié politieke party nou ook in die rigting van volkseenheid beweeg.

Wanneer die beswaar geopper word dat die Engelse eers tot republikanisme oortuig moet word, sê dr. Malan in September 1918 dat „dit een onhoudbare stelling" is omdat in daardie geval 'n minderheid die lot van Suid-Afrika sal bepaal. Hy verlang: „Als de meerderheid ervoor is, dan moet de minderheid onder die meerderheid buigen."[45] Hierdie stelling is op sigself vanuit demokratiese oogpunt heeltemal onaanvegbaar. Wanneer dit egter in verband gesien word met die feit dat die meerderheid in hierdie geval juis 'n besondere volksgroep was

---

43) Die Burger, 9/12/18.
44) Ibid., 9/12/18.
45) Ibid., 2/9/18.

en dat die Geallieerde verklaring, wat van republikeinse kant aangegryp is, juis die volkstaatbeginsel erken het, moet afgelei word dat die nasionale begrip hier aan die lig kom. Trouens, vier maande later het dr. Malan in Bloemfontein vryelik gespreek van „ons almal" wat die vryheid begeer en nou „uit een mond" praat.[46] Dit sluit vanself die Engelse bevolkingsgroep uit wat toe juis almal „uit een mond" antirepublikeins was. Dit openbaar 'n sterk afwyking van die uitgesproke beleid van die verlede, nl. om die Engelse se „gevoeligheid" steeds in aanmerking te neem.

Sterker en onomwonde stel genl. Hertzog, met verwysing na die Geallieerdes se verklaring, die volkstaatbeginsel op die groot vryheidskongres te Bloemfontein op 16 Januarie 1919: „Wij hebben de recht om vrij te zijn. En wij zullen vrij zijn. Wie dat volk is? Sprekende als Vrijstater antwoord ik dadelijk, dat volk is het volk wiens vrijheid op gewelddadige wijze is ontnomen, en wiens recht noch dagelijks geschonden wordt door de oplegging van een vreemd juk en door voortbestaan van een vreemde heerschappij. Hij die niet behoort tot de volk, heeft geen medezeggensrecht in de eis van dat volk om herstel van vrijheid ..... Het volk dat beslissen zal, het volk dat beslissen mag, is het volk wiens onafhanklijkheid hem ontnomen is."[47]

Die vryheidsbeweging, soos binne 'n politieke party gekanaliseer, het in die begin van 1919 'n hoogtepunt bereik. Toe het die party - soos twintig jaar later weer sou gebeur - die naaste aan die Afrikaanse volkstaatgedagte gekom, maar hy het dit weer losgelaat by die eerste naderende verkiesing. Op die kongres wat deur die Nasionale Party van al vier provinsies belê is, is heelwat dinge gesê en gedoen wat vorige besluite en uitsprake van die party gerepudieer het. Dit raak daardie uitsprake wat gedaan is met die oog op die staatsburgerlike bevolking en nie met die oog op die Afrikanervolk nie. Terwyl die Federale Raad van die Nasionale Party in Julie 1917 as rigsnoer neergelê het dat die verandering van status nie as 'n saak van seksionele belang nagestreef moet word nie, het genl. Hertzog nou baie duidelik gesê dat dit hier alleen om die Boerevolk gaan. Terwyl die Federale Raad

---

46) M.P.A. Malan, a.w., bl. 51.
47) Die Burger, 17/1/19.

agtien maande gelede nog vereis het dat die Unie as ondeelbaar beskou moet word, sê die Party nou by monde van dr. Malan: „Ons standpunt is, dat ons in die feit dat die Unie bestaan geen struikelblok wil sien in die doen van reg aan Transvaal en die Oranje Vrystaat nie ..... As ons die Unie afbreek, breek ons dit af om dit opnieu op te bou en dit op 'n ander en beter fondament, want soos die Unie nou is, rus dit op 'n fondament van onreg." Genl. Hertzog kyk na 'n moontlike verbreking van die Unie en sê: „Maar wat daarvan? Ik heb de vrijheid van de Vrijstaat liever dan de onderhorigheid van de Unie."[48)]

Dit is opmerklik hoe die partyleiers by hierdie Uniale Kongres die uitgangspunte van hul vryheidsopvatting bloot gelê het. Dr. Malan en genl. Hertzog, wat steeds die kampvegters vir die nasionale aspek van die vryheidstrewe was, het aan die een kant baie duidelik die Afrikanervolk in gedagte wanneer dit oor die staatkundige vryheid gaan. Mnr. A. Spies van Natal verwys ook na 'n „Boererepubliek" wie se regte geskend is. Maar aan die ander kant praat adv. Tielman Roos net van „liefde vir die land" wat as besieling dien.[49)] Hierdie partypolitieke opportunis by uitnemendheid[50)] verteenwoordig die suiwer staatkundige rigting by wie dit gegaan het om die vryheid van 'n staat en nie van 'n volk nie.

Hoe naby die nasionale en staatkundige aspekte van die vryheidstrewe hier aan mekaar gekom het, blyk uit die gesamentlike besluit wat aan die einde van die verrigtinge aangeneem is: „Die Kongres het met dankbaarheid kennis geneem van die verklaring deur die Eerste Minister van Engeland, die heer Lloyd George, wat sê dat geen vrede moontlik is tensy geskonde regte en vryhede van klein volke en nasies erken word nie. Ook is kennis geneem van die stelling wat deur dr. Woodrow Wilson, President van die Verenigde State van Amerika, neergelê is, nl. 'duidelike omlynde nasionale aspirasies van volke moet bevredig word'. Die kongres is dus dankbaar dat die reg van elke beskaafde volk in verband met die herstel van geskonde regte en vryhede aanvaar word as vaste beginsels van 'n nuwe wêreldorde."

---

48) Ibid., 17/1/19.
49) Malan, a.w., bl. 51.
50) Vgl. D.W. Krüger: The Age of the Generals, bl. 145 en 151.

Die Kongres het verder op die volgende punte nadruk gelê:

1. Die wonde van die oorlog van 1899 tot 1902, wat die ondergang van die twee Republieke meegebring het, is nog nie genees nie.

2. Die totstandkoming van die Unie in 1910 beteken nie instemming met die vernietiging van die Republieke nie, maar alleen instemming met reëlings in omstandighede wat met geweld op die Boere afgedwing is.

3. Ondervinding in die jongste tyd het bewys dat die huidige regeringstelsel in Suid-Afrika onprakties is en die geluk en vrede van die bevolking veel meer versteur as wat dit help om dit te verbeter.

In 'n vierde punt is gewys op die bitterheid wat ontstaan omdat dit voorkom asof die Engelse in die posisie van 'n bevoorregte klas verkeer. In die sewende punt word die volk om wie dit gaan, aangewys as die „Hollandse deel van die bevolking wat sy stryd om volle onafhanklikheid met alle konstitusionele middels tot sy beskikking sal voortsit".[51] Genl. Hertzog beklemtoon later in sy onderhoud met die Britse eerste minister dat, volgens die verkiesingsyfers van 1915, die afvaardiging 78,000 kiesers verteenwoordig „en dus die meerderheid van die ou bevolking".[52] Hoe uitsluitend dit dan ook om die regte van die „Hollandse deel van die bevolking" gegaan het, blyk uit sy opmerking, tydens 'n latere onderhoud, op die Britse premier se uitdruklike verwysing na die Engelssprekendes: „Maar die antwoord is tog dat die reg om herstel te eis van 'n onreg by diegene berus wat verontreg is. Hoe kan aan dié een wat onreg gedaan het of aan sy aanhangers gevra word om 'n beslissing? Die Engelssprekendes kan, as hulle nie tevrede is met so 'n herstel nie, glad nie praat van 'n onreg wat hulle aangedoen word nie, want watter 'regte' van hulle is ooit geskend in die Republieke? By hulle kan nie van regte gepraat word nie, maar net van begeertes. Om herstel te weier weens die begeerte is om reg aan sentiment op te offer en om 'n noodmaatreël die skerm vir onregverdigheid te maak."[53]

---

51) Malan, a.w., bl. 52.
52) Die Burger, 19/7/19.
53) Van den Heever, a.w., bl. 426.

Die Kongres het ook 'n afvaardiging na Europa gestuur wat by die Europese staatsmanne sou aandring op die herstel van die vryheid van die twee Boererepublieke. Die afvaardiging het slegs daarin geslaag om 'n onderhoud met die Britse premier, Lloyd George, te verkry. Laasgenoemde het op 5 Junie 1919 per brief geantwoord dat hulle nie die hele volk verteenwoordig nie, dog net 'n party en dat die Britse regering hom nie kan bemoei met die binnelandse aangeleenthede van 'n selfregerende deel van die Ryk nie.[54)]

Die Britse premier het die status van die Unie van Suid-Afrika soos volg beskryf: As een van die Dominiums van die Britse Statebond het die Suid-Afrikaanse bevolking in die volste sin alle beheer oor sy eie nasionale lotsbeslissinge. Sover dit imperiale aangeleenthede betref, neem hy deel aan beraadslaginge op 'n grondslag van volkome gelykheid. Dit was dus 'n bevestiging van genl. Hertzog se ou standpunt, naamlik: „Ons het 'n vrye konstitusie - ja, maar ons besit 'n onvrye Regering ... Ons Ministers tree nie op as vrye ministers van 'n vrye staat nie, maar om die wil van die Ministers van Engeland te doen."[55)] Met hierdie verwyt het genl. Hertzog die tweeledige aard van die vryheidsbeweging onderstreep en terselfdertyd die wesenlike onvryheid aangedui wat daar vir 'n volk as sodanig kan bestaan ten spyte van staatkundige onafhanklikheid wanneer meervoudige etniese groepering onder een staatsgesag geplaas word en uitgegaan word van die individualistiese massastaatbeginsel. Die een volksgroep sal hom steeds as regloos uitgesluit voel wanneer die bewind gevoer word in die gees van die ander volksgroep. Destyds was dit die Afrikaner wat hom oor hierdie onvryheid beklaag het. In 1961 is dit die Engelssprekende Morris Broughton wat kla dat die Engelssprekendes in praktyk die reg tot deelname aan die formulering van beleid geheel en al verloor het.[56)]

Dié verklaring van die Britse eerste minister het genl. Hertzog later gebruik om te bewys dat „ons en ons alleen die reg (het) om ons konstitusie aan te tas, maar ook ons en alleen ons het die reg om te sê wat ons nasionale lotsbestem-

---

54) Ibid., bl. 420.
55) Ibid., bl. 403: Genl. Hertzog voor Kongres, Bloemfontein, Oktober 1917.
56) Morris Broughton: Press and Politics of South Africa, Kaapstad, 1961, bl. 146.

ming eis en hoe ons ter nakoming van die lotsbestemming regeer sal word".[57] Daarmee bedoel hy dat die Unie die reg het om self te bepaal wat sy houding teenoor buitelandse moondhede en Engeland self, sal wees, met ander woorde dat die Unie die reg het om van die Britse Ryk af te skei.

4. VRYHEIDSTREWE, 'N VOLKSBEWEGING.

Omdat die hele Afrikanervolk nou op die kruin van die golf verkeer het met betrekking tot die vryheidstrewe, moes die Suid-Afrikaanse Party ook sy nette na die stroom span. By sy terugkeer van die vredeskonferensie verkondig genl. Botha dat „ons deur die volke van die wêreld erken (is) as 'n onafhanklike volk" en hy skryf hierdie „verhoogde status" toe aan die welwillendheid van die Britse staatsmanne „wat vandag die wêreld lei".[58] Ook genl. Smuts sê by sy tuiskoms dat Suid-Afrika op die „basis van een verbond van onafhankelijke staten" staan.[59]

Hierdie pogings om die republikeinsgesindes binne hul party te paai, is met weinig welslae bekroon, soos blyk uit die verkiesingsuitslae agt maande later. Die Nasionale Party het op die golf van republikanisme 33,400 stemme sedert die verkiesing van 1915 bygekry, 'n toename van meer as veertig persent, teenoor die 3,200 van die Suid-Afrikaanse Party.[60] Vyf maande later wen die Nasionale Party met die Provinsiale verkiesings 21 setels in Transvaal en 20 in Kaapland teenoor die 12 en 16 tydens die Parlementêre verkiesing vyf maande tevore. In September 1919 het genl. Hertzog rondborstig erken dat die „ideaal, strewende naar een volkome vrij en onafhankelike Zuid-Afrika, de krachtigste bezieling is van ons volk bij al zijn streven naar vooruitgang en ontwikkeling".[61]

Neame meen dat die verkiesing van 1929 bewys gelewer het dat 'n Afrikaanse regering vir baie jare moontlik sou gewees het, indien „ras" (volk) die grondslag vir die party-verdeling sou gevorm het.[62] Waarom daar, soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word, na hierdie groot welslae

---

57) Van den Heever, a.w., bl. 434.
58) Die Burger, 25/7/19.
59) Ibid., 5/8/19.
60) Ibid., 16/3/20. Van den Heever beweer dat die S.A. Party se stemmetal met 2,000 gedaal het, a.w., bl. 440.
61) Ibid., 22/9/19.
62) Neame, a.w., bl. 272.

in die rigting van volkseenheid op 'n basis van onafhanklikheid, slegs nege maande later afgestap sou word van die vryheidsideaal wat genl. Hertzog as „de krachtigste bezieling" geloof het, is moeilik te verklaar. Van den Heever sê dat dit 'n terugkeer „na die realiteit van Suid-Afrikaanse politieke toestande" was nadat „al die Afrikaanse leiers" hulle „probeer aanpas het by wat (tydens die oorlog) as 'realpolitik' moes geld".[63]

Dit is opmerklik dat die vryheidsbeweging hom as 'n volksbeweging buite die amptelike standpunt van die politieke party óm geopenbaar het, want hoewel die partyleiers self daaraan deelgeneem het, het die amptelike standpunt van die party eintlik afsydig, indien nie strydig nie, daarteenoor bly voortbestaan. Die Nasionale Party het in sy program van beginsels nog steeds die bestaande staatkundige verhouding aanvaar en dr. Malan kon met reg in later jare sê: „Republikanisme is nooit as 'n partybeginsel aanvaar geword deur enige Nasionale Partykongres nie."[64] G.D. Scholtz merk ook in dié verband op: „Die Rebellie van 1914-15 het die republikeinse ideaal weer skerp na vore gebring, maar hoewel die Federale Raad in Julie 1917 erken het dat 'n republiek die mees gewenste staatsvorm vir Suid-Afrika is, het genl. Hertzog vir sy Nasionale Party die ideaal nie aanvaar nie."[65]

x x x x

Aan die einde van hierdie politieke fase kan gekonstateer word dat sowel die staatkundige as nasionale aspek van die vryheidstrewe 'n vooruitgang in die partypolitiek beleef het. Die reg van Suid-Afrika om oor sy eie lot te beslis, is op internasionale grondslag onbetwisbaar vasgelê.

Daarnaas het 'n gemeenskaplike vryheidsdrang alle Afrikanerharte bo-oor partypolitieke grense heen aaneengesnoer. Dit onderstreep die kunsmatige verdeeldheid onder Afrikaners op politieke gebied. Die behoefte aan volkseenheid sou in die volgende paar jaar tot uiting kom in herhaalde dog verydelde pogings tot hereniging.

---

63) Van den Heever, a.w., bl. 429 en 430.
64) Die Burger, 1/11/22.
65) Die Transvaler, 2/6/43.

HOOFSTUK V

VERLOËNING VAN DIE REPUBLIKEINSE IDEAAL.

Na die republikeinse hoogtepunt in 1919 bereik is, het die Afrikaanse beweging met sy feitlik aaneengeslote politieke en kulturele front in die volgende fase sterk en breed begin vloei. D.W. Krüger toon dit raak aan: „The watchword was 'culture' and to some extent the National Party was the political counterpart of the cultural movement. They both aimed at the emancipation of Afrikanerdom. With very few exceptions every Afrikaner intellectual took part in both movements and those Afrikaners who were members of the South African Party felt isolated culturally and left out in the cold." Hy sê ook: „Many of his own people who were loyal to Botha, could with growing difficulty be kept from Hertzog's movement, which was more than a political party. The pull proved to be stronger with the passing of the years."[1)]

Terwyl groot getalle ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party in hierdie na-oorlogse jare op sterkte van Afrikaner-sentiment hul steun aan die Nasionale Party toegesê het, soos die verkiesingsuitslag in 1920 openbaar, het die volksgenote wat aan genl. Smuts lojaal gebly het, onder drang van hul volksgevoel pogings begin aanwend om die partyverdeeldheid te oorbrug. Hierdie pogings het misluk, deels omdat die Suid-Afrikaanse Party-leiding sy konsiliasiebeleid ten opsigte van die Engelse bevolkingsgroep nie wou prysgee nie en deels vanweë die onwil van die Nasionale Party-leiding om ten opsigte van die onafhanklikheidstrewe genoegsame skiet te gee. Daarna het gevolglik 'n reoriëntasie op partypolitieke gebied ingetree, wat daartoe gelei het dat eersgenoemde party ná samesmelting met die Unionisteparty sy imperiale beleid verskerp het en laasgenoemde sy republikeinse standpunt verwater het.

1. POGINGS TOT HERENIGING.

Die gemeenskaplike vryheidstrewe wat hom gedurende hierdie jare geopenbaar het by lede van albei die partye, het die hunkering na Afrikaner-eenheid sterk op die voorgrond gebring. Oral word pogings aangewend om die kunsmatige party-

---

1) D.W. Krüger: The Age of the Generals, Johannesburg, 1958, bl. 111 en 72.

verdeling te bowe te kom. In Kaapland word te Somerset-Oos in Junie 1919 'n herenigingskongres van verteenwoordigers van albei partye gehou wat 'n basis vir eenheid vind in die formule „Suid-Afrika Eerste" en met hoofdoel „die ontwikkeling van die land en volk langs konstitusionele weg en op gesonde en duidelik omskrewe S.A. nasionale beginsels".[2] Hierdie grondslag word op verskeie ander plekke in Kaapland onderskryf.[3] Aan Nasionale Party-kant is die republikeinse standpunt effens verswak deur die toegewing dat daar eers oortuigingswerk gedoen sal word „totdat so 'n sterk sentiment daarvoor ontstaan dat die republiek wat dan kan gestig word, op die breë fondament van die volkswil sal rus".[4] Hierdie toegewing was, gesien teen die agtergrond van latere ontwikkelings toe die republikeinse strewe openlik verwerp is, 'n geringe prys vir volkseenheid. Van Suid-Afrikaanse Party-kant is daar ook 'n toegewing gemaak insover die republikeinse ideaal deur hulle in beginsel aanvaar is. Op hierdie grondslag was dit moontlik dat 'n verenigde volk geleidelik in die rigting van volle selfstandigheid kon beweeg. Die onderhandelings is in Oktober in die Paarl voortgesit waar albei partye gelyktydig hul kongresse gehou het.

Die poging het egter op 'n mislukking uitgeloop as gevolg van die twee partye se standpunte ten opsigte van die Britse konneksie, soos duidelik uitkom in die verslae aan die onderskeie partykongresse. A.M. Conroy het voor die Suid-Afrikaanse Partykongres die verskil soos volg opgesom: „De heer Hofmeyr erkende dat de Z.A. Party dat ideaal heeft. Echter voelde de Z.A. Party dat wij niets beters kunnen bereiken dan met behoud van de Britse konnektie, en onder vriendschappelijke samenwerking met de rest van het Gemenebest. Het vrijheidsideaal van de Nationale Partij lag daarentegen in andere richting; hun doel is afscheuring van het Britse Rijk, en hun voorgeven is, dat wij met de drie punte, door genl. Smuts genoemd, de deur daarvan gesloten hebben." W.A. Hofmeyr vertolk in sy verslag die mening van die Suid-Afrikaanse Party egter weer só dat Suid-Afrika genoeg vryheid binne die Britse Ryk het. Daarteenoor stel hy die standpunt van die Nasionale

---

2) Die Burger, 27/6/19.
3) Ibid., 18/7/19.
4) Ibid., 17/7/19, verduideliking in toespraak van W.A. Hofmeyr.

Party „dat volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid uiteindelik alleen te verkry is, afgeskei van die Britse Ryk".[5]

Ironies genoeg is die struikelblok waarop Afrikanereenheid hier op partypolitieke gebied afspring, naamlik afskeiding van die Britse Ryk, nie alleen slegs agtien maande later deur die leiding van die Nasionale Party uitdruklik verwerp nie, maar in werklikheid het dit nooit deel van die Party se amptelike beleid uitgemaak nie.[6] In werklikheid was die amptelike Nasionale Partybeleid presies dieselfde as dié van die Suid-Afrikaanse Party, naamlik dat Suid-Afrika genoeg vryheid binne die Britse Ryk besit het.

Genl. Smuts het ondertussen genl. Botha na sy dood gevolg. Deels miskien omdat hy hierdie beweging onder die volk op partypolitieke gebied wou kanaliseer en deels miskien omdat hy 'n politieke opportunis was en besef het dat sy party besig was om veld te verloor, nooi genl. Smuts in September 1919 alle partye uit tot samewerking op die grondslag van handhawing van die Britse konneksie.[7] Onderhandelings tussen hom en genl. Hertzog het eers die volgende jaar plaasgevind. Dit het egter op 'n mislukking uitgeloop omdat laasgenoemde nie kans gesien het om saam te werk in 'n regering met sulke uiteenlopende beginsels nie. Die Nasionale Party was wel bereid tot koalisie met die Suid-Afrikaanse Party alleen, maar genl. Smuts het dit weer afgewys omdat dit „de schijn kunnen hebben van een doorgaans anti-Engelsche kombinatie en van den terugkeer naar de rassenpolitiek die Zuid-Afrika reeds voor goed ontwassen is".[8]

In Transvaal word onafhanklikheid egter nog voor hereniging gestel. Tielman Roos maak bekend dat hy die pogings om te herenig, afkeur op grond van die stelling: „Hereniging is alleen moontlik op die basis van onafhanklikheid."[9] Die Vaderland verwys na die uitspraak van die Koning en Lloyd George dat die Parlement kan beslis oor die kwessie van vryheid, en konkludeer: „Al wat ons dus nodig het, is 'n republikeinse meerderheid te kies vir ons parlement."[10]

---

5) M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl. 64.
6) Vgl. vorige hoofstuk, par. 4.
7) Die Burger, 22/9/19.
8) M.P.A. Malan, a.w., bl. 67.
9) Die Burger, 12/7/19.
10) Die Vaderland, 11/6/19.

Roos benader die vraagstuk egter bloot staatkundig en verklaar dat dit „onmoontlik en onwenslik (is) om 'n Hollandsprekende republiek in Suid-Afrika te hê". Hy begeer 'n tweetalige republiek en sou „tevrede wees met 'n heeltemal Engelssprekende regering solang as dit in murg en been republikeins is."[11] Volgens hierdie standpunt is die eenheid van die volk vanselfsprekend van minder belang as politieke slagkrete - veral as met sulke slagkrete stemme gewerf kon word, byvoorbeeld in Transvaal waar die Afrikaanse Sappe ook republikeinsgesind was. Later, toe Engelse stemme in die Arbeiderskamp groter voordeel beloof het, het Roos met net soveel vasberadenheid verklaar dat republikanisme „'n nasionaal saak is wat met politieke partye niks te doen het nie".[12]

Ten spyte van genl. Smuts se verwerping van die vryheidsgedagte word die volgende jaar in Mei weer 'n herenigingskongres op Robertson gehou waar die ideaal van soewereine onafhanklikheid eenparig erken word. Dit sou egter slegs en eers dan verwesenlik kon word wanneer dit op die breë basis van die volkswil tot rypheid gekom het. Daar moes egter geen propaganda vir of teen die onafhanklikheidsbeweging gemaak word tot tyd en wyl die volkskongres wat aanstaande was, daaroor sou besluit het nie. Enige beweging wat die uitbreiding van die Britse konneksie beoog het, sou egter teengestaan word.[13]

Uit al hierdie herenigingsbesluite blyk duidelik die groot mate van welwillendheid - indien nie instemming nie - waarmee die lede van die Suid-Afrikaanse Party selfs in Kaapland die vryheidsideaal bejeën het. Maar uit hierdie besluit te Robertson in 1920 blyk terselfdertyd ook hoe die politieke partye 'n dempende invloed op mekaar uitgeoefen het omdat hulle genoodsaak was om 'n ope gemoed te hê met die oog op die „basis" wat onder partypolitieke leiding op die kongres dalk aanvaar sou moes word.

Die uitslag van die verkiesing in Maart van daardie jaar wat vir die Nasionale Party 'n wins van meer as 33,000 stemme en vir die Suid-Afrikaanse Party van slegs iets meer as

---

11) Die Burger, 18/7/19.
12) Ibid., 18/7/22.
13) Ibid., 28/5/20.

3,000 stemme meegebring het,[14] het ongetwyfeld die houding van die politieke leiers beïnvloed. Genl. Smuts was van sy kant genoodsaak om die steun van 'n ander party by te kry indien hy wou regeer, terwyl genl. Hertzog van sy kant bewus geword het van sy eie krag. Hierdie houding van die leiers word dan ook weerspieël in hul optrede by die kongres. Genl. Smuts, hoewel nie te vinde vir 'n daadwerklike vryheidstrewe nie, gee nogtans soveel van sy ou standpunte prys dat hy vooraf aankondig dat die leiding van die Suid-Afrikaanse Party nie die toekomstige ontwikkeling van Suid-Afrika „as een vry volk" wil strem nie „en laat de deur open voor de ontwikkeling van de vryheid onder Gods voorsienigheid".[15] Nogtans pleit hy dat daar nie geagiteer moet word „vir enige verandering in ons regeringsvorm nie". Dit is duidelik dat hierdie beleid nie veel verskil van genl. Hertzog se ou standpunt nie, soos ook blyk uit sy verduideliking kort na die kongres aan die Transvalers dat art. 4 nie „dadelike afskeiding" beteken nie.[16]

Die herenigingskongres op 22 September 1920 in Bloemfontein het egter op 'n mislukking uitgeloop en wel nogmaals oor die afskeidingskwessie. Die woordvoerders van die Nasionale Party wou van hul kant niks toegee ten opsigte van hierdie geskilpunt nie. Hul optrede moet waarskynlik aan agterdog teen genl. Smuts se imperiale neigings toegeskryf word.[17] Nogtans moet hulle goeie bedoelings[18] betwyfel word omdat hulle later hierdie beleidspunt ter wille van die samewerking met Engelse Arbeiders versaak, maar geen toegewings wou maak toe dit hier die eenheid van hul volk geraak het nie. Hier het partypolitieke aspirasies, gesterk deur die jongste eleksiesuksesse, ongetwyfeld 'n magtige rol gespeel in die verydeling van die eenheid van die Afrikanerdom op politieke gebied. Indien die leiers van die Nasionale Party by hierdie geleentheid meer toegeeflik was - soos hulle drie jaar later wel

---

14) Ibid., 16/3/20.
15) Ibid., 19/6/20.
16) Van den Heever, a.w., bl. 441.
17) Daar is naamlik beweer dat genl. Smuts dit nie eerlik bedoel het met hereniging nie omdat hy 'n verenigde Afrikanerdom gevrees het as 'n struikelblok in die weg van sy imperialistiese beleid. Vgl. F.S. Crafford: Jan Smuts, a Biography, Kaapstad, 1945, bl. 172.
18) Vgl. Neame: General Hertzog, Prime Minister of the Union of South Africa since 1924 ....., London, s.j., bl. 218.

teenoor die Arbeiders sou wees - het daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat die Afrikanervolk op politieke gebied as 'n eenheid sou kon optree sonder verloëning van sy vryheidsideaal. Die sterk vryheidsdrang by die Afrikaners van albei partye sou, as die kunsmatige partyverdeeldheid uitgeskakel sou kon word, juis 'n sterk bolwerk kon gevorm het teen die Engelsgeoriënteerde en imperialisties-gerigte partye.
Van den Heever beweer dan ook: „Die Afrikaners wou hier buite die leiers se inspirasie om, die voortou neem ....."[19] Die leiers self was nie baie geesdriftig oor so 'n poging tot hereniging nie, want 'n paar jaar tevore het genl. Hertzog reeds met verwysing na so 'n moontlikheid aan prof. H.E.S. Freemantle geskryf: „Ek vir my sal platweg moet weier om so-iets te doen of te ondersteun. Ons is reg in ons politiek, ons is vierkantig teen die oorlog, ons beveg die imperialisme van die Botha-party en ons het die hele Afrikanervolk agter ons, so nie as partymanne nie, dan tog as nasionaalgesindes, en ons party wen by die dag."[20] Dieselfde skrywer sê dat genl. Smuts, volgens adv. Beyers, „onregstreeks daarop gemik het om die kongres te laat misluk".[21] Hy toon aan dat genl. Smuts „ongetwyfeld aan die kortste end" sou gewees het wat die leierskap van 'n verenigde party betref en sê: „Die toeskouer kon nie help om die droewige skeidslyne wat die partypolitiek onder die Afrikaners laat ontstaan het, hier duidelik op te merk nie - al die gebrek aan eie oordeel, al die bitterheid wat dit meebring. Die komitees van albei partye het, met al die beperkinge wat die party-politieke gedagte oplê, na 'n oplossingsformule gesoek met 'n angsvalligheid om die eie standpunt so ver as moontlik te handhaaf ..... Die verkleefdheid aan ou politieke begrippe was so taai dat die skeiding moes bly soos dit was; groot was die invloed van leiers, wat hoofsaaklik die deurslag hier gegee het."[22]

Die diepliggende vraagstuk moet egter hier ook herlei word tot die tweede oorheersingsfaktor waarna in die eerste hoofstuk verwys is: die aanwesigheid van die Engelse bevolkingsgroep wat die normale toepassing van die volkstaatgedagte

---

19) Van den Heever, a.w., bl. 438.
20) Ibid., bl. 436.
21) Ibid., bl. 440.
22) Ibid., t.a.p.

verydel het. Van den Heever kom tot dieselfde slotsom: „Dit wys al dadelik waar die sentrale knoop lê sodra daar pogings is tot samewerking of hereniging: dit gaan steeds weer oor die verhouding tot die Engelssprekendes en hulle houding teenoor Engeland."[23]

2. REPUBLIKEINSE TERUGGANG.

Uit partypolitieke noodsaak het genl. Smuts hom nou tot die Unioniste alleen gewend met groter sukses vir homself, maar met wrange gevolge vir sowel die Afrikaanse gedagte as die republikeinse strewe. Die Afrikaners wat Smuts hierin gevolg het en kort gelede nog bereid was om die vryheidstrewe in beginsel te aanvaar, moes hulle nou oriënteer ten aansien van die imperiale rigting van hul nuwe partygenote. Die Suid-Afrikaanse Party besluit op 7 Oktober 1920 en die Unioniste op 24 November tot samesmelting. By geleentheid van sy party-kongres het genl. Smuts sy standpunt in regstreekse teenstelling met die nasionale gedagte duidelik gestel met die voorgestelde leuse: „Suid-Afrika 'n volk".[24] Daarmee het hy bedoel dat die geografiese begrensing van mense, ondanks uiteenlopendheid van nasionaliteit, vir sy volksbegrip die bepalende faktor is.

'n Mens sou verwag het dat die natuurlike reaksie aan die kant van die Nasionale Party sou wees om die republikeinse ideaal nou soveel sterker te beklemtoon teenoor genl. Smuts se imperiale beleid, maar blykbaar het hulle die nuwe partykombinasie so gedug beskou dat die Nasionale leiers verkies het om 'n veel breër verkiesingsprogram op te stel sodat dit ook aanneemlik sou wees vir ander lede van die staatsvolk. Toe genl. Smuts 'n verkiesing uitgeskryf het om sy samesmelting te benut, reik die Nasionale Party op 9 Desember 1920 met die oog daarop 'n manifes uit waarin die republikeinse ideaal tydelik geskrap word uit die politieke program: „Soos genl. Smuts op 3 Desember erken het, is die ideaal van die N.P. soewereine onafhanklikheid op die regte tyd. Daar nou die regte tyd na ons oordeel nog nie daar is nie, so het die N.P. die reg om, sonder die minste afstand te doen van haar strewing na vryheid, te sê dat sy die kwessie nie by die eerskomende eleksie tot

---

23) Ibid., bl. 439. Skrywer hiervan kursiveer.
24) Ibid., bl. 442; Neame, a.w., bl. 220.

stemming wens te bring nie."[25] In sy verdediging teen die Suid-Afrikaanse Party se koerante wat beweer het dat die Nasionale Party weggehardloop het van sy republikeinse standpunt, skryf Die Burger dat die Party nooit daadwerklik afskeiding voorgestaan het nie, maar net „de ideaal of beginsel van souvereine onafhankelijkheid en het recht om hiervoor overtuigingswerk te doen."[26]

Soos ook verder blyk uit die verkiesingsmanifes van 9 Desember het die Nasionale Party sy hoofplank nou ekonomiese vraagstukke gemaak en beskuldig hy die Suid-Afrikaanse Party dat hy die „Unionistiese kapitalistiese beleid" aanvaar het. Insover daar nog sprake van 'n vryheidsideaal is, word dit in 'n negatiewe sin beklemtoon deur nouere aaneensluiting van die Ryk te veroordeel. So verklaar dr. Malan op Malmesbury dat die Nasionale Party pal staan „by die konstitusionele verhoudinge soos hulle vandag is", maar dat hy die „Imperialisme van genl. Smuts" sal bestry, wat „ten gunste van die beweging van nouere imperiale aaneensluiting" is.[27] „Onafhanklikheid" begin ook 'n nuwe betekenis kry. Die ekonomiese onafhanklikheidsgedagte tree na vore, blykens die besprekinge op die Nasionale Partykongresse van Transvaal en die Vrystaat in Oktober.[28]

Die na-oorlogse ekonomiese ontwrigting wat hom in hierdie jare laat geld het, het vanselfsprekend 'n belowender stemveld vir politieke bedrywighede gebied. Namate die arbeidsvraagstuk meer aktueel geword het, het die Nasionale Partyleiers meer op hierdie terrein gekonsentreer. So verklaar adv. E.G. Jansen op die Natalse kongres dat „die kwessie van onafhanklikheid nog 'n lewende saak vir die Nasionale Party is, maar wat ons aandag nodig het, is die haglike toestand waarin ons land ekonomies verkeer".[29]

Hoewel hierdie verskuiwing van die swaartepunt van sy strewe na die ekonomiese terrein, oppervlakkig beskou, 'n opportunistiese voorkoms het en ongetwyfeld teen die agtergrond van die destydse omstandighede nie hiervan vry te pleit

---

25) Die Burger, 10/12/20; Neame, a.w., bl. 223; F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz: Die Republiek van Suid-Afrika, Johannesburg, 1966, bl. 162.
26) Die Burger, 14/12/20.
27) Ibid., 12/1/21.
28) Ibid., 12/10/21.
29) Ibid., 21/10/21.

is nie, moet beklemtoon word dat die ekonomiese 'n baie belangrike aspek van die vryheidstrewe gevorm het. Die Britse konneksie was nie net 'n saak van politieke bande nie. Afgesien van die versterking van Brittanje se politieke mag en prestige was ekonomiese oorwegings een van die belangrikste oogmerke in die imperialistiese strewe. 'n Beleid om Suid-Afrika ook ekonomies selfstandig ten opsigte van die Ryk te maak, het nog steeds parallel geloop met die vryheidstrewe.

Die goudmynstaking in Januarie-Februarie 1922 stel die Nasionale Party in die geleentheid om die samewerking te verkry van die Arbeidersparty. Adv. Roos doen in Julie 1922 'n voorstel dat die twee partye in die aanstaande verkiesing moet saamwerk en beweer dat die republikeinse kwessie geen hindernis behoort te wees nie, omdat dit „'n nasionaal saak" is wat met politieke partye niks te doen het nie. „Die bestaande regering moet vernietig word, of dit sal ons vernietig." Op 2 Desember stel hy die posisie baie duidelik voor sy takbesture. Hy sê: „Baie wil egter vir die Nasionale Party stem, maar voel hulle nog nie ryp vir die republikeinse idee nie. Aan diesulkes sal weer die versekering gegee word dat die Nasionale Party ten minste vir die tydperk van die volgende parlement (as die N.P. die regering vorm) nie die onafhanklikheid sal uitroep nie."[30] In Kaapland beduie dr. Malan aan sy kongres dat „republikanisme, rassehaat en die begeerte om die kleurling- en naturellebevolking te onderdruk", tereg as paaiboelies aangesien word. Hy sê verder: „Republikanisme is nooit as 'n partybeginsel aanvaar geword deur enige Nasionale Partykongres nie. Die verste wat die party as party ooit gegaan het in hierdie rigting, was om op te kom vir die vryheid van elke burger om sy mening omtrent die beste regeringsvorm uit te spreek." Ook hy het 'n belofte vir die Engelse hierin: „As die party ooit as party republikeins sal wil word, dan sal eers daartoe deur die kongres moet besluit word, en selfs dan het die Engelssprekende seksie van die bevolking die bepaalde versekering van die Nasionale leiers dat selfs as die party aan die bewind is, die teenswoordige regeringsvorms nie sal afgeskaf word nie tensy hul dit ook verkies."[31]

Hoewel dit onmoontlik lyk, moet onthou word dat hierdie leier vier jaar tevore so 'n stelling as „onhoudbaar"

---

30) Die Burger, 4/12/22.
31) Ibid., 1/11/22.

gekwalifiseer het. Dit illustreer egter op 'n treffende wyse die probleem van die nasionale partypolitiek wanneer hy hom aan die een kant moet beroep op die breë staatsburgerlike volk waarin die eie volk opgelos is, en aan die ander kant bevrediging moet gee aan die aspirasies van daardie volk wie se eenheid versprei lê oor die kunsmatige partygrense.

In 'n brief aan kol. F.H.P. Creswell, leier van die Arbeidersparty, belowe genl. Hertzog dat, terwyl Nasionale Partylede binne die party hul mening vryelik kan uitspreek, „in die Parlement wat dan gekies sal word, in geval 'n Nasionale Regering aan bewind van sake kom, geen Nasionale Parlementslid sy stem sal gebruik om die bestaande konstitusionele betrekking van Suid-Afrika tot die Britse Kroon omver te werp nie".[32] Op 'n vraag gedurende 'n personderhoud na die waarheid in die bewering dat hy bereid is om ter wille van 'n ooreenkoms met die Arbeiders afstand te doen van die onafhanklikheidsideaal, het genl. Hertzog geantwoord dat die Nasionale Party nêrens bepaal het dat afskeiding een van sy beginsels is nie. „Al wat hy in sy beginsels op staan, is dat die Unie in besit sal wees van volle onafhanklikheid. Dit word in ons beginsel nie vereis dat dié onafhanklikheid 'n Republikeinse onafhanklikheid is nie. Waar hy op aandring in sy konstitusie is die onafhanklikheid, nie op die regeringsvorm nie."[33] Die leiers self gee dus voor dat hulle eintlik nooit van koers verander het nie omdat hul partykonstitusie nie van die staatsvorm as Republiek of as afgeskeie staat praat nie, dog net van onafhanklikheid wat ook binne die Britse Statebond moontlik sou wees.

Nou is dit wel so dat die konstitusie, ook soos gewysig in 1920, in artikel vier geen melding maak van 'n republiek of afskeiding nie. Dit praat slegs van handhawing van die bestaande regte en vryhede en onderneem om dit langs konstitusionele weg verder uit te brei totdat Suid-Afrika as selfstandige staat gelykstaande met die Verenigde Koninkryk sou wees en om „verder sy volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid te verkry". Die Vrystaatse partykonstitusie het nietemin die volgende byvoegsel gehad: „Die Nasionale Party erken die reg van die volk van die Unie om af te skei van

---

32) Ibid., 21/4/23.
33) Van den Heever, a.w., bl. 453.

Groot-Brittanje en om enige bestaande band ..... weg te ruim of te wysig."[34]

Daar moet egter in aanmerking geneem word dat die gewone partylid nie die fynere onderskeid tussen onafhanklikheid en republiek raakgesien het nie, veral nie wanneer laasgenoemde slegs as 'n besondere staatsvorm vertolk is nie - soos politieke leiers dit graag gedoen het. Vir gewone partylede het albei woorde die betekenis van volle staatkundige en nasionale vryheid gehad.[35] Hierdie gevoel van die gewone volkslid het die partyleiers - selfs van die Suid-Afrikaanse Party - gedwing om in die jare 1917 tot 1919 in die rigting van onafhanklikheid en afskeiding te stuur. Genl. Hertzog self het hom ondubbelsinnig hieroor uitgespreek na aanleiding van 'n vraag van die Daily Herald in Engeland „of dit waar was dat hulle daarop uit was om 'n algehele afskeiding van die Britse Ryk te verkry". Hy het geantwoord: „Ja, dit is absoluut noodsaaklik vir ons" en bygevoeg dat negentig persent van die Hollandssprekendes republikeins was.[36] Die feit is dat die politieke party hier nieamptelik verbreed het tot 'n instrument van volkspolitiek. Hy het aangesluit by 'n beweging wat bo die partypolitieke idee uitgestyg het en wat dus in wese 'n volksbeweging was.

Ter regverdiging van genl. Hertzog moet egter daarop gewys word dat hy in 1923 nie strydig gehandel het met sy werklike standpunt nie. As Afrikaans-nasionale denker het hy nooit die nadruk laat val op die staatkundige afskeiding van die Britse Ryk nie[37] maar op die nasionale selfstandigheid, desnoods binne die Ryk. Hy het dus veeleer in 1917-1919 van sy koers onder aandrang van buitelandse ontwikkelinge en binnelandse begeertes afgewyk.

3. SOEWEREINE ONAFHANKLIKHEID.

Genl. Hertzog beklemtoon teen 1923, byvoorbeeld in die Volksraad op 18 Mei van daardie jaar, weer sy ou standpunt dat

---

34) Vgl. Die Transvaler, 2/6/43.
35) Vgl. vorige hoofstuk, by verwysing 8, 9; van verwysing 18 tot 19; van verwysing 22 tot 23.
36) Die Burger, 4/6/19.
37) Op 6 Julie het genl. Hertzog in 'n toespraak te Hoopstad erken dat hy hom „in 1915 by die federasie van die partye in die vier provinsies met sukses verset het teen 'n poging om van die Nasionale party tewens 'n republikeinse party te maak". Die Volksblad, 17/7/28.

die Unie vry is.[38] In 1926 verklaar hy (Hertzog) nadruklik dat die Unie 'n volledige onafhanklike, selfstandige status besit en „net so vry soos Engeland self" is. „Hoe gouer ons daartoe kom - en spreker gaan die houding op die Imperiale konferensie inneem - dat Engeland en die Dominiums op gelyke voet staan, des te beter."[39] In hierdie jaar is aan die Unie ook 'n eie vlag gegee wat, soos genl. Hertzog in die Parlement aankondig, „sal geld as ons nasionale Unievlag en wat sal uiting gee aan ons onafhanklike en gemeenskaplike Suid-Afrikaanse volksbestaan - simbool van ons Suid-Afrikaanse nasionale status".[40]

Dit het egter hiermee nie so voorspoedig gegaan nie weens die obstruksies van die Opposisie wat die Union Jack ook in die vlag wou opneem. So iets sou afbreuk doen aan die status van die Unie wat, volgens vertolking van die Nasionale leiers, selfstandigheid verwerf het met die afsonderlike vredesondertekening te Versailles. Dr. Malan, wat die wetsontwerp ingedien het , kla dan ook dat „by geleentheid van die Vrede van Versailles is ons status teenoor die buitewêreld erken, maar sedert die tyd kon ons verteenwoordigers geen enkele internasionale konferensie in eie reg bywoon nie".[41]

Die wetsontwerp het uit twee dele bestaan. Die eerste gedeelte het die Suid-Afrikaanse nasionaliteit op grondslag van inwonerskap beliggaam, „die wettelike erkenning van ons aparte nasionale eenheid deur ander volke", soos dr. Malan dit verduidelik het,[42] terwyl die tweede 'n eie vlag as „simbool van ons nasieskap" wou verseker.[43] Weens die sterk teenkanting van die Engelse moes die wetsontwerp teruggetrek word en is dit eers die volgende jaar in kompromisvorm aangeneem nadat genl. Hertzog intussen op die Rykskonferensie erkenning verkry het van die Unie se soewereine onafhanklikheid.[44]

Genl. Hertzog se opvatting dat die Unie onafhanklik is ten spyte van die Ryksverband, is deur die formule van die Rykskonferensie onderskryf: „They (nl. die lede van die Statebond) are autonomous Communities within the British Empire,

---

38) Die Volksblad, 19/5/23.
39) Ibid., 23/4/26.
40) Debatte van die Volksraad, Deel 7, 1926, kol. 4595.
41) Ibid., kol. 4547.
42) Ibid., kol. 4545.
43) Ibid., kol. 4546.
44) M.P.A. Malan, a.w., bl. 101.

equal in status, in no way subordinate one to another in any aspect of their domestic or external affairs, though united by a common allegiance to the Crown, and freely associated as members of the British Commonwealth of Nations."

Dit is wel waar dat daar oor die juridiese vertolking van hierdie formule heeltemal strydige standpunte ingeneem kan word. Sommige regsgeleerdes het hierin geen verbreking van die Britse Rykseenheid gesien nie, terwyl ander volgehou het dat dit die Ryksverband op so 'n losse grondslag geplaas het dat die Dominiums onsydigheid kon handhaaf ingeval Engeland in 'n oorlog gewikkel raak.[45] In teenstelling met genl. Smuts, wat eersgenoemde standpunt gehuldig het,[46] het genl. Hertzog die formule aanvaar as 'n erkenning van Suid-Afrika se onafhanklike status, hoewel daar in die praktyk nog baie gedoen moes word om hierdie onafhanklikheid uit te lewe.[47] Die Unie het wel die reg om langs konstitusionele weg die bestaande verhouding met die Britse Statebond te verander, maar dit is 'n saak wat op die breë volkswil moet berus en dus iets vir die toekoms.[48]

Die mondstukke van die Nasionale Party het in ooreenstemming met hierdie beleid buitensporige lofbetuigings oor die verkreë status geuit. So verklaar Die Volksblad dat daar geen groter vryheid meer te verkry is nie. „Wat die volk of 'n gedeelte daarvan nou nog kan verlang, is 'n ander regeringsvorm, maar dit kan geen verskil in die mate van vryheid wat ons reeds besit meer maak nie."[49] Dr. Malan verklaar voor sy kongres op 7 Oktober 1927: „Die vryheid wat ons vandag besit, is groter as die vryheid wat die gewese Republieke in die Vrystaat en Transvaal besit het ..... Om daardie rede sê ons ook vandag dat daar 'n end in Suid-Afrika gekom het aan wat die afskeidingsbeweging genoem is ..... Hollandssprekende Suid-Afrika wat tevore nie in die Britse vryheid geglo het nie, glo vandag daarin as 'n werklikheid."[50]

Die bereidwilligheid waarmee die Nasionale Party afgesien het van die ideaal van volkome selfstandigheid, afgeskei

---

45) Vgl. W.G. Elliott: Foreign Affairs, Jaargang 8, No. 3 (April 1930).
46) Van den Heever, a.w., bl. 507; Neame, a.w., bl. 254.
47) Van den Heever, a.w., bl. 509-510.
48) Die Volksblad, 12/10/28.
49) Ibid., 9/12/26.
50) Ibid., 8/10/27.

van die Britse Ryk, kan aan verskillende faktore toegeskryf word. In die eerste plaas het die noodgedwonge samewerking met die nie-republikeinse Arbeidersparty so 'n standpunt in die hand gewerk. 'n Tweede faktor was die vermoë van die Nasionale Regering om, ten spyte van die beperking wat deur bogenoemde oorweging opgelê is, 'n redelike mate van nasionale beleid deur te voer, soos veral in die toepassing van gelyke regte geopenbaar. Dit het ongetwyfeld 'n gevoel van selfvoldaanheid laat ontstaan. Enige verdere strewe na republikeinse onafhanklikheid is gevolglik bejeën as 'n formele of akademiese kwessie, wat slegs nodelose stryd kon verwek. 'n Ander belangrike faktor was die oorweging om sterker uit 'n volgende verkiesing te tree.

Die Volksblad laat blyk dat daar by Afrikaanse ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party as gevolg van genl. Smuts se houding tydens die vlagstryd 'n gevoel vir aansluiting by die Nasionale Party ontstaan het, maar hulle het beswaar gemaak teen die party se republikeinse doelstelling in artikel vier van sy konstitusie.[51] Adv. Roos, partypolitikus by uitnemendheid, bie sterk op hierdie potensiële stemkrag wanneer hy in Oktober 1927 te Vredenburg verklaar: „In die nabye toekoms glo ek dat daar 'n herverdeling van die partye sal plaasvind, en dié keer sal dit op ekonomiese grondslag geskied."[52] Hy sê daarby: „Die enigste onafhanklikheid waarna ons nou moet strewe, is ekonomiese onafhanklikheid", en pleit tewens ook dat afgesien moet word van alle bitterheid in die politieke lewe en dat artikel vier van die program van beginsels geskrap moet word ten einde „alle agterdog, wat daar nog mag wees, uit die weg te ruim".[53] Ons Vaderland skryf ook in November: „Die party-verdeling soos dit vandag bestaan, is vals en onbestaanbaar. Daar is g'n enkele kardinale beginsel wat ou-Sappe en Nasionaliste van mekaar verwyder hou nie ..... Die dinge wat hulle in die nabye toekoms sal laat gelde, is puur ekonomiese oorwegings."[54]

Die posisie van die Nasionale Party, wat slegs in samewerking met die Arbeidersparty kon regeer, was in hierdie jare

---

51) Die Volksblad, 26/11/27.
52) Ons Vaderland, 28/10/27.
53) Ibid.
54) Ibid., 1/11/27.

nie te stewig nie. Die posisie is verder verswak deur die stygende ontevredenheid binne die Arbeidersparty oor die samewerking. Dit het dan ook uiteindelik gelei tot 'n breuk met 'n deel van die Arbeidersparty toe mnr. W.B. Madeley op 3 November 1928 uit die kabinet gesit is. Hierdie onsekerheid het die Nasionale Party-leiers genoodsaak om versterking uit die kamp van die Suid-Afrikaanse Party te werf. As gevolg van die vlagstryd was die gevoelens egter hoog opgesweep; artikel vier van die Nasionale Party se program van beginsels het in die pad gestaan en dit moes die speerpunt van die aanvalle op die Nasionale Party verduur. Hoewel die meeste leiers hulle aanvanklik ten gunste van handhawing van die betrokke artikel uitgespreek het,[55] is hulle uiteindelik gedwing om van standpunt te verander. Op 15 Mei 1928 besluit die Federale Raad om artikel 4 te wysig, en Die Volksblad doen in 'n hoofartikel, waarin die wysiging goedgekeur word, die volgende treffende erkenning: „Ja, so hewig en aanhoudend was die aanvalle teen art. 4 dat ons eenmaal gevrees het dat dit die vyand sou geluk om die binneste heiligdom van die partyvesting in te storm."[56] Die party is dus, in 'n poging om homself te handhaaf, gedwing om formeel afstand te doen van die republikeinse strewe.

Die gewysigde artikel is soos volg geformuleer: „Die Nasionale Party aanvaar die verklaring deur die Rykskonferensie by sy sitting van 1926 afgelê en stel sig ten doel: die handhawing van ons soewereine onafhanklikheid daardeur erken en die uitoefening van staatsfunksies op eie gesag; in ooreenstemming hiermee verklaar die Nasionale Party sig beslis teen enige rigting, optrede of politiek wat die strekking het om ons vryheid op enigerlei wyse in te kort of daarop inbreuk te maak, en onderneem om sodanige rigting, optrede of politiek met alle geoorloofde middele te bestry."[57]

---

55) Op 25 November spreek Roos hom uit teen skrapping van die artikel, maar genl. Hertzog verklaar op 26 Nov. in Parys in 'n persgesprek dat art. vier gehandhaaf moet word, terwyl sowel Die Volksblad (29 Nov. 1927) as Ons Vaderland (22 Nov. 1927) teen skrapping van die artikel is.
56) 19/5/28.
57) Die Volksblad, 19/5/28.

Hoewel partypolitieke oorwegings 'n belangrike rol gespeel het in die veranderde houding van die Nasionale politici en vir baie ongetwyfeld die enigste oorweging was,[58] het dit nogtans aangesluit by genl. Hertzog se persoonlike opvatting omtrent die ontwikkelingsproses van die Unie na volle nasionale selfstandigheid. Genl. Hertzog het rekening gehou met die beperkings van die omstandighede. K. Braak[59] meen dat genl. Hertzog hierdie standpunt ingeneem het „omdat hij op z.i. 'n onoverkomenlijke weerstand is gestuit". Hy voer aan dat Suid-Afrika en Ierland alleen gestaan het in hul strewe na volledige onafhanklikheid, omdat die ander Dominiums Britsgesind was en niks meer as gelykheid met Engeland nagestrewe het nie. Genl. Hertzog het gevolglik teenoor die hele Britse wêreld gestaan en moes in die onvermydelike berus uit vrees dat selfs alles wat reeds bereik was, verlore mag gaan. As ons die uitsprake van Britse staatsmanne, dat groter formele vryheid aan die kolonies geskenk moet word ten einde hulle vir die Ryk te behou, in ag neem, is daar nogal heelwat wat op so 'n gebeurlikheid gedui het. Die Britse regering het sekerlik nie die verwydering van sy dominiale besittings beoog nie, soos dr. Steyn Vorster dit mooi aangedui het in sy proefskrif.[60]

4. DIE SENTRALE VRAAGSTUK.

Dit was nogtans nie soseer die Britse regering wat in die pad gestaan het van verdere ontwikkeling nie, maar die ongeveer 700,000 Engelse in Suid-Afrika. Die standpunt wat die Afrikaner teenoor hierdie bevolkingselement moes inneem, het inderdaad die sentrale vraagstuk van die Suid-Afrikaanse politiek uitgemaak. Die Afrikaanse nasionale strewe het gehunker na volledige uitlewing van die Afrikaanse volksgedagte ook op staatkundige gebied - dus sonder enige belemmering van die kant van die Engelse bevolkingsgroep. Dit het gestreef na niks minder nie as 'n Afrikaanse staat. Tereg sê D.W. Krüger

---

58) Dr. N.J. v.d. Merwe, wat hom baie sterk verset het teen skrapping van art. 4, het bv. eindelik sy steun daaraan verleen omdat die republikeinse propaganda „die teenswoordige Nasionale Party weer van bo tot onder in twee (sal) verdeel en ons sal vir genl. Smuts op die kussings sit". Die Volksblad, 1/9/28.

59) K. Braak: Zuid-Afrika en Engeland, Utrecht, 1933, bl. 99.

60) M.T. Steyn Vorster: Die Britse Ryk, Sy Grondslag, Doel, Ontwikkeling, Vervorming en Toekoms, Amsterdam, 1929.

dus: „In fact, the new generation which was arising from the ashes of the past and which had never actually experienced Republican freedom itself, felt even stronger about it. For them the terms 'Nation', 'national consciousness' and 'national unity' were exclusive. The nation embraced the Afrikaans language group only ..... With that spirit they set out to conquer South Africa politically, but it would be a long and weary road."[61]

In die praktyk het hierdie strewe gebots teen die „realiteit van Suid-Afrikaanse politieke toestande". Terwyl Botha en Smuts die oplossing probeer vind het in die samesmelting van die twee bevolkingsgroepe, het genl. Hertzog die tweestroombeleid voorgestaan waarvolgens hy twee afsonderlike kultuurstrome langs mekaar wou lei tot tyd en wyl hulle in die verre toekoms ineen sou vloei in, soos wat hy gehoop het, 'n Afrikaanse stroom.[62] Met die oog op hierdie beleid was dit nodig om onnodige wrywing oor formeel-staatkundige aangeleenthede tussen die twee groepe te vermy. Indien 'n staatkundige formule gevind kon word wat albei groepe 'n redelike mate van tevredenheid sou verskaf, sou dit die aangewese weg wees om die uiteindelike samevloeiing van die strome te verhaas. Vir genl. Hertzog was die verkreë onafhanklikheid binne die Britse Ryk voldoende waarborg vir die deurwerking van sy beleid. Aan die Engelse het dit 'n gevoel van veiligheid besorg, terwyl dit die Afrikaners die vryheid verskaf het om 'n Suid-Afrikaanse gees te laat posvat in steeds wyer kringe - mits daar natuurlik gesorg sou word vir 'n Nasionale regering wat die vryhede ten volle sou ontwikkel.[63]

Om hierdie rede het genl. Hertzog hom later so sterk verset teen die republikeinse beweging. Die republikeinse propaganda sou uitgeloop het op 'n nederlaag vir die Nasionale Party, soos deur dr. N.J. van der Merwe, 'n sterk republikein, erken is.[64] Daarom sê genl. Hertzog dat 'n besluit om van die Nasionale Party 'n republikeinse party te maak, „die onmiddellike ondergang" van die Party sou beteken, en „vir Hollandssprekende Suid-Afrika gaan dit niks minder beteken nie

---

61) D.W. Krüger, a.w., bl. 73.
62) Vgl. Van den Heever, a.w., bl. 682; Vgl. ook hoofstuk II.
63) Ibid., bl. 510.
64) Die Volksblad, 1/9/28.

as 'n verdoeming tot onmag en betekenloosheid vir die toekoms".[65] As Afrikaans-nasionale denker het hy die voortbestaan van die Afrikanervolk hoër geag as die sentimentsbevrediging wat opgesluit lê in uitwendige staatkundige onafhanklikheid. Veertien jaar later sou hy egter tot die oortuiging kom dat die laaste 'n voorwaarde vorm vir die eerste.

Die versaking van die republikeinse strewe het nie spontaan uit die volk self gekom nie, maar is deur die Nasionale Partyleiers op hul volgelinge afgedwing teen heelwat teenstand in. Op 25 Augustus 1928 besluit 'n vergadering op Potchefstroom dan ook om beswaar te maak teen „die geforseerde wysiging van artikel vier". Hoewel die Partykongresse die besluit van die Federale Raad "met groot meerderheid van stemme" aanvaar het, het dit nie die republikeinse volkswil weerspieël nie. Die afgevaardigdes is deur hul lojaliteit aan die leiers, by name aan genl. Hertzog, daartoe gedwing. Uit die bespreking op die Transvaalse kongres blyk dat hulle nie volgens hul oortuiging gestem het nie.[66] So sê G.F. Kuun (Standerton) „dat hy met die vorige spr. (wat teen skrapping van die artikel was) kan saamvoel, maar nie saamstem nie. As ons so gaan redeneer, wat beteken die vryheid dan wat genl. Hertzog vir ons op die Rykskonferensie verkry het ?" En Du Toit van Witwatersberg sê „dat ook hy die gevoel van ou vader Schutte kan verstaan, maar ons moet die woord van ons leiers neem dat ons soewerein onafhanklik is". Op die Vrystaatse kongres[67] moes genl. Hertzog selfs sy toevlug neem tot dreigemente van bedanking om die kongres tot sy standpunt te oorreed. „As u dit wil doen, doen dit dan sonder my", het hy uitgeroep. Die teenstand was inderdaad sterk. C.J. Langenhoven het sy oorredingskrag ingewerp: „Die rede hiervoor is dat die Nasionale Party as sulks nie die meerderheid vorm nie. Daar is die Arbeiders om mee rekening te hou en die Regering sal 'n onreg teenoor die meerderheid van die volk pleeg as hy 'n republiek uitroep. Spr. vra verder hoe genl. Hertzog moet voel as hy dink dat hy alles vir sy volk gedoen het en hy moet dan teenkanting in sy eie party teëkom." Slegs drie afgevaardigdes het teengestem, maar Die Volksblad erken dat baie onderneem het om die voorstel namens hul takke te steun, "hoewel hulle ander opdrag gehad het".

---

65) Ibid., 17/3/28.
66) Ibid., 10/8/28.
67) Ibid., 18/10/28.

Op hierdie kongresse het die volk hom daarteen verset om van sy ideaal van nasionale selfverwesenliking, ook op staatkundige gebied, beroof te word. Dit was 'n taai stryd tussen die onuitgesproke en ongeformuleerde hunkering na volle nasionale vryheid en die aanvaarding van 'n praktiese situasie waarin die Afrikanerdom voorlopig (op sy beste) tevrede moes wees om deur middel van 'n politieke party homself te handhaaf binne die staatsburgerlike totaliteit van 'n „soewereine" staat - 'n handhawing wat alleen moontlik was deur partypolitieke maneuvrering, hetsy in samewerking met 'n Arbeidersparty (Langenhoven), hetsy deur samesmelting of „reoriëntering" tussen partye (Roos).

Die partypers het in hierdie dae die republikeinse gedagte probeer vertroebel deur dit van sy wese te ontmurg en voor te stel as 'n strewe na blote verandering van staatsvorm. So skryf Die Volksblad: „'n Republiek beteken nie juis groter vryheid nie ..... Diegene wat dus wil pleit vir die daarstelling van 'n Suid-Afrikaanse Republiek kan sulks net doen omdat hulle daardie regeringstelsel verkies bo die huidige regeringsvorm ..... Dit moet egter duidelik verstaan word dat so 'n propaganda gevoer word op grond van 'n wens om 'n ander regeringsvorm te kry en nie omdat Suid-Afrika nie onafhanklik is nie."[68] L.J. du Plessis het egter in 'n brief aan Die Volksblad hierop raak geantwoord: „Dit is dus ten slotte die Britse monargie wat inbreuk maak op ons soewereiniteit, nie omdat dit 'n monargie is nie, maar omdat dit 'n Britse monargie is en dus 'n buitelandse gesag verteenwoordig. Volledige soewereiniteit kan ons alleen verkry deur 'n republiek, nie omdat 'n republiek vryer is as 'n monargie nie, maar omdat dit vir ons sou beteken afskaffing van buitelandse gesag."[69]

Die stryd het nie gegaan oor 'n uiterlike vorm nie, maar oor die volle selfbeskikkingsreg en gesagsuitoefening oor eie sake. In die volgende hoofstuk sal aangetoon word hoe L.J. du Plessis die wese van die strewe verder omlyn het deur dit te karakteriseer as 'n strewe na gesagsuitoefening deur die Afrikanervolk.

x x x x

---

68) Ibid., 14/8/28.
69) Ibid., 4/9/28.

Ons moet dus konkludeer dat, terwyl daar binne hierdie dekade, wat op 'n hoë republikeinse noot begin het, aan die een kant geleidelike stappe van Nasionale Party-kant was om uitdrukking te gee aan die selfstandige status van die Unie van Suid-Afrika, daar aan die ander kant 'n verflouing was wat die ideaalstelling van die Afrikanervolk betref sowel ten opsigte van die nasionale as die staatkundige aspek. Terwyl die vryheidsgees in 1919 dwarsoor partygrense gevloei het en die hele Afrikaanse volk omvat het, het dit teen 1928 verskrompel tot 'n protesterende minderheid binne daardie Party wat aanvaar was as die eertydse draer van die republikeinse gedagte.

HOOFSTUK VI

VOLKSVERSET.

In die volgende sewe jaar verflou die republikeinse gedagte op partypolitieke gebied in so 'n mate dat die ideaal deur organisasies buitekant die politiek gekoester moet word, maar onder druk van allerlei stoflike omstandighede verdwyn hulle uiteindelik uit die openbare lewe. Terselfdertyd lei partypolitieke verydeling tot die soeke na groter saamhorigheid wat mettertyd sy beslag vind in die samesmelting van die twee groot politieke partye. Uit hierdie gebeurtenis skiet reaksie in 'n militante en radikale nasionalisme op wat die twee hoofdryfvere van die vryheidsbeweging uiteindelik ondubbelsinnig in hom sou verenig.

1. VERSAKING VAN DIE VRYHEIDSTREWE.

Die versaking van die republikeinse strewe deur die Nasionale Party het 'n streng toets gestel aan die partytrou van sy lede. Die ouere lede het hulle oor die algemeen by die leiding neergelê, maar baie van die jongeres het in opstand gekom. Reeds as gevolg van die vlagooreenkoms het daar stemme begin opgaan teen die verslapping in die vryheidstrewe. In 'n verklaring in The Star sê adv. O. Pirow: „My objection to the flag Bill, as a republican, is that for the first time the Union Jack and the Imperial connection have been voluntarily recognised in an Act of Parliament. It means that those things that have existed since the peace of Vereeniging - which was then a case of force majeure - have now been voluntarily accepted by the whole of the population of the Union."[1] Hy stel in Ons Vaderland die vraag „of dit nie tyd is dat diegene wat republikeinsgesind is, nader na mekaar toe staan om hierdie soort wetgewing vir die toekoms te belet nie".[2] Ook in Die Burger[3] word gewag gemaak van 'n republikeinse beweging, waarop „Jong Republikein" antwoord: „'n Republikeinse beweging was nog altyd nodig; dit beteken vandag ons bestaan. Jong Afrikaners wag op leiers wat politiek nie bokant die volk stel nie .....". Dit was egter nog maar die voorlopers van 'n

---

1) The Friend, 29/10/27.
2) Ibid., 28/10/27.
3) Ibid., 27/10/27.

veel kragtiger reaksie wat sou volg wanneer die onafhanklikheidsartikel uit die partykonstitusie geskrap sou word.

Ná die kongresse waarop die wysiging van art. 4 in die beginselprogram goedgekeur is, openbaar die partyleiers 'n sterk versoenende houding teenoor die Engelssprekendes. In die verkiesingsprogram van 18 Mei 1929 word die onafhanklikheidstryd aangehaal as 'n historiese feit: „Die beslegting van die geskille oor ons landstatus en volksvryheid was terselfdertyd die vredesverklaring tussen Hollands- en Engelssprekende Suid-Afrika na ons 100-jarige stryd om vryheid."[4] Die naturellevraagstuk sou voortaan verhef word tot die vernaamste verkiesingskreet.

Hierdie versoeningsgedagte kry 'n verdere stoot vorentoe toe dr. W. Carey, Biskop van Bloemfontein, in 'n ope brief die beginsel van twee kulture namens die Engelse aanvaar en 'n beroep doen op wedersydse vertroue en samewerking. „Hulle (die Afrikaanssprekendes)", sê hy, „wil nie sesessie hê ter wille van sesessie self nie en hulle is bewus van die voordele van lidmaatskap van die Britse Statebond." Sesessie sal egter geen brandende vraagstuk wees nie „as ons 'n ware <u>modus vivendi</u> kan vind 'n metode om sy aan sy saam te woon elkeen met behoud van sy eie kultuur". Die Biskop het die begrensde strewe van die Afrikaner, indertyd beheers deur die idee van 'n tweestroombeleid, raak gesien toe hy gesê het dat dit nie soseer „sesessie ter wille van sesessie" was nie, maar dat dit gemik was op nasionale selfverwesenliking. Hy het egter - soos feitlik almal in daardie tyd - misgetas toe hy gemeen het dat soiets bereik kon word sonder staatkundige mag.

Die gevolg van hierdie oproep met sy subtiele suggestie was 'n verdere stap op die weg van uitwissing van republikanisme. Dit het ingepas by genl. Hertzog se oogmerke, naamlik om die staatkundige onafhanklikheid voorlopig prys te gee ten einde die vertroue en samewerking van die Engelse te wen. Dat genl. Hertzog net tydelik van die republikeinse propaganda afgesien het, blyk baie duidelik uit sy verwysing voor die Vrystaatse kongres op 3 Desember 1930. Toe dit gelyk het of die beleid vertolk word as verloëning van die vryheidstrewe self, het genl. Hertzog ondubbelsinnig beklemtoon: „Wat betref die repudiasie van die republikeinse ideaal, sê spr. dit nie.

---

4) <u>Die Volksblad</u>, 19/5/29.

As hy en dr. Van der Merwe lank genoeg leef, sal dr. Van der Merwe dit eerder repudieer. Maar as julle lank daarmee aanhou, dan sal ek julle moet repudieer en ons sal na die volk moet gaan."[5] Hieruit blyk dat genl. Hertzog die republikeinse propaganda net in die bestaande omstandighede as voorbarig beskou het. Dat van sy lojale volgelinge dit ook so verstaan het, word bevestig deur J. Albert Coetzee wanneer hy sê dat aleer die Engelse seksie „nie geleer het om Suid-Afrika lief te kry en die handhawing van sy soewereiniteit daardeur te steun nie, sal jy hulle in hul teenswoordige toestand met 'n sesessiebeweging net tot intense reaksie in die teenoorgestelde rigting prikkel ..... Wanneer hul nageslagte tot rypheid vir Afrikanerskap ontwikkel het en toestande ontstaan wat bots met die soewereiniteit van die Unie, sal die psigologiese moment aanbreek vir 'n Suid-Afrikaanse republiek"[6]

Teen hierdie versoeningsgedagte en die verloëning van die republikeinse strewe kom veral die Calvinistiese rigting in hierdie tyd in opstand. Van hierdie „hard inner core of Afrikaans Calvinism" sê D.W. Krüger dat dit „for years (had) been exerting a quiet but strong influence in the growth of political and national consciousness in South Africa. In Afrikaans Calvinism British Imperialism and liberalism, in fact, everything that was British, had always found its toughest opponent".[7] Wanneer onthou word dat die nasionale idee van 'n volkstaat sy beginselgrond juis in die Calvinistiese roepingsgedagte vind,[8] is hierdie stelling verstaanbaar.

Dr. C.J.H. de Wet van Potchefstroom waarsku dat die kar voor die perde gespan word: afskeiding van die Britse Ryk moet die middel wees om rassevrede te bewerkstellig.[9] Die Calvinistiese Bond, by monde van veral dr. N.J. van der Merwe en L.J. du Plessis, voer 'n kragtige propaganda in die pers in belang van die republikeinse ideaal en lok skerp veroordeling van die kant van die partypolitici uit. Voor die Vrystaatse kongres op 3 Desember waarsku genl. Hertzog dat „die hele saak sal vuur vat, dit kom op die platteland en word vasgeknoop aan

---

5) Die Weste, 5/12/30.
6) Brief in Die Weste, 5/9/30.
7) D.W. Krüger: The Age of the Generals, Johannesburg, 1958, bl. 181.
8) Vgl. Hoofstuk I, by verwysing 10 e.v.
9) Die Volksblad, 30/4/29.

godsdienstige sake, en dit sal 'n tog in die woestyn beteken".[10]

In sy verdediging van die Calvinistiese Bond teen die aanvalle veroordeel dr. Van der Merwe op 14 Oktober die party-politiek skerp. Hy trek weer die onderskeid tussen volk en party soos De Jonge Kalvinist in 1911 gedoen het wanneer hy sê: „Ek glo dat sulke volksverenigings baie gesond is om ook politieke partye op die regte koers te hou. By 'n politieke party is daar altyd gevaar dat daar te veel gelet word op die werwing van stemme ..... Dergelike volksverenigings help om jou politieke aksie in voeling te hou met die diepere strominge van die volkslewe wat anders deur die Mammon van opportunisme in die partypolitiek maklik oorskadu kan word."[11]

2. BUITE DIE PARTYPOLITIEK.

'n Gedeelte van die volk se vertroue in die party-politiek was in hierdie stadium geskok. Dr. Van der Merwe, self 'n leier van die Nasionale Party, plaas nou sy hoop op nie-partypolitieke verenigings om die vryheidsideaal te bevorder. Op Winburg verklaar hy: „Ek weet egter dat die ideaal sal groei en ontwikkel afgesien van enige optrede vandag aan die kant van politieke partye. Oral kom daar reeds klein verenigings buite die partypolitiek tot stand.om die ideaal toe te lig en te bepleit."[12]

Die volksverset is uitermate bemoeilik omdat die groter koerante, as party-organe, soms op heel teenstrydige wyses, hulle aan die partyleiding onderwerp het. Die Weste, 'n Potchefstroomse en enigste Nasionale blad wat nie met „soewereine onafhanklikheid" tevrede was nie, pleit vir die stigting van „non-party-politieke bonde buite die partyverband" om sodoende skeuring en botsing te voorkom. Hy sê: „Voorlopig bly daar niks anders oor nie dan om alleen die republikeinse en Kalvinistiese beginsels stelselmatig te bepleit deur middel van georganiseerde Bonde."[13]

Intussen is daar binne sowel as buite die Parlement 'n republikeinse blok gevorm. Hoewel die partypers dit verswyg

---

10) Ibid., 4/12/30.
11) Ibid., 14/10/30.
12) Die Weste, 30/9/30.
13) Ibid., 7/10/30.

het, het 'n buite-parlementêre groep reeds op 17 Desember 1929 te Bloemfontein byeengekom. Op 26 Mei 1930 het 'n twintigtal Nasionale Volksraadslede en senatore onder leiding van dr. N.J. van der Merwe en dr. T.C. Visser 'n republikeinse bond in Kaapstad gestig. Met die oog op genl. Hertzog se afwesigheid na die buiteland is egter gewag tot 20 September voordat die Republikeinse Bond in Johannesburg saam met die buite-parlementêre groep gestig is. Die Bond het hom nie ten doel gestel „om 'n aparte politieke party te wees nie, maar hy wil die noodsaaklike voorbereidingwerk doen om die publieke opinie op die gevare van imperialistiese neigings te wys, en die volk te oortuig dat Suid-Afrika 'n groter toekoms van vrede, eenheid en geluk kan tegemoet gaan op die weg van 'n soewereine onafhanklike Republiek, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk". Die Bond staan nog in die teken van die tweestroombeleid en „aanvaar die beginsel van gelyke regte vir albei offisiële landstale, en verset hom teen alle pogings van oorheersing van die een seksie van die blanke bevolking teenoor die ander". Verder verwelkom dit in sy geledere „alle blanke persone van welke ras ook, wat hulle vereenselwig met ons republikeinse ideaal".[14]

Binne die Nasionale Party het sterk waarskuwende stemme teen hierdie ontwikkeling opgegaan. Op Somerset-Oos betreur dr. D.F. Malan die „groepvorming binne die party" omdat dit daartoe sou lei dat die party „noodwendig moet opsplits in 'n aantal losse bendes, elkeen waarvan met grenslose getrouheid sy eie aparte grot sal verdedig, terwyl Suid-Afrika verlore gaan". Dit is duidelik dat dit vir hom gegaan het om handhawing van die partybewind, want hy sê dat „dit nie nodig is om ter wille van ons republikeinse ideaal in die hande van ons politieke vyand te speel nie, wat graag deur die aanjaging van vrees en deur verdeeldheid te wek, die mag wil verkry om ons te breek".[15] Die Weste meen dat dr. Malan se waarskuwing teen die Republikeinse en Calvinistiese Bonde gerig is en dat hierdie bewegings deur hom as gevaarlik beskou word „omdat dit tans by hom 'n kwessie van magsbehoud is".[16]

---

14) Ibid., 23/9/30; Vgl. ook Die Transvaler, 5/4/43.
15) Die Weste, 3/10/30.
16) Ibid., 7/10/30.

Waar die partypolitiek die vryheidsgedagte probeer vertroebel het,[17] keer die wese van die republikeinse strewe weer sterker omlyn terug in die nie-partypolitieke bewegings, en veral by die Calviniste. By geleentheid van 'n herbegrafnis van gesneuwelde burgers te Paardeberg benadruk dr. N.J. van der Merwe die nasionale gedagte wanneer hy sê: „Julle het gesterf om julle volk se siel te behou ..... Die Afrikaner wat weens onverskilligheid of lafhartigheid vandag buite staan en weier om te handhaaf in die taal- en kultuurstryd wat sy volk te stry het, pleeg verraad teenoor hulle wat hul lewe gegee het vir behoud van hul volk."[18]

Nog sterker kom die nasionale gedagte na vore by L.J. du Plessis wat reeds die afronding van die nasionale strewe in 'n eie staat bepleit: „Met kultuur-federasies alleen sal ons nie die bittere minderwaardigheid van die Hollandse Afrikaner verwyder of die pynlike snobisme van die Engelssprekende uitroei nie. Nee, ons sal die eenheidsmag van 'n geheel eie staatswese agter ons moet hê vir die beoogde doel. Dit alleen sal ons volksbesef en ons lojaliteit verenig."[19] Op 31 Oktober skryf hy: „So het ons Nasionaliste altyd gevoel, naamlik dat ons ter wille van ons nasionale selfstandigheid in alle opsigte los moet kom van die Britse Ryk wat ons volksiel verdeel en vervals en dat ons nasionale kultuur sy afsluiting en bolwerk moet vind in 'n eie Afrikaans-Republikeinse staatsvorm, vry van vreemde oorheersing."[20]

In hierdie stadium tree 'n duidelike neiging om met die partypolitiek in die algemeen te breek, na vore. Hoewel daar aanvanklik sprake was om die Republikeinse Bond 'n organisasie binne die Nasionale Party te maak,[21] word daar al heel spoedig beklemtoon dat die Bond wyer as enige bestaande party is. Dr. C.J.H. de Wet ontken dat die Bond binne die Nasionale Party staan. Hy sê: „Dit het as Bond niks te doen met enige party nie."[22] Op 12 Mei skryf ds. C.W.M. du Toit: „Die Bond sal hom nie in die onmiddellike toekoms met die partypolitiek bemoei nie. Hy sal hom byvoorbeeld nie amptelik inlaat met

---

17) Vgl. Die Volksblad, 14/8/28.
18) Die Weste, 7/10/30.
19) Ibid., 4/10/30.
20) Ibid., 31/10/30.
21) Ibid., 16/9/30.
22) Ibid., 6/1/31.

partybenoemings, nóg deelneem in 'n stryd teen bestaande politieke partye nie ..... Die Bond wens derhalwe om die lewe van die volk soos 'n suurdesem te beïnvloed totdat republikanisme 'n nasionale beweging vir die verwesenliking van die reeds genoemde ideaal sal word."[23]

Sowel op grond van idealistiese as ekonomiese oorwegings word die partypolitiek nou losgelaat.
Dr. W.P. Steenkamp stig 'n „Nasionale Werkers- en Boerebond" met die oog op die stoflike nood wat gevolg het op die depressie en heersende droogte. Hy sê hy is nog nasionalis en republikein, maar sy volk gaan te gronde en hy stel sy volk bo 'n party.[24] L.J. du Plessis kla dat slegs lapmiddels aangewend word. „Daar is hierdie skreeuende behoeftes aan dade wat steeds agterweë bly. En intussen hoor ons van nuwe partye en van 'n aanstaande samesmelting van die twee hoofpartye, nog meer woorde aan die een kant en 'n nog liberaler toekomspolitiek aan die ander kant. Dade is vereis - en ons politiek is magteloos. Ek meen omdat ons belemmer word deur die Britse konneksie in al sy vorme en deur 'n uitgediende regeringstelsel waarin ons regeerders self nie meer glo nie."[25]

Die volk het gedurende hierdie jare van teleurstelling en ekonomiese nood begin soek na iets meer as 'n politieke party. Aan die een kant was daar die Afrikaanse beweging buite die politieke partye wat aan die een of ander bond gedink het, en aan die ander kant die politici self wat aan samesmelting van die bestaande partye gedink het. So verklaar genl. Hertzog in 'n toespraak op 26 Februarie 1928: „Dit alles wys dat daar iets verkeerd is met al die partye. Mense van alle seksies begin moeg word vir die gekibbel oor onbelangrike dinge. Die gevoel van eenheid en van solidariteit maak hom meester van die hele gemeenskap."[26] Nadat ook Tielman Roos die idee van 'n nie-party-regering verkondig het,[27] loop laasgenoemde rigting uiteindelik uit op die politieke samesmelting van 1934.

Die Republikeinse Bond het 'n kortstondige bestaan gehad, hoewel dit nooit formeel ontbind is nie.[28] Onder die

---

23) Ibid., 12/5/31.
24) Ibid., 24 en 27/2/31.
25) Ibid., 16/6/31. Skrywer hiervan onderstreep.
26) Van den Heever, a.w., bl. 507.
27) D.W. Krüger, a.w., bl. 156.
28) Die Transvaler, 5/4/43.

druk van die ekonomiese nood het republikanisme nou geleidelik van die openbare verhoog verdwyn en gaan skuil in die binnekamers van Afrikanerharte.

3. UITWERKING VAN SAMESMELTING.

Soos reeds aangetoon is, het dr. Malan hom na 1926 vereenselwig met die standpunt van genl. Hertzog ten opsigte van die onafhanklikheidsvraagstuk, naamlik dat 'n republiek geen groter vryheid kan bring as wat „soewereine onafhanklikheid" binne die Britse Ryksverband waarborg nie. Hy het ernstig teen republikeinse groepering gewaarsku. Hierdie toedrag van sake het voortgeduur totdat die eenheidsbeweging binne die partypolitiek gedurende 1933 en 1934 sy hoogtepunt bereik het met die onderhandelings tussen genl. Smuts en genl. Hertzog, wat eers uitgeloop het op koalisievorming en daarna op samesmelting van die twee groot partye.

Dr. Malan het hierdie beweging teengestaan omdat hy volgehou het dat dit heterogene elemente in een party saambring; hy was slegs vir die „hereniging" van „Nasionaalgesindes" te vinde. Wat hy bepleit het, was die „samevoeging van daardie Nasionaalgesinde elemente wat deur innerlike oortuiging bymekaar tuishoort".[29] Onder dwang van die kiesers kon koalisie op die duur nie verwerp word nie en moes dr. Malan hom uiteindelik daarmee vereenselwig.[30] Hy het hom egter verset teen samesmelting, ondersteun deur die meerderheid van sy Kaaplandse Nasionale Party en deur die minderhede in die ander Provinsies.

Die twee draers van die nasionale idee, Hertzog en Malan, se paaie het dus hier uiteengeloop. Dit het nie soseer op grond van beginselverskille plaasgevind nie, soos dr. Malan herhaaldelik aangevoer het, maar het gespruit uit verskil in taktiek.

Vir genl. Hertzog het dit, afgesien van sekere praktiese oorwegings, hoofsaaklik gegaan om die laaste fase van sy verafrikaansingsbeleid: samewerking met die Engelssprekendes met die oog op assimilasie deur die Afrikaanse stroom.[31]

---

29) Die Volksblad, 5 en 9/10/33.
30) Vgl. D.W. Krüger, a.w., bl. 161.
31) Van den Heever, a.w., bl. 359.

Van den Heever gee Hertzog se gedagtegang soos volg weer: Na alles wat die Afrikaner bereik het, moes daar vir die Engelssprekendes die geleentheid geskep word „om hulle innerlike al meer met die groot stroom van volkseenheid te laat meeneem, en Afrikanervoelend te word".[32] Hy het ook wel ander dinge oorweeg, soos ekonomiese kwellinge, 'n twyfelagtige verkiesingsvooruitsig en sy toenemende afkeer van die „gekibbel oor onbelangrike dinge in die politieke partye". Hertzog het in hierdie stadium reeds ver gevorder op die pad van nasionale selfverwesenliking soos Van den Heever dit opsom: „Afrikaans is as amptelike taal erken; 'n eie vlag is aangeneem. Die vraagstuk van die Suid-Afrikaanse volkslied was druk op die voorgrond. Die konstitusionele vraagstuk is so bevredigend met die aanname van die Statuut van Westminster in 1931 opgelos as wat 'n mens in daardie omstandighede kon verwag ..... Eie nywerhede is gesteun ..... ongewenste immigrasie is stopgeset en toekenning van Britse ere-titels vir Suid-Afrikaners afgeskaf ..... So intens is die militante van die Afrikaanse gees destyds gevoel dat verenigings soos die New Guard en die Devolusioniste hulle verskyning gemaak het om Britse regte teen die wye vloedgolf van algemene verafrikaansing te beskerm."[33] Genl. Hertzog sê inderdaad op 21 November 1933 op Frankfort dat „die drie ideale wat die Nasionale Party hom by sy stigting ten doel gestel het, ten volle verwesenlik (is)" en deur die Suid-Afrikaanse Party aanvaar word (t.w. volksvryheid, gelyke beregtiging en erkenning van Afrikaans op gelyke voet met Engels). Hy het bygevoeg dat die teenstanders van samewerking „geen enkele, onverkrege ideaal" totnogtoe genoem het nie.[34]

Terwyl genl. Hertzog republiekwording nie as 'n voorwaarde vir hierdie einddoel van volkseenheid beskou het nie, maar eerder as 'n struikelblok, kon die tyd dus in die lig van wat bereik was, as ryp beskou word vir Hertzog se finale stadium van verafrikaansing. In Desember 1930 het hy hom teen 'n voorstel met 'n republikeinse inhoud op die Vrystaatse kongres verklaar en onder meer as rede aangevoer: „Die Engelse volksdeel word vervreem".[35] Daarby moet die gevaar wat genl.

---

32) Ibid., bl. 603.
33) Ibid., bl. 538.
34) Ibid., bl. 604.
35) Die Volksblad, 4/12/30.

Smuts se imperialistiese beleid nog steeds vir die Afrikaner-ideaal ingehou het, steeds in gedagte gehou word. 'n Verkiesingsoorwinning vir die Suid-Afrikaanse Party sou hierdie Afrikanerstrewe kon verydel het. Dit verklaar Hertzog se heftige verset teen die republikeinse beweging, die beweging wat sou lei tot „die onmiddellike ondergang" van die party en „verdoeming van Hollandssprekende Suid-Afrika" tot „onmag en betekenloosheid vir die toekoms".[36]

Genl. Hertzog het gemeen om deur middel van samesmelting hierdie gevaar te omseil, want hyself sou aan die bewind bly en daarna sou iemand anders as Smuts die leisels oorneem. Oswald Pirow sê dat Hertzog in alle opsigte eerlik was met sy aangebode samewerking, maar sy vertrouelinge is oortuig daarvan dat daar een voorbehoud was: „He had no intention of making Smuts his successor."[37] Hertzog het gehoop om op hierdie wyse die gevaar wat daar in Smuts se imperialistiese idee vir die Afrikaanse gedagte geskuil het, die hoof te bied. Toe Malan en sy volgelinge weier om die poging van Hertzog te ondersteun, was dit tot mislukking gedoem. Omdat hy geïsoleer is van 'n groot gedeelte van sy Afrikaanse ondersteuners, moes Hertzog mettertyd so sterk op die Engelssprekendes aanleun dat hy baie dinge in die openbaar veroordeel het waaraan hy self voorheen - en ook later - geglo het.[38]

Oor die vraag of Hertzog hier die regte taktiek gevolg het en of hy selfs met volledige Afrikaanse steun in sy doel sou geslaag het, sal daar seker altyd verskil van mening bestaan. Adv. Pirow, wat genl. Hertzog in hierdie proefneming gevolg het, meen blykbaar van nee wanneer hy skryf: „But by becoming the leader of the Nationalist extremists he (Malan) paved his way for a future premiership. If that leadership was to become a necessity for the further development of South African Nationalism some 15 years later, as I personally am convinced it was, then my quarrel with him is not so much about what he did, but about the way he did it."[39]

---

36) Ibid., 17/3/28.
37) Oswald Pirow: James Barry Munnik Hertzog, Kaapstad, s.j., bl. 155.
38) Vgl. bv. Van den Heever, a.w., bl. 667 tot 669.
39) A.w., bl. 160.

Terwyl dr. Malan aanvanklik ter wille van die Afrikaanse idee[40] samesmelting teengestaan het, het hy later die afskeidingsvraagstuk, die sogenaamde „Britse konneksie", waarmee saamgehang het die reg van onsydigheid in oorlog, ook na vore gebring. Die nuwe party se standpunt oor die konstitusionele posisie het besware ontlok. In Artikel 2(c) van die program van beginsels, wat Hertzog self opgestel het, is gesê: „Die party verklaar hom ten gunste van die handhawing van die bestaande verhouding van die Unie tot die Britse Gemenebes van Nasies, en sy samewerking met die ander state daartoe behorende, onderworpe ewenwel daaraan dat geen afbreuk geskied aan die status van die Unie en dat geen buitelandse verpligtings aanvaar word in stryd met die belange van die Unie nie." Artikel 2(d) het bepaal dat aan niemand die vryheid ontsê sal word „om sy persoonlike sienswyse in verband met enige verandering van ons regeringsvorm uit te spreek of sy eerlike oortuigings te bepleit nie".[41] Toe die Federale Raad op 20 Junie 1934 hierdie program van beginsels goedkeur, het die minderheidsgroep onder leiding van dr. Malan in 'n teenverklaring, afgesien van hul besware betreffende prosedure, nadruk gelê op die feit dat die nuwe party nie mense van dieselfde „innerlike oortuiging" bymekaar bring nie en dat hulle tevergeefs daarop aangedring het „dat die nuwe party hom nie, soos die Suid-Afrikaanse Party was, tot kampvegter sal stel van die Britse Konneksie deur uitdruklik te verklaar dat hy die teenwoordige verhouding tot die Britse Gemenebes sal handhaaf en daarmee die toekomstige staatkundige ontwikkeling aan bande sal lê". Ten slotte is verwys na dreigende „oorlogswolke" en geen versekering kon verkry word dat die nuwe party „'n beleid van strenge neutraliteit sal volg" ingeval van 'n oorlog nie.[42]

Dit is van belang om die ooreenkomstige artikel van die ou Nasionale Party, soos gewysig in 1928, hier ook in oënskou te neem: „Die Nasionale Party aanvaar die verklaring deur die Rykskonferensie in 1926 gedoen en stel sig ten doel om ons soewereine onafhanklikheid, daardeur erken, te handhaaf en

---

40) D.W. Krüger sê Malan het gevrees vir die voortbestaan van die Afrikaanse taal: A.w., bl. 160. Die begrip „hereniging" het ook meer bepaald betrekking op die Afrikaanssprekendes.

41) M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl. 152.

42) Ibid., bl. 154.

staatsfunksies op eie gesag uit te oefen". Verder verklaar die party hom teen enige rigting of politiek „wat die strekking het om ons vryheid op enigerlei wyse in te kort".[43] Dit is wel waar dat die ou Nasionale Party „onafhanklikheid" binne die bestaande Ryksverband beklemtoon het, terwyl die nuwe Party die nadruk op die „bestaande verhouding" met 'n voorbehoud - solank dit nie bots met die belange van die Unie nie - laat val.

Dit is moontlik dat agter hierdie verskillende bewoordinge verskillende gesindhede verskuil lê. Dit kan egter kwalik ingesien word dat die ou Nasionale Party se bepaling in die praktyk „toekomstige staatkundige ontwikkelinge" beter waarborg verleen as dié van die nuwe party. Die ou Nasionale Party verklaar hom slegs teen inkorting van die bestaande vryheid - wat dr. Malan in 1927 beskryf het as „die grootste vryheid wat 'n volk kan besit",[44] terwyl die nuwe party, net soos die Nasionale Party, vryheid laat om 'n verandering van regeringsvorm te propageer. Dit moet onthou word dat republikeinsgesindtes, soos ds. L.P. Vorster, destyds in 1928 weer beswaar gemaak het omdat die betrokke bepaling van die Nasionale Party „die bestaande verhouding nou aanvaar" terwyl dit voor 1928 net „erken" was.[45]

Die feit dat meninge so skerp uitmekaar gegaan het, moet waarskynlik uit twee dinge verklaar word: In die eerste plek was die onderliggende dryfveer agter dr. Malan se optrede nie soseer staatkundige onafhanklikheid nie as nasionale selfverwesenliking van die Afrikanervolk ook op politieke gebied - vandaar sy aandrang op hereniging van mense wat uit enerse „innerlike" oortuiging bymekaar hoort. Die subtiele begrensing wat in die woordjie „innerlike" opgesluit lê, is onmiskenbaar. In die tweede plek is dr. Malan nou omring deur dieselfde republikeinsgesindtes teen wie hy in 1928 gewaarsku het toe hulle hulle teen die verandering van die republikeinse klousule in die program van beginsels van die Nasionale Party verset het. Wanneer hy in 1937 gevra word of hy sy standpunt van 1930 verander het, antwoord hy: „Dit is 'n treurige persoon wat nie gewillig is om te leer nie."[46]

---

43) Die Transvaler, 2/6/43.
44) Die Volksblad, 8/10/27.
45) Ibid., 25/8/28.
46) Ibid., 28/7/37.

Hoewel dr. Malan aanvanklik nog nie heetemal daarvoor gereed was nie en op sy beurt weer in verband met sy republikeinse formule teenstand sou kry, begin die nuwe republikeinse beweging binne die partypolitiek hier. Hierdie beweging sou in die volgende jare steeds radikaler en militanter word. D.W. Krüger merk op: „Its conception of independence was republican and the Republican movement caught up with that of Malan and engulfed it, forcing Malan to move with the stream. The tide began to flow as strong in the Cape as in the northern Provinces."[47] Voordat dit egter sover sou kom, moes die Nasionale Party onder leiding van dr. Malan eers nog die versigtige weg volg met die oog op „die realiteit van politieke toestande". Laasgenoemde sou selfs op subtiele wyse die republikeinse geesdrif in die Noorde probeer demp deur 'n „Kaaplandse" hoofredakteur vir die Transvaalse Nasionale koerant in 1937 aan te beveel. Hierin het dr. Malan hom egter vergis, want dr. H.F. Verwoerd het hom heelhartig met die Transvaalse strewe vereenselwig, al het dit op 'n botsing met die Partyleier in 'n direksievergadering uitgeloop.[48]

x x x

Die tydperk wat in 1927 begin het, het begin met 'n partypolitieke verloëning van die republikeinse ideaal in staatkundige opsig. Daarom moes die voorstanders daarvan hulle toevlug neem tot bewegings buite die partypolitiek, wat egter, in die harwar van allerlei praktiese en stoflike probleme, 'n kortstondige bestaan gevoer het. Ná samesmelting word die ideaal weer in die partypolitiek opgeneem en die grondslag gelê waarop die twee hoofdryfvere agter die vryheidsbeweging steeds duideliker omlyn kon word, naamlik heerskappy van die Afrikanerdom in sy vaderland en sy volledige staatkundige onafhanklikheid ten opsigte van die buiteland.

---

47) D.W. Krüger, a.w., bl. 181.
48) Vgl. dr. H.F. Verwoerd: Herinneringe op die Republikeinse Pad, Die Republiek van Suid-Afrika, onder redaksie van F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, Johannesburg, 1966, bl. 7.

HOOFSTUK VII

HERLEWING VAN DIE VRYHEIDSTREWE.

Die volgende fase begin met 'n republikeinse reaksie teen die samesmelting van die twee hoofpartye. Hierdie reaksie is geïnspireer deur die nasionale idee en berus op oorweginge waaroor die partypolitici minder uitgesproke was. Hierdie oorweginge het egter heel gou ontwikkel tot suiwer staatkundige motiveringe. Die nasionale faktor, as belangrikste dryfveer, bly voorlopig smeul totdat dit binne enkele jare in die openbaar deurbreek met 'n militante eis om volledige Afrikanerregte. Dit ontwikkel eers onafhanklik van die amptelike standpunt van die politieke party, maar word teen die einde van die tydperk deur die party opgevang sodat die nasionale en staatkundige rigtings van die vryheidstrewe uiting vind binne die Nasionale Party.

1. NA SAMESMELTING.

Op 5 Desember 1934 is die samesmeltingspogings van die twee leiers van die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party afgerond deur die stigting van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party. 'n Klein gedeelte van die Engelssprekende ondersteuners van die ou Suid-Afrikaanse Party, hoofsaaklik in Natal, het onder leiding van kol. C.F. Stallard nie met die samesmelting saamgegaan nie en later die Dominion Party gevorm, terwyl 'n aansienlike aantal Afrikaanssprekendes onder leiding van dr. D.F. Malan op hul beurt hulleself in die voortsetting van die Nasionale Party gekonsolideer het.[1)]
C.M. van den Heever, Oswald Pirow en genl. Hertzog suggereer almal dat persoonlike ambisie 'n rol gespeel het by sommige Afrikaners wat koalisie en samesmelting teengestaan het.[2)]
Dit mag in 'n mate waar wees, maar 'n belangrike gedeelte van die ondersteuners van die Nasionle Party het ongetwyfeld geweier om saam te smelt omdat hulle gevrees het vir die toekoms van die Afrikaanse gedagte. Ons kry dus hier te doen met die dryfveer wat in die eerste hoofstuk aangedui is as die

---

1) C.M. van den Heever: Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1943, bl. 643.
2) Ibid., bl. 603; Oswald Pirow: James Barry Munnik Hertzog, Kaapstad, bl. 154; Die Volksblad, 28/10/36.

„nasionale aspek" van die vryheidstrewe, wat wal wou gooi teen die element van oorheersing deur 'n binnelandse faktor, t.w. die Engelssprekende bevolkingsgroep.

Dr. A.C. Cilliers vind vier jaar later in 'n „akademiese" benadering van die politieke vraagstuk agter samesmelting genl. Smuts se holistiese strewe: „Eenstroom, samesmelting van die twee blanke rasse tot 'n groot geheel, die Suid-Afrikaanse volk."[3] Genl. Smuts het op die samesmeltingskongres inderdaad uitgeroep: „Vandag word nie 'n groot party gebore nie, maar 'n nuwe nasie."[4] Cilliers regverdig dus dr. Malan se optrede op grond daarvan „dat dr. Malan en baie ander, wat net soos hy gevoel het, die implikasies van holisme, soos op sy volk en Britse Ryk toegepas, nie kon sluk nie", en skryf hul antagonisme teen samesmelting toe aan „vrees vir uitdelging deur absorpsie deur die Engelse".

So 'n vrees kan baie moeilik in partypolitieke taal uitgedruk word. Dr. Malan het dus volgehou dat hy „in beginsel" teen samesmelting van partye is, dog te vinde sou wees vir die samevoeging „van daardie Nasionaalgesinde elemente wat deur innerlike oortuiging bymekaar tuishoort".[5] Hertzog het dus tot op sekere hoogte gelyk gehad met die beskuldiging dat sy teenstanders se „enigste argument is dat hulle bang is". Die goeie reg van so 'n vrees om in hierdie situasie „'n gewigtige" beweegrede te wees, word deur Van den Heever toegegee wanneer hy sê: „Ook is dit maar redelik om aan te neem dat in so 'n samewerking daar die gevaar van verlamming, van afwatering van beginsels bestaan, want was die Afrikaner nie kultureel en op politieke gebied die sterkste in isolasie nie, en skuil daar nie vir hom gevaar in so 'n samewerking nie, aangesien die aansuigmagte daarin in die rigting van die Ryk so groot is nie?"[6] Aangesien hierdie argument makliker in private kringe as in die openbare partypolitiek gevoer kon word, het die swaartepunt van die openbare partypolitieke debat na die staatkundige aspek verskuif. Gevolglik het die teëstanders van samesmelting begin aandring op waarborge ten opsigte van onsydigheid ingeval Engeland in oorlog betrokke

---

3) Die Volksblad, 17/6/38.
4) Die Vaderland, 7/12/34.
5) Die Volksblad, 9/10/33.
6) A.w., bl. 600.

sou raak. Indien die versekering gegee word, sou dit neerkom op aanvaarding van die standpunt dat die Kroon deelbaar is.

Die stryd spits dus al meer toe op die „Britse konneksie" wat sowel „verdere vaskoppeling aan die Britse Ryk" as „handhawing" van die Britse konneksie teenoor enige poging om die bande met die Ryk losser te maak kon beteken het.[7] Om hierdie rede is dr. Malan, soos reeds aangetoon is, spoedig meegevoer deur die eerlike republikeinse oortuigings van sy party-kollegas. Hulle het in republikeinse onafhanklikheid meer gesien as 'n blote staatsvorm - of dit voorwaarde vir volkseenheid of waarborg vir die hoogste Afrikaner-volksvryheid moes wees. 'n Betekenisvolle feit is dat toe genl. Hertzog die samewerking van die Engelssprekendes gekies het en dr. Malan hom vereenselwig het met die Afrikaanse volksgedagte, eersgenoemde aan krag ingeboet het wat laasgenoemde gewen het. Hertzog se politieke mantel as kampvegter vir die Afrikaanse idee het daarmee oorgegaan op Malan, en soos eersgenoemde se ou Nasionale Party meer was as 'n politieke party, so het die nuwe Nasionale Party na samesmelting die politieke flank geword van die Afrikaanse volksbeweging met sy kulturele en politieke strewe. Soos die suigkrag van hierdie volksbeweging voorheen vir die Afrikaners binne die Suid-Afrikaanse Party te sterk was, het dit nou weer op die Afrikaners van die Verenigde Party ingewerk en veral ná 1938 vir hulle te sterk geword. Genl. Hertzog het dus steeds in groter mate afhanklik geword van Engelse ondersteuning en hy moes hom gevolglik daarby aanpas.

Die volksbeweging se invloed vanuit die Nasionale Party sou egter eers gevoel word wanneer die Party nader aan die Afrikaanse idee sou kom as vóór en tydens die algemene verkiesing van 18 Mei 1938. In hierdie verkiesing het die Nasionale Party hom op die breë kiesersmassa toegespits en krete aangehef wat ook Engelse steun kon wen. Dit het veral op die kleurbeleid betrekking gehad en die Regering is selfs verdag voorgestel oor die aankoop van grond deur die Naturelle-Trust met die oog op uitvoering van die segregasiebeleid.

---

7) Vgl. M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl. 156.

Hierdie verkiesing moet gevolglik aangemerk staan as die verkiesing wat gevoer is toe die partypolitiek op 'n laagwatermerk was.[8]

2. DIE NUWE NASIONALE PARTY.

Die dryfkrag agter die republikeinse strewe van die nuwe Nasionale Party het veral uit die Noorde gekom. Die Kaaplandse Kongres het op 26 Julie 1934 samesmelting verwerp en die ou Nasionale Party „met sy vaste program van beginsels" gehandhaaf. Ten opsigte van die konstitusionele vraagstuk het die Kongres slegs by wyse van 'n besluit versoek dat oorweging geskenk moet word aan die vraag of die Britse konneksie die Unie nie te duur te staan kom nie.[9] Daarteenoor het die Vrystaatse kongres van die voortgesette Nasionale Party op 6 Desember 1934 die Federale Raad versoek om artikel 4 van die program van beginsels duideliker te formuleer. Wat daarmee beoog is, word in die besluit gesê: „Die Nasionale Party van die Oranje Vrystaat verklaar hom beslis ten gunste van die Christelike republikeinse ideaal."[10]

Die leier van die voortgesette Nasionale Party in die Vrystaat, dr. N.J. van der Merwe, het hom as een van die leiers van die Calvinistiese Bond en die Republikeinse Bond vyf jaar vantevore verset teen die aanvaarding van die bestaande konstitusionele posisie. Hy was dan ook een van die eerste Volksraadslede wat in daardie jaar tydens 'n parlementêre debat oor die Statuswetsontwerp sy republikeinse belydenis uitgespreek het: „Ek persoonlik meen dat 'n republiek die logiese gevolgtrekking van onafhanklikheid is. Ek persoonlik glo dat die logika van die gebeurtenisse 'n republiek in Suid-Afrika sal skep."[11] Adv. J.G. Strijdom, latere leier van die nuwe Nasionale Party in Transvaal, het die ideaal in dieselfde debat nog sterker gestel. Vir hom was dit nie net 'n logiese gevolg van gebeurtenisse nie, maar die voorvereiste vir eensgesindheid. Hy sê: „As daar werklik rasse-eensgesindheid moet wees in Suid-Afrika, moet ons uiteindelik heeltemal vry staan van die Britse Ryk."[12] Juis

---

8) Vgl. Van den Heever, a.w., bl. 678 en 670.
9) M.P.A. Malan, a.w., bl. 156.
10) Die Volksblad, 7/12/34.
11) Debatte van die Volksraad, Deel 22, 1934, kol. 2130.
12) Ibid., kol. 2316.

hierdie oorweging sou byna dertig jaar later vir dr. H.F. Verwoerd deurslaggewend wees om oor te gaan tot daadwerklike stappe vir die stigting van 'n republiek.[13]

Die Transvaalse Kongres, wat eers op 16 April 1935 gehou is, het sy vryheidstrewe die duidelikste geformuleer. Onder artikel 4 is die oortuiging uitgespreek dat 'n volk sy hoogste trap van ontwikkeling alleen kan bereik deur onafhanklikheid en 'n beleid wat histories in die volkslewe gewortel is. „In ooreenstemming met hierdie standpunt stel die party hom ten doel om die selfbeskikkingsreg van die Unie langs konstitusionele weg toe te pas, totdat Suid-Afrika 'n vrye en soewereine onafhanklike republiek sal wees, afgeskei van die Britse Kroon en Gemenebes in enige vorm en die verdere verwydering van alle vreemde bande wat hom in sy vrye ontwikkeling strem."[14]

Die hoofleiding van die Party kon egter nie tot eenstemmigheid geraak oor 'n republikeinse formule wat almal bevredig het nie. Die „toenemende neiging" by die nuwe Nasionale Party om, gedurende sy stigtingsjare, die republikeinse vraagstuk „agter geslote deure" te bespreek, word deur S.P.E. Jacobz, toe dit in 1936 geblyk het dat die Party hierdie prosedure vir die tweede agtereenvolgende jaar sou volg, sterk afgekeur in 'n pamflet.[15] Eers teen die einde van daardie jaar het die Federale Raad sy program van beginsels vir goedkeuring aan die provinsiale kongresse voorgelê, waar dit aanvaar is. Artikel 7 het gelui: „Die Party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en daarom sal hy die republikeinse ideaal beskerm en hom beywer om 'n republiek in Suid-Afrika tot stand te bring."[16]

Hiermee is geskiedenis gemaak, want dit was die eerste keer dat 'n politieke party hom amptelik tot die verkryging van 'n republiek verbind het, al het hy nog nie verder gegaan as om net van afskeiding van die Kroon te praat nie. Daar

---

13) Vgl. D.W. Krüger: South African Parties and Policies, Kaapstad, 1960, bl. 236.
14) M.P.A. Malan, a.w., bl. 165.
15) S.P.E. Jacobz: Besprekings in Komitee op Partykongresse, Pamflet, Pretoria, s.j.
16) Die Transvaler, 2/6/43.

was diegene wat ook afskeiding van die Britse Ryk voorgestaan het, maar eersgenoemde formule het dit nie noodwendig veronderstel nie; en hoewel die Party in 1941, buite sy program van beginsels om, hierdie afskeiding voorgestaan het, sou hy ná 1952 weer die twee sake onderskei as twee afsonderlike stappe wat elkeen op sy eie verdienste oorweeg moes word.[17)]

In Transvaal het 'n groepie ontevredenes, die sogenaamde Steyn Vorster-groep, weggebreek, terwyl prof. L.J. du Plessis en dr. C.J.H. de Wet, wat die besware in hoofsaak gedeel het, hulle voorlopig by die beleid neergelê het.[18)]

Sommige van die bykomende bepalings het ook teenstand uitgelok, veral die vierde artikel, waarin die „soewereine onafhanklikheid" van die Unie erken is, asook die bepaling dat 'n republiek „alleen ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die volk", uitgeroep sal word.
Prof. L.J. du Plessis, nou gesamentlike onderleier van die Party in Transvaal, stel die beswaardes se standpunt onder meer soos volg: „Hierdie vaagheid skryf ons toe aan die feit dat die program nog nie sy inspirasie ten volle put uit ons histories, onder die leiding van God Almagtig, verworwe vryheidsreg en vryheidstradisie of uit ons eweso vasgelegde Afrikaanse volksbestemming om die blanke Christelike beskawing tot heerskappy te voer in Afrika; maar nog gedeeltelik sy grond vind in die Britse vryheid, soos blyk uit Art. 4, terwyl die Britse vryheid uit die aard van die saak nie die grondslag kan wees van nasionale ontwikkeling nie, maar hoogstens 'n hefboom waarmee ons Suid-Afrika kan uitlig uit die Britse konneksie wat nie alleen ons staatsvorm vervals, maar ook ons staat self verbrits en as Afrikaanse staat ontman."[19)]

Uiterlik het dit gelyk asof dit om die „Britse konneksie", „republikeinse staatsvorm", ensovoorts gegaan het. Onder die oppervlakte het die nasionale selfgeldingsdrang egter soos 'n ondergrondse stroom gevloei, wat maar nie bogronds kon kom nie. Dit is aldeur maar onderdruk deur die onwil van 'n Engelse bevolkingsgroep wat in die weg na politieke roepingsvervulling gestaan het. Die knelpunt is

---

17) D.W. Krüger, a.w., bl. 96.
18) Die Volksblad, 30/10/36.
19) Die Volksblad, 6/11/36.

rasioneel in buitelandse konneksies gesoek, terwyl intuïtief aangevoel is dat dit binnelandse toestande was wat verhinder het dat die staat ook waarlik volkstaat sal wees, dit wil sê dat die staat 'n politieke medium vir die verwesenliking van die Afrikaanse idee sal wees. Van den Heever sê dat „die hunkering na 'n republiek meer 'n onbewuste neiging (was) om los te kom van die lastige vraag dat die Engelse nou eenmaal hier is en dat dit 'n probleem is wat nie ontvlug kan word nie".[20] Prof. Du Plessis stel hierdie waarheid duideliker wanneer hy praat van die „Afrikaanse staat" wat deur die Britse konneksie belemmer word. In 'n toespraak te Smithfield het genl. Hertzog gesê dat kol. Stallard se groep geweier het om met die Verenigde Party saam te gaan omdat hulle hul voet op die nek van die Afrikaanssprekendes wou hou, terwyl die nasionale „skeurders van 1933" op hul beurt weer nie met die Engelssprekendes wou saamwerk nie omdat „hulle wil domineer". „Destyds kon en wou hulle dit nie sê nie, maar vandag sê hulle dit."[21]

Dit is opmerklik dat toe die ontevrede groepe met die Nasionale Party gebreek het, hulle met groter vrymoedigheid die grondmotief van hul strewe kon openbaar. So formuleer die Steyn Vorster-groep hul beleid soos volg: „Met een groot kraginspanning na behoorlike voorbereiding wil hulle 'n omwenteling teweegbring, waardeur ons volk op die gebied van Christelikheid, onderwys, kultuur, staatkunde, stoflike welvaart, in alles, herstel sal word in sy eersgeboortereg en in sy heerskappy in sy eie en enigste vaderland."[22] En later sou ook dr. C.J.H. de Wet, nadat hy van die Nasionale Party weggebreek het, die eis om 'n Afrikaanse volkstaat steeds sterker beklemtoon: „Suid-Afrika behoort aan die Afrikanervolk."[23]

3. DRIE DRYFKRAGTE.

In die ontplooiing van die republikeinse strewe in die dertigerjare kom veral drie momente, wat in die verlede wel vaag onderskei was, steeds sterker op die voorgrond. Die

---

20) A.w., bl. 603.
21) Die Vaderland, 18/11/38.
22) D.F. Malan: Afrikaner-volkseenheid, en my Ervarings op die Pad Daarheen, Kaapstad, 1959, bl. 186.
23) Die Transvaler, 16/12/38.

eerste moment is die staatkundige aspek ten opsigte van die Britse Kroon en Ryk: die onverdraagsaamheid teen Suid-Afrika se Britse verbondenheid ondanks „soewereine onafhanklikheid" het steeds sterker opgelaai. Die tweede moment is die strewe na Afrikanereenheid op politieke gebied, want sonder eenheid kon geen magsuitoefening geskied en die volksideaal bereik word nie. Die besef dat die volk in sy diepste wese eenders voel, laat 'n toenemende wantroue ontstaan teen die partypolitiek wat vir die politieke verdeeldheid aanspreeklik gehou is. Hierdie eenheidstrewe openbaar hom in allerlei pogings om die volk te verenig, sowel binne as „buite en bo" die partypolitiek. Die gevolg is dat die partypolitieke instrument in toenemende mate verwerp word. In die derde moment ontwikkel 'n steeds duideliker standpunt ten opsigte van die Afrikaanse volkstaatsidee, wat in konsekwensie neerkom op 'n opeising van die Suid-Afrikaanse staat vir die Afrikanervolk alleen terwyl die Engelse bevolkingsgroep daarin òf as 'n aanhangsel van 'n oorsese volk eenvoudig buite rekening gelaat word òf uitgenooi word om in die Afrikaanse stroom op te los.

Die staatkundige aspek was eintlik die enigste faset wat by amptelike beleidsformulering moeilikheid veroorsaak het. Die politieke party moes hom oriënteer ten opsigte van die heersende staatsopvatting van die imperialistiese idee, die staatsvolkgedagte van algemene burgerskap. Om hierdie rede kon Afrikanereenheid nie as 'n amptelike doelstelling in die partyprogram opgeneem word nie, want dan sou die party beswaarlik 'n beroep op Engelse steun kon doen by verkiesings. Daarom en des te meer kon van Afrikanerheerskappy geen woord gerep word nie. Selfs die uiterste ekstremiste sou in daardie stadium van die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis nie op Afrikanerheerskappy aangedring het nie. Gevolglik moes by die formulering van die republikeinse ideaal van die Nasionale Party geworstel word tussen die twee pole: aan die een kant 'n suiwere weergawe van die staatkundige vryheidsdrang en aan die ander kant so 'n versigtig moontlike doelstelling wat nie broodnodige stemme van burgers wat minder sterk of selfs antipatiek teenoor die vryheidsdrang gestaan het, sou vervreem nie.

Die eerste rigting, waarmee die Engelssprekendes vereenselwig is, wou die anti-republikeine buite rekening laat en hulle slegs toespits op diegene wat op grond van allerlei praktiese oorwegings teen republiekwording gekant was. Hulle sou

argumente aanvoer dat 'n republiek, volledig afgeskei van die Britse Ryk, nie net 'n voorvereiste was vir uiteindelike volkseenheid nie, maar ook vir ekonomiese welvaart. Laasgenoemde was 'n belangrike oorweging in daardie jare van armblankedom. S.P.E. Jacobz sê van republiekwording: „Dit word dus beskou as 'n weeldeartikel, met die verkryging waarvan gewag kan word totdat die volk eers deur ander middels ..... in sy welvaart herstel is. Volgens die Federale Raad moet die stigting van 'n republiek een van die vrugte wees van die verlossing wat die Nasionale Party meen om te bewerkstellig onder die vleuels van die Britse Ryk; terwyl ons almal weet dat ons republikeinse onafhanklikheid slegs die begin van ons nasionale herstel sal wees omdat Suid-Afrika daardeur die Britse stelsel, wat ons uitbuit, verbreek."[24] Dr. C.J.H. de Wet het dit so gestel: „Eers vrymaking van Suid-Afrika en dan redding van Suid-Afrika."[25] Om dieselfde rede was hierdie radikale vleuel ook gekant teen 'n volkstemming om oor republiekwording te beslis. Volgens hul mening het dit ingehou dat die Engelssprekendes 'n soort veto-reg ten opsigte van die verkryging van 'n republiek behou. Dr. De Wet verwerp die gedagte aan 'n volkstemming as 'n „gevaarlike en beslis verwerplike spel, want in die eerste plek watter reg het die anti-republikeinse elemente om te beslis oor 'n Republiek vir die Afrikanervolk! ..... Hulle het ons Republiek afgeneem sonder om ons te vra!"[26]

In die derde plaas het, soos reeds aangetoon is, die verskil ook gegaan oor die vraag of 'n republiek ook sal beteken uittrede uit die Britse Ryk - 'n voorwaarde wat vir die radikale vleuel 'n sine qua non was.

Die oorheersende standpunt binne die Partyleiding was dat, terwyl die republikeinse ideaal so sterk wenslik bely en daar ook propaganda voor gemaak moet word, dit nie andersdenkende kiesers moes afskrik nie. Die party moes gevolglik ook aan bewind kon kom sonder verpligting om 'n republiek uit te roep, en mog in ieder geval nie 'n republiek uitroep wat

---

24) S.P.E. Jacobz: Nasionaliste Hou Koers!, Pamflet, Pretoria, s.j. (omstreeks 1936).
25) Die Volksblad, 19/2/36.
26) C.J.H. de Wet: Manifes van die Konferensie van Afrikaners, Pamflet, Pretoria, 1940, bl. 2.

nie deur 'n kiesersmeerderheid gerugsteun word nie.[27] Met ander woorde, die Party is geregverdig om bloot met die oog op bewindsverowering aan die partypolitieke stryd deel te neem. Hy kon daarin strydpunte gebruik soos onder andere die kleur-vraagstuk, ekonomiese aangeleenthede en Joodse immigrasie en op dié wyse ook Engelse stemme trek.[28] Met die oog hierop moes dus nie net versigtig te werk gegaan word met die formulering van die metode van republiekverkryging nie, maar ook met die formulering van die doelstelling self: afskeiding van die Kroon, dog nie afskeiding van die Ryk nie, want laasgenoemde kon allerlei ekonomiese implikasies vir die Unie inhou.

Sterk argumente kon vir albei standpunte aangevoer word. Vir die amptelike partybeleid, soos hierbo uiteengesit, was daar baie te sê. Die partyleiding het aangevoer dat die republikeinsgesindtes op daardie tydstip op parlementêre gebied verdeeld gestaan het en dat daar gepoog moes word om hulle òf na die Nasionale Party oor te trek, òf hulle ondersteuning te verkry deur die republikeinse vraagstuk by wyse van 'n volkstemming uit die partypolitiek te lig. So wys dr. Malan te Boshof daarop, nadat hy beklemtoon het dat republikanisme 'n saak van praktiese politiek is met die oog op volkseenheid, dat Ierland by die verkiesing nie 'n volstrekte meerderheid gekry (het) nie, maar toe hy 'n beroep op die volk gedoen het om 'n oordeel oor 'n republiek te vel, was 'n meerderheid van 158,000 ten gunste van 'n republiek.[29]

Die probleem was natuurlik geleë in die vraag wanneer die partyleiding die tyd ryp sou ag om so 'n mandaat van die volk te vra. As in aanmerking geneem word dat daar in 1960 nog binne die Nasionale Partyleiding sterk weerstand teen 'n volkstemming was,[30] kan die kritiek van dr. C.J.H. de Wet wel verstaan word: „Dit hou aan die volk die Republikeinse ideaal

---

27) Vgl. Die Volksblad, 28/7/37; 17/8/37; 17/10/37. Adv. J.G. Strijdom het 'n baie sterk standpunt ingeneem oor hierdie meerderheidsbeginsel. Hy was selfs nie met 'n blote meerderheid van een tevrede nie. Vgl. dr. Verwoerd in Die Republiek van Suid-Afrika onder redaksie van F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, Johannesburg, 1966, bl. 6.
28) Die Volksblad, 8/7/36 en 12/11/36.
29) Die Volksblad, 28/7/37.
30) Vgl. min. Jan de Klerk: Die Burger, 17/9/64.

voor, maar ons kan nie altyd bly leef net van 'n ideaal nie; dit word soos 'n lugspieëling op ons paaie: hoe vinniger jy beweeg, hoe verder gaan die ‚waterplas' en uiteindelik verdwyn dit sonder dat jy dit bereik het. Die Afrikanervolk wil nie meer 'n ideaal hê nie ..... Nee, hy wil die Republiek hê!"[31]

Hoewel die Party die ideaal by die formulering van sy program van beginsels so beperk moontlik wou stel, is daar in toesprake baie sterker standpunt ingeneem. Die rede daarvoor is geleë in die feit dat die amptelike program as 'n soort gemene deler moes dien wat lidmaatskap tot die party bepaal, terwyl propaganda-uitlatings aanvaar is as gerig tot die algemene kieserspubliek met die oog op blote ondersteuning in 'n verkiesing. Terwyl die program gespreek het van afskeiding van die Britse Kroon alleen, het 'n verkiesingsmanifes in 1938 ook afskeiding van „die Ryk" bevat.[32] Op Schweizer-Reneke het dr. Malan op 'n vraag tydens 'n vergadering geantwoord dat 'n republiek wel dadelik na 'n verkiesing uitgeroep kan word indien die verkiesing toon „dat die volk dit wil hê".[33] Te Lichtenburg het hy op 'n vraag of dit nodig is dat „die Engelse seksie by ons moet staan", geantwoord: „Dis baie wenslik, maar nie volstrek nodig nie".[34]

4. ONDERLIGGENDE BEGINSEL.

Hierdie uitlatings werp waarskynlik lig op die aanvanklike weiering van die Nasionale Party in 1939 om tydens die herenigingsonderhandelings met die Hertzog-groep die program van beginsels so te wysig dat die betrokke artikel sou lui: „In ooreenstemming hiermee lê hy vas dat hierdie konstitusionele verandering tot stand gebring sal word alleen ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die stemgeregtigde blanke bevolking en nie bloot as gevolg van 'n parlementêre meerderheid wat by 'n gewone algemene verkiesing verkry mag word nie." Die Nasionale Party se formule het slegs gewag gemaak van „'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die volk" en nie van die „stemgeregtigde blanke bevolking" nie, en

---

31) A.w.: Konferensie van Afrikaners, bl. 2.
32) M.P.A. Malan, a.w., bl. 180.
33) Die Volksblad, 17/8/36.
34) Ibid., 21/8/36.

dit het ook nie 'n „parlementêre meerderheid" as sodanig as metode uitgesluit nie.[35]

In die lig van hierdie geskilpunt wil dit dus voorkom of die Nasionale Party hom in 1936 - moontlik as toegewing teenoor die radikales - prinsipieel die reg voorbehou het om desnoods 'n republiek uit te roep na 'n algemene verkiesing, die uitslag waarvan beskou sou kon word as 'n uitspraak van „die volk", wat nie noodwendig die uitspraak van alle stemgeregtigdes hoef te beteken nie. Dit blyk ook uit die versigtige formulering van die voorwaarde vir die stigting van 'n republiek in die sewende artikel, t.w. „dat 'n republiek tot stand gebring kan word alleen op die breë grondslag van die volkswil", en nie op „die grondslag van die breë volkswil" nie, soos sommige dit geïnterpreteer het. So het die Federale Raad dit nodig geag om by geleentheid van die Uniale Kongres van 1941 uitdruklik daarop te wys dat die laaste sou beteken het „dat ons geen republiek mag hê tensy alle bevolkingsgroepe daarmee instem nie". Soos dit tans daar staan, „affekteer (dit) ook nie die reg van die volk om met enige meerderheid, hoe klein ook, sy eie lot in enige rigting te bepaal nie".[36]

Dit was nodig om hierdie onderskeid te maak en om dit subtiel te doen, want die Party as partypolitieke instrument het te doen gehad met die praktiese aanvaarding van die burger- of massa-staatidee waarin „volk" sinoniem is met „bevolking", in die onderhawige geval „blanke bevolking", terwyl volgens die volkstaatidee, waarmee die meerderheid Afrikaners onbewus besiel was, daarenteen, „volk" slegs in sy organiese of etniese betekenis verstaan kon word.

Teen bovermelde geskilpunt gesien, word die grondliggende dryfveer agter die vryheidsbeweging, naamlik die Afrikaanse idee, ook in sterker reliëf gebring. Dit toon dat daar binne die Nasionale Party-leiding manne was wat nie 'n staatsburgerlike opvatting van die begrip „volk" gehad het nie. Vir hulle het „volk" beteken die Afrikanervolk, en seggenskap oor die lotgevalle van die Suid-Afrikaanse staat het net

---

35) Die Vaderland, 30/11/39.
36) H.N.P. of V.-Party: Notule van die Ses-en-twintigste Kongres, Bloemfontein, 1941, bl. 18.

hierdie volk toegekom. Dit was hierdie opvatting wat die drang na „hereniging" op partypolitieke gebied in die volgende jare steeds sterker laat opbruis het, want onder hereniging is eintlik verstaan eenheid van die Afrikaanssprekendes. Hierdie eenheid van die Afrikaanssprekendes was juis noodsaaklik met die oog op die bereiking van die „Afrikaanse volksbestemming". So pleit dr. Malan reeds in September 1936 vir die „weder-opstanding van die voorheen eensgesinde Afrikanervolk". Hy beklemtoon dan dat „as die Afrikanerdom wil hê dat ons Engels-sprekende mede-burgers ons moet help en saam met ons op die pad van Nasionalisme moet kom, dan is daar geen ander weg nie - die Afrikanerdom moet self die voortou neem".[37]

Hoewel dr. Malan soms ook uitdruklik gesê het dat hy met Afrikanerdom ook „Engelssprekende Afrikaners" bedoel,[38] het hy onteenseglik steeds die meer eksklusiewe begrip gehuldig waarvolgens Engelssprekendes slegs as volksgenote aanvaar word insoverre hulle hul met die Afrikaner se ideale vereenselwig, dit wil sê, insoverre hulle reeds ver gevorder het op die weg van assimilasie. Dit spreek uit bogenoemde aanhaling en ook uit uitlatings soos: „Die Nasionale gedagte dat daar volke moet wees, is 'n Godsidee ..... Om vrede te maak as jou saak nog nie gewen is nie, beteken moord op die Afrikanerdom en die Afrikanersiel."[39] So sê hy weer in 1939: „Daar bly net een middel tot samewerking oor en dit is dat die Afrikaner in die volste sin van die woord Afrikaner moet wees, dat die Afrikaner die grootste openhartigheid teenoor die Engelssprekende openbaar, dat hy geen duimbreed wyk van wat vir Suid-Afrika die beste sal wees nie, en dat die politieke konneksie met enige land oorsee afgesny word."[40]

5. AFRIKANER-EENHEID.

Besiel met die gedagte dat dit in die eerste plaas gaan om die Afrikanervolk en dat hereniging van hierdie volk dus 'n voorvereiste is vir politieke magsuitoefening, het die Nasionale Party steeds 'n kragtige beroep op mede-Afrikaners in die ander partye gedoen. „Die Afrikaner begeer in sy diepste siel om weer een te wees en hom in sy Godgegewe krag

---

37) Die Volksblad, 23/9/36.
38) Die Volksblad, 23/9/36.
39) Ibid., 3/2/36.
40) Ibid., 2/11/39.

weer uit die stof op te rig. Hy begeer net so die samewerking van alle seksies en rasse, maar dit alles kan alleen geskied op die pad van die Nasionale Party."[41] Hierdie volk moes in sy herwonne eenheid dien as grondslag om verder op te bou: „Met die totstandkoming van die Unie was daar 'n verenigde volk om op gebou te word ..... Daarom verklaar ons dat ons die herstel, die wederopstanding van die voorheen eensgesinde Afrikaner wil."[42]

Nadat die Voortrekkereeufees tot veel groter openhartigheid aangemoedig het, het dr. N.J. van der Merwe, die Vrystaatse leier van die Nasionale Party, in Januarie 1939 die oogmerk met Afrikaner-eenheid baie duidelik gestel: „Elkeen weet dat ons hier in die eerste instansie te doen het met die Afrikaner - ek bedoel hier die Afrikaanssprekende Afrikaner, wat in die oog van die wêreld die draer is van die trotse en eervolle tradisie van die Boere-nasie ..... Die begeerte om ook op politieke gebied die Afrikaner te verenig, word bestempel as kleingeestigheid en bekrompe Nasionalisme ....." Hy het daarop gewys dat daar ook rasseblokke van Jode en Engelse bestaan en voorts gesê dat genl. Hertzog hom meer bekommer oor „die kunsmatige eenheid tussen Engelssprekende en Afrikaner as oor die herstel van die organiese eenheid tussen Afrikaner en Afrikaner, wat 'n eerste vereiste is vir vrede in Suid-Afrika". Hy verklaar dat eenheid binne die Nasionale Party die regte ding is, maar besef hoe moeilik dit is om „oor te stap". Daarom is hy bereid om die hand uit te steek na Afrikaners van die Verenigde Party „wat saam met ons verlang na die herstel van Afrikaner-eenheid"; en hy meen: „Tussen ons kan daar wel 'n brug gebou word."[43]

Hier is reeds ver weg beweeg van die staatsvolkidee of massastaat waarop die partypolitiek noodwendig gegrond was. Dit was dan ook eers gedurende en ná die Voortrekkereeufees van 1938 dat die eenheidsdrang onder die Afrikaners so magtig geword het dat dit selfs gedreig het om buite die walle van die politieke partye te stroom.

Intussen het daar in kringe buite die amptelike Nasionale Party-leiding 'n steeds skerper omlynde doelstelling

---

41) Ibid., 22/8/36, dr. Malan te Zeerust.
42) Ibid., 23/9/36.
43) Ibid., 23/1/39.

ontwikkel ten opsigte van sowel die volksgedagte as die staatsidee. Soos reeds aangetoon is, het die opvatting van 'n suiwer Afrikaanse idee ook met betrekking tot die staat al merkbaar deurgeskemer in prof. L.J. du Plessis se verklaring in November 1936 waarin van 'n „Afrikaanse staat" gewag gemaak word. Uit Nederland skryf Herman Strauss met verwysing na die Liberalisme dat die Boerenasie 'n roeping ken en het „en dit is om 'n Calvinistiese nasie en staat te wees".[44] In hierdie jaar word die „bestemming" van die Afrikanervolk as 'n afsonderlike entiteit steeds sterker beklemtoon deur die kulturele leiers. „Ons is geen seksie nie, ons is 'n nasie!" roep dr. N. Diederichs by 'n Krugerdag-geleentheid in Kaapstad uit. „Die aanwesigheid van twee kulture het tot gevolg gehad dat hier 'n nuwe vorm van internasionalisme aan die groei is, wat daarop uit is om ons aparte nasieskap te ondergrawe."[45] Genl. Hertzog voel hom genoodsaak om te kla oor „die gesuiwerde Doktore en Professore ..... wat dit in die laaste tyd so druk het met die vasstelling van wie Afrikaner is en wie dit nie is nie". Hy sê die Nasionale Party ontaard tot 'n „kulturele bende".[46]

Tot sover het die uitlatings nog geen oplossing gebied vir die onoorkoomlike vraagstuk met betrekking tot die verwesenliking van die volkstaat-idee, wat opgesluit lê in die aanwesigheid van 'n Engelse bevolkingsgroep nie. Uit onverwagte oord is die oplossing egter luid aangedui toe 'n Engelssprekende, in die persoon van mnr. Raymond R. Rudman van Natal, hom in onverbloemde taal vereenselwig met die Afrikaanse idee. Hy het lid geword van die Nasionale Party en in 'n persverklaring na die Franse Hugenote verwys en gesê: „Het hulle Franse gebly, of geëis dat die Franse driekleur naas die Hollandse vlag gehys word? Nee, hulle het burgers van die Kaap geword; die De Penselles het Van Zijls geword; hulle het Boere geword en het besef dat hul enigste tuiste hier was. Dit is waar ons, Engelssprekende Afrikaners, die fout gemaak het: ons het geprobeer om van die Boere Engelse te maak en die vlag van Engeland aan hulle op te dring. Dit was nooit Britse ridderlikheid nie! Die Hugenote het onder die Hollanders ingetrou en almal het Afrikaners geword. Die hele

---

44) Die Volksblad, 8/7/36.
45) Ibid., 13/10/36.
46) Ibid., 28/10/36.

oorsaak van die moeilikheid vandag is dat ons nie die voorbeeld van die Hugenote gevolg het nie. Onthou, en laat ons almal hierdie toestand verhelp!" Mnr. Rudman het bygevoeg dat hy 'n teruggekeerde soldaat was en dat sewe-tiendes van sy regiment uit Afrikaners bestaan het.[47)]

Terwyl daar in 1936 nog maar sporadiese suggesties was in die rigting van 'n Afrikanerstaat, verskyn daar die volgende jaar 'n lang koerantartikel met 'n breedvoerig gemotiveerde pleidooi teen die tweestroom-beleid as ideaal, dit wil sê as blywende grondslag vir die tweevolkige Suid-Afrikaanse staat. Daarin word aangetoon dat die gemeenskapslewe van die blanke bevolking, ondanks aanvanklike eenheid, op elke terrein organisatories uiteenval in twee strome. Dit het gebeur op die gebied van die onderwys, van jeugorganisasie, studenteorganisasie, ekonomiese organisasie soos afsonderlike vakbonde (wat later ook uitloop op parallelle handels- en nywerheidsorganisasies, noodhulp-organisasies, motoriste-organisasies, ens.). Gevolglik word gevra: „Wanneer dan binne die staat ten opsigte van verskeie aspekte van die gemeenskapslewe 'n eenheid van organisasie onmoontlik blyk, hoe kan daar verwag word dat die staat self, wat die wydste groepeenheid moet vorm - en wel op die basis van organiese samestelling - daardie gewenste samewerking in hom kan verwesenlik?" Die oplossing word dan gesoek in die skepping van 'n Boere-atmosfeer veral deur middel van 'n „Boere-staatsvorm" wat die nodige klimaat sou skep vir die opname van die Engelse element in die Afrikanerstroom.[48)]

Vorige suggesties ter verwesenliking van die Afrikaanse idee het eintlik die Engelse bevolking buite rekening gelaat deur hulle slegs met 'n beroep op hul vaderlandsliefde vir Suid-Afrika as bindende krag eenkant toe te rangeer op 'n tweede spoor. Die standpunt hierbo gestel met betrekking tot die ideaalstelling het nou die volledige verwesenliking van die beginsel van die volkstaatidee geïmpliseer: 'n enkele organiese volksverband met sy eie staat waarin volksvreemdes volledig geassimileer sou wees. Slegs op hierdie wyse kan die binnelandse stryd om magsuitoefening tussen twee volke, wat steeds op oorheersing van die een deur die ander moet neerkom,

---

47) Die Volksblad, 19/9/36.
48) N.G.S. van der Walt: Kan die Tweestroom-beleid langer gehandhaaf word? Die Republikein, 16/4/37.

blywend beëindig word. Dit was goed dat hierdie oplossing vir die eerste maal skerp omlyn is deur 'n Engelssprekende, en dié oplossing sou ook later meermale aan die hand gedoen word.

Op 7 November 1938 gaan prof. L.J. du Plessis 'n stappie verder as sy vorige uitlating wanneer hy te Koppies hom soos volg uitlaat: „Ons eerste plig is om die meerderheid van die Afrikanerdom in Suid-Afrika te handhaaf. Ons standpunt is dat die land aan die Afrikanerdom behoort. Ons kan slegs 'n Christelik-Afrikaanse samelewing hier toelaat. Die ander, Jode ingesluit, moet hiermee saamgaan. Dit is hulle plig. Laat hulle gasvryheid ontvang; dit is ons plig en tradisie, maar hulle mag nie die toon aangee nie."[49] In dieselfde maand som dr. H.F. Verwoerd die toestand soos volg op voor die Johannesburgse Rotariërklub: „Waar die Engelsman praat van ‚een Suid-Afrikaanse volk' stig, wil hy alle bevolkingselemente saamgesmelt sien in 'n eenheid wat egter geen nuwe volk is nie, en vasgeanker bly aan 'n ander, groter land wat nog altyd sy diepere vaderlandsliefde hou. Die sogenaamde ‚ekstremistiese' Afrikaner strewe egter na een volk, met een land en een liefde, volkome los van alle vreemde bande. Watter reg het die Brit nou om so 'n Afrikaner hierdie reg te misgun .....? As elke groep op sy eie weg voortgaan, dan hang dit op die ou end van die regverdigheid en krag van die standpunte (in) die toekoms af watter uiteindelik sal seëvier."[50]

x x x

Die samesmeltingsbeleid waarmee genl. Hertzog gehoop het om die grond voor te berei vir uiteindelike samevloeiing van die twee volkstrome, het as stimulus gedien vir die herontwaking van die republikeinse gedagte op partypolitieke gebied. Hoewel die formulering van hierdie republikanisme aanvanklikbinne die nuwe Nasionale Party moeilikheid opgelewer het, veral weens die sterker drang by 'n deel van die leierskorps om groter nadruk te laat val op die Afrikaans-nasionale aspek, het die amptelike beleid hom tot die staatkundige aspek beperk, maar tog 'n subtiele toegewing aan die nasionale gedagte gemaak. Die kunsmatige verdeeldheid wat samesmelting

---

49) Die Transvaler, 8/11/38.
50) Die Transvaler, 2/11/38.

onder Afrikaners teweeggebring het, het die drang na Afrikaner-volkseenheid opnuut laat opvlam, en op sy beurt weer het die drang die nasionale idee steeds sterker op die voorgrond gedwing. Op die vooraand van 1938 was die weg dan ook reeds voorberei vir daardie eksklusiewe nasionalisme wat op die spoor van die Voortrekkerfeeste gevolg het en wat so 'n suigkrag in Afrikaanse geledere veroorsaak het dat dit die samesmeltingsoogmerke heeltemal verydel het. Die uitbreek van die oorlog en die houding van die Engelssprekendes onder leiding van genl. Smuts in verband daarmee het dan ook die Afrikaanse beweging opgevoer tot 'n hoogtepunt, soos uit die volgende hoofstuk sal blyk.

HOOFSTUK VIII

„WEDEROPSTANDING"

„Die Wonderjaar." So is meermale, en heeltemal tereg, na die jaar 1938 verwys. In Mei-maand van daardie jaar het die Afrikanervolk nog 'n laagtepunt van vernedering bereik toe Afrikaner teen Afrikaner in 'n parlementêre verkiesing te velde getrek het terwyl verydelde drifte tot sodanige strydmetodes gelei het dat die uitslag uiteindelik grootliks beïnvloed is deur 'n sogenaamde „basterplakkaat" wat deur die een groep op die ander teruggeboemerang is. Drie maande later, met die honderdjarige herdenking van die Groot Trek, kom daar egter 'n ontwaking wat die Afrikanervolk soos 'n orkaan uit die dieptes van verstofliking en verdeeldheid opruk na die hoogtes van idealisme en saamhorigheid - 'n magtige „wederopstanding" van 'n volk wat skielik weet wat hy wil en dit rondborstig sê.

1. DIE VOORTREKKER-EEUFEES.

Die betekenis van die Voortrekker-eeufees lê hoofsaaklik daarin dat dit die keerpunt vorm tussen die tydperk wat as die tydperk van verdediging beskryf kan word, waarin die Afrikaner gestreef het na gelyke beregtiging binne sy staat, en daarteenoor die nuwe tydperk waarin hy bewus geword het van sy krag en bestemming, nl. sy eie staat waarin hy kon heers.

Dit was 'n ironiese toedrag van sake. In 1935 het die Hertzog-regering besluit om die Eeufees „op die grootste breednasionale wyse te vier sodat alle dele van die volk daaraan kan deelneem". Die Volkstem wys in 'n subhoofartikel daarop dat die Regering 'n ruime geldelike bydrae tot die oprigting van die monument sou maak en dat die hoeksteenlegging, net soos die onthulling, op grond hiervan ook 'n staatskarakter sal moet dra. „Dit kom daarop neer dat die Eerste Minister of sy plaasvervanger die funksie sal moet waarneem. Ook beteken dit dat die Goewerneur-Generaal uitgenooi sal word om die plegtigheid by te woon en dat o.m. God Save the King by hierdie verrigting gespeel sal word."[1)]

In dieselfde tyd is die leiers van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging van die Suid-Afrikaanse Spoorweë besig om

---

1) Die Transvaler, 7/7/38.

'n simboliese ossewatrek van die Suide na die Noorde te organiseer. Dit was bestem om van die fees uiteindelik 'n suiwer Afrikaner-volksfees te maak.

Afrikaners dwarsdeur die land het so in opstand teen die gedagte dat die fees 'n staatskarakter sal dra en dat die Britse volkslied daar gespeel sal word, gekom dat die Regering uiteindelik voor die druk moes swig, en op 27 Julie is aangekondig dat die Eerste Minister nie meer die hoeksteen sou lê nie, en aan die Sentrale Volksmonumentekomitee word opdrag gegee dat 'n vrou wat 'n Voortrekkerafstammeling was, die plegtigheid moes waarneem.[2)]

Die opstuwende nasionalisme rondom die ossewaens kom onder meer tot uitdrukking in besluite dat Die Stem van Suid-Afrika die enigste volkslied moet word. Daarmee saam vind ook die sterk begeerte na eenheid onder die Afrikaners uitdrukking in allerlei vorme. Op Boshof, byvoorbeeld, reik die twee plaaslike politieke leiers, mnre. J.J. Serfontein en Z.A. Thuynsma, op die verhoog mekaar die hand „met die vaste voorneme om ter wille van die toekoms van ons nageslag ons voortaan in diens te stel van een land, een volk, een God ..."[3)] Die vryheidsgees bruis op in toesprake wat die roersele van die volkshart vertolk: „Ek dra (hierdie baard) nie omdat hy mooi is nie, ook nie om allerlei ander redes nie. Daar is net een rede: Dit is MY land en in my land doen ek wat EK WIL", roep prof. S.P.E. Boshoff op Kroonstad uit. „Dit is die gees wat ek vandag by die Afrikaner gewaar." Hy sê hy het lank genoeg in sy eie land met sy hoed in sy hand gestaan ..... „Ons moet ophou om ekskuus te vra dat ons Afrikaners is!! As ons weet wat ons wil, kan ons onsself regeer soos ons wil."[4)] Teen die tyd toe die Ossewaens Pretoria bereik, was dit 'n suiwer Afrikaanse volksfees soos prof. L.J. du Plessis dit kort tevore getipeer het: „Almal is welkom. Ons wys niemand uit nie. Maar dit is die fees van die Afrikanernasie se wording. Hier heers 'n Afrikaanse gees."[5)]

Hierdie gesindheid bereik 'n hoogtepunt in die vorm van 'n massabetoging toe duisende Afrikaners by Monumentkoppie op

---

2) Ibid., 27/7/39.
3) Ibid., 17/10/38.
4) Die Transvaler, 1/10/38.
5) Ibid., 5/11/38.

15 Desember geweier om na 'n Engelse toespraak van adv. E.W. Douglass, regeringslid in die Volksmonumentekomitee, te luister. Hierdie protes openbaar egter nie blote vyandigheid teenoor die Engelssprekendes as sodanig nie, want „toe dr. E.G. Jansen, voorsitter van die S.V.K., aangekondig het dat adv. Douglass 'n paar woorde in Afrikaans sal praat, is adv. Douglass nie alleen 'n ordelike en geesdriftige gehoor gebied nie, maar is hom aan die einde selfs ‚Lank sal hy Lewe' toegesing".[6]

Die opstuwende Afrikanernasionalisme tydens die Eufeesviering het selfs sommige Engelssprekendes gunstig beinvloed. Dit blyk uit 'n rede van dr. E. MacMillan, moderator van die Presbiteriaanse Kerk, tydens 'n kerkdiens in Pretoria op 27 November 1938. By die Engelssprekendes het hy gepleit vir nasie-bou in plaas van Empire-bou. „Ons moet binne die vloedgolf van hierdie stygende gety van volksbewussyn kom; daar moet geen gevoel wees dat ons uitgelaat word nie. Maar ons kan nie hoop om ingesluit te word nie tensy ons met die Afrikaner eens is in sy poging om tot 'n gevoel van nasionale bestemming te styg. Dit vereis 'n algehele nuwe gesindheid en gees." Hy het die kring eng getrek, sodat dit eintlik heeltemal ingepas het by die gedagtegang wat op daardie tydstip in die Afrikanergemoed begin posvat het: „Op ons Engelssprekendes rus die verantwoordelikheid vir ons aandeel in die rasseverdeeldheid, as gevolg van ons weiering om ons geheel en al met Suid-Afrika, sy bodem, sy taal en sy volk te vereenselwig."[7]

Die begeerte tot politieke herstel van die Afrikanervolkseenheid openbaar hom nou in 'n steeds sterker wordende beweging. Terwyl die Ossewatrekleiers die Afrikanereenheid bo-oor partygrense heen beklemtoon het,[8] vind die beweging ook sy neerslag in die partypolitiek. Daar kan dit nie oral onderskei word van oorwegings van partybelang nie. Op 24 November doen genl. Hertzog te Boshof 'n beroep om tydens Desember politieke vrede te handhaaf en spreek die hoop uit dat dit tot 'n moontlike hereniging daarna kan lei.

---

6) Ibid., 16/12/38.
7) Die Volksblad, 30/11/38.
8) Die Transvaler, 7/11/38.

Dr. Malan vereenselwig hom daarmee mits dit nie lei tot „'n samesmelting van politieke partye nie".[9] In 'n manifes op 12 Desember onderstreep genl. Hertzog die diepere eenheid van die volk ten spyte van politieke partye en pleit vir 'n beter gesindheid op partypolitieke gebied. Hy verlang dat hoogste nasiediens as rigsnoer dien, wat onder meer sou insluit „die aanstelling ten alle tye van die mees bevoegde mense in Regeringskommissies of Regeringsrade onverskillig van hul politieke oortuigings". Dr. Malan onderskryf ook hierdie manifes, maar adv. J.G. Strijdom, die Transvaalse leier van die Nasionale Party, beantwoord dit met verwyte en eis dat genl. J.C.G. Kemp verskoning moet maak vir uitlatings gedurende die verkiesing: „Anders word net mooi woorde gebruik om 'n gunstige stemming te verkry vir die party van die persoon wat die onderhandelings begin het."[10]

Dit word baie duidelik dat die Nasionale Party nou sy voet op die pad gesit het om die Afrikanereenheid polities rondom hom te organiseer. Die Burger reageer dan ook op die Manifes met die opmerking dat die drang na eenheid „'n drang (is) om almal wat in een party bymekaar hoort omdat hulle dieselfde ideale en beginsels huldig, in een party saam te bring".[11]

J.H. Hofmeyr[12] slaan die spyker op die kop wanneer hy sê dat die gedagte om van die Eeufees 'n geleentheid te maak om 'n enge, suiwer Afrikaanse nasionalisme te bevorder, geseëvier het en dat dit die Malan-nasionaliste grootliks ten goede gekom het. Die gees het ook deurgewerk na die Afrikaners in die Verenigde Party, soos al dadelik blyk uit 'n gesamentlike vergadering van lede van die Verenigde Party en die Nasionale Party te Skeerpoort op 22 Desember, wat die Regering versoek om 'n volkstemming te hou oor die totstandkoming van 'n republiek. Verder is daar verklaar dat die Engelse moet besef dat die Afrikaanssprekendes net Afrikaners kan wees „en dat dit aan hulle kant 'n dure plig is om dieselfde te word".[13]

Op 20 Januarie 1939 stel dr. Albert Hertzog namens sekere Afrikaanse liggame 'n basis van samewerking tussen die

---

9) Ibid., 25 en 28/11/38.
10) Ibid., 10/12/38.
11) Die Transvaler, 22/12/44.
12) The Forum, Vol. 1, No. 41, 7/1/39, bl. 12.
13) Die Transvaler, 28/12/38.

twee politieke leiers voor, onder andere op die grondslag van die republikeinse strewe en met uitsluiting van enige samewerking met ander bevolkingsgroepe as dit ten koste van die Afrikanervolk moet geskied. Dr. Malan aanvaar die grondslag reeds die volgende dag, maar genl. Hertzog het dit verwerp.[14]

Ná samesmelting, toe 'n sterk groep van sy Afrikaanse volgelinge agtergebly het, was genl. Hertzog in 'n afhanklike posisie ten opsigte van sy Engelse ondersteuners geplaas, sodat hy al meer ook hul taal en politieke regte - selfs teen die strewe van sy eie volksgenote - moes beskerm. Dit was dan ook die oorsaak dat die pogings tot hereniging uiteindelik in November 1940 misluk het.[15] In sy verwerping van die versoek beklemtoon genl. Hertzog die feit dat die „jong Afrikaner-intellektualiste" wat die versoek gerig het, van die grondslag uitgaan „dat die Afrikaanssprekende deel van die bevolking die enigste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking sal wees wat geld as volk".[16] Sy biograaf merk op dat dit hom diep gespyt het dat hy die kloof nie kon oorbrug nie en dat sy hart „wat eenheid onder die Afrikaanssprekendes betref, presies net soos hierdie jong manne gevoel"[17] het, maar dat sy rede hom gewaarsku het.

Daar moet egter ook onthou word dat genl. Hertzog met sy tweestroombeleid eerlik bedoel het om gelyke regte aan die twee groepe te laat toekom solank die twee strome langs mekaar gevloei het en dat die uiteindelike ineenvloeiing as 'n natuurlike proses aan die toekoms oorgelaat moes word. Dit is egter 'n feit dat genl. Hertzog in sy oorhaastige politieke ywer om die twee strome bymekaar te bring, geleidelik verder van sy volk af weggedryf het. Gevolglik moes hy sy eie optrede nie net regverdig nie, hy moes steeds meer en meer as kampvegter van die Engelssprekendes optree. Sterk kom dit veral uit in sy Smithfieldse toespraak in November 1938, waarin hy die optrede van die Nasionaliste vergelyk met die toestand tydens die ou Suid-Afrikaanse Republiek: „Een seksie domineer en maak hom aanstootlik. Daardeur kom hy tot 'n val en die twis is erger as ooit. Ons weet dat daardie beleid gelei het tot die

---

14) Die Volksblad, 23/1/39; Die Transvaler, 30/1/39.
15) Die Volksblad, 7/11/40. Vgl. Van den Heever, a.w., bl. 677.
16) Van den Heever, a.w., bl. 685.
17) Ibid., bl. 687.

bloedigheid van ons Vryheidsoorlog."[18] Dit is inderdaad nie meer die taal van die Boeregeneraal nie, maar dié van 'n leier van 'n kunsmatige partypolitieke versameling. Die Transvaler sê dan ook tereg: „Die posisie was tog immers dat die ou Republieke die besitting van die Afrikaner was. Die Engelssprekende in hierdie land was die geluksoeker wat van die gasvryheid misbruik gemaak het. Sy landgenote oorsee het die land kom roof met sy hulp, van die regmatige eienaars. En nou stel genl. Hertzog dit voor asof die twee groepe mekaar probeer oorheers het met eweveel reg en eweveel onreg!"[19]

2. DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG.

Na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 het nie alleen die vryheidsideaal grootliks aan momentum gewen nie, maar die nederlaag wat genl. Smuts met sy Engelse ondersteuners Hertzog in die Parlement toegedien het, het die lang verwagte Afrikaner-eenheid op verrassende wyse binne bereik gebring. Teleurstelling het egter gevolg toe dit blyk dat, ten spyte van dr. Malan se grootmoedigheid om sy leierskap aan genl. Hertzog aan te bied, die begeerde eenheid maar steeds buite bereik gebly het. Die haakplek was die republikeinse doelstelling. Volgens adv. Strijdom het genl. Hertzog en mnr. N.C. Havenga „konsekwent en dwarsdeur" geweier „om iets te doen te hê met 'n party wat 'n republiek as doel het".[20] Die Transvaalse Hertzog-groep het egter op dié punt met die Nasionale Party saamgestem. Dit het baie daartoe bygedra dat daar in Januarie van die volgende jaar in die Parlement ooreengekom kon word oor 'n beginselgrondslag vir die te stigte party.

Op die belangrikste punte was dit in ooreenstemming met die Nasionale Party-beleid, hoewel die verskuilde elemente van die meer radikale opvatting grootliks daaruit verwyder is. Die reg van die volk word erken om „te enigertyd as hy dit in belang van die land ag", sy regeringsvorm langs konstitusionele weg te verander. Die Party spreek dit as sy oortuiging uit „dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse

---

18) Die Vaderland, 18/11/38.
19) Die Transvaler, 19/11/38.
20) Die Volksblad, 1/12/39; vgl. F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz: Die Republiek van Suid-Afrika, Johannesburg, 1966, bl. 176.

Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en tewens die enigste effektiewe waarborg is dat Suid-Afrika nie weer in Groot-Brittanje se oorlog gesleep sal word nie. Die Party sal hom dus beywer om alle ongerymdhede, wat die bereiking van daardie volksvryheid belemmer, uit die weg te ruim. Hy erken egter dat 'n republiek tot stand gebring kan word, alleen op die breë grondslag van die volkswil en met getroue inagneming van die gelyke taal- en kulturele regte van die twee seksies van die blanke bevolking. In ooreenstemming hiermee lê hy vas dat hierdie konstitusionele verandering tot stand gebring kan word alleen ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die stemgeregtigde blanke bevolking en nie bloot op grond van 'n parlementêre meerderheid, wat by 'n gewone verkiesing verkry mag word nie." Lidmaatskap van die party sou nie ontsê of geweier word aan 'n nasionaalgesinde Afrikaner wat gereed was om hom aan die party-verpligtinge te onderwerp maar wat nie oortuig was van die wenslikheid om in bestaande omstandighede 'n republiek tot stand te bring nie.[21] So het dan uiteindelik die Herenigde Nasionale Party of Volksparty in die Parlement tot stand gekom met genl. Hertzog as hoofleier.

Dit was egter duidelik dat die opvattings van sommige leiers van die Nasionale Party teen hierdie tyd so radikaal begin word het dat dit op 'n botsing met genl. Hertzog moes uitloop, veral omdat hy op daardie tydstip, om moeilik begrypbare redes, in die oë van baie nog steeds in die bresse getree het vir die Engelssprekendes wat hom so in die steek gelaat het en wie se optrede hy as 'n „geweldige skok" vir die Afrikaners beskryf het. Hy het die skuld op genl. Smuts geplaas en hom van „'n misdaad" teenoor die Engelssprekendes beskuldig. Vir baie het dit dus gelyk asof hy nog steeds gehoop het op eenwording van die twee groepe.[22] Daarenteen het adv. Strijdom prontuit verklaar: „As ek praat van volkseenheid, dink ek aan die Boerenasie en nie aan die eenheid van alle rasse in Suid-Afrika nie."[23]

---

21) Die Volksblad, 29/1/40.
22) Ibid., 4/11/39. Dat dit nie 'n suiwer siening van genl. Hertzog se beginselstandpunt was nie, is reeds in hoofstuk II par. 3(b) bespreek.
23) Die Transvaler, 11/2/39.

3. OPKOMS VAN DIE VOLKSBEWEGING-GEDAGTE.

Toe dr. N.J. van der Merwe op versoek van „'n afvaardiging van vooraanstaande Vrystaters" sy volgelinge oproep tot 'n monstervergadering in Bloemfontein op 20 Julie 1940 „om die stigting van 'n vrye Republiek vir Suid-Afrika, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk, te eis",[24] het die gevaar van 'n botsing binne die Herenigde Nasionale Party wesenlik geword.

Genl. Hertzog het hierdie byeenkoms sterk afgekeur nie net omdat hy as hoofleier daarin verbygegaan is nie, maar ook omdat hy dit as „uiters ongewens en onverstandig" beskou het.[25] Inderdaad is die Generaal nie alleen verbygegaan nie, maar daar is ook met die doelstelling van die vergadering afgewyk van die beginselgrondslag waaroor daar eenstemmigheid verkry was: dit spreek immers van afskeiding van „die Ryk" en nie net van die „Kroon" nie, en dit dring aan op „onmiddellike" optrede. Die Volksblad wys egter daarop dat die vergadering „gebore (is) uit die volk self, en juis daarin lê sy betekenis". Dr. Van der Merwe het hom beroep op die parlementêre ooreenkoms wat die vryheid gelaat het „aan lede van die party om te oordeel of dit in die huidige omstandighede wenslik is om oor te gaan tot die stigting van 'n republiek".[26] In sy toespraak voor 70,000 republikeinse Afrikaners verklaar dr. Van der Merwe: „Hy (genl. Hertzog) kan my dit ook nie misgun nie as ek hier openlik aan die wêreld verklaar dat ek die tyd ryp, ja meer as ryp beskou vir daadwerklike toepassing van ons konstitusionele reg om 'n republiek uit te roep of af te skei van die Britse Kroon en Ryk ..... Dit word beweer dat ons nie voldoende rekening hou met die gevoelens van die Engelssprekendes wat vandag vir die behoud van Engeland en die Britse Ryk hulle opoffer. Dit word gesê dat uit party-politieke oogpunt dit takties onverstandig is. My antwoord is in die eerste plek dat ek my te bekommer het oor die heil en welsyn van Suid-Afrika en nie oor die gevoelens van mense wat meer maak van die Empaaier en Engeland as van Suid-Afrika nie. Waarom moet die gevoelens van die meerderheid van die volk geweld aangedoen word ter wille van die minderheid wat bestaan uit die onnasionale en on-Suid-Afrikaanse elemente?

---

24) Die Volksblad, 10/7/40.
25) Ibid., 16/7/40.
26) Ibid., 20/7/40.

My antwoord is verder dat ons in hierdie saak ons nie kan inlaat met partypolitieke kwaksalwery nie. As ons om partypolitieke redes moet swig vir die gevoelens van die Imperialis en die Jingo, dan sal Suid-Afrika nooit weet wat waaragtige vryheid is nie ....."

Dit was sterk taal wat duidelik bedoel het om weg te breek van volksvreemde opvattings met hulle geykte terminologie; om te onderskei tussen „onnasionale-en-on-Suid-Afrikaanse" elemente aan die een kant en die volk van Suid-Afrika, „die Boerevolk", soos dit later in die besluit sou lui, aan die ander kant; om volkspolitiek van partypolitiek te skei, aangesien laasgenoemde juis steeds moes worstel met die vreemde volksbegrip wat aan die „on"-elemente gelyke seggenskap oor Suid-Afrika en sy volk wou verleen. Hierdie elemente se „taalregte" sou egter gewaarborg word, „en daar is ook geen rede waarom die Republiek vyandig sal hoef te staan teenoor Engeland of enige ander land nie". Maar „die Afrikaner se nasionale aspirasies" mog in geen omstandighede „dood gesmoor word" nie. Dit sou wel gebeur indien daar 'n republiek onder genl. Smuts tot stand sou kom met insluiting van ander Britse gebiede in Afrika, soos 'n gerug dit wou.

Dit het dus nie gegaan oor 'n republikeinse staatsvorm nie, maar oor die inhoud en karakter daarvan, wat volgens die eenparige besluit „ten volle moet ooreenstem met en aanpas by die godsdiens, geskiedenis en tradisies van die Boerevolk en wat op die volgende grondslae sal rus:

(a) Die bevordering en bestendiging van 'n bepaalde Christelike Nasionalisme;

(b) die handhawing van die Christelike beskawing op elke terrein; en

(c) doeltreffende ekonomiese volksredding."

Gelyke (politieke) regte aan die Engelse kon nie meer gerym word met 'n „Boere-republiek" nie, en daarom maak die ontwerp-konstitusie van die Federale Raad (Herenigde Nasionale Party) slegs van „gelyke taal- en kulturele regte" melding, terwyl genl. Hertzog daarteenoor later in die jaar sou aandring op gelyke regte vir hulle in alle opsigte.[27] Hierdie

---

27) Die Transvaler, 20/7/40.

twispunt lei dan ook uiteindelik tot die finale breuk tussen dr. Malan en genl. Hertzog, en daarmee verdwyn laasgenoemde uit die politiek.

Dit is opmerklik dat toe genl. Hertzog geweier het om die afvaardiging wat hierdie besluit sou oorbring, te ontvang, dr. Malan teenoor hulle aan die hand doen dat daar 'n leierskap-in-rade" in die lewe geroep moes word, „sodat die partyleiding nie in een of twee se hande setel nie - 'n komitee wat hom met die volk se aspirasies vereenselwig".[28] Dit was dus onvermydelik dat genl. Hertzog hom in November van daardie jaar sou afskei van die politieke party wat hy self probeer verwek het en hom permanent aan die partypolitiek sou onttrek, al het dit formeel geskied oor 'n saak van prosedure toe die kongres nie voorkeur wou verleen aan sy ontwerp-program van beginsels nie.[29]

Dit was ook meer as 'n saak van vertroue. Dit het in sy diepste wese gegaan oor die punt dat die leiers en die lede van die Nasionale Party op daardie tydstip in der waarheid gebreek het met die heersende opvattings van die partypolitiek wat gedink het in terme van 'n staatsburgerlike volk wat uit „twee seksies" bestaan. Hierdie verandering het nie net by adv. Strijdom en dr. Van der Merwe tot uiting gekom nie. Dit het veral ook sterk by adv. C.R. Swart na vore gekom toe hy hom juis by die opening van die herenigingskongres in Bloemfontein soos volg uitgelaat het: „Dit is op my hart om iets te sê omtrent die voortdurende versekerings wat van ons kant aan Britte in Suid-Afrika gegee word oor die beskerming van hul taal, kultuur en wat dies meer sy, in die nuwe orde. Ek wil, op my eie verantwoordelikheid, hier verklaar dat na wat in die jongste tye gebeur, daar by die Afrikanervolk 'n sterk gevoel begin ontstaan dat ons daardie versekerings nie meer moet gee nie ..... Daar begin ontstaan 'n sterk drang dat ons hier in die Republiek van Suid-Afrika moet hê: net een volk, een taal, een vlag, een volkslied, een onverdeelde trou."[30] En 'n week vroeër roep dr. Malan voor 'n studentegehoor in Pretoria uit: „Die skaal is vandag vinnig besig om oor te slaan. Die dae van imperialistiese heerskappy in Suid-Afrika gaan verby.

---

28) Die Volksblad, 5/8/40.
29) Ibid., 7/11/40; F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, a.w., bl. 177.
30) Die Volksblad, 7/11/40.

Die dag van Afrikanerheerskappy is daar! Die toekoms waarvoor ons staan, is die toekoms van hom wat Afrikaner voel en in staat is om homself also uit te lewe."[31]

Dit is op sterkte van hierdie innerlike wegbreking van die vreemde idee dat dr. Malan die volgende jaar sou verklaar: „Ons is geen partypolitieke organisasie in die gewone sin van die woord nie. Ons is meer as dit. As die Herenigde Nasionale Party of Volksparty beliggaam ons die twee grondgedagtes waarsonder geen Afrikanervolk ooit moontlik sou gewees het nie. Die een is die Nasionale idee en die ander is die idee van ons herstelde Afrikaner-volkseenheid."[32]

So het die dryfvere van die vryheidsbeweging: Afrikaner-eenheid, Afrikanervryheid ten opsigte van die buiteland, en Afrikanerseggenskap ten opsigte van sy eie staat, algaande uitgekristalliseer en vergestalting gevind in die politieke party, maar dan ook alleen omdat en nadat hy, in mededinging met ander volksorganisasies soos onder andere die Ossewabrandwag, die volksbegeerte in homself opgevang het. Want op daardie tydstip het die volk, gedryf deur dieselfde insigte, juis ook begin wegbreek van die politieke party self omdat hulle dit met die dinge wat hulle as volksvreemd beskou het, verbind het.

In hierdie stadium was die Ossewabrandwag, wat op 5 Februarie 1939 in Bloemfontein gestig is met die doel om die Afrikaner „buite en bo die partypolitiek te verenig" en met 'n kragtige vryheidsdrang te besiel, juis besig om Afrikaners by die tienduisende na hom te trek.[33] Die hele situasie is kernagtig opgesom deur prof. L.J. du Plessis in 'n persverklaring op 6 Augustus 1940,[34] waarin hy gewaarsku het teen die gevare van verdeelde leiding. Hy wys daarop dat die leiding op politieke gebied nie toevertrou word aan die aangewese politieke voormanne nie, „maar opgeneem word deur kultuurorganisasies en dergelikes meer. Dit weer is die gevolg van wantroue in die ‚politiek', maar ook van die traagheid van die politieke front om behoorlik in 'n vaste koers in beweging te kom". Nadat hy gewaarsku het teen geweld en

---

31) Ibid., 29/10/40.
32) H.N.P. of V.-party: Notule van die Ses-en-Twintigste Kongres, Bloemfontein, 1941, bl. 12.
33) Die Volksblad, 7/2/39.
34) Ibid., 6/8/40.

verwagtings van die buiteland, stel hy as doel om na te strewe: „Om eers die politieke mag te verkry langs die weë wat daarvoor aangewys is, en om daarna daardie mag te gebruik om Suid-Afrika uit te skakel uit enige buitelandse magsverband en hom te organiseer as Afrikaanse volkstaat volgens Christelik-nasionale en republikeinse tradisie, maar voorsien van alle hulpmiddels van die moderne industrie en met die nodige versterking van die gelykberegtigde opname van alle inlyfbare Afrikaansgesinde blankes, wat Suid-Afrika as hul vaderland aangeneem het". Hy pleit vervolgens vir die politieke party ten spyte van die wantroue: „Natuurlik is hierdie instrument nie volmaak nie, veral nie in Suid-Afrika waar dit uit die vreemde ingevoer is en nog nie voldoende by ons volksaard en landsomstandighede aangepas is nie. Bowendien is ons politieke situasie as dié van 'n verowerde volk self vals, sodat die gebreklike instrument aan misbruik bloot gestel is." Dit moet hervorm word, maar daarsonder kan nie voortgegaan word nie. „Daar (is) ook geen volk wat in die moderne wêreld sy staat daarsonder georganiseer het nie."

Hy wys op die twee koerse in ons land: „Dié van die Regering, die koers van volkebond, of Anglo-Saksiese Unie, Empire, 'n groot (Brits) Afrikaanse federasie en liberale, kapitalistiese demokrasie. In daardie rigting sal die Afrikanerdom as sodanig wegsmelt. Laat diegene wat daardie koers begeer, dit nou uiteindelik openbaar aanvaar - d.w.s. wat die leiers betref. Maar vir dié wat daar geen vrede mee het nie, vir dié wat in die politieke sake bo alles die behoud en die selfverwesenliking van die Afrikaanse nasie stel tot eer van God en Skepper, vir hulle is daar tog maar net een duidelike pad na ons bestemming, die Pad van Suid-Afrika, dié van volksvryheid en volkswelvaart ..... Die wat dit verlang, behoort dit nou duidelik te verklaar."

Hy noem die „afwyking van die Calvinistiese geloofstradisie van die Afrikanerdom" as die oorsaak van die verwarring en afwyking by die leiers. „Die liberalisme het die gebondenheid aan die deur God bepaalde nasionale roeping losgeweek in 'n valse vryheidsleer. Die liberale vryheidsleer is die bron van opportunisme, imperialisme en kleurblindheid by Afrikanerleiers wat nie meer soos pres. Kruger hulself verplig gevoel het om die ontwikkeling te lei uit ,die wortel van ons

volkshistorie' in gehoorsaamheid aan die Woord van God ook op politieke gebied nie."

Hierdie verklaring het in Augustus die lig gesien terwyl die uiteendwingende standpunte van genl. Hertzog en die leiers van die Nasionale Party nog gesmeul het onder die domper van eenheidsbegeerte, wat bygedra het tot die onsekerheid oor die koers op partypolitieke gebied. Nie net genl. Hertzog kon die teregwysing daarin ter harte neem nie, maar ook die radikales wat sekere toegewings teenoor genl. Hertzog nog moes eerbiedig. Moontlik hou die sterk uitlatings van sommige van hulle in die maande onmiddellik daarna verband met hierdie oproep om tot 'n beslissing te geraak oor die twee rigtings: „die koers van volkebond" ensovoorts, en die koers van „selfverwesenliking van die Afrikaanse nasie".

4. DIE UNIALE KONGRES 1941.

Op 3 Junie 1941 vind die Uniale Kongres van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty in Bloemfontein plaas. Hierdie byeenkoms, wat in meer as een opsig die stempel gedra het van 'n omvattende volkskongres omdat van sy belangrikste besluite die vrug was van samesprekings tussen die Party en verteenwoordigende volksorganisasies (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, Ossewabrandwag en Reddingsdaadbond),[35] kan sekerlik beskou word as een van die belangrikste partypolitieke byeenkomste in die geskiedenis van die republikeinse strewe. Die belangrikheid lê daarin dat die Party sy ideaal sowel as sy posisie as partypolitieke beliggaming van die Afrikanervolk binne die heterogene staat met sy liberalisties-gefundeerde regeringstelsel baie duidelik geformuleer het. Prinsipieel het die Party hom hier onverbiddelik op die suiwere grondslag van die nasionaal-organiese of volkstaatgedagte gestel en 'n modus operandi ter bereiking van sy doel aanvaar, wat hy teenoor èn volksgenoot èn vreemdeling bly handhaaf het totdat hy na 1961 die onbetwiste heerskappy namens die Afrikanervolk oor Suid-Afrika verkry het.

Dit is egter opmerklik dat, ten spyte daarvan dat die Party sy amptelike program van beginsels onveranderd bly handhaaf het in die vorm soos nog vasgelê in die onderhandelings

---

35) M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl. 205.

met genl. Hertzog en waarvolgens die Ryksbande nog gehandhaaf sou bly (daar was net sprake van afskeiding van „die Kroon") en die „stemgeregtigde blanke bevolking" oor republiekwording sou besluit, hier 'n allerbelangrikste nuwe beleid neergelê word by wyse van leierstoespraak, verklaring van die Federale Raad en kongresbesluite. Dit herinner baie aan die republikeinse kongres van die nie-republikeinse Nasionale Party in 1919 toe 'n opbruisende volksgevoel die politieke party in sy gety meegesleur het as 'n instrument van volkspolitiek.

Dr. Malan sê in sy openingsrede: „Programme van Beginsels en van Aksie wat vir normale tye opgetrek is, is nie genoeg nie. Ons staan in die krisisuur van ons volksbestaan en u moet vaste grond hê vir die groter vertroue wat van u gevra word. Om hierdie rede wil ek graag dat u die resolusies, wat vandag voor u gelê sal word, sal beskou as my persoonlike oortuigings en beleidsverklaring." Hy beklemtoon „die eerste resolusie" wat lui dat die Federale Raad se verklaring van 9 Mei „beskou moet word as offisiële beleid van die Party". In verband met die Engelssprekendes sê dr. Malan dat die verwysing na hulle nie gedoen word „met die doel om die Engelssprekendes self in te lig of te paai nie. Dit is reeds so dikwels en so nadruklik en terselfdertyd so tevergeefs gedoen dat ons almal daar moeg en sat van is ..... Tensy omstandighede radikaal verander, moet ons hulle maar laat vaar". Hy verwys dan ook na hulle as „'n aanhangsel van 'n ander volk" wat deur die Britse konneksie as „'n ras" aanmekaar gehou word.[36)]

'n Ontleding van die standpunte wat hier tot uiting gekom het, toon dat die staatkundige en nasionale aspek van die vryheidstrewe hier tot 'n eenheid saamvloei. Die Party stel hom op die standpunt van „'n vrye, onafhanklike republiek ..... afgeskei van die Britse Kroon en Ryk". Daar word nog meer gesê: „In vorm en karakter" moet die republiek aanpas by die volksaard en tradisies van die „Boerenasie wat die skepper en beskermer is van ons eie Suid-Afrikaanse nasieskap" en wat „in die Boere-republieke 'n stelsel ontwerp (het) wat ons eie is, wat hemelsbreed verskil van die Britse parlementêre stelsel en tog ook op demokratiese grondslag berus."

---

36) Uniale Kongres van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, Bloemfontein, 3 Junie 1941, Notule, bl. 14.

„Dis hierdie stelsel, na omstandighede gewysig en verbeter, waarop ons veilig kan en moet voortbou."[37]

Onafhanklikheid word nou nie meer net in 'n verbreking van die „Britse konneksie" (Kroon en Ryk) gesien nie, ook nie net in 'n republikeinse „staatsvorm" wat ook vir baie anti-Afrikaanse „Uitlanders" in die ou Transvaal aanneemlik was nie, maar veral in 'n eie regeringstelsel wat, soos dit hoort, moet aanpas by die volksaard en as sodanig produk moet wees van die volkskultuur.

Die Party, nadat hy sy staatsideaal geformuleer het, gee in die tweede plaas ook rekenskap van die Afrikaner se posisie in die bestaande staatsburgerlike bevolking. Dit kan nouliks duideliker gestel word as in die woorde van die Federale Raad:[38]

> „Ons erken verder die noodsaaklikheid van 'n breër volkseenheid insluitende o.a. ook die politieke samewerking van Afrikaans- en Engelssprekendes, maar ons is nie bereid om sulke samewerking met enige seksie van die bevolking te soek ten koste van nasionale beginsels en Afrikanervolksideale nie .....
>
> „Ons maak verder daarop aanspraak dat die Afrikaanssprekende deel van die bevolking, as die skepper en draer van ons eie Suid-Afrikaanse nasieskap, 'n onbetwisbare reg besit beide op sy eie voortbestaan en op sy eie besondere eenheid, sonder dat hy daarmee die beskuldiging van ‚rassehaat' of ‚rassepolitiek' in enige opsig behoef te verdien.
>
> „Ons eis derhalwe met reg dat ander seksies van die blanke bevolking in belang van Suid-Afrika <u>met ons</u> sal kom saamwerk op <u>ons nasionale grondslag</u>, en verwerp ons die teenoorgestelde eis, so aanhoudend gestel, dat ons <u>op 'n ander grondslag</u> moet kom saamwerk <u>met hulle</u>.
>
> „Gevolglik beskou ons ook die behoud en bevordering van ons eie Afrikaner-volkseenheid as 'n doel op sigself en as 'n noodsaaklike voorwaarde vir enige gesonde politieke samewerking."[39]

---

37) Ibid., bl. 16.
38) Ibid., bl. 18, punte 4, 6, 7 en 8.
39) Onderstreping deur die Party self.

Die Afrikaanse politieke party het hiermee inderdaad 'n hele end op die prinsipiële pad gevorder sedert die dae toe sy leiers 'n „Nuwe Zuid-Afrikaanse Natie" uit Afrikaans- en Engelssprekendes wou „sementeren" en daarom nie „te sterk op een stuk" wou staan nie. Hierdie politieke belydenis kon nie uit teleurstelling en verbittering as gevolg van die oorlogsbesluit ontstaan het nie, want hierdie gees het, soos reeds aangetoon is, reeds voor die uitbreek van die oorlog tydens en ná die Eeufeesvierings tot openbaring gekom. Die oorlog het wel momentum daaraan verleen. Die besef dat die Engelse in hul konsentrasie op die oorlogspoging in ieder geval buite bereik was, het 'n openhartigheid gestimuleer wat in later jare weer minder opvallend sou word.

Die grondslag was egter gelê. Vir die toekoms is aanvaar dat „Suid-Afrikaanse nasieskap" daardie element is wat behoort tot „die Afrikaanssprekende deel van die bevolking" as „skepper en draer" daarvan. Vereenselwiging hiermee word nou as voorwaarde gestel vir Engelse samewerking op politieke gebied. Daarmee is die Engelse taal en kultuur nie misken nie. Hierdie regte is vir hulle gewaarborg. Hul bydrae tot Suid-Afrika se politieke toekoms sou egter medewerkend moes aansluit by die Afrikanervolk se roeping en kon nie plaasvervangend wees nie. Dr. Malan het hierdie feit baie sterk beklemtoon toe hy in sy openingsrede hom soos volg uitgelaat het: „Ons nasieskap is ons eie en niemand anders s'n nie, en dit eis ons onverdeelde trou, en alles wat essensieel daartoe behoort moet ook ons eie, en ons eie alleen wees."[40]

Vervolgens het die Party ook baie duidelik verklaar dat hy die Afrikanervolkseenheid binne en rondom hom (o.a. deur middel van die Eenheidskomitee) wil organiseer. Die Engelssprekende moet bereid wees om sy samewerking op die hierbo genoemde grondslag en ideaalstelling te verleen. Volgens hierdie grondslag en ideaal is Afrikanereenheid „'n doel op sigself" en „Afrikaner-volksideale" die grondslag. „In ons Party het ons plek vir Engelssprekende republikeine wat al ons beginsels onderskryf, maar ons het beslis geen plek vir Britse Imperialiste en hanskakies nie."[41] Dr. Malan beklemtoon dan ook op daardie dag die noue samehang tussen

---

40) Ibid., bl. 14.
41) Ibid., bl. 14, dr. Malan.

die volk en die Herenigde Nasionale Party. Dit maak van laasgenoemde iets meer as 'n partypolitieke organisasie in die gewone sin van die woord: „Dis ons wat die idee van 'n eie Suid-Afrikaanse nasieskap as 'n heilige erfenis oorgeneem het uit die hande van ons heldhaftige voorouers ....."

5. OPLOSSING VIR DIE VOLKSTAATIDEE.

Hoewel die Nasionale Party later meermale verkiesingsprogramme aangebied het wat ook 'n beroep moes doen op Engelse steun by verkiesings en omstreeks 1948-1953 van sy republikeinse koers in die praktyk afgewyk het, het dit tot ná die republiekwording 'n suiwer Afrikaanse Party gebly, sodat mnr. P.O. Sauer dan ook in 1964 sê: „Nou na vyftig jaar, is ons weer in die posisie dat ons binne die N.P. moet voorsiening maak vir Engelssprekendes wat die party se beginsels heelhartiglik onderskryf."[42] Wanneer dr. Verwoerd in 1964 verklaar: „Die Nasionale Party was nooit en is nie 'n gewone politieke party nie. Dit is die volk in beweging",[43] beklemtoon hy daarmee net wat dr. Malan drie-en-twintig jaar tevore bedoel het: binne die bestaande liberalistiese, Britse staatserfenis met sy heterogene staatsvolk is die Nasionale Party die Afrikanervolk, en hierdie volk aan bewind maak van die Suid-Afrikaanse staat 'n volkstaat wat voortgaan op die weg na volksbestemming op staatkundige terrein. Wie op politieke gebied meehelp aan hierdie volksbeweging, is welkom as volksgenoot, al praat hy Engels; wie nie meehelp nie, is uitgesluit van die volksroeping op staatkundige terrein, en hy kan dit ook nie belet of vervang nie.

Op hierdie wyse het die Nasionale Party die oplossing gevind vir die probleem wat aan die begin van hierdie verhandeling gestel is ten opsigte van die nasionale aspek van die vryheidstrewe. Diegene wat die wese van die republikeinse strewe soos dit ontwikkel het uit die Afrikaanse lewensbeskouing van organiese volksverband en Goddelike roeping, nie begryp nie, het die stelling van dr. Verwoerd as een groot paradoks beskou, soos o.a. blyk uit 'n hoofartikel van The Star[44] wat konkludeer: „Presumably, however, if it is possible to have a state within a state and 'free'

---

42) Dagbreek, 23/8/64, Dirk Richard.
43) Die Transvaler, 12/5/64.
44) The Star, 12/8/64.

Bantustans within a free Republic, it is possible to have national unity within Nationalist unity, if only because anything seems possible. Since ordinary mortals find this so bewildering, it is perhaps best left to dr. Verwoerd. He finds it all so easy."

Hierdie oplossing is natuurlik net moontlik solank drie faktore gehandhaaf bly: Partyeenheid; Partymeerderheid; en Party-suiwerheid ten opsigte van beginsel en standpunt.

Wat eersgenoemde betref, het dr. Malan al in 1941 benadruk: „Skeur ons, dan skeur ons hele volk in alle rigtings."

Die tweede faktor is vloeibaar en hang aan die een kant af van die mate waarin Engelssprekendes hulle met die „Nasionale idee" vereenselwig en só die volkseenheid deur assimilasie versterk en aan die ander kant van die uitwerking van immigrasie as versterkende faktor vir die onnasionale element. Bekommernis oor albei hierdie aspekte is in die jongste tyd reeds in die pers gelug.[45)]

Wat suiwerheid van beginsel en standpunt betref, spreek dit vanself dat, indien die party waaraan die Afrikaners behoort, uit onverskilligheid of ter wille van politieke oorwegings sy Afrikaans-nasionale beleid sou verloën of verwater, dit nie meer as 'n instrument van Afrikanermagsuitoefening sal deug nie. Selfs die begeerte om ter wille van die politieke eenheid van alle blankes toegewings teenoor anderstaliges te maak, kan, wanneer dit te ver gevoer word, tot die neutralisering van die Afrikaanse staatsmag lei, net soos genl. Botha se konsiliasiebeleid na 1910 die oorheersend Afrikaanse party eerder tot 'n instrument van Britse imperialisme as van Afrikaanse nasionalisme omgevorm het.

Op grond van hierdie drie faktore kan die oplossing wat die Nasionale Party gevind het, slegs maar as 'n onvolkome en tussentydse hulpmiddel in bestaande omstandighede dien. Hierdie hulpmiddel moet tewens ook aangewend word in belang van die blywende vestiging van die Afrikaanse volkstaat en die grondslae moet gelê word vir die saamgroeiingsproses wat uiteindelik moet lei tot een homogene Afrikanerdom.

---

45) Vgl. o.a. Die Transvaler, 21/5/65 (hoofartikel), 14/5/65; 4/5/65 (hoofartikel); 12/4/66.

Met die anti-Britse reaksie in Engelssprekende kringe, ook ten noorde van die Limpopo as gevolg van Brittanje se Afrika-beleid, is die moontlikhede vir so 'n ontwikkeling op 'n Afrikaans-nasionale grondslag op die oomblik besonder gunstig.

HOOFSTUK IX

DIE VOLKSTAATGEDAGTE

Nadat die vryheidsideaal in 1941 'n hoogtepunt bereik het toe 'n verenigde Afrikanerdom eenstemmigheid verkry het oor die wese van sy strewe, volg daar in die daaropvolgende jare weer 'n afwaartse gang. Aan die een kant verval die Afrikanervolk in 'n beskamende stryd om leierskap. Aan die ander kant veroorsaak die ongunstige verloop van die oorlog en 'n naderende verkiesing dat aan die parlementêre front die ideaal van republikeinse onafhanklikheid nie net van sy inhoud ontledig word nie, maar selfs van die terrein van die praktiese politiek verwyder word. Nadat die Afrikaanse strewe na nasionale selfverwesenliking hom aanvanklik suiwer geopenbaar het, vervaag die doelstelling uiteindelik tot 'n bloot formele staatkundige aanpassing by die grondslag van die Britse idee, ten spyte daarvan dat die Afrikanervolk deur middel van sy politieke party die seggenskap binne sy staat op eie krag verower.

1. DIE REPUBLIKEINSE KONSEPGRONDWET.

Terwyl die party verbreed is tot 'n volksbeweging aan die parlementêre front, het die Herenigde Nasionale Party in die geselskap van die volksorganisasies in Junie 1941 sy beleid laat bevrug deur die Afrikanervolkstaat-idee. Op daardie tydstip is die werwing van Engelse stemme „maar laat vaar" omdat hulle in 'n oorlogsroes verkeer het. Dit kon buite rekening gelaat word omdat die toestand op daardie tydstip gunstig gelyk het vir 'n Duitse oorwinning, wat republiekwording langs 'n ander weg as die stembus binne bereik sou gebring het.

Terwyl die Party nou onbevange - „vry van inhibisies", soos The Forum dit stel - sy standpunt kon stel, kon hy presies vertolk wat in die Afrikanervolk se hart omgegaan het. Dit wat in die Afrikanervolk se hart geleef het, het weerklank gevind in die Republikeinse Konsepgrondwet wat leidende Afrikaners, met insluiting van etlike latere Herenigde Partykabinetslede,[1] opgestel het. Hierdie Konsep is as beleidsgrondslag of „leidraad" vir samewerking deur die

---

1) Vgl. dr. J.F.J. van Rensburg: Die O.B., 15/11/50.

volksorganisasies in Junie 1941 te Bloemfontein aan dr. Malan as leier van die parlementêre front oorhandig en deur hom as sodanig aanvaar.

In later jare is dit ontken dat dr. Malan die Konsep namens die Herenigde Nasionale Party aanvaar het, met ander woorde, dit is betwis dat die Party hom met die strekking daarvan vereenselwig het. Oor hierdie vraag moet daarom vooraf duidelikheid verkry word.

Hierdie „eenheidskema vir die toekomstige Christelik-nasionale republikeinse orde in Suid-Afrika" was die eenstemmige voorstel van 'n komitee uit die volksorganisasies.[2] Dit is saam met 'n beginselformulering, wat bekend gestaan het as „Verklaring namens Volksorganisasies", aan die leier van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty in Junie 1941 voorgelê. Die Konsep was nie vir publikasie bedoel nie. Toe die Ossewabrandwag kort daarna egter 'n voorligtingstuk uitstuur en daarin die inhoud van die Konsep opsommend weergee om die aard van die republiek wat hy beoog, aan te dui, het dr. Malan geëis dat die omsendbrief teruggetrek moet word omdat die Ossewabrandwag hom onder andere op die Party se terrein begeef het en omdat die stuk ook nie vir publikasie bedoel was nie.[3] Dr. Malan sê later in 'n toespraak op Stellenbosch dat daar in Bloemfontein „eenparig eenheid verkry" is op grondslag van 'n „eie beleid". Hy verwys na die eiesoortige regeringstelsel wat tydens Kruger se bewind in die Suid-Afrikaanse Republiek bestaan het en voeg daaraan toe: „Ons weet nou watter wese en karakter die republiek moet hê", en hy verlang dat oor „ondergeskikte punte" en besonderhede nie getwis sal word nie.[4]

Dr. J.F.J. van Rensburg, leier van die Ossewabrandwag, het in sy toespraak op Brakpan ook te kenne gegee dat „ons nie getroud is met die besonderhede nie".[5]

Daar kan dus aangeneem word dat die Konsep deur die deelhebbende organisasies in die Eenheidskomitee wel aanvaar is insover dit die wese en karakter van die republiek aangedui

---

2) Die Ossewabrandwag: Afrikaner-eenheidskomitee Gestig: Verklaring oor wat bereik is, Pamflet, Potchefstroom 1941, bl. 1.
3) Die Burger, 13/8/41 en 23/1/42.
4) Ibid., 28/8/41.
5) Ossewabrandwag: Dr. J.F.J. van Rensburg antwoord dr. D.F. Malan, Pamflet, 23/8/41.

het. In die inleidende opmerkings, toe dit uiteindelik in opdrag van dr. Malan gepubliseer is, word gesê „dat die Party en sy hoofleier die skema in sy hoofbeginsels en in sy wye omtrekke aanvaar het".[6] Die vraag bly dan natuurlik: wat word as „hoofbeginsels" of „wese", en wat as „ondergeskikte punte" beskou?

Hierop werp die Verklaring Namens Volksorganisasies miskien groter lig. Hierdie verklaring, wat deur dr. Malan skriftelik namens sy „hele Party" „geesdriftig" aanvaar is, lui: „Die Afrikaner, as die oorspronklike ontginner van die land, moet in sy burgerskap bevestig word, en beskerm word teen oorheersing deur diegene wat nie hul volste trou aan die land wil gee nie. Sy regte moet absolute beskerming ontvang en oral en altyd gehandhaaf word." Origens word bepaal dat die staat Christelik-nasionaal moet wees, nie „op vreemde model" geskoei nie en „gebou op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse Republieke".[7] In 'n latere verklaring het die voorsitter van die Eenheidskomitee, prof. L.J. du Plessis, nader omskrywe wat onder volksregering verstaan word: „In hierdie volksregering sal die Afrikanerdom die deurslag gee."[8]

Dit het dus 'n Afrikanervolkstaat in vooruitsig gestel, waarin die staat of owerheid ook die plig sal hê om die Afrikaner se eersgeboortereg te beskerm - sy reg op selfbeskikking binne en deur middel van sy eie staat en sy reg om sy eie stempel daarop af te druk. Verdere pligte het ingesluit beeindiging van die uitbuiting van die Afrikanerdom, uitwissing van die agterstand van die Afrikanerdom in verskillende beroepe en bevordering van Christelik-nasionale onderwys. Die Konsepgrondwet het natuurlik al hierdie element bevat en dit meer in besonderhede uitgebou.

Die Party het ongetwyfeld die bepaling aanvaar dat die republiek 'n Afrikanervolkstaat moet wees waarin die Afrikaner „as die oorspronklike ontginner van die land" in 'n oorheersende en beskermende posisie geplaas sou word. Dr. Malan het trouens vyf maande later weer eens in Bloemfontein gesê dat „ons reeds ooreengekom het" oor „die soort republiek wat

---

6) Die Burger, 23/1/42.
7) Afrikaner-Eenheidskomitee Gestig, t.a.p., bl. 3.
8) Die Burger, 19/8/41.

ons verlang". Op dieselfde dag sê mnr. A.J. Werth op Oudtshoorn: „Ons wil 'n Republiek hê waarin die Afrikaner baas is."[9] Mnr. S.P. le Roux stel dit weer so: „Ons wil nie regeer word deur indringers uit die buiteland nie."[10] Op hierdie spoor is daar vir etlike maande volhard. Te Elliot antwoord dr. Malan op 'n vraag of hy in verband met 'n republiek daaraan dink dat hier twee volke in die land is: „Hier is maar een volk, die nasionaalgesinde Afrikanervolk. Die ander is nie 'n volk nie, hulle is deel van 'n volk oorsee." Op 'n verdere opmerking dat die Afrikaners net sestig persent van die bevolking vorm, het dr. Malan geantwoord dat die ander net veertig persent vorm.[11]

Op Nylstroom gee dr. Malan weer eens uitdrukking aan die ideaal van 'n volkstaat wanneer hy na die Afrikanervolk verwys as 'n skepping van God wat geen aanhangsel van enige ander volk wil wees nie, maar „wil baas wees in ons eie huis".[12] Hy verwys na die gevaar van „duisende immigrante", maar hou die troos voor dat „ons op pad is om op ons eie krag te steun". Die gehoor hoef ook nie onseker te wees omtrent wie die „ons" is nie. „Ons wil ook nie die eenheid van vreemdsoortige elemente hê nie ..... Ons staan vir die volkseenheid van alle Afrikaners wat sê: „Suid-Afrika is my enigste vaderland". Hierdie vaderland se grondslag moet Christelik-nasionaal wees, en die seggenskap sal gegee word aan „almal wat die grondslag van die republiek uitleef". Dr. Malan gaan selfs sover om te sê dat hierdie volksbeginsel in die nuwe staat suiwerder deurgevoer sal word as in die Boererepublieke waar dit weens „Engelse druk" nie konsekwent uitgevoer kon word nie. Op die Transvaalse kongres, van die Nasionale Party 'n paar dae later, benadruk dr. Malan dat „jou regeringsvorm moet gebore word uit jou volk self" en dat die Afrikaners 'n oorspronklike staatstelsel, „een wat besonder doelmatig is", geskep het. Hy spieël die toekomstige staat in verskillende opsigte aan hierdie historiese erfenis en sê dat die staat sy verantwoordelikheid teenoor God en sy volk moet besef. „Veldmaarskalk Smuts mag nie daardie

---

9) Ibid., 24/9/41.
10) Ibid., 11/8/41.
11) Ibid., 24/9/41.
12) Ibid., 9/8/41.

republiek kry nie. Die Afrikanervolk moet dit kry, maar dan moet hy sorg dat hy as 'n verenigde front bymekaar staan."[13] Dit gaan dus nie maar net om 'n republiek waarin enigeen kan regeer nie, maar 'n republiek waarin die mag by die Afrikaner sal berus.

Dit is opmerklik dat die Herenigde Nasionale Party in daardie jare geoordeel het dat die Afrikanervolkstaat net aan die opregte, die nasionaalgesinde Afrikaners moet behoort. Afrikaners soos genl. Smuts, kol. D. Reitz en andere is by die „vyandiggesinde en onnasionale elemente" gereken, wat uitgesluit moes word van seggenskap in die republiek.[14] Gevolglik sê dr. Malan met betrekking tot die republiek nog later te Vereeniging: „Seggenskap wil ons gee aan die wat alleen aanspraak daarop het."[15]

Daar kan dus geen twyfel bestaan nie dat die Herenigde Nasionale Party hom in 1941 heelhartig vereenselwig het met die strekking en doelstellings van die Republikeinse Konsepgrondwet.

Toe hierdie Konsep in Januarie 1942, kort nadat die Nasionale leier in die Parlement 'n republikeinse mosie ingedien het, vir publikasie vrygestel is, het Die Transvaler in 'n begeleidende hoofartikel daarop gewys dat hierdie stuk opgestel is deur Afrikaners wat bekend is met die lewensbeskouing van hul volk en wat dus weet hoe die regeringsvorm van die toekomstige republiek daar sal moet uitsien om te kan voorsien in die behoeftes van die volk. Die konstitusie sou geen uitvoerproduk wees nie omdat dit alleen vir die Afrikaanse volk goed sou wees. Die artikel verklaar dan uitdruklik: „Die republikeinse voorstel wat dr. Malan verlede week by die Volksraad ingedien het, en die Herenigde Nasionale Party se programme van beginsels en van aksie is voldoende bewys dat die Party presies beoog wat in hierdie konstitusie staan."[16]

---

13) Die Burger, 13/8/41.
14) Tydens die bespreking in die Volksraad van dr. Malan se republikeinse mosie in 1942 het dr. Van Nierop op die vraag van genl. Smuts, wie die vyandiggesinde en onnasionale elemente is, sonder weerspreking geantwoord: „Uself". Debatte van die Volksraad, Deel 43, 1942, kol. 53.
15) Die Burger, 20/10/41.
16) Die Transvaler, 23/1/42.

Op 23 Januarie word die Konsepgrondwet volledig gepubliseer in al die Nasionale koerante. Die inhoud daarvan openbaar die konkretisering van die volkstaatgedagte, toegepas op die Afrikanervolk.

Die eerste artikel bevat die roepingsgedagte: „In gehoorsaamheid aan God Almagtig en Sy Heilige Woord erken die Afrikaanse volk sy nasionale bestemming soos beliggaam in sy Voortrekkerverlede tot die Christelike ontwikkeling van Suid-Afrika ....." Die woord „Afrikaanse" in plaas van die meer gangbare „Afrikanervolk" wat 'n verskeidenheid van betekenisse bevat, moet beskou word as 'n beklemtoning van die eksklusiewe Afrikaanse karakter van die beoogde staat.

In die tweede onderafdeling van artikel twee word bepaal dat die republiek gevestig sal wees op Christelik-nasionale grondslag „en erken dus as maatstaf vir die staatsbestuur in die eerste plek die regsbeginsels van die Heilige Skrif, ten tweede die duidelike ontwikkelingsrigting van die volksgeskiedenis en ten derde die hervormingsbehoeftes van die moderne staatsbestuur besonderlik met die oog op die omstandighede van Suid-Afrika". Die republiek sal dus moet staan op die penwortel van die Afrikaner-verlede en -lewensbeskouing. Dit is immers wat onder Christelik-nasionaal nog steeds verstaan is.

Die vyfde onderafdeling van dieselfde artikel bevat die konsekwensies van die volkstaatgedagte: „Afrikaans as die taal van die oorspronklike blanke inwoners van die land, is die eerste amptelike taal. Engels word beskou as 'n tweede aanvullende amptelike taal wat op die voet van gelykheid behandel word en gelyke vryheid, regte en voorregte geniet met die eerste amptelike taal, oral en wanneer sodanige behandeling deur die staatsgesag beoordeel word as in die beste belang van die staat en sy inwoners." Hierdie bepaling kom ooreen met die opvatting dat die volk wat tot 'n staat georganiseer moet word, aan suiwer etniese maatstawwe gemeet moet word. Dit gaan nie om inwoners wat op grond van hul inwonerskap burgers van die staat is nie, maar om diegene wat onder meer deur 'n gemeenskaplike taal tot 'n volk saamgesnoer is. Prof. L.J. du Plessis, wat op die voorpunt van die volksorganisasies en die aanbieding van die Konsepgrondwet gestaan het, stel daarom sy standpunt glashelder soos volg: „Ons verwerp

geheel-en-al die opvatting dat alle Suid-Afrikaners saam as een volk gereken moet word: Die Afrikanerdom is vir ons die Volk van Suid-Afrika, en die res van die Suid-Afrikaners is, vir sover hulle blank is, òf potensiële Afrikaners, òf vreemdelinge."[17)]

Die derde artikel pas hierdie volks- en staatsopvatting verder toe waar dit onderskei tussen onderdane en burgers. Eersgenoemdes het aanspraak op die staat se beskerming, ook in die buiteland. Die burgers is die blanke onderdane wat deur die republiek as staatslede erken is: „Sodanige erkenning word alleen verleen aan onderdane van wie verwag kan word dat hulle volksopbouend sal optree, watter status hulle vantevore ookal besit het." Alleen burgers kan die kiesreg verkry ten opsigte van die republiek as sodanig.

Die sesde artikel handel oor die Staatspresident en sy bevoegdhede. Onder meer word bepaal dat sy optrede in verband met die volvoering van sy pligte sowel as die bekleding en voortsetting van sy amp geheel en al onafhanklik sal wees van enige stemming in die Volksraad, waarvan hy ook nie lid mag wees nie.

Die vyfde artikel bepaal dat die volksverteenwoordiging sal bestaan uit (a) 'n Volksraad en (b) 'n Gemeenskapsraad waarin die geestelike, kulturele, ekonomiese en maatskaplike belange van die gemeenskap (let wel: nie van die volk nie) en van groepe binne die gemeenskap verteenwoordig word in raadgewende hoedanigheid.

Die beginsel van skeiding tussen volksverteenwoordiging en regering, wat ook in die Transvaalse Republiek aanwesig was, word in die vierde artikel gedeeltelik ingevoer insover dit lidmaatskap van die volksverteenwoordiging vir die Ministerraad nie heeltemal belet nie, maar wel bepaal dat die Ministerraad nie noodwendig hoef te bestaan uit lede van die Volksraad nie. 'n Verdere bepaling lui dat die Ministerraad nie vir die behoud van die regeringsmag afhanklik is van die lot wat wetsontwerpe, ingedien in die Volksraad, te beurt val nie.

Die volkstaatbeginsel geld, volgens die tiende artikel, nie net vir die blanke volk in Suid-Afrika nie, maar ook vir die nie-blankes wat as gesegregeerde groepe selfbestuur op eie

---

17) Die Transvaler, 30/4/41.

gebied onder leiding van die sentrale landsbestuur toegestaan word namate die groepe ryp is vir die uitoefening van sodanige selfbestuur, waartoe hulle stelselmatig opgelei moet word.

Ten opsigte van sy Christelik-nasionale lewensroeping sal die volk ook beskerm word deurdat die propagering van enige staatkundige beleid en die bestaan van enige politieke organisasie wat in stryd is met die vervulling van sodanige volksroeping, in die elfde artikel verbied word.

Dit is belangrik om te weet dat hierdie hooftrekke van die beoogde republiek in 1941 deur die Afrikanervolk, soos hy in sy volksorganisasies en politieke party georganiseer was, en toe hy „vry van inhibisies" sy ideaal kon formuleer, met groot eenstemmigheid aanvaar is.

2. DIE REPUBLIKEINSE MOSIE.

Vroeg in 1942 het die menings weer begin uiteenloop toe veral die Herenigde Nasionale Party deur oorwegings van praktiese politiek van hierdie koers afgedwing is. Die eerste teken van koersverandering is merkbaar in 'n opmerking van Die Burger met die publikasie van die Konsepgrondwet dat twee bepalings met hulle formulering verwarring kon skep: die een „vanweë sy duistere bewoording" en die ander „omdat dit in stryd skyn te wees met 'n beginsel in dr. Malan se republikeinse mosie en dus ook met 'n beginsel deur die Partykongresse aanvaar". Die eerste bepaling het betrekking gehad op burgerskap wat alleen verleen word aan onderdane van wie verwag kan word dat hulle volksopbouend sal optree. Die blad vra wie is dit wat sal kan of moet „verwag" terwyl burgerregte alleen volgens wetlike vasgestelde reëls en vereistes toegeken word. Die ander „ongelukkig gestelde" bepaling het betrekking gehad op die amptelike taal. Volgens Die Burger spreek sowel dr. Malan se Volksraadsmosie as die besluite van die Party se Uniale Kongres van die „getroue inagneming van die gelyke taal- en kulturele regte van albei seksies van die blanke bevolking".

Die eerste beswaar raak natuurlik nie die beginsel nie, wel die metode van burgerregbepaling en bevat 'n aanneembare wenk. Die aanvaarding van hierdie beginsel lê reeds opgesluit in dr. Malan se openingsrede voor die Uniale Kongres in 1941, met sy verwysing na die „seggenskap in ons landsake"

wat tot hiertoe geskied het op 'n „uiters" liberale skaal, en die kieserslyste wat „volgepak (is) met onassimileerbare elemente", wat daartoe lei dat ons 'n staat kry „wat karakterloos en koersloos is en 'n volk sonder eenheid, sonder 'n nasionale wil en sonder krag".[18] Dit is immers ook hierdie beginsel, wat die Party verbied het om „gelyke politieke regte" vir die Engelssprekendes te erken, waaroor die botsing met genl. Hertzog ontstaan het. Die beginsel het gegaan oor die seggenskap van die Afrikanervolk.

Die taal-klousule het skynbaar wel van die aanvaarde beleid van die Nasionale Party afgewyk: laasgenoemde het net van „gelyke regte" gespreek, terwyl die Konsepgrondwet „gelykheid en gelyke vryheid" onderhewig maak aan die oordeel van die staatsgesag wat plek en tyd betref. In praktyk sou albei formuleringe waarskynlik op dieselfde neergekom het, aangesien enige regstreekse onderdrukking van die Engelse taal en kultuur die proses van assimilasie sou belemmer het. Die verskil spits dus eintlik toe op die status wat Engels sou beklee as „tweede" of „aanvullende" taal (hoewel op 'n basis van gelykheid). Die konsepbepaling het blykbaar bedoel om die „eersgeboortereg" van die Afrikaner en van sy taal binne sy volkstaat prinsipieel te beklemtoon ter wille van die karakter van die staat.

Die Herenigde Nasionale Party sou egter in die volgende jare sy houding met betrekking tot burgerskap of politieke regte aanpas by die eise wat die realiteit van politieke toestande gestel het. Die volgende jaar waarborg die verkiesingsmanifes reeds „aan die Afrikaans- en Engelssprekende seksies van ons bevolking albei dieselfde beskerming vir hul politieke, taal- en kulturele regte".[19] Dit was 'n openlike afwyking van die beginsel vervat in die Konsepgrondwet wat selfs Die Burger in sy kritiek die vorige jaar nog gehandhaaf het.

In Januarie 1942 het die Party egter nog sterk op die grondslag van 1941 gestaan. Dr. Malan het in plaas van die gebruiklike mosie van wantroue as leier van die Opposisie 'n mosie in die Volksraad ingedien in die volgende bewoording:[20]

---

18) H.N.P. of V.-Party: Notule van die Ses-en-twintigste Kongres, Bloemfontein, 1941, bl. 15.
19) Die Burger, 15/6/43.
20) Debatte van die Volksraad, Deel 43, 1942, kol. 32.

„Dat,

Met die oog op die ernstige krisis waarin ook ons land weens deelname aan die oorlog betrokke geraak het, die Raad verklaar

(a) dat ons hoogste volksbelange alleen gedien kan word deur die omskepping van Suid-Afrika in 'n republiek, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk en vry en onafhanklik van enige ander buitelandse mag;

(b) dat sodanige republiek nie geskoei mag wees op vreemde model nie maar opgebou moet word ooreenkomstig ons eie volksaard en tradisies op die beginsels van volksregering soos dit beliggaam was in die twee gewese Suid-Afrikaanse Republieke met verbreking egter van alles wat vals en volkskadelik is in die bestaande Britse liberalistiese demokrasie en met die nodige aanpassing aan moderne omstandighede;

(c) dat dit Christelik-nasionaal moet wees in wese en karakter en gegrond moet wees op die getroue inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies van die blanke bevolking;

(d) dat dit veilig gemaak moet word vir die blanke ras en sy beskawing ooreenkomstig die voogdybeginsel; en

(e) dat dit doeltreffend beskerm moet word teen die kapitalistiese en parasitiese uitbuiting van sy bevolking sowel as teen die ondermynende invloede van vyandiggesinde en onnasionale elemente."

Hierdie mosie bevat al die wesenlike elemente van die eenheidsgrondslag van 1941 en die Konsepgrondwet. Die karakter en vorm van die staat moes Afrikaans wees, want dit moet opgebou word ooreenkomstig „ons eie volksaard en tradisies". Daar kon geen sprake wees van 'n „Suid-Afrikaanse" volksaard en tradisie nie, omdat daar twee afsonderlike volke bestaan met verskillende volksaard en tradisies.[21] Dit het hier betrekking op die Afrikanervolk met sy republikeinse en Christelik-nasionale tradisie. Die Engelssprekendes sou met die

---

21) Vergelyk ook G.H. Calpin: There are No South Africans, London, 1941, Hoofstuk 1.

volste reg op gebruik van hul taal- en kultuurgoedere hulle na hierdie „volksaard" met sy Christelik-nasionale lewensbeskouing moes skik - in die verwagting dat ook hulle daarin sal opgaan, of anders uitgesluit sal bly van deelgenootskap en tot die „vyandiggesinde en onnasionale elemente", waarteen die republiek beskerm moet word, gereken sal word.

Hierdie stelling word inderdaad onderskryf deur Nasionale sprekers tydens die debat. Dr. T.E. Dönges waarsku die Engelssprekende dat as hy seggenskap wil hê in die stigting van die nuwe republiek, hy nie opsy durf staan buite die stroom van nasionalisme nie. Met daadwerklike teenstand teen die nasionalisme sou die Engelssprekende homself van sy stem en sy reg om saam te bou, beroof: „As hy kan inkom in hierdie stroom van nasionalisme, dan kan hy met ons saamgaan as medebouers van daardie republiek van die toekoms."[22] Ook dr. Malan sê baie duidelik dat die Engelssprekendes, „deur die houding in te neem wat deur hulle ingeneem word, besig is om hulself uit te skakel". Hy beklemtoon dat, wanneer die Afrikaners hulle vry „nasieskap" verkry het onder andere deur 'n staatsvorm op suiwer Suid-Afrikaanse grondslag, „ons dit (sal) kan uitlewe volgens ons aspirasies en ons wense". Hulle is bereid om aan die Engelssprekendes „die hand van vriendskap en samewerking aan te bied, maar ons doen dit nie deur die prys wat u vra, naamlik ons Afrikaners hier te verkoop nie".[23]

Genl. J.C. Smuts het die republikeinse ideaal van die mosie ook so vertolk dat daar „nie gelykheid in die land vir beide dele van die bevolking (sal wees) nie, maar 'n kultuurminderheid wie se regte van taal gewaarborg word".[24]

Die vooruitsig van dr. Malan dat die „kring van voormanne" 'n tyd lank „volmag moet hê om die republiek te beskerm",[25] is belangrik. Hy ag so 'n beskerming nodig „nie alleen teen vyande van buite nie, maar teen vyande binnekant".[26]

Die volkstaatgedagte tree ook sterk na vore wanneer dr. Malan die verskil tussen sy opvatting en dié van die Engelssprekendes aantoon. Hy sê aan hulle: „Vir u is Suid-Afrika ..... niks anders as ‚the land we live in'. Dit is

---

22) Debatte van die Volksraad, Deel 43, 1942, kol. 194.
23) Ibid., kol. 522.
24) Ibid., kol. 53.
25) Ibid., kol. 521.
26) Ibid., kol. 513.

'n geografiese uitdrukking. Dit wil sê u sien nie 'n volk in Suid-Afrika nie, of as u praat van 'n volk, is dit 'n volk sonder 'n nasionale siel." Teenoor hierdie „inwoner-beginsel" stel hy sy eie strewe om „die nasie en sy toekoms" te verseker.[27] Tydens die tussenverkiesing in Riversdal, 'n paar maande later, hou dr. Malan die kandidaat van die Herenigde Nasionale Party voor as die „Afrikaners se kandidaat". Hy sê: „Volgende Woensdag moet u die gevoel van die Afrikanerdom gaan vertolk." Hy onderskei die Afrikanervolk in duidelike taal van die Suid-Afrikaanse staat wat in oorlog met Duitsland verkeer, want: „Hulle (die buiteland) sal sê: soos Riversdal praat, so voel die Afrikanerdom", en „by die vredesluiting sal gevra word: Wat wil die Afrikanerdom?" Daarom moet die „Afrikaners van Riversdal" toon dat hulle onttrekking uit die oorlog eis.[28]

Hierdie afsondering van die Afrikanervolk ten opsigte van die bestaande staat en met betrekking tot 'n verwagting op die verloop van die oorlog, voer dr. Malan later in die jaar nog 'n stap verder wanneer hy sê: „Spreker vertrou dat Duitsland en Italië sal sê dat hulle geen rusie met die Afrikanerdom het nie." In verband met die toekomstige republiek sê hy: „Elke Afrikaner moet die sorg van die Afrikanervolk wees."[29]

Nadat 'n „antwoord" oor die Duitse radio gewag gemaak het van Duitsland se waardering vir die Afrikanervolk se vryheidstryd, het dr. Malan alle nasionaalgesinde Afrikaners opgeroep om deur middel van die Herenigde Nasionale Party „op te gaan in die magtige Afrikanerdom wat bereid staan om sy Godgegewe bestemming te aanvaar".[30]

3. TOENADERING.

Teen die end van 1942 hoor die Uniale Kongres van die Herenigde Nasionale Party in Pretoria nog die naklanke van die volkstaatgedagte wanneer mnr. A.J. Werth in 'n voorstel melding maak van 'n „vrye republiek op Christelik-nasionale en Afrikaans-historiese grondslag".[31] By dié geleentheid kom dr. Malan egter met 'n nuwe beleidsverklaring wat deur die Kongres

---

27) Ibid., kol. 515.
28) Die Burger, 20/4/42.
29) Ibid., 2/6/42.
30) Ibid., 27/7/42.
31) Ibid., 17/9/42.

aanvaar word. Die republikeinse strewe en eie volksbestaan word nog sterk gestel, maar ten opsigte van die Engelssprekendes word 'n nuwe versoenende geluid verneem. Voortaan sou in die openbare uitlatings meer nadruk op samewerking en die ideaal van 'n Suid-Afrikaanse nasieskap gelê word. Dit staan in teenstelling met die rigting van die Bloemfonteinse Uniale Kongres wat die vorige jaar die nadruk laat val het op Afrikaanse nasieskap en die uitskakeling van 'n deel van die Engelssprekendes as „vyandiggesinde en onnasionale elemente".

Dr. Malan gaan nog sterk uit van die gedagte van vryheid, „die geboortereg van elke nasie", maar hy beklemtoon nou dat hierdie vryheid „nie net vir een deel nie, maar vir heel Suid-Afrika" verkry moet word. Die Britse konneksie word daarvoor verantwoordelik gehou dat die Engelssprekende bevolking geestelik en politiek 'n aanhangsel van 'n ander nasie en vreemd aan hul Suid-Afrikaanse mede-burgers gebly het. Dit is net 'n republiek wat die nodige konsolidasie van die blanke bevolking tot 'n hegte volkseenheid sal bewerkstellig. Gevolglik hoor die Engelssprekendes van dr. Malan: „Ek weet dat daar onder u 'n groot en toenemende seksie is wat eerlik 'n verenigde volk in 'n verenigde Suid-Afrika begeer. Daarvoor wil u die samewerking van die twee wit rasse hê." Hierdie strewe, op die grondslag van die Britse konneksie, het in die verlede misluk. Gevolglik hou hy die republiek voor as die enigste moontlike basis vir „'n eie volle Suid-Afrikaanse nasieskap" en raai hy die Engelssprekendes aan om op hierdie grondslag met hulle Afrikaanssprekende mede-burgers vrede te maak. Hy waarborg hulle dieselfde „vryheid" en „taal- en kultuurregte" wat die Afrikaners vir hulself opeis. Hy doen daarna 'n beroep op die Afrikaners wat Afrikaans as die enigste amptelike taal in die republiek begeer, om van hulle ideaal af te sien omdat dit „die toppunt van politieke dwaasheid sou wees om feite te ignoreer en om te doen asof daardie 45 persent Engelssprekendes van ons land nie daar was nie".

Hiermee het die Herenigde Nasionale Party in die openbaar afgesien van die volkstaatgedagte, en in die komende jaar sou „Suid-Afrikaanse" volkseenheid voorgehou word as die vernaamste rede waarom 'n republiek behoort tot stand te kom.

Toe 'n algemene verkiesing voor die deur was, het die Herenigde Nasionale Party nog vinniger weg beweeg van die volkstaatgedagte. Daar was behoefte aan wyer steun as die „eie krag" waarop die volk die vorige jaar nog by Nylstroom gehoop het. Op Potgietersrus verwys dr. Malan na die kleurvraagstuk waaroor die Engelssprekendes „merendeels" soos die Afrikaners voel. 'n Paar weke later bestempel hy „die verslete beskuldiging dat ons slegs vir een ras staan en alle ander uitsluit", as vals. „Ons waarborg aan die Afrikaans- en Engelssprekende seksies van ons bevolking albei dieselfde beskerming vir hul politieke, taal- en kulturele regte." Verder word verklaar dat Suid-Afrika sy eie „gemeenskaplike" en onafhanklike nasieskap alleen in 'n republiek ten volle kan uitlewe. So alleen sal groot vraagstukke soos die „kleur- en Jode-vraagstukke" opgelos kan word.[32)]

Die verandering in rigting word baie duidelik gemotiveer deur dr. Malan voor die Transvaalse kongres in Pretoria in September 1944, as hy die kleurvraagstuk as toekomstige strydpunt in die volgende woorde aankondig:

> „In 1929 het die Nasionale Party die kleurvraagstuk op die voorgrond geplaas en die verkiesing van toe het die Nasionale Party 'n meerderheid oor alle partye gegee. Wat in 1929 moontlik was, is weer moontlik ..... Die blankes van die Noorde, of hulle Afrikaans- of Engelssprekend, of hulle Nasionaal of Sap is, staan in werklikheid in hul harte oor die saak bymekaar."[33)]

Die kongres het besluit om hierdie toespraak ook in Engels te versprei. 'n Jaar later wys dr. Malan op die vordering wat die Engelssprekendes gemaak het, sodat hulle al meer gesteld daarop is om hulself as Suid-Afrikaners te beskou. „Hulle het nog nie altyd sover gevorder dat hulle hul nasieskap prakties uitleef nie." Daarna poneer hy die volgende stelling: „Ons wil in Suid-Afrika een volk hê, al is

---

32) Die Burger, 15/6/43.
33) Ibid., 21/9/44.

dit met twee tale. Maar dan moet daar ook een volks- en vaderlandsliefde wees."[34]

„Een volk met twee tale" is natuurlik nie meer 'n etniese begrip nie. Daarmee het dr. Malan hom en sy party nou weer op die standpunt van die burgerstaat-beginsel teruggeplaas.

4. DIE OSSEWABRANDWAG.

Buite die Party is die ideaal van 'n Afrikanervolkstaat egter voortgedra deur die Ossewabrandwag. Hierdie beweging was een van die organisasies wat deelgeneem het aan die formulering van die grondslag van 3 Junie 1941. As „volkspolitieke" organisasie wat die parlementêre terrein aan die Party oorgelaat het, was hy van die begin af „vry van inhibisies" en kon hy sy standpunt in alle openhartigheid stel. Onder „volk" het hy net die Afrikanerdom verstaan. In 'n amptelike brosjure word sy opvatting van „volk" soos volg weergegee:

> „Een volk - een deur geloof, bloedsamestelling, geskiedenis, volksaard, roeping, en die wil om een te wees; nie deur die mens tot 'n eenheid gemaak nie en ook nie 'n blote siellose versameling van enkelinge nie, maar 'n lewende gesagseenheid waarvan die gesin die kern vorm, dus een groot gemeenskap waarin elkeen van almal en almal vir elkeen sorg."[35]

---

34) Ibid., 21/9/45.
Dit is nodig om daarop te wys dat dr. D.F. Malan in die aand van sy lewe, volgens sy boek, Afrikaner-volkseenheid, en my Ervarings op die Pad Daarheen, Kaapstad, 1959, 'n breër vertolking aan die Bloemfonteinse besluite gegee het. Afgesien daarvan dat hierdie werk in 'n te hoë ouderdom voltooi is en moontlik daarom die groot aantal onnoukeurighede en vergissings bevat wat dit ongeskik maak as bron, moet daar ook rekening gehou word met die politieke aksentverskuiwing wat daar sedert sy premierskap in 1948 by dr. Malan ingetree het, toe hy veral deur beklemtoning van die kleurvraagstuk 'n meer inklusiewe koers gevolg het.

35) Die Ossewabrandwag: Vanwaar en waarheen, Johannesburg, 1942, bl. 59.

Sy staatsbeskouing word in duidelike terme omskrywe. In teenstelling tot wat hy noem „die suiwere magstaat" en die „liberalistiese wetstaat" word gestel die „volkstaat" waarin „die volkslid in sy volksverbondenheid die enigste burger van die staat" is. „Dit beteken dat die staat nie meer 'n sogenaamde neutrale instelling van selfstandige enkelinge is nie, maar 'n gesagsverband van volksburgers, 'n gesagsverband van 'n bepaalde volk wat oor die magsmiddele beskik om die selfstandigheid en welstand van die volk as geheel te handhaaf en te verseker, en wel op grondslag van die onderlinge liefde tussen volksgenoot en volksgenoot as volksburgers van die volkstaat."[36] Die posisie van vreemdelinge word sowel ten opsigte van die volk as van die staat aangedui. Die volk is 'n „groeiende eenheid" wat al gaande uitbrei, „nie net deur voortplanting nie, maar ook deur inlywing van vreemdelinge wat met hom kom saamwoon". „Wat nie geassimileer kan word nie, word verwerp. Die drang is inklusief." Betreffende die staat word verklaar dat die staat wel al die inwonende nie-Afrikaners insluit, „maar die staat van die Afrikanerdom sal hulle nie almal op gelyke voet kan insluit nie, omdat dit 'n nasionale of volkstaat sal wees".[37]

Dit is duidelik dat hierdie omskrywing presies ooreenkom met en uitbrei op die beginsels wat in die Republikeinse Konsepgrondwet neergelê is. Die strekking daarvan kom ook - net in meer openhartige taal - ooreen met die mosie wat dr. Malan in 1942 by die Volksraad ingedien het.

Dit is opmerklik dat toe die Ossewabrandwag in 1944 onder Engelssprekendes aktiewe propaganda gemaak het sodat die Engelse pers oor 'n breë front onrustig geraak het daaroor, die Ossewabrandwag dit gedoen het sonder om van sy oorspronklike standpunt afstand te doen. So verklaar dr. J.F.J. van Rensburg dat, as die Cape Times paniekerig word oor die Engelssprekendes se ontluikende simpatie met die O.B., is dit 'n duidelike bewys nie net dat die O.B. op die regte pad is nie, maar ook dat daar sterk Afrikaanse potensialiteite aan die broei is onder Engelse Afrikaners. Hy verwys na die talle Afrikaners met Engelse vanne wat op die vryheidspad

---

36) Ibid., bl. 52.
37) Ibid., bl. 28 en 29.

gesneuwel het en vra: „En wat van 'n volksman soos wyle vader Kestell wie se vader in Devonshire gebore was?"[38]

Ses jaar later sê Die O.B. in 'n hoofartikel met verwysing na die pleidooi van die rubriekskrywer in die Cape Times: „Die blote feit dat 'n Engelssprekende namens sy groep pleit om nie van die benaming ‚Afrikaner' uitgesluit te word nie, is 'n openbaring van daardie sterk begeerte tot assimilasie wat 'n land soos Amerika tot een volk verenig het ten spyte van die groot verskeidenheid in afkoms." Die blad wys op die groot vordering wat gemaak is sedert die dae toe genl. Hertzog hard moes veg om die Engelssprekendes te oorreed om „Suid-Afrikaners" te word en sluit af met die opmerking dat Suid-Afrika besig is om sy kinders te roep. Hoewel sommige graag nog die onderskeiding „Afrikaner" sal wil handhaaf waarmee die Afrikaanssprekendes nader omskryf kon word, maan die blad die Afrikaners om versigtig te wees om nie „die delikate proses van assimilasie" te verongeluk met 'n aanstootgewende houding nie.[39]

Die vordering waarna die blad hierbo verwys, word ook, weliswaar in negatiewe sin, weerspieël in 'n hoofartikel van die Cape Times. Daarin word gepleit dat die grondslag van volkseenheid in die skole gelê moet word „by bringing children together so that they will grow up neither Afrikaans nor English but just South Africans".[40] Hierdie wanhoopsvoorstel van 'n Britse mondstuk teen die proses van assimilasie het die logiese vraag aan Die O.B. ontlok: „Indien ..... julle dus bereid is om op te hou om as Engelse te bestaan by die opgaan in die nuwe ‚Suid-Afrikaanse volk', wat is julle beswaar teen die opgaan in die gevestigde Afrikaanse volk wat vir meer as twee eeue reeds die land verryk het met sy persoonlikheid en kultuur? ..... In geen land ter wêreld word van 'n gevestigde volk verwag dat hy deur immigrante omskep moet word tot 'n nuwe volk nie."[41]

In Junie 1950 het die Grootraad van die Ossewabrandwag 'n beleidsverklaring uitgereik waarin, nog steeds in ooreenstemming met die volkstaatgedagte, onder andere die volgende hoofpunte voorkom:

---

38) Die O.B., 26/4/44.
39) Ibid., 4/10/50.
40) The Cape Times, 25/10/49.
41) Die O.B., 2/11/49.

„Die historiese taak wat in Suid-Afrika verrig moet word, is die opbouing van die Afrikanervolk met een trou. Hierdie volk sal sowel die Afrikaanssprekende as die Engelssprekende blankes omvat ..... Die hooftaak wat die Afrikanervolk moet verrig, is ongetwyfeld om as leier in Afrika op te tree."[42)]

5. IDEAAL EN PRAKTYK.

Ná ontbinding van die Ossewabrandwag in Augustus 1952 het 'n byeenkoms van republikeine op Kroningsdag in die Paarl besluit om oor te gaan tot die stigting van die Republikeinse Bond. Dit het op 10 September 1953 plaasgevind.[43)] In sy verklaring oor die republikeinse koers, wat weens die aktualiteit van die vraagstuk op daardie tydstip oor die verhouding tot die Britse Kroon, meer oor Suid-Afrika se verhouding tot die buiteland handel, word terloops na die Afrikanervolk verwys. Die verwysing toon egter dat daar ook van die volkstaatgedagte uitgegaan word. Die nadruk val op „Afrikaner-nasionalisme" wat moet triomfeer. Die optrede sal toegespits word op „mede-Afrikaners" wat aangewakker sal word om die republikeinse koers te volg. 'n Hoofartikel van Die Republikein het toe reeds al verwys na die „meer as duisend" Engelse vanne onder Afrikaanssprekendes en dit as bewys gesien van hoe Suid-Afrika besig is om „'n eie volk (te) brei" uit alle blanke elemente.[44)]

Die posisie in die republikeinse beweging kan teen die begin van die vyftigerjare soos volg geteken word: die volkstaatgedagte is nog op georganiseerde basis buite die parlementêre terrein gehandhaaf en die oplossing vir Suid-Afrika se tweevolkigheid is gesoek in die aanvaarding van die Engelssprekendes as potensiële Afrikaners, wat moet uitloop op „een volk met een trou"; ondertussen het die politieke party van die Afrikaner die standpunt ingeneem dat twee volksgroepe hier moet bestaan met twee tale en twee kulture, politiek verenig deur 'n gemeenskaplike liefde vir die vaderland en trou aan die Suid-Afrikaanse staat, dit wil sê, 'n

---

42) Ibid., 28/6/50.
43) Ibid., 27/8/52; Die Republikein, 3/6/53; 16/9/53.
44) Die Republikein, 6/5/53.

vereniging op die grondslag van die burgerstaatidee. Hierdie grondslag het dr. Malan baie duidelik na sy bewindsaanvaarding in 1948 gestel: „En as ons daarop voortbou, sal ons ons ideaal bereik van twee groot rassegroepe - albei trou aan sy eie, maar op een nasionale fondament van trou aan Suid-Afrika."[45] Dr. Malan het later graag Switserland in hierdie verband as voorbeeld genoem.

Ten spyte van hierdie teorie uit die bodem van die burgerstaatidee, was die posisie van die Herenigde Nasionale Party egter de facto in daardie stadium en tot ná republiekwording nog steeds in ooreenstemming met die ideaal van 1941: dit was 'n party wat byna uitsluitend uit Afrikaners bestaan het. Ondanks taktiese maneuvrering deur sy leiding wat soms baie naby aan versaking van die ideaal gekom het, was die Party besiel met die republikeinse ideaal van die Afrikaners, gedra en gebou deur die nasionalisme van die Afrikanervolk, gegrond op die tradisies en lewensbeskouing van die Afrikaners. Die Engelssprekendes het buite hierdie party gestaan. As groep was hulle anti-republikeins, besiel met 'n Britse nasionalisme en die draer van 'n liberalistiese leefwyse en lewensuitkyk. Gevolglik het „konserwatiewe" Engelse soos die Natallers in 1966 dr. Verwoerd bewonder en geesdriftig ontvang weens sy weerstand teen buitelandse druk, maar sy beleid kan selfs hulle nie ewe geesdriftig stem nie. Die verklaring vir hierdie houding sien dr. Denis Worrall in die feit dat die Engelse „afsonderlike ontwikkeling eenvoudig nie begryp nie", omdat hulle „sonder die Afrikaner se gevoel van groepsidentiteit en die waardes en opvattinge wat daarmee gepaard gaan, die noodsaaklikheid daarvan nie raaksien nie".[46] Die houding van die Engelssprekendes as 'n groep moet dus met ander woorde daaraan toegeskryf word dat hulle die Calvinistiese of Christelik-nasionale lewensbeskouing van die Afrikaner mis. Die Nasionale Party dien gevolglik, ondanks sy verklaarde ideaal van twee volksgroepe wat albei getrou aan hul eie bly, nog as die regeringsgesag van slegs die Afrikanervolk binne die veelvolkige Suid-Afrikaanse staat. Die Afrikaner leef sy volkstaatgedagte dus langs hierdie „nie-amptelike" en onvolkome weg prakties uit.

---

45) Die Burger, 5/6/48.
46) Die Beeld, 13/2/66.

Sommige gevare vir die handhawing van hierdie nie-amptelike Afrikanerstaat is reeds in die vorige hoofstuk genoem. Teen die geponeerde ideaal van 'n tweevolkige staat op die grondslag van die burgerstaatidee bestaan die ernstige beswaar dat dit op sigself 'n stremmende uitwerking moet hê op die assimilasieproses wat uiteindelik tot blanke homogeniteit moet lei. Dit is wel moontlik dat die leiers van die Nasionale Party - of sommige van hulle - gemeen het dat hierdie ideaalstelling deur middel van die Party tot uiteindelike Afrikanervolkseenheid sou lei. Dit wil sê, hulle het miskien verwag dat langs die weg van politieke eenheid mettertyd ook volkseenheid sou ontwikkel. Die Transvaler het blykbaar aan so iets gedink. Wanneer The Star die Nasionale Party verwyt dat hy na Afrikanereenheid strewe, gee Die Transvaler dit toe, maar bepleit terselfdertyd 'n groter eenheid wat die Engelssprekendes moet omvat, en meen dat „Afrikaner-eenheid die kern (is) waaromheen hierdie groter eenheid sal groei".[47)]

Die sielkundige uitwerking van so 'n ideaalstelling op die Engelssprekende moet hom al dadelik 'n plig laat voel om sy eie geestesgoedere te bewaar. Die oortuiging dat hy sowel die sedelike as die konstitusionele reg het om sy identiteit te handhaaf, sal hom met groter hardnekkigheid aan sy geestesgoedere laat vaskleef. Die beleid van genl. Hertzog, wat steeds gepraat het van die „Afrikanerdom" waarby ook die „Engelssprekende Afrikaner" ingesluit is wat hom met die Afrikaner se strewe vereenselwig, het ongetwyfeld 'n subtiele trekkrag gehad. Dit kan opgemerk word wanneer Engelssprekendes soos A.G. Barlow[48)] en die rubriekskrywer van die Cape Times graag as Afrikaners gereken wil wees. Die Nasionale Party het in sy beginselprogram reg op sy doel afgegaan met betrekking tot die deurvoering van die konstitusionele ontwikkeling. Veral ná 1948 het dit telkemale geblyk dat 'n groot deel van die Engelssprekendes onmiddellik vóór of net ná 'n besondere stap plotseling „ryp" daarvoor was. In die geval van die vlag- en volksliedwetgewing het die Cape Times byvoorbeeld selfs Die Stem onvertaald in Afrikaans verkies.[49)]

---

47) Die Transvaler, 3/4/51.
48) Debatte van die Volksraad, Deel 68, 1949, kol. 5715.
49) The Cape Times, Hoofartikel 8/4/52; The Man on the Spot Column van dieselfde uitgawe meld dat Die Stem in Afrikaans gesing is in die St. George's Cathedral al was die Engelse vertaling beskikbaar „and very well it sounded, too".

Net so het dit ná die referendum oor 'n republiek gebeur dat die een Engelssprekende na die ander hom met die idee versoen het.[50]

Wanneer in gedagte gehou word dat die drang na ware volkseenheid ook by die Engelssprekendes bestaan en beslag vind in die hunkering onder 'n gedeelte van hulle om „Afrikaners" genoem te word, en dat Afrikaners van Engelse afkoms soms die sterkste pleidooie vir 'n opgaan in die Afrikanervolk lewer,[51] is die ideaal van volkseenheid in plaas van tweevolkigheid miskien nie so onbereikbaar as wat dit met die eerste oogopslag lyk nie.

---

50) Vgl. The Cape Argus, 11/5/53.
51) Bv. R. Rudman, dr. E. MacMillan, kapt. J.J. McCord, T.B. Floyd. Laasgenoemde noem homself in 1951 'n „Engelssprekende Afrikaner" (Die Transvaler, 3/4/51) en in 1965 pleit hy vir 'n homogene Afrikanervolk (Ibid., 29/6/65). Vgl. ook Robert van Tonder, Die Transvaler, 25/4/66.

HOOFSTUK X

DIE KONSTITUSIONELE STREWE.

In 1941 is in ooreenstemming met die republikeinse strewe aanvaar dat die Britse konneksie in al sy vorme verbreek moes word. Onder die belangrikste aspekte kan genoem word: Verbreking van die Koningsband („afgeskei van die Britse Kroon"); uittrede uit die Britse Ryk of Statebond („afgeskei van die Britse Ryk"); verbreking van die ekonomiese bande („Britse voorkeur"); geen deelname aan „Brittanje se oorloë"; invoering van eie nasionale simbole en 'n eie regeringstelsel op die grondslag van die gewese Boererepublieke. Al hierdie aspekte was gesamentlik beliggaam in die Nasionale Party se beleid volgens die program van beginsels (wat toe nog net van afskeiding van die Kroon gewag gemaak het), die beleidsverklarings van die Leier en die Federale Raad voor die Uniale Kongres in Bloemfontein, ander verantwoordelike uitlatings en parlementêre mosies, soos reeds in vorige hoofstukke aangetoon is.

Net soos die nasionale aspek van die vryheidstrewe in die ideaalstelling van die Afrikanervolkstaat 'n hoogtepunt in die jare rondom 1941 bereik het maar teen die einde van die dekade heeltemal laat vaar is, het die staatkundige ideaalstelling ook 'n afwaartse lyn getoon totdat dit omstreeks 1949-1953 sy laagtepunt bereik het. Maar in 1953 het verskillende faktore daartoe bygedra om 'n keerpunt te bewerkstellig wat uiteindelik uitgeloop het op die verwesenliking van die Republiek van Suid-Afrika in 1961. Die laagtepunt gedurende 1949-1953 hang veral saam met die verskynsel waarna in die eerste hoofstuk reeds verwys is, naamlik dat die republikeinse strewe telkemale 'n laagwatermerk bereik het wanneer 'n Afrikaanse regering aan bewind gekom het. Die besef dat die Afrikaner nou baas was in sy huis, het 'n gevoel van voldaanheid by die volgelinge laat ontstaan. Dit word treffend geïllustreer in 1951 deur 'n brief in Die Transvaler waarin gesê word dat die eintlike Britse konneksie in die sentiment van die Verenigde Party geleë was. „Met die bewindsoorname van die Nasionale Party is hierdie moeilikheid egter uit die weg geruim ..... Daar was nou geen redelike gronde vir 'n republiek buite die

Statebond nie."[1] Daarbenewens het die leiers, wat nou onder bewind van die Nasionale Party die Regering gevorm het, plotseling in hierdie posisie 'n nuwe verantwoordelikheid, ook ten opsigte van die buiteland, gedra. As gevolg daarvan moes hulle baie van hul eertydse uitlatings as Opposisie eenvoudig ignoreer.

Watter verklaring daar vir die veranderde houding ook al gegee kan word, moet vanuit die oogpunt van die republikeinse strewe gevra word of die beleidsveranderinge die republikeinse strewe bevorder het, al dan nie.

1. TWEE MOSIES - TWEE VERKIESINGS.

Die republikeinse geesdrif was in 1942 so hoog dat die Herenigde Nasionale Party by wyse van 'n parlementêre mosie aandring op afskeiding van die Britse Kroon as simbool van die Ryk en verder eis dat Suid-Afrika hom aan die oorlog moet onttrek. Hierdie mosie het volgens dr. Malan by twee vorige parlementêre mosies aangesluit.[2] In die lig hiervan en op sterkte van die stigting van 'n „Republikeinse Strydfonds", sou 'n mens verwag het dat die verkiesing van 1943 oor hierdie aangeleentheid gevoer sou word. 'n Paar maande voor die verkiesing verklaar dr. Malan as die leier van die Herenigde Nasionale Party egter onomwonde dat die vernaamste strydvraag in die verkiesing nie die verkryging van 'n republiek of onttrekking aan die oorlog sal wees nie, maar die ekonomiese heropbou van Suid-Afrika ná die oorlog.[3] Met betrekking tot die oorlog word in die verkiesingsmanifes onder meer gesê: „Ons is gekant teen die dieper intrek van Suid-Afrika in die oorlog deur die deelname daaraan buite Afrika". Suid-Afrika se troepe sal teruggebring word tot binne die grense soos deur die Verdedigingswet bepaal, en soos genl. Smuts aanvanklik onderneem het.[4]

Die Herenigde Nasionale Party was in hierdie stadium in 'n hewige stryd gewikkel met die Ossewabrandwag, die Nuwe Orde en die Afrikanerparty. Die stryd het gegaan om die leierskap van die nasionaalgesinde Afrikaners. Die Nasionale

---

1) Die Transvaler, 2/5/51. Briefskrywer is skynbaar 'n intellektuele Afrikaner.
2) Debatte van die Volksraad, Deel 43, 1942, kol. 33.
3) Die Burger, 17/5/43; 25/5/43.
4) Ibid., 15/6/43; Punt 7 van die Verkiesingsmanifes.

Party wou die verkiesing eintlik gebruik om die ander groepe uit te skakel, soos dr. Malan op die kongres van die Herenigde Nasionale Party 'n paar maande later erken het. Volgens hom was die Party nou na die verkiesing die enigste verteenwoordiger van die Afrikanerdom, en met die oog daarop wou hy geen verkiesingsooreenkoms met ander groepe aangaan nie.[5)]

Genl. Smuts het aan die einde van 1943 die Britse parlementslede toegespreek en gewys op die gevaar dat Rusland teenoor 'n verswakte en verarmde Brittanje as die „kolos" uit die oorlog sal tree.

Hierdie waarskuwing was onmiddellik water op die republikeinse meule. Met die opening van die Parlement in 1944 kom dr. Malan, „met die oog op die veranderde internasionale posisie van Engeland sowel as met die oog op ons eie inwendige solidariteit",[6)] weer eens met 'n republikeinse mosie voor die dag. Benewens die afskeiding van die „Britse Kroon en Ryk" en die waarborg van gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies van die blanke bevolking, word nou bykomstig voorgestel dat die republiek anti-kapitalisties en anti-kommunisties van aard moet wees en deur getroue handhawing van die beginsels van apartheid en voogdyskap moet die republiek veilig gemaak word vir die blanke ras en die Christelike beskawing.

In hierdie mosie tot republiekwording voor die Parlement was 'n teenstrydige element. Die Herenigde Nasionale Party se beleid het bepaal dat 'n republiek nie deur 'n blote parlementêre meerderheid tot stand gebring mag word nie: dit sou slegs ingevolge „'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die stemgeregtigde blanke bevolking" kon geskied.[7)] Aangesien so 'n opdrag uitgesluit was, is die mosie dus bloot binne die parlementêre partystelsel ter wille van die propagandawaarde daarvan, ingedien. Dit was natuurlik onmoontlik dat so 'n Opposisie-voorstel aanvaar sou word.

Dr. Malan het dan ook in 1946 op Somerset-Oos beklemtoon dat volgens die beleidsbepaling wat „'n spesiale en

---

5) Die Burger, 10/11/43.
6) Debatte van die Volksraad, Deel 47, 1944, kol. 76.
7) Vgl. H.N.P. of V.-Party: Program van Beginsels, Aksie en Konstitusie, 1941, art. 12.

besliste opdrag" vereis, die vraag aangaande die regeringstelsel nie by die volgende verkiesing as 'n strydpunt ter sprake sou kom nie. Die volk sou eers deur middel van die ontbinding van 'n Parlement of 'n referendum geraadpleeg moet word. Wanneer kiesers die Nasionale Party by 'n verkiesing sou ondersteun, het hulle hul dus nie verbind ten opsigte van die uitroeping van 'n republiek nie.[8)]

Op die Kongres in Pretoria onderneem dr. Malan dat die volk om 'n uitspraak gevra sal word „wanneer die Party oordeel dat die tyd ryp is vir 'n republiek, en die tyd word al hoe meer ryp".[9)] Die Party het hom dus nie uitsluitend aan raadpleging deur middel van 'n meerderheid van stemme gebind nie. Indien die Parlement met hierdie doel voor oë ontbind sou word, kon uitspraak ook gegee word in die vorm van 'n meerderheid van setels. Hierdie metode sou die Afrikaner se posisie weens die stelsel van stembelading bevoordeel het. Dit sou 'n republiek veel gouer moontlik gemaak het.

Inderdaad was die Party self in hierdie jare nog gloeiend republikeins sover dit die ideaal van 'n republiek betref. Dié gevoel was so sterk dat, toe die Engelse Koning in Februarie 1947 die Parlement geopen het, Die Transvaler dit nie eens as 'n nuusberig geplaas het nie[10)] en ook konsekwent geweier het om berigte omtrent die Koningsbesoek te publiseer - selfs toe die Koning met sy gesin Johannesburg besoek het. Leiers van die Party het ook hul republikeinse oortuiging op ondubbelsinnige wyse gedemonstreer. Die oorgrote meerderheid Nasionale Parlementslede het byvoorbeeld die opening van die Parlement deur die Koning geboikot. Veral mnr. J.G. Strijdom het van alle geleenthede waar die Koning opgetree het, binne sowel as buite die Parlement, weggebly. The Forum het later mnre. Strijdom, Eric Louw en dr. H.F. Verwoerd uitgesonder as die manne van politieke eerlikheid en integriteit „who stand by their republic, pure, unadulterated and uncompromised".[11)] Die Republikeinse

---

8) Die Burger, 24/9/46.
9) Ibid., 16/10/46.
10) Die Transvaler, 22/3/47, bevat slegs 'n onregstreekse verwysing na die Koning in sy kommentaar oor die troonrede; Vgl. ook The Forum, Jaargang 9, No. 48, 1/3/47.
11) A.w., Jaargang 11, No. 7, 15/3/48.

Strydfonds, waarvan dr. A.J.R. van Rhijn, voormalige hoofredakteur van Die Volksblad, sedert 1946 die hoof was, het met tienduisende ponde aangewas.[12] Dit weerspieël ook in die jare onmiddellik voor die eleksie van 1948 die algemene en hooggespanne republikeinse gevoel binne die Party.

Toe die verkiesingsmanifes egter in April 1948 verskyn,[13] is daarin nie na die republiek verwys nie. Dit was gegiet in die vorm van die standpunt wat dr. Malan op die Transvaalse Kongres van die Herenigde Nasionale Party in 1946 gestel het. Daarvolgens moes die Kleurvraagstuk die alles oorheersende strydvraag wees. Hy het dus reeds 'n paar maande voor die verkiesing gesê: „Nog nooit was daar 'n tyd dat die twee bevolkingsgroepe so eengesind oor 'n saak was as oor die Kleurvraagstuk nie."[14]

Terwyl die Nasionale Party weggeskram het van die republikeinse ideaal het hy veral vir mnr. J.H. Hofmeyr met sy liberalisme as 'n gevaar in die Verenigde Party voorgehou. Laasgenoemde het egter juis teruggeslaan op die republikeinse strewe en daarvoor onder andere die Republikeinse Strydfonds uitgebuit.[15] Colin Legum merk met 'n tikkie sarkasme in The Forum op dat die Nasionale Party die nie-republikeinse eleksie veg met die Republikeinse Fonds se geld.[16]

Die Nasionale Party en die Afrikanerparty het 'n ooreenkoms met mekaar in Maart 1947 aangegaan.[17] In die verkiesing het hulle die hele land met 'n klinkende oorwinning verras. Mnr. N.C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, skryf die uitslag toe aan die Afrikaner-samewerking. Hy sê: „Die les wat hierdie groot oorwinning ons leer, is die krag wat in die Afrikanervolk skuil as hy saamstaan."[18] Hoewel dr. Malan ook verwys na die ondersteuning van lede „uit ander partye en groepe", lyk dit asof hy sterk onder die indruk verkeer het dat „duisende en duisende van ons Engelse medeburgers" gehelp het om die deurslag te gee.[19] Hierdie

---

12) Vgl. M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964, bl. 215.
13) Die Burger, 21/4/48.
14) Ibid., 19/5/48.
15) Vgl. Die Burger, 21/5/48; Die fonds se ontbinding is ná die verkiesing aangekondig (Staatskoerant, 13/7/49).
16) The Forum, Jaargang 11, No. 7, 15/5/48.
17) Die Transvaler, 22/3/47.
18) M.P.A. Malan, a.w., bl. 230.
19) Die Burger, 29/5/48 en 26/10/48.

oortuiging van dr. Malan het ongetwyfeld sy veranderde houding ten opsigte van die republikeinse ideaal wat kort na sy bewindsaanvaarding na vore kom, bepaal.

Van die kant van die Ossewabrandwag is die deurslaggewende betekenis van die Engelssprekende stem egter sterk betwis. Die O.B. ontleed die uitslae breedvoerig in 'n reeks artikels[20] en wys onder andere daarop dat die uitslag vir alle partye 'n verrassing was. Daar moes derhalwe 'n onbekende faktor in die verkiesing werksaam gewees het. Daardie onbekende faktor vind hy veral uit die sensus-syfers van 1936. Die verhouding tussen volwassenes was toe maar 1.43 teenoor 1 in die guns van die Afrikaanssprekendes en 1.83 teenoor 1 in die groep tussen 7 en 20 jaar. In die groep onder sewe jaar was die verhouding toe egter 2.15 teenoor 1 in die guns van die Afrikaanssprekendes. Dit beteken dat alle nuwe registrasies in die jare na 1943 'n voorsprong van nagenoeg 2 tot 1 aan die Afrikaanssprekendes moes gee wat op 'n „natuurlike ommeswaai" van tussen 400 en 500 per kiesafdeling sou neerkom. Gepaard hiermee het die Afrikanertrek na die stede ondertussen plaasgevind, waardeur meer stedelike setels verower kon word. 'n Derde rede vir die ommeswaai vind die blad in die tienduisende Afrikaanse soldate wat in die verkiesing tydens die oorlog wel vir genl. Smuts gestem het, maar na hulle terugkeer in die burgerlike samelewing ook weer tot die nasionale rigting, soos voor die oorlog, beweeg het.

Hierdie gevolgtrekking van Die O.B. kan verder gestaaf word. Vyf jaar later is daar buite alle twyfel vasgestel dat die Engelssprekendes in die verkiesing van 1953 nie vir die Nasionale Party gestem het nie. Tog het laasgenoemde 'n nog groter oorwinning as in 1948 behaal. Die Burger het in 1949 al geskryf dat die Engelssprekendes, voorstanders sowel as teenstanders van apartheid, met weinig uitsonderinge, almal vir die Verenigde Party gestem het. „Hulle het gestem nie teen die apartheidsbeleid nie, maar teen die Broederbondgogga." Die blad huldig in 1953 nog dieselfde oortuiging en

---

20) Die O.B., 30/6/48 en daarna.

erken dat die Engelssprekendes „blokvas teen die Nasionale Party gestem het".[21]

Ook die Rand Daily Mail het ná die verkiesing gesê dat die Herenigde Nasionale Party se Kleur-propaganda geen uitwerking in die stede, dit wil sê onder Engelssprekendes, gehad het nie.[22] Die getalsoorwig van die republikeinsgesinde Afrikanerdom het die deurslag gegee. Dit is ook bewys deur die verkiesing van 1953 toe juis die Provinsie met die republikein, mnr. J.G. Strijdom, as leier, die meeste vordering getoon het.[23] Dit het gebeur ondanks bedenkinge van die hoofleier dat Strijdom weens sy republikeinse standpunt die Nasionale Party se „Jan Hofmeyr" sou word. Hierdie faktor van getalsoorwig het 'n imperialis soos sen. Heaton Nicholls in 1953 die handdoek gedurende sy pleidooi vir afskeiding van Natal laat ingooi omdat weens die Afrikaner se getalsoorwig die koms van 'n republiek nie meer belet kon word nie.[24]

Dit wil dus voorkom of daar in Nasionale Party-kringe steeds groter optimisme bestaan ten opsigte van die verkryging van Engelse steun as wat die werklikheid waarborg. Die oorwinning in die verkiesing van 1948 was 'n Afrikaner-oorwinning. Vanuit republikeinse oogpunt beskou, sou dit weinig of geen verskil aan die uitslag gemaak het nie indien die hoofstrydvraag republiekwording in plaas van Kleurverhoudinge gewees het.

---

21) Die Burger, 14/3/49; 21/4/53. Die verkiesing van 1966 het vir die Nasionale Party in Natal veel ongunstiger verloop as wat algemeen in Party-kringe verwag is. (Vgl. Die Transvaler, 1/4/66.) Die verhouding van ondersteuners vir die Nasionale Party tot dié van die Verenigde Party val feitlik saam met die persentasieverhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in die land. In 1953 het Nasionale Party-organiseerders bereken dat daar nog net ongeveer 60,000 Afrikaanssprekende ondersteuners van die Verenigde Party was, dit wil sê minder as 10 persent van die Afrikaanse kiesers. (Vgl. Die Republikein, 22/4/53.) In 1966 moet hierdie persentasie nog baie laer gewees het omdat meesal net die ouer geslag Afrikaner aan die Verenigde Party getrou gebly het. Die Transvaler van 7 Januarie 1946 het reeds in 1946, op grond van die toenemende Afrikaanse oorwig van die jonger geslag, voorspel dat dit „binne enkele jare tot allerlei interessante veranderings moet lei", omdat dit „meer en meer 'n faktor van die grootste betekenis word".

22) Rand Daily Mail, 5/6/48.

23) Vgl. Die Republikein, 22/4/53.

24) Die Republikein, 6/5/53.

Omdat dr. Malan egter onder die indruk verkeer het dat die Engelssprekendes aan hom die oorwinning besorg het, het hy vir die volgende vyf jaar 'n beleid gevolg wat vir hom wel veel lof in die Engelse pers verdien het, maar wat geen bydrae gelewer het tot die bevordering van die republikeinse ideaal nie. Kort na die samestelling van sy kabinet het hy as Eerste Minister sy spyt uitgespreek dat daar nie ook Engelssprekendes in die kabinet opgeneem kon word nie. Die Rand Daily Mail vertolk sy verklaring as versoenend van aard en wys op die hoofberoep wat tot die Engelssprekendes gerig word.[25] Dr. Malan het hierdie versoeningsbeleid so ver gevoer dat hy twee jaar later in Durban, met verwysing na die historiese stryd tussen Boer en Brit, verklaar het dat dit nou maar oorgelaat kan word „aan die dooie verlede om sy eie dooies te begrawe".[26]

2. DIE STATEBOND.

(a) Britse Konneksie Behou.

Dr. Malan het ook ten opsigte van Brittanje en die Statebond („die Britse konneksie") al dadelik 'n versoenende houding ingeneem. Kort nadat hy die bewind aanvaar het, het 'n krisis in en vir die Statebond gedreig omdat Indië besluit het om 'n republiek te word. Die Statebondsmasjinerie is deur middel van persoonlike kontak in werking gestel. Na sorgvuldige voorarbeid, wat spesiale afgesante na die Dominiums ingesluit het, is vanuit Londen 'n bepaalde formule by die Dominiums aanbeveel. Dit moes op die konferensie wat vir 22 April 1949 bepaal was, aanvaar word.[27]

Kort voor sy vertrek na Londen het dr. Malan egter 'n verklaring in die Senaat gedoen wat die republikeine geskok het, maar wat deur die Engelse pers en imperialiste, soos sen. Heaton Nicholls, geesdriftig toegejuig is. Die Eerste Minister het naamlik aangekondig dat die Regering nie van

---

25) Rand Daily Mail, 5/6/48.
26) Die Burger, 20/9/50.
27) Rand Daily Mail, 30/3/49; Daily Telegraph, 28/4/49; Die Burger, 22/4/49; Die O.B., 11/5/49. Dit was ook bekend dat Sir Percival Liesching 'n week of wat voor dr. Malan se vertrek na Londen, 'n geheimsinnige besoek by die Eerste Minister afgelê het. Vgl. Debatte van die Volksraad, Deel 68, 1949, kol. 5674.

voorneme was om die Statebond wat uit „suster-nasies van ons" bestaan, te verlaat nie - egter met die voorbehoud: „mits daar nie inbreuk gemaak word op daardie vrye, onafhanklike regte van die aparte eenhede in die Statebond" nie. Met verwysing na die kommunistiese gevaar sê hy dat Suid-Afrika in geval van oorlog aan die kant van die Westerse Moondhede sal staan. Sen. Nicholls het sy dank jeens die Eerste Minister uitgespreek en gesê dat hy voor die toespraak onder die indruk was dat dr. Malan 'n ander konstitusionele standpunt gehandhaaf het. Hy pleit by die Eerste Minister om hom nie deur die Ossewabrandwag te laat beweeg om hierdie krisis in die Statebond 'n geleentheid te maak om die rewolusionêre en uiterste doelstellings van daardie beweging te bevorder nie. Dr. Malan het hom verseker: „Ons verkeer nie op terme van gesprek nie."[28)]

Dit was die begin van 'n nuwe bedeling van groot konstitusionele eenstemmigheid tussen die Regering en die Opposisie. Genl. Smuts het teenoor sy volgelinge opgemerk dat dr. Malan lig gesien het, en Die O.B. het gesê dat daar iewers 'n misverstand moet wees wanneer imperialiste en republikeine in dieselfde koor sing.

Dr. Malan het later in die Volksraad erken dat hy voor sy vertrek na Londen van insig verander het nadat Sir Percival Liesching „al die feite" met betrekking tot Indië se lidmaatskap van die Statebond aan hom voorgelê het. Hy is toe oortuig dat Indië as 'n republiek nie Ierland se voorbeeld moet volg deur uit die Statebond te tree nie.[29)]

Die Premierskonferensie in Londen het die volgende formule aanvaar:

> „The Governments of the United Kingdom, Canada, Australia, New Zealand, South Africa, India, Pakistan and Ceylon, whose countries are united as members of the British Commonwealth of Nations and owe allegiance to the Crown, which is also a symbol of their free association, have considered the impending constitutional changes in India. The Government of India

---

28) Debatte van die Senaat, Deel 1, 1949, kol. 1464 en 1476.
29) Debatte van die Volksraad, Deel 68, 1949, kol. 5674.

> has informed other governments of the Commonwealth that under the new constitution to be adopted, India shall become a sovereign, independent republic. The Government of India has however declared and affirmed India's desire to continue her full membership of the Commonwealth of Nations and her acceptance of the King as the symbol of the free association of it's independent member nations and as the head of the Commonwealth. The governments of other countries of the Commonwealth, the basis of whose membership of the Commonwealth is not hereby changed, accept and recognise India's continuing membership in accordance with the terms of this declaration. Accordingly, the United Kingdom, Canada, Australia, New Zealand, South Africa, India, Pakistan and Ceylon hereby declare that they remain united as free and equal members of the Commonwealth, freely co-operating in the pursuit of peace, liberty, and progress."[30]

Op voorstel van dr. Malan is verder genotuleer dat die beskrywing van die Koning as Hoof van die Statebond geensins die bestaande konstitusionele verhoudinge tussen lede van die Statebond verander nie en dat die Koning geen grondwetlike funksie op grond van sy hoofskap van die Statebond vervul nie.

Toe daar die vorige jaar aangekondig is dat die Statebondskonferensie die woord „Britse" in die benaming van die Statebond weggelaat het, is daarvan in sekere Afrikaanse kringe heelwat ophef gemaak.[31] Dit is as bewys aangevoer dat die Statebond nou van karakter verander het. Dit is egter opmerklik dat in die bogenoemde Londense Verklaring albei benaminge gebruik word. Dit hef aan met „Britse Statebond" en eindig met „Statebond". Die Rand Daily Mail se Londense korrespondent merk in dié verband op: „There is no statutory authority for the word 'British'. It is entirely a matter of usage, and it will be used or not as individual nations think fit."[32]

---

30) Rand Daily Mail, 28/4/49.
31) Die Volksblad, 25/10/48.
32) Rand Daily Mail, 28/4/49.

Dit is verder van belang om op te merk dat die Londense Verklaring slegs die posisie van Indië se verhouding tot die Statebond verander en nie dié van die ander lede nie. Hulle onderlinge verband bly nog steeds op dieselfde grondslag as in 1927. Woordvoerders van die Herenigde Nasionale Party het probeer voorgee dat die Statebondslidmaatskap (hul nuwe beleid) aanvaar is op grond daarvan dat die Statebond 'n nuwe karakter verkry het. Die enigste nuwe element wat egter na vore gekom het, is dat Suid-Afrika kon besluit om 'n republiek te word sonder om sy lidmaatskap van die Statebond te verloor. So 'n republiekwording sou egter op 'n blote naamsverandering neerkom en in geen enkele opsig die republikeinse ideaal verwesenlik nie omdat die ideaal juis die verbreking van „die Britse konneksie" beoog het. Hierdie oogmerk van die republikeinse ideaal het gedurende 1944 sterk reaksie onder die Herenigde Nasionale Party-leiding uitgelok toe J.P. Cope in Common Sense by wyse van kompromis voorgestel het dat die Engelssprekendes en Afrikaners moet ooreenkom oor 'n republiek binne die Statebond.[33] Toe dr. Otto du Plessis, voorligtingsbeampte van die Party, in 'n daaropvolgende uitgawe die gedagte ondersteun,[34] is hy gedwing om homself in die pers deeglik te repudieer. Hy het verklaar dat dit nòg sy eie, nòg sy Party se standpunt is om 'n republiek binne die Statebond te aanvaar.[35] Mnr. Eric Louw het na hierdie kompromis verwys as „Sap-taktiek" en opgemerk: „Dit is nou die Britse idee van wat hulle noem ‚gee en neem'. Ons gee en hulle neem! Met ander woorde, die huidige posisie bly onveranderd. Daar is slegs 'n naamsverandering." Hy laat dus 'n waarskuwing hoor, „want dis moontlik dat hier en daar 'n Nasionalis gevind mag word wat deur mooi woorde en gebare betower word".[36]

Die Londense Verklaring van 1949 het die bestaande toestand dus net sodanig gewysig dat so 'n kompromis, soos dié waaroor Common Sense in 1944 bespiegel het, nou moontlik gemaak is en gevolglik met die goedkeuring van Londen en die Statebondslande verwesenlik kon word.

---

33) Common Sense, Jaargang 5, No. 4, Nov. 1943.
34) Ibid., Jaargang 5, No. 5, Des. 1943.
35) Die Burger, 3/4/44.
36) Ibid., 20/1/44.

(b) Ekonomiese Bande.

'n Ander belangrike aspek van die Londense Verklaring is dat dit hier nie soseer Indië se „vryheid" nie maar die behoud van Indië vir die Britse Ryk beoog het ten einde te verhoed dat Brittanje groot politieke en ekonomiese skade berokken word. Dr. Malan sê in die Volksraad dat die uittrede van Indië ernstige skade op handelsgebied vir Brittanje sou beteken het.[37] Vyftien jaar vroeër het die Britse Eerste Minister, Stanley Baldwin, reeds gesê dat verhoogde status aan Indië verleen word om langs dié weg „Indië vir altyd vir die Britse Ryk te red".[38] In 1952 verklaar die Britse blad, Observer, dat die inskakeling van Afrika-state in die Statebond, en dit alleen, vir Brittanje 'n politieke toekoms in die komende eeu kan skep. Indien dit misluk, kan dit dié land in nietigheid laat wegsink.[39] 'n Ander Britse blad, Daily Telegraph, sê van die Londense Verklaring van 1949 dat dit niks nuuts bring nie. Dit gee slegs 'n nuwe vertolking aan 'n bestaande statuut en onder andere sal die stelsel van Britse voorkeur onveranderd voortbestaan.[40] Die Transvaler toon in sy rubriek Sake van die Dag presies aan wat hierdie Britse voorkeur beteken: „Wat vir Brittanje die belangrikste is, is dat Indië binne die Statebond sal bly en dat hy as mark vir die Britse uitvoerhandel behoue sal bly deur voorkeur aan sy goedere te gee bo ander lande."[41]

Die tradisionele republikanisme het juis ook steeds beoog om hierdie Britse voorkeur te beëindig. Dit het al spoedig geblyk in watter mate hierdie doelstelling deur die nuwe beleid van die Eerste Minister omver gewerp is, toe ministers van finansies van Statebondslande saam met hul departementshoofde op die een ekonomiese konferensie na die ander in Londen moes gaan probeer om Brittanje uit sy betalingskrisis te help. Dit het selfs met groot opofferings aan die kant van Suid-Afrika geskied.[42]

---

37) Debatte van die Volksraad, Deel 68, 1949, kol. 5676.
38) Die Volksblad, 4/12/34.
39) Observer, 22/6/52.
40) Daily Telegraph, 28/4/49.
41) Die Transvaler, 28/4/49.
42) Debatte van die Volksraad, Deel 8 0, 1952, kol. 8937 en 9300 en Deel 77, 1952, kol. 303, erkenninge deur min. N.C. Havenga en min. P.O. Sauer.

Hierdie ekonomiese hulpverlening laat Die O.B. die opmerking maak dat Suid-Afrika voorheen binne die Britse Ryk moes bly omdat Engeland hom moes help en nou moes hy binne bly omdat hy Engeland moet help. Toe die Arbeidersregering later teen die Suid-Afrikaanse Kleurbeleid begin stelling neem en die Unie in die V.V.O. in die steek gelaat het, het Die Burger Brittanje verwyt dat hierdie bystand van Suid-Afrika vir „klappe en skoppe" ingeruil is. Die blad voeg nogtans daaraan toe: „Maar daarmee hou ons nietemin vol omdat ons dit al as byna vanselfsprekend aanneem dat dit in ons eie belang is om Engeland te help en sy wankelende pond te stut."[43]

(c) Engeland se Oorloë.

Een van die vernaamste redes wat aangevoer is teen die „Britse konneksie" het steeds beweer dat dit Suid-Afrika in Brittanje se oorloë betrek. Daarom het die tiende artikel van die Herenigde Nasionale Party se program van beginsels gelui dat 'n republiek „die enigste effektiewe waarborg is dat Suid-Afrika nie weer in Groot-Brittanje se oorloë ingesleep sal word nie".

Toe dr. Malan dus in 1949 in die Senaat aangekondig het dat Suid-Afrika in die volgende oorlog aan die kant van die Westerse Moondhede sal staan, was dit vir republikeine 'n ontnugtering. Die Regering het ook beslis van die Party se beginselprogram afgewyk deurdat die Minister van Verdediging van Suid-Afrika in dieselfde jaar en daarna Britse Rykskonferensies in verband met verdediging bygewoon en bowendien oorlogsverpligtinge in die Midde-Ooste by voorbaat aanvaar het.[44] Tydens die Eerste Minister se verslag oor die Londense Premierskonferensie en nog 'n verwysing na Suid-Afrika se deelname aan 'n volgende oorlog, wou kol. Jacob Wilkens hom nie laat bind deur die verklaring van die Eerste Minister in verband met die oorlog nie. Sy woorde was: „Ek sal nie my bloed gee vir daardie Ryk en vir wêreld-oorheersing nie." Volgens hom moet elkeen eers die Kommunisme in sy eie land uitroei.[45]

---

43) Die Burger, 2/5/52.
44) Debatte van die Volksraad, Deel 75, 1951, kol. 7149; Deel 77, 1952, kol. 2165.
45) Ibid., Deel 68, 1949, kol. 5718.

Daarmee mik hy teen die voorstelling van Nasionale kant dat hierdie oorlogsverpligtinge, onder leiding van die Britse Statebond, geregverdig was weens die Kommunistiese wêreldbedreiging. Die vorige regering het egter op sy beurt weer die Nasionaal-Sosialisme as 'n wêreldbedreiging beskou en daarom „Suid-Afrika in Groot-Brittanje se oorlog gesleep". Per slot van sake het republikeine dergelike oorloë gesien as vrugte van die magspolitiek van wêreldmoondhede wat slegs hul eie belange in ag neem. Die verwysing na Kommunisme verander dus nie die republikeinse beginsel van onsydigheid in die Britse oorloë nie. So maak D.W. Krüger in Die Burger beswaar teen Suid-Afrika se deelname aan die Koreaanse Oorlog wat toegespits is op Amerika se belange. Laasgenoemde land met sy liberalisme is volgens hom net so 'n gevaar vir die Afrikanervolk as die Kommunisme.[46] Die deelname aan die oorlog in Korea het Suid-Afrika inderdaad nie gevrywaar van Britse en Amerikaanse aanvalle in die V.V.O. en herhaalde kritiek op sy binnelandse beleid nie.

Die afwyking van die tradisionele republikeinse standpunt steek soveel skerper af omdat die Suid-Afrikaanse Regering die oorlogsverpligtinge in die Midde-Ooste aangegaan het sonder om selfs die Parlement daarin te ken, sodat selfs die Cape Times daarteen beswaar gemaak het. Die O.B. het op sy beurt daarop gewys dat genl. Smuts destyds verwyt is omdat hy sonder 'n mandaat van die volk oorlogsverpligtinge buite Suid-Afrika aangegaan het. Die tergende waarheid was dat die Nasionale Regering se oorlogsbeleid nie deur die volk of deur die Parlement bepaal is nie, maar deur die „Empirekonferensies oor oorlog", wat die Minister van Verdediging in Londen en Kenia bygewoon het.[47]

(d) Parlementêre Bande.

In vorige hoofstukke is telkens aangetoon dat in Afrikanerkringe van die begin af stemme teen die Britse parlementêre stelsel opgegaan het.[48] Hierdie stelsel is, sover dit die Boererepublieke betref, deur veroweringsdwang ingevoer. Die Afrikaners het derhalwe in 1941 in hulle

---

46) Die Burger, 6/4/51.
47) Die O.B., 28/11/52.
48) Vgl. bv., Hfst. I na verw. 36; Hfst. II, verw. 57 tot 59; Hfst. III by verw. 12 e.v. en na verw. 62, ens.

eenheidsgrondslag bepaal dat die republiek nie op vreemde model geskoei mag wees nie, maar gegrond moet wees op die stelsel van volksregering soos dit in die Boererepublieke bestaan het.

Wanneer dr. Malan egter in 1949 uit Londen terugkeer en sy verslag in die Volksraad doen, verwys hy na hierdie Britse parlementêre stelsel as een van die bande wat die Statebond aanmekaar hou. Hy wys op die gemeenskaplike politieke uitkyk en sê: „Dit is selfs so in die geval van Indië, wat andersins miskien die verste staan van die ander lede van die Statebond, dat hulle besluit het om hul konstitusie in te rig op die model van die Britse konstitusie en van ons s'n hier. Met ander woorde, hulle is wel 'n republiek, maar hulle is 'n demokratiese republiek, en hulle wyse van parlementêre regering is of bly grotendeels soos wat dit tevore was."[49] Dr. Malan was nie die enigste staatsman wat die krag van hierdie band ingesien het nie. 'n Jaar later het die Britse Minister van Statebondsbetrekkinge, Gordon Walker, ook gesê: „Die nuwe Statebond word aaneen gehou deur die aanvaarding van gemeenskaplike demokratiese ideale, van 'n liefde en begrip vir parlementêre demokrasie; deur vriendskap en intimiteit."[50]

Dit is opvallend dat daar vanaf 1949 nie meer van die kant van die Nasionale Party iets omtrent die ideaal van 'n eie Afrikaanse staatstelsel verneem word nie. Dit was in ooreenstemming met die bedoeling om „onder enige omstandighede" binne die Statebond te bly en dit was ook die gevolg daarvan.

(e) Geestelike Bande.

Die belangrikste bindende faktor in die Statebond was nie die gemeenskaplike belange of die parlementêre stelsel wat hy genoem het nie. Dr. Malan het in die Volksraad as die belangrikste band van die Britse Statebond die groepsgees aangewys wat ontwikkel het sodat die Statebond iets meer as 'n organisasie geword het - „'n lewende organisme", wat hom gedurig by veranderde omstandighede aanpas, in so 'n mate dat die ontbinding van konstitusionele bande juis lei tot groter

---

49) Debatte van die Volksraad, Deel 68, 1949, kol. 5683.
50) Die O.B., 14/6/50.

stewigheid van die eenheid! „As die bande wat bind, losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, as dit nodig geword het om bande losser te maak, dan het die Statebond dit nog altyd reg gekry om beslag te lê op die gees", het dr. Malan gesê en daaraan toegevoeg: „Wat hier gedoen is, is nie tot verbreking van die Statebond nie. Wat gedoen is, is gedoen tot opbouing van die Statebond, tot behoud van die Statebond in sy eenheid en sy mag."[51] Hiermee het dr. Malan die wesenlike afwyking van die republikeinse koers by die Nasionale Regering geopenbaar.

Republikeine wat gestreef het na verbreking van die band met die Statebond sou moeilik kon glo dat hierdie dinge gedoen en gesê is terwyl genl. Smuts daardie dag in die Opposisiebanke gesit het. Laasgenoemde het dan ook opgestaan om te sê: „Ek is ingenome met, en ek verwelkom die werk wat die Eerste Minister verrig het."[52]

Hoewel dit ironies mag klink, stem die woorde waarmee dr. Malan die Britse Statebond tipeer, grootliks ooreen met die ideaal van lord Milner wat hy in 1901 soos volg gestel het: „A group of sister nations spread throughout the world ..... each independent in its own concerns, all indissolubly allied for a common purpose, all free and willing subjects of the most ancient and august Monarchy in the world ..... the British Empire."[53] In 'n toespraak voor die „Navy League" in 1904 het Milner verklaar: „I am an imperialist out and out ..... It is not the domination of Great Britain over other parts of the Empire that is in my mind ..... I am prepared to see the Federal Council of the Empire sitting in Ottowa, in Sydney, in South Africa - sitting anywhere - if in the great future we can only hold together ....."[54] Na aanleiding hiervan het Cecil Headlam Milner se ideaal sestien jaar tevore feitlik in dr. Malan se woorde van 'n „lewende organisme" geformuleer toe hy geskryf het: „Milner, one may claim, was the first British statesman to adopt the conception of an Empire which transcends the countries or races

---

51) Debatte van die Volksraad, Deel 68, 1949, kol. 5682/3.
52) Ibid., kol. 5690.
53) G.B. Pyrah: Imperial Policy and South Africa, Londen, 1955, bl. 6.
54) C. Headlam: The Milner Papers (South Africa) 1899-1905, Deel II, Londen, 1933, bl. 503.

of which it is composed - an organic unity of states to which the citizens of each free and independent part owe a wider and prior patriotism."[55]

Hierdie siening van dr. Malan het die beleid van die Unie van Suid-Afrika beïnvloed. Toe 'n afvaardiging van die Afrikaanse Kerke die Eerste Minister ontmoet het om by hom aan te dring op die sluiting van die Russiese konsulaat, het dr. Malan hulle geantwoord dat dit nie gedoen kan word sonder raadpleging van die ander Statebondslande nie en dat die Unie „ook verpligtinge in hierdie verband teenoor ander Statebondslande (het) wat hy moet nakom".[56] Hierdie enkele voorbeeld toon die beperkinge wat hierdie Britse konneksie op Suid-Afrika gelê het, naamlik dat hy nie vry gevoel het om sy eie buitelandse beleid binne sy eie grense te bepaal nie.

Die Nasionale Party het in hierdie stadium sy republikeinse ideaal beperk tot verandering van die staatsvorm binne die Britse Statebond. Dr. Malan het later die verwesenliking daarvan selfs in die vooruitsig gestel. Die Goewerneur-generaal kon deur die volk verkies word. „Dan kan Suid-Afrika 'n republiek sonder rewolusie en sonder isolasie word." Dit sou „die laaste stap" op weg na 'n republiek wees.[57]

Terwyl dr. Malan die nadruk laat val op die samewerking binne die Statebond, spits adv. J.G. Strijdom hom op die totstandkoming van 'n republiek toe. Tydens die debat oor die Londense Verklaring in die Volksraad verwys hy aanvanklik na die Partybeleid van 1941 wat nog van afskeiding van die Ryk as die „uiteindelike" bestemming melding maak. Hy voeg egter daaraan toe dat dit stap vir stap sal geskied met inagneming van die meerderheidswil van die „„Suid-Afrikaanse bevolking".[58] Mnr. Strijdom bring voortaan hierdie stap-vir-stap-metode sterk op die voorgrond. In Mei 1950 kan hy dan ook verwys na die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap van 1949 en die afskaffing van die appèl na die Geheime Raad in Brittanje as resultate wat reeds op dié weg bereik is.[59] Dit het dr. B. Friedman se opmerksaamheid

---

55) Ibid., t.a.p.
56) Die O.B., 20/6/51. Afvaardiging van Die Anti-kommunistiese Aksiekomitee.
57) Die Burger, 3/4/50.
58) Debatte van die Volksraad, Deel 68, 1949, kol. 5727.
59) Die Burger, 22/5/50; Vgl. ook Debatte van die Volksraad, Deel 71, 1950, kol. 4259.

nie ontglip nie. Hy veroordeel hierdie „stap-vir-stap-metode" as „immoreel" op politieke gebied en „troubreuk teenoor die volk". Hy sê: „Dit is in elk geval duidelik dat die Eerste Minister en sy kollegas die republikeinse vraagstuk laat herleef" - nadat hulle dit „in die koelkas geplaas het".[60]

Mettertyd het mnr. Strijdom hom heeltemal versoen met die gedagte dat 'n republiek eers binne die Statebond verkry moet word. Hy was teen 1957 daarvoor te vinde dat die Party se program van beginsels so gewysig word dat republiekwording en uittrede uit die Statebond beskou sal word as twee afsonderlike vrae wat nie op dieselfde tyd beantwoord hoef te word nie.[61]

(f) Volkseenheid op Britse Grondslag.

Uit dr. Malan se toespraak in die Volksraad ná sy terugkeer uit Londen in 1949 het dit duidelik geword dat hy nou ook 'n nuwe grondslag voorstaan waarop volkseenheid bereik moes word. Voorheen en selfs nou nog het hy republiekwording voorgehou as 'n middel om die „grootste eenheid" te verkry.[62] Hy het vroeër beklemtoon dat Afrikaans- en Engelssprekendes deur die „Britse konneksie" uitmekaar gehou word en dat slegs 'n republiek die gewenste eenheid sal kan bring.[63] Na die Londense Premierskonferensie het hy egter probeer om hierdie eenheid op die grondslag van die Britse konneksie te vind; op die grondslag van die Britse Statebond. Hy beoog naamlik die eenheid wanneer die Statebond „'n bydrae sal lewer om die bevolking van Suid-Afrika nader aan mekaar te laat voel as wat tevore die geval was". Hy sê dus: „In die oplossing van dringende vraagstukke moet ons ons eenheid soek en bymekaar staan."[64] Met hierdie grondslag het mnr. Strijdom hom ook vereenselwig. Hy maak in sy toespraak melding van die „groot sielkundige uitwerking" wat 'n republiek soos Indië in Suid-Afrika moet hê.[65] Die Transvaler[66] verklaar dat „as so 'n vrye assosiasie (binne die Statebond) die weg is wat die Nasionale Party moet volg om die hele blanke bevolking van die

---

60) Debatte van die Volksraad, Deel 71, 1950, kol. 4185.
61) M.P.A. Malan, a.w., bl. 295.
62) Debatte van die Volksraad, Deel 68, 1949, kol. 5686.
63) Vgl. bv. Hoofstuk IX, par. 3.
64) Debatte van die Volksraad, Deel 68, t.a.p.
65) Ibid., t.a.p.
66) Die Transvaler, 19/4/49.

hoogste waarde en voordele van die republikanisme te oortuig, dan is dit die weg wat met blydskap geloop moet word".

In hierdie stadium het dit duidelik geword dat die Nasionale Party nou eers langs die weg van die Britse konneksie gaan probeer om die volkseenheid te verkry wat nodig sou wees om 'n republiek te verwesenlik. Die republiek word nou nie meer as voorwaarde vir nasionale eenheid beskou nie, maar nasionale eenheid word die voorwaarde vir die republiek. Die Party het gevolglik die volgende verkiesing weer eens aangepak met die „dringende vraagstuk" van rasseverhoudings as vernaamste strydpunt. Die verkiesing het egter nie die gewenste eenheid bewerkstellig nie, aangesien die Engelssprekendes „blokvas" teen die Nasionale Party gestem het.[67]

Sommige leiers van die Nasionale Party het egter voortgegaan om propaganda vir die republiek te maak. Veral mnr. Strijdom het byna nooit 'n geleentheid laat verbygaan sonder om na 'n republiek te verwys nie. Volgens koerantberigte was dr. Malan van mening dat daar minder gepraat moet word oor die republikeinse ideaal omdat dit nie net die Engelssprekendes van die Party vervreem nie, maar ook 'n groot deel van die Westerse wêreld van Suid-Afrika. Hy sou mnr. Strijdom ook gewaarsku het dat hy die Party se „Jan Hofmeyr" by die volgende verkiesing sal wees, wat tot 'n nederlaag vir die Regering kan lei. Daar was selfs aanduidings dat die koukus op een tydstip 'n verbod op republikeinse toesprake geplaas het. Dit sou gemik gewees het teen die verset van mnr. Strijdom, wat gevrees het dat die Ossewabrandwag die republikeinse strewe kon monopoliseer.[68]

3. DIE BRITSE KROON.

Dr. Malan se houding teenoor die Britse Koning het ook 'n diepgaande verandering ondergaan sedert 1947 toe die meerderheid van sy Party se Parlementslede en 'n deel van sy pers die Koningsbesoek geboikot het. Vroeg in 1952 rig hy 'n spontane uitnodiging aan die Koningsgesin om vir 'n paar maande in Suid-Afrika te kom bly met die oog op die Koning se

---

67) Die Burger, 14/3/49; Vgl. hierdie hoofstuk, par. 1, by verw. 18 tot 24.

68) Vgl. The Cape Argus, 21/3/51; The Sunday Times, 27/5/51; Die O.B., 28/3/51. Saam met mnr. Strijdom is ook die name genoem van adv. C.R. Swart, dr. H.F. Verwoerd en mnr. E.H. Louw.

gesondheidstoestand. Dit het skerp reaksie van republikeinse kant, veral buite die Party-geledere, uitgelok. Die O.B. wys daarop dat die Koning se aankoms in Kaapstad sal saamval met die Van Riebeeckfees - die herdenking van die Afrikaanse volksplanting, en dat dit sy gevolge op die feesviering sal hê.[69] Met die oorlye van die Koning op 6 Februarie is hierdie geskilpunt van die konstitusionele terrein verplaas. Die leiers van die regerende Nasionale Party het hulle toe in die onaangename posisie bevind dat hulle die band met die Britse Kroon opnuut en eiehandig moes bind. Die gevolg was dat menige verwyte wat hulle teen genl. Hertzog in 1937 geslinger is, nou weer deur republikeinsgesindtes aan hulle toegevoeg is.

Die Party was natuurlik gebonde aan die bepaling in sy program van beginsels dat 'n republiek slegs ingevolge 'n spesiale opdrag van die stemgeregtigde blanke bevolking uitgeroep sal word en aan sy onderneming in 1948 teenoor die kiesers dat hy nie binne sy regeringstermyn 'n republiek sou uitroep nie. Dit sou ongeregverdigd wees om te verwag dat die Regering van die vakature op die Britse troon gebruik moes maak om die bande deur te sny - soos adv. F.C. Erasmus en dr. Karl Bremer wel in 1937 van genl. Hertzog verwag het met hulle verklaring dat Suid-Afrika nog nooit so naby aan 'n republiek was nie.[70] Die Party het nie 'n geleentheid tot republiekwording laat verbygaan toe dr. Malan as Eerste Minister die Britse Kroonprinses tereg as Koninging van Suid-Afrika geproklameer het nie. Sodanige geleentheid was reeds verpas toe dr. Malan met die oog op die werwing van Engelse stemme homself van daardie vryheid beroof het, stemme wat hy soos reeds aangetoon is, selfs ná sy beleid ten gunste van die Koningshuis, in die verkiesing van 1953 nog nie gekry het nie. Hy sou sonder 'n dergelike belofte ook kon regeer het. Teenoor die troonopvolgingsproklamasie as sodanig kon daar dus nie beswaar gemaak word nie, al het republikeine daaroor seer gevoel en veral die bewoording daarvan afgekeur![71]

Veel groter was die ontsteltenis toe die Volksraad en Senaat die volgende jaar op voorstel van die Eerste Minister

---

69) Die O.B., 30/1/52.
70) Die Volksblad, 26/1/37.
71) Vgl. Die O.B., 13/2/52.

die volgende adres as 'n onbestrede mosie aanvaar het: „Dit is die innige hoop en bede van U Majesteit se onderdane In die Unie van Suid-Afrika dat U Majesteit met die Seën van die Almagtige God lank gespaar mag bly om oor ons, 'n tevrede en verenigde volk, te regeer. En ons verseker U Majesteit in alle nederigheid van ons voortdurende gehegtheid en getrouheid aan U Majesteit se troon en persoon."[72]

Hierdie mosie kan as 'n verdere „korrekte" pligpleging beskou word. Die Republikein veroordeel dit egter in skerp taal. Hy keur nie net die lojaliteitsbetuiging as sodanig af nie, maar wys ook op „die insleping van die Heilige Naam van God by 'n stuk wat uit republikeinse mond niks anders as koelbloedige, vormlike huigelary kan wees nie". Die blad sê: „Dit is een ding om teenoor Haar Britse Majesteit trou te veins wat geen nasionale Afrikaner besit nie, maar dit is heeltemal 'n ander ding om geveinsde trou te beseël met 'n beroep op die Almag van God." Hy stel die vraag: „Watter opheffende invloed moet daar uitgaan van politici wat in hul partyprogram aan die volk 'n republiek voorhou, maar in die Volksraad adresse na Londen stuur waarin die seën en Almag van God bygeroep word om te verseker dat 'n Britse Koningin ‚lank' oor 'n ‚tevrede' republikeinse volk sal regeer, en waarin hierdie volk se ‚voortdurende trou en gehegtheid aan die troon' verseker word?"[73]

Dit was skerp kritiek op 'n houding wat die logiese gevolg was van 'n inkonsekwensie wat - om watter verdedigbare redes ook al - gespruit het uit die volgehoue weiering van die republikeinsgesinde party om van die republikeinse ideaal in sy verkiesingsbeleid 'n strydvraag te maak.

Die Republikein merk in dié verband verder op dat die Eerste Minister elf jaar tevore in sy hoedanigheid as Opposisieleier 'n voorstel by die Volksraad ingedien het waarin hy daarop aangedring het dat Suid-Afrika onverwyld tot 'n republiek verklaar moet word. Ses jaar later is hy deur die volk in die posisie gestel om daardie republiek self uit te

---

72) Debatte van die Volksraad, Deel 81, 1953, kol. 1893. Dit is opvallend dat Nasionale Party-mondstukke hierdie mosie verswyg het. Vgl. Die Republikein, 1/4/53 (brief); 6/5/53.

73) Die Republikein, 4/3/53 (Hoofartikel).

roep. „Maar sy verkiesing tot Eerste Minister het hom nie groter mag ten opsigte van die Afrikaner se vryheidstrewe besorg nie, dog groter verpligtinge teenoor die Britse Empire weens sy promovering tot ‚Sy Majesteit se Regering' en die gevolg hiervan was dat in plaas van die Republiek van Suid-Afrika wat hy nog as Opposisieleier in 1942 kon aanvra, hy nou verplig is om die ‚Koninkryk van Suid-Afrika uit te roep met 'n Britse vorstin as heerseres'."[74]

Die Ierse regering is hierdie verleentheid gespaar deurdat Ierland in 1949 na 'n gewone verkiesing 'n republiek geword het. Hoewel Ierland nog in baie opsigte onveranderde betrekkinge met Engeland en die Statebond gehandhaaf het, wat ook handels- en burgerskapvoorregte ingesluit het, het hy niks met die kroning te doen gehad nie en selfs die uitnodiging om dit by te woon, van die hand gewys.[75]

In Februarie 1953 het Suid-Afrika kragtens sy eie wetgewing die Koninkryk bestendig toe die Wet op die Koninklike Titels deur die Parlement aangeneem is. Volgens koerantberigte is daar binne die Nasionale Party-koukus beswaar gemaak teen die wetsontwerp omdat dit daarop neergekom het dat Suid-Afrika hom nou vrywillig neerlê by die bestaande konstitusionele posisie.[76] Later is hierdie wetgewing egter vertolk as 'n voorwaartse stap op die pad van konstitusionele ontwikkeling omdat die deelbaarheid van die Kroon nou uiteindelik by wyse van wetgewing bevestig is. Die titel het gevolglik nou soos volg gelui: Elizabeth II, Koningin van Suid-Afrika en van Haar ander Koninkryke en Gebiede, Hoof van die Statebond.[77]

Republikeinse verset het ondertussen opgelaai. 'n Groot saamtrek is in die Paarl bepaal vir Kroningsdag (2 Junie) en daar is besluit om tot die stigting van 'n republikeinse beweging oor te gaan. Vanuit hierdie geledere is veral gewaarsku dat die Regeringsbeleid die verbritsing van die jeug tot gevolg sal hê. So verwys Die

---

74) Ibid., 25/2/53.
75) Vgl. Debatte van die Volksraad, Deel 68, 1949, kol.5673; Die Republikein, 20/5/53. Die rede vir die weiering was omdat Elizabeth II ook as Koningin van Noord-Ierland uitgeroep sou word.
76) Die Republikein, 25/2/53.
77) Debatte van die Volksraad, Deel 81, 1953, kol. 1508.

Republikein na die Nasionale Party se vorige oorwinnings wat veral aan die toenemende getalsoorwig van die Afrikaner-jeug te danke was, en sê dat „hierdie materiaal wat ons die republikeinse meerderheid moet besorg, nou onder die indruk gebring word dat die Britse Empire ONS Statebond is en die Britse Koningin ONS Koningin en dat ons binne daardie Empire ‚in alle omstandighede wil bly'". Daarna laat die blad die vraag volg: „Wat baat dit ons dat ons die getalle wen, maar die wil om vry te word, verloor?"[78)]

Samevattend moet hier dus gekonstateer word dat die republikeinse Nasionale Party ten opsigte van alle aspekte van die republikeinse strewe, soos dit in 1941 geformuleer is, teen 1953 afgewyk het van die bepaalde koers, behalwe dat die republikeinse ideale in die klousules van sy program van beginsels nog gehandhaaf gebly het. Die toestand is gevolglik teen 1953 die omgekeerde van dié in 1919 toe 'n nie-republikeinse Nasionale Party 'n republikeinse standpunt ingeneem het. In hierdie stadium het 'n republikeinse Nasionale Party 'n (Britse) Statebondstandpunt verkondig. Aan die ander en positiewe kant het nietemin twee praktiese resultate uit die „stap-vir-stap"-beleid gevloei. Gedurende sy regeertermyn het die Nasionale Party in hierdie tydperk twee belangrike Britse bande deurgesny, te wete die vervanging van die dubbele burgerskap deur 'n enkelvoudige Suid-Afrikaanse burgerskap en die afskaffing van die reg tot appèl na die Geheime Raad in Engeland.

---

78) Die Republikein, 22/4/53.

HOOFSTUK XI

HOOGTEPUNT.

Verskillende faktore het daartoe bygedra om 1953 die keerpunt ten opsigte van die republikeinse strewe te maak. Toe die Parlement na aanleiding van 'n Statebondsmosie, wat die Opposisie-leier ingedien het, eenstemmigheid oor Suid-Afrika se konstitusionele posisie bereik het - 'n prestasie wat sedert 1912 ongeëwenaard in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis was, - kan 'n mate van ironie bespeur word in die feit dat die kiem van republiekwording ook reeds daarin aanwesig was. Nadat dr. Malan sy leierskap in 1954 neergelê het en opgevolg is deur mnr. J.G. Strijdom, het die republikeinse strewe binne die partypolitiek herlewe. Dit is egter nog steeds deur die rassevraagstuk oorheers, totdat dr. H.F. Verwoerd onverwags in 1960 die vraagstuk van die republiek in die politieke arena gewerp het en tot die grootste verrassing vir baie 'n oorweldigende meerderheid van stemme ten gunste daarvan uitgebring is. Hierdie tydperk word ook geken aan die tekens van rypwording ten opsigte van die republiek by 'n deel van die Engelssprekende bevolking, alhoewel dit eerder as gevolg van berusting as van oortuiging was.

1. REPUBLIKEINSE DRUK.

Op 15 April 1953 het die Nasionale Party vir sy tweede termyn aan bewind gekom. Die kiesers het hom 'n veel groter meerderheid by die stembus besorg as in 1948. Hy het nou oor 94 setels beskik en daarmee sy meerderheid van 13 tot 29 in die Volksraad vergroot. Hoewel die rassevraagstuk die hoofstrydpunt was, was die stryd konstitusioneel getint insover dit ook gegaan het om die oppergesag van die Parlement. Hierdie aspek het in die gedrang gekom toe die Appèlhof die vorige jaar 'n wet oor die afsonderlike verteenwoordiging van Kleurlinge in die Parlement ongeldig verklaar het, omdat dit nie met 'n tweederde meerderheid tydens 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat aangeneem is nie. Hierdie nederlaag het al dadelik die republiek onder Nasionale Partylede ter sprake gebring en 'n vraag na die waarde van die vryheid van die Statuut van Westminster opgewerp.[1)]

1) Die O.B., 23/4/52, mnr. Tom Naudé.

Toe die uitslag van die verkiesing ook nog aan die lig gebring het dat die Engelssprekendes „blokvas" teen die Nasionale Party gestem het, was dit 'n verdere aansporing om die republikeinse ideaal op die voorgrond te bring. By geleentheid van oorwinningsfeeste te Rustenburg en Witbank het mnr. J.G. Strijdom die noodsaaklikheid van 'n republiek sterk beklemtoon en 'n beroep op sy ondersteuners gedoen om daarvoor oortuigingswerk te doen. Hy het in verband met sy oproep dat 'n voldoende meerderheid vir die republiek gevind moet word, selfs met verwysing na die oorwig van jongmense wat in die afgelope verkiesing vir die Nasionale Party gestem het gesê dat „daar is ook bewys dat dit kan gebeur".[2)]

Net na die verkiesing is die Republikeinse Bond uit republikeinse vergaderings wat te Koppies en die Paarl op 2 Junie gehou is, in die lewe geroep. Een van die leiers van die Bond het vyf jaar tevore nog in die parlementêre koukus van die Herenigde Nasionale Party gesit. In Die Republikein het briewe reeds steun vir die Bond weerspieël van mense buite die geledere van die Ossewabrandwag,[3)] wat die vorige jaar ontbind het. Hierdie feite het daarop gedui dat hierdie republikeinse beweging steun uit wyer kringe kon verwag.

Mnr. Strijdom het blykbaar voorsien dat die republikeinse ideaal uit die hande van die Nasionale Party geneem kon word as daar nie daadwerklik met republikeinse propaganda voortgegaan word nie. Hy het seker ook nog goed onthou watter besieling hierdie ideaal aan die Nasionale Party verleen het in die dae toe hy die enigste setel vir sy Party in Transvaal gehou het. Trouens, in 1951 het die Transvaalse leier op Stellenbosch juis gesê dat die bewindsverowering van die Nasionale Party deels aan hierdie ideaal in sy program toegeskryf moes word.[4)] Die Nasionale Party is gevolglik onderwerp aan republikeinse druk, sowel van buite as van binne. Dit blyk uit beskrywingspunte op sy kongresse daardie jaar - onder andere van die Nasionale Jeugbond se Hoofraad - wat om die verwesenliking van die republikeinse

---

2) Die Republikein, 17/6/53.
3) Mnr. W.D. Brink van Christiana. Ander persone in die bestuur was mnre. J.A. Smith (voorsitter), De Wet Strauss (ondervoorsitter), dr. F.D. du T. van Zyl, prof. C.L. de Jager, mnr. J.F. van der Merwe en mev. M. van Rooyen. (Ibid., 10/6/53, 16/9/53.)
4) Die Burger, 19/2/51.

ideaal vra. Sprekers van die Nasionale Party het op hierdie druk geantwoord deur veral vanaf die openbare verhoog in toenemende mate oor die republiek te praat en na die Party se republikeinse doelstelling in sy program van beginsels te verwys. Aan die ander kant is egter ook praktiese besware voorgehou, te wete die Party se verkiesingsonderneming en die feit dat dit nog noodsaaklik was om 'n voldoende meerderheid van stemme vir die ideaal te wen.[5] In verband met hierdie „taktiek" het Die Republikein gewaarsku dat 'n politieke party wat voortdurend oor 'n saak praat en verwagtings oor daardie saak by sy volgelinge wek, homself daardeur verplig om later iets aan die saak te doen.[6]

Hierdie republikeinse propaganda, wat die Engelse pers gereeld aan sy lesers as afskrikmiddel toegedien het, het enersyds binne die Nasionale Party woelinge laat ontstaan wat op republikeinse beskrywingspunte na kongresse uitgeloop het. Andersyds het dit blykbaar dié interessante gevolg gehad dat 'n deel van die Engelssprekendes aan die republikeinse ideaal gekondisioneer is en gevolglik in toenemende mate begin berus het in die vooruitsig dat Suid-Afrika eerlang 'n republiek sou word. Dit blyk onder andere uit 'n brief van L.K. Thompson in die Cape Argus waarin hy skryf: „From what I can gather in conversations among friends, a large body of the English-speaking section has resigned itself to that constitutional change as almost a certainty. They do not regard the adoption of the republican system with any great misgiving." Hy voeg egter by dat die aard van die republiek, wat in die Konsepgrondwet weerspieël word, vir hulle 'n saak van bekommernis is. Die skrywer sou self 'n republiek aanvaar wat met behoud van die bestaande grondwet binne die Statebond bly.[7]

Hieruit kan afgelei word dat die beleid om 'n republiek binne die Statebond te stig, wel sy „sielkundige uitwerking" op sommige Engelssprekendes gehad het. Dit het minstens hul verset ondermyn. In die verlede het hulle maar ná verbete teenstand teen konstitusionele en simboolveranderings berus. Die vraag of hulle so geredelik vir

---

5) Die Burger, 23/9/53.
6) Die Republikein, 9/12/53.
7) Cape Argus, 11/5/53.

'n republiek sou stem as wat hulle daarin sou berus, moes op daardie tydstip miskien beantwoord word in die lig van die uitslae in die verkiesings van 1948 en 1953. Soos die geval van mnr. H.G. Lawrence illustreer, het dit later geblyk dat Engelssprekendes eers teen die republiek gestem het, maar dit dadelik na die volkstemming aanvaar het.[8)]

Die moraal van die Engelssprekendes is deur die verkiesing van 1953 'n knou toegedien. Dit was toe duidelik dat die Nasionale Party oor die kragte beskik om sonder Engelse steun 'n republiek deur middel van 'n parlementêre verkiesing tot stand te bring. Sen. Heaton Nicholls het in die lig hiervan met die kompromis-voorstel gekom dat die Unie, met uitsondering van Natal en 'n deel van Kaapland, 'n republiek kon word en dat die twee dele van die eertydse Unie daarna op 'n federale basis saamwerk. Hy pleit: „Laat ons op ons spoor terugloop", en gebruik daarvoor selfs die Nasionale Party se standpunt van 1919 as voorbeeld toe laasgenoemde die Vrystaat en Transvaal ten koste van die uniale verband as republieke wou herstel. Die Republikein sien egter in hierdie pleidooi juis hoe ver daar sedert 1919 op die weg na 'n republiek gevorder is, want destyds het sen. Nicholls die republikeinse gedagte met hand en tand beveg. Net so het die Engelssprekende Natal ook die landsvlag beveg met die dreigement van afskeiding terwyl hy „vandag in sy Verenigde Party-konstitusie doodluiters verklaar dat hy hierdie vlag as nasionale simbool aanvaar."[9)]

Dit is seker van betekenis dat mnr. H.G. Lawrence, een van die leidende figure in die Verenigde Party in hierdie tyd ook differensieer tussen die volk van Suid-Afrika en die blanke inwoners van die land. Hy doen dit in 'n artikel waarin hy prof. J.A.J. van Rensburg in die Cape Argus antwoord oor die homogene samestelling van die Nasionale Party, die geleidelike rigting na homogeniteit binne Suid-Afrika weens die toenemende Afrikaanse bevolking en die afname van verengelsing onder Afrikaners weens hul groeiende oorwig in stedelike gebiede.[10)] Mnr. Lawrence skryf dat dit die Verenigde Party se taak is om te verseker dat „our growing

---

8) Die Volksblad, 7/2/61.
9) Die Republikein, 6/5/53.
10) Cape Argus, 29/5/53.

nation shall include on a basis of unquestionable equality, not only the Afrikaans-speaking element but also those reasonable elements who live in South Africa, who love South Africa and who are assisting to build up South Africa as their home and the home of their children".[11] Mnr. Lawrence sê ook dat baie mense binne die Verenigde Party republikeinsgesind is, maar hulle is op daardie oomblik nog bereid om die ooreenkoms van Unie te eerbiedig. Hy meen dat dit ook dr. Malan se standpunt is en dat hy en mnr. Havenga en 'n paar ander ministers graag die republikeinse vraagstuk sal wil laat rus, maar die „ekstremistiese seksie" binne die Regering sal hulle nie toelaat om dit te doen nie.[12] Die Cape Argus self onderskryf die mening dat „baie" teenstanders van die Nasionale Party, Engels- sowel as Afrikaanssprekend, bereid is om ernstige oorweging te skenk aan die stigting van 'n „free, democratic and parliamentary republic", mits die wese van vryheid behoue bly.[13]

Bogenoemde uitlatings het daarop gedui dat die klimaat vir 'n republiek gunstig begin raak het.

2. PARLEMENTÊRE EENSTEMMIGHEID.

Die Opposisieleier, mnr. J.G.N. Strauss, het gedurende 1953 'n mosie in die Volksraad voorgestel waarin die Regering lof toegeswaai word vir die ingeslane rigting. Hy noem die rigting in sy toespraak „die ware en beproefde pad wat gevolg is deur daardie twee groot patriotte, wyle genl. Hertzog en wyle genl. Smuts". Die mosie het aangedring op volgehoue en algehele samewerking van die Unie as lid van die Statebond en die regeringsbeleid in dié verband goedgekeur.[14] Hierdie mosie het die grootste eenstemmigheid tot gevolg gehad wat sedert 1912 binne die Parlement ten opsigte van die konstitusionele vraagstuk bereik is.

Die politieke korrespondent van Dagbreek wys daarop hoe moeilik dit vir dr. Malan was om daarop te antwoord. „Hy moes veral daardie lede aan sy kant met sterk republikeinse gevoelens gerusstel dat sy republikeinse ideaal geensins 'n dooie letter is, veral nadat die vraagstuk in die

---

11) Ibid., 29/5/53.
12) Ibid., 6/6/53.
13) Ibid., 28/3/53.
14) Debatte van die Volksraad, Deel 82, 1953, kol. 44.

afgelope verkiesing geen rol gespeel het nie."[15] Die Eerste Minister, wat uitgesproke ten gunste van Statebondsamewerking was, kon ook nie die algemene strekking van die mosie bestry nie. Hy het gevolglik 'n amendement voorgestel waarin hy hom weer eens sterk ten gunste van Statebondseenheid uitspreek en tegelykertyd ook die republikeinse element na vore bring.

Hy het daarop gewys dat die Kroon in hierdie stadium gedeel is en „onder Suid-Afrika se beheer ..... uitsluitlik" gekom het. Daar bestaan geen rede om uit te tree ter wille van groter vryheid nie. Die Statebond is vir Suid-Afrika wat nie „in die middelpunt van die wêreld is nie" van groot waarde weens die inligting wat hy in verband met wêreldtoestande ontvang van „veral die Eerste Minister en sy kabinet in Engeland". Dr. Malan het egter ook gewys op gevare wat die eenheid van die Statebond bedreig, naamlik die „onoordeelkundige" uitbreiding van sy lidmaatskap en die inmenging in Suid-Afrika se binnelandse sake.[16] Die verwysing na hierdie faktore wat toe al die kop uitgesteek het, dui reeds in die rigting van die algehele onafhanklikheid wat Suid-Afrika agt jaar later sou bereik wanneer hy deur nuwelinge in die „familie-kring" van die Statebond gedwing sou word om uit te stap.

In hierdie stadium het die bereiking van „onafhanklikheid" nog onbetwisbaar in die toekoms gelê omdat dit duidelik was dat Suid-Afrika se buitelandse beleid grootliks deur Londen beïnvloed is.[17] Beleid word immers grootliks bepaal deur die aard en strekking van inligting waaroor daar beskik word. 'n Land wat opsien na 'n ander regering om inligting waarvolgens hy sy buitelandse beleid moet vorm, kan moeilik 'n onafhanklike weg inslaan.

---

15) Dagbreek, 12/7/53.
16) Debatte van die Volksraad, Deel 82, 1953, kol. 60-63.
17) Vgl. Hoofstuk X by verwysing 56 i.s. Die Anti-Kommunistiese Aksiekomitee; Hoofstuk XI, verwysing 16 i.s. inligting; Hoofstuk X by verwysing 29, i.s. verandering van dr. Malan se konstitusionele standpunt nadat 'n spesiale gesant van die Britse regering „al die feite" in verband met Indië se republiekwording aan hom voorgelê het.

Die republikeinse amendement van die Eerste Minister op die voorstel van die leier van die Opposisie het die volgende behels:

> „Die Raad neem verder kennis van die republikeinse beleid van die Regering en die versekerings daarin vervat, naamlik, -
>
> (a) dat so 'n konstitusionele verandering na 'n Republikeinse staatsvorm, hoewel dit 'n magtige bydrae tot ware nasionale eenheid aanbied en die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk, slegs tot stand gebring kan word op die breë grondslag van die volkswil en met behoorlike inagneming van die gelyke regte in elke opsig van die twee seksies van die blanke bevolking en nie bloot as gevolg van 'n parlementêre meerderheid wat by 'n gewone verkiesing verkry mag word nie. Dit moet 'n spesiale opdrag wees van die volk op hierdie punt alleen. En verder -
>
> (b) dat in die lig van die Londense verklaring van 1949 die uitroep van 'n Republiek en die uittrede uit die Statebond twee afsonderlike vrae geword het wat nie op dieselfde tyd beantwoord hoef te word nie en dat oor die laaste van hierdie twee daar op enige tydstip geoordeel en beslis moet word met die oog op die dan heersende omstandighede en op Suid-Afrika se belange en posisie in die internasionale wêreld."[18]

Dr. Malan het verduidelik dat die bedoeling van hierdie amendement was om in belang van 'n verenigde Suid-Afrika vrees weg te neem. Mnr. Strijdom het egter weer eens die republikeinse artikels van sy party aangehaal en verklaar dat dit opgestel was voor die Londense besluit van 1949 wat dit vir 'n republiek moontlik maak om lid van die Statebond te bly. Dit is nou die Party se beleid om oor die twee vrae afsonderlik te besluit.[19] Die feit dat die Nasionale Party in 1957 onder leiding van mnr. Strijdom sy geskrewe beleid in

---

18) Debatte van die Volksraad, Deel 82, 1953, kol. 56.
19) Ibid., kol. 123.

ooreenstemming met hierdie parlementêre formule gebring het, toon dat mnr. Strijdom hom ten volle daarmee vereenselwig het. Dit het ingepas by sy metode om „stap vir stap" in die rigting van 'n republiek te beweeg - terwyl hy hom ook nie tot 'n republiek binne die Statebond beperk het nie. Dr. H.F. Verwoerd sê later dat mnr. Strijdom „na heelwat sielewroeging" tot hierdie oortuiging gekom het.[20)]

Daar kan dus aangeneem word dat hierdie amendement van die Eerste Minister die kompromis verteenwoordig wat binne die Nasionale Party aangegaan was, tussen die rigting wat by die bestaande toestand wou berus of hoogstens een stap verder wou gaan deur die Goewerneur-generaal met 'n president te vervang, en die rigting wat op algehele uittrede uit die Statebond afgestuur het en in 1944 op beginselgronde hoegenaamd niks met Common Sense se suggestie van 'n republiek binne die Statebond te doen wou gehad het nie. Die amendement wyk ook nog van die verklaarde Party-formule daarin af dat „gelyke regte in elke opsig", dit wil sê alle regte van die Engelssprekendes, nou gewaarborg word, terwyl die program van beginsels net van taal- en kulturele regte melding gemaak het.

Hierdie versekerings het die gewenste uitwerking gehad en die teenstand vir die republikeinse beweging laat afneem. Dit het reeds tydens die debat in die Volksraad duidelik geword. Dagbreek se verteenwoordiger merk op dat „in niemand se keel 'n graat bly steek het nie" en dat daar soveel punte van ooreenstemming was „dat oudminister Waterson (V.P. Constantia) dit jammer gevind het om teen sekere punte in dr. Malan se amendement te stem".[21)] Trouens, in kringe van die Verenigde Party is nie meer geglo dat 'n republiek onder dr. Malan se leiding gestig sou word nie. Mnr. Strauss het hierdie oortuiging in die openbaar uitgespreek.[22)] Die Sunday Times was tevrede dat dr. Malan verander het en nou „vrede soek met sy blanke broers".[23)] Die leier van die Verenigde Party in Natal, mnr. D.E. Mitchell, het ook dr. Malan se versekering met dank aanvaar en verwys na die

---

20) Vgl. Die Republiek van Suid-Afrika onder redaksie van F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, Johannesburg, 1966, bl. 8.
21) Dagbreek, 12/7/53.
22) Die Republikein, 17/6/53.
23) The Sunday Times, 23/8/53.

„gemeenskaplike grond" waarop almal nou staan. Hy was veral beïndruk deur die Regering se houding teenoor die Koningin.[24] Die versekering dat die republiek nie binne die volgende vyf jaar sou kom nie, en wanneer dit wel kom, nog in ieder geval met behoud van die band aan die Statebond en met die goedkeuring van alle blanke kiesers sou geskied, is deur Britsgesindes soos mnr. Mitchell aanvaar. Dit was vir hom nie meer beloftes „wat die papier nie werd is nie", maar versekeringe, gewaarborg deur die dade en gesindheid van die Regering wat tot openbaring gekom het in hul jongste beleid. Hier was duidelik 'n geval van „gee en neem" - alhoewel mnr. Eric Louw in 1944 voorgestel het dat „ons gee en hulle neem"!

Die koms van die republiek self sou weliswaar nog deur hierdie teenstanders „met elke spier" beveg word; dit was egter 'n saak vir die toekoms. Tans het Regering en Opposisie op 'n gemeenskaplike grond gestaan: albei het die Koningin en die Statebond aanvaar en die koms van die republiek onderhewig gemaak aan mede-goedkeuring deur die Engelssprekendes, wie se regte in alle opsigte daarin gewaarborg sou wees.

Die Nasionale Party het nou die versigtige weg, wat in die amendement uiteengesit is, gevolg. Daar is voortgegaan om in die openbaar oor die republiek te praat terwyl stap vir stap bande losgeknoop is om die koms daarvan voor te berei: wetgewing rakende Suid-Afrikaanse burgerskap, afskaffing van appèl na die Geheime Raad, enkelvoudige simbole soos 'n eie volkslied en vlag (1957) en die oorname van die vlootbasis in Simonstad (1957).[25]

Ondertussen was daar egter nog 'n aktiewe groep republikeine wat 'n algehele verbreking van die „Britse konneksie" langs die weg van 'n gewone verkiesing bepleit het.[26] Op die Natalse kongres van die Nasionale Party is in 1953 inderdaad voorgestel dat die Regering 'n republiek met sy huidige meerderheid moet uitroep, maar die voorstel is onder aandrang van die leiers teruggetrek.[27] Die verbreking van

---

24) Debatte van die Volksraad, Deel 82, 1953, kol. 80.
25) Vgl. M.P.A. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, bl. 270.
26) Die Republikein (hoofartikel), 18/11/53.
27) Die Burger, 16/11/53.

die „Britse konneksie" is veral deur die Republikeinse Bond voorgestaan; maar net soos sy voorganger in 1930 het ook hierdie organisasie 'n kortstondige bestaan gehad. Dit het verdwyn sonder dat dit amptelik ontbind is.[28] Nietemin kan van dié Bond dieselfde gesê word as wat Die Transvaler van sy voorganger getuig het, naamlik dat die voortlewing van die ideaal in 'n groot mate toegeskryf moet word aan die manne en vroue wat die Bond gestig het.[29] Hoewel mnr. Strijdom meermale afkeurend na die Republikeinse Bond verwys het, het die bestaan van dié organisasie ook sy hande binne die Nasionale Party gesterk deur vir sy ideaal te getuig en te waarsku vir die gevaar wanneer andere die ideaal uit die hande van die Party sou oorneem. Hierdie gevaar kon alleen ontloop word indien die Party voortgaan om die ideaal te verkondig. Dit het op sy beurt die republikeinse inslag onder die partylede bewaar op 'n tydstip toe daar wesenlike gevaar bestaan het dat die volk hierdie koers byster kon raak as gevolg van die volgehoue voortgang op die pad van Statebondseenheid en „intiemer verwantskap tussen Haar Majesteit en die Unie".[30]

Toe dr. Malan in 1954 uit die aktiewe politiek getree het, was by die keuse van sy opvolger nie net 'n keuse tussen persone op die spel nie. Dit was 'n keuse tussen rigtings. Mnr. N.C. Havenga, vir wie dr. Malan graag in sy plek wou gehad het, was geen oortuigde republikein nie. Die feit dat mnr. Strijdom gekies is, moet grootliks gedank word aan sy volgehoue republikeinse ideaal en die voortdurende propaganda wat daarvoor gemaak is, selfs toe die hoofleier dit liewer wou laat rus het.

3. AFRIKANER - OORWINNING.

Hoewel daar al heelwat sprake van 'n republiek was, is andermaal nie gevra of Suid-Afrika 'n republiek moes word nie. Dit is inteendeel opmerklik dat die bal aan die rol gesit is deur die uitlatings wat drie Verenigde Partykandidate ten gunste van 'n republiek gemaak het.

---

28) Die Republikein, 27/1/54. Die bestuur sou „voorlopig rustend" bly.
29) Vgl. Die Transvaler, 5/4/43.
30) Uit 'n radiorede van dr. Malan op Kroningsdag, 1952.

Mnr. J. van Wyk, van Bloemfontein-distrik, het selfs gesê: „My hart hunker na 'n republiek".[31] Die Nasionale koerante het hierop lewendig gereageer. Die Burger sê dat nie alle stemme wat op die Verenigde Party uitgebring word, as anti-republikeins beskou kan word nie. Die argument op party-grondslag dat 'n republiek nog nie die meerderheid kan behaal nie, omdat mnr. Strijdom in 1953 bereken het dat daar 660,000 Nasionale Party-ondersteuners teenoor 700,000 van die Verenigde Party was, moet sy dwingende krag verloor wanneer selfs Verenigde Party-kandidate hulle met die republikeinse ideaal vereenselwig.[32] Talle Afrikaners binne die Verenigde Party het dan ook in 1960 vir die republiek gestem.

Die standpunt dat die koms van die republiek van die meerderheidstem van die blanke bevolking afhanklik was,[33] wyk in 'n mate af van die beleid wat die Party vroeër in die twaalfde artikel van sy Program van Beginsels beliggaam het. Hiervolgens sou die republiek tot stand gebring kon word op „die breë grondslag van die volkswil" want die Party-leiers wou hulle vroeër nooit aan 'n referendum bind nie. Hulle het toe 'n „buitengewone verkiesing" waar dit om setels en nie om stemme as sodanig sou gaan nie, ook as 'n uitspraak van die volkswil voorgehou. In hierdie geval kon die „breë volkswil" ook uitgedruk word wanneer 'n party in terme van belade en ontlade kiesafdelings[34] ten spyte van 'n minderheid van stemme tog oor 'n meerderheid van setels beskik soos die geval met die Nasionale Party in die verkiesings van 1948 en 1953 was.

Die verkiesing van 1958 het die Nasionale Party 103 setels teenoor die 53 van die Verenigde Party besorg, terwyl berekenings van Nasionale koerante aan die Nasionale Party 'n stem-meerderheid toegeken het wat van 12,000 tot 56,000 gewissel het.[35] Met 'n ondersteunerstal van ongeveer 700,000 het die Nasionale Party dus uiteindelik deur die „stemgrens" gebreek. Hierdie prestasie het onmiddellik die republikeinse gevoel die hoogte laat inskiet. Die betrokke koerante

---

31) Die Burger, 4/3/58. Die ander twee was mnre. J. Wessels (Odendaalsrus) en D.G. van der Bijl (Pretoria-distrik).
32) Ibid., 23/9/53.
33) Mnr. Strijdom het 'n diepgaande oortuiging gehad dat 'n republiek alleen op 'n hegte getalsmeerderheid moes rus. Vgl. F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, a.w., bl. 8.
34) Vgl. Die Burger, 22/4/58.
35) Die Burger, 18/4/58.

het die republikeinse ideaal nou 'n tyd lank druk gepropageer. Die Burger het eers aanhoudend gepleit vir die mees beskeie en eenvoudige konstitusionele verandering, waarvolgens republiekwording slegs 'n wysiging in die titel van die Staatshoof sou beteken. Enige ander belangrike konstitusionele verandering - wat altyd later in 'n republiek moontlik sou wees - moes agterweë gelaat word. Hierna het die blad sy eie „referendum" oor 'n republiek gehou. Nie net Nasionale Party-ondersteuners het deelgeneem nie, maar selfs parlementslede van die Verenigde Party. Die uitslag was dat 78.1 persent 'n republiek binne die Statebond, 20.5 persent 'n republiek buite die Statebond en slegs 1.4 persent geen republiek begeer het nie. Vir 'n president met uitvoerende mag (d.w.s. verandering van die konstitusie) het 32.1 persent gestem.

In die lig van die standpunt wat die koerant sterk verkondig het, naamlik dat geen diepgaande konstitusionele verandering aangebring moes word nie, kan hierdie persentasie nie as 'n suiwer weergawe van die volksgevoel beskou word nie, veral ook omdat die groot gros lesers van hierdie blad hulle in 'n provinsie bevind het wat geen ander soort konstitusie as die bestaande geken het nie.[36]

Toe die stemreg kort na die verkiesing van 1958 uitgebrei is na agtienjariges,[37] het die verkryging van 'n republiek heeltemal binne bereik gekom. Na berekening het onmiddellik sowat 140,000 nuwe kiesers bygekom van wie nagenoeg 100,000 vir 'n republiek sou stem.[38] As hierdie stemme bygetel word by die berekende getal ondersteuners van die Nasionale Party in die algemene verkiesing van 1958 kom die totaal op ongeveer 800,000 te staan. Dit is slegs 50,000 minder as die getal kiesers wat twee jaar later in die referendum werklik vir die republiek gestem het.[39] Na die verkiesing van 1958 was Die Burger oortuig dat mense wat

---

36) Ibid., 5/7/58.
37) Vgl. M.P.A. Malan, a.w., bl. 281.
38) Die Burger, 22/4/58.
39) Hierdie berekenings berus op 'n aanname dat die oorwinnende kandidaat in 'n onbestrede setel 6,000 stemme teenoor 2,000 sou gekry het. Miskien sou die werklike syfers vir Nasionale Party-setels ietwat laer gewees het weens die kleiner getalle op die platteland.

„onoorkoomlike besware" teen die republiek gehad het, nie vir die Nasionale Party gestem het nie.[40] Die addisionele ongeveer 50,000 stemme wat in die referendum van 1960 ten gunste van 'n republiek uitgebring is, moes hoofsaaklik uit bykomende Nasionaal-gesinde kiesers wat na die verkiesing van 1958 stemgeregtig geword het en 'n klompie Afrikaanse republikeine binne die Verenigde Party gekom het. Gevolglik kan aangeneem word dat die republiek op geringe uitsondering na deur die verenigde krag van die Afrikanerdom tot stand gekom het. Die republiek was 'n Afrikaner-ideaal, verwesenlik deur Afrikaners - „op ons eie krag", soos dr. Malan dit in 1941 in die vooruitsig gestel het. Die Engelssprekendes het dit eers ná die verwesenliking aanvaar, net soos hulle vorige konstitusionele veranderings ook ná volgehoue verset aanvaar het nadat die Afrikaanssprekendes dit op eie krag verwesenlik het.

Daarmee is getoon dat die nasionalisme in Suid-Afrika tot met republiekwording in die Afrikanervolk beliggaam was as die oorspronklike „skepper en draer van ons eie Suid-Afrikaanse nasieskap". Hoewel die Engelssprekendes se regte in geen opsig in die gedrang hoef te kom nie, vereis hierdie feit dat die Afrikanervolk erken moet word as daardie nasionale kern waaromheen die groter volkseenheid moet groei. Daarvoor was die republiek so nodig. Die Engelssprekendes moet in hierdie bestaande nasionalisme opgaan op die weg wat dr. E. Macmillan reeds in 1938 aangedui het. Slegs dan[41] sal die blankes tot „een volk kan saamgroei", soos dr. Verwoerd in 1961 die ideaal gestel het.

4. DIE REPUBLIEK.

Mnr. Strijdom kon sy sterk republikeinse ideaal nie verwesenlik sien nie. By sy heengaan op 24 Augustus 1958 was die fondament vir die oorwinning egter reeds gelê. 'n Paar weke voor sy heengaan kon hy met selfversekerdheid die aanbod aan die Verenigde Party doen om met hom oor die vorm van die republiek te beraadslaag wanneer tot dié stap

---

40) Ibid., 24/3/58.
41) Op die weg van 'n tweevoudige nasieskap lê die moontlikheid van nuwe stryd en nuwe tweedrag - tensy die Afrikaner maar tou opgooi en verengels.
Vgl. o.a. briewe in Die Transvaler, 12 en 18/4/66; 2/5/66.

oorgegaan sou word.[42] Sy opvolger, dr. H.F. Verwoerd, het sy hande gedurende die eerste jaar nog vol gehad met die grondlegging van Suid-Afrika se rasse-beleid van afsonderlike ontwikkeling, waarvan hy een van die oortuigde eksponente was. Maar reeds op 19 Oktober 1958 het hy voor die kongres van die Nasionale Jeugbond van Transvaal gesê dat die Kleurvraagstuk nie „algehele voorkeur" kan geniet nie, „want hoe lank sal 'n mens dan vir 'n republiek moet wag?"[43]

Gedurende 1959 was dit betreklik stil aan die republikeinse front en het die Kleurvraagstuk oorheers. Op 20 Januarie 1960 het die Eerste Minister die land egter verras met 'n aankondiging in die Volksraad dat hy van voorneme is om 'n referendum oor die republiek te laat hou.[44] Die vraag sou buite die partypolitiek beslis word sodat geen bykomende oorwegings die uitslag kon vertroebel nie.

Wat die vorm van die beoogde republiek betref, het dr. Verwoerd gesê dat die stelsel van die republieke van pres. Kruger en Steyn nie meer sal deug nie weens die heterogene samestelling van die blanke bevolking. Daar sal ook skeiding wees tussen die staatshoof en regeringshoof. Die grondbeginsel van die soewereiniteit van die Parlement as verteenwoordiger van die volk is belangriker as enige tradisie of verkiesingsmetode, „want daardeur bly die volk die mag in die hande hou". Afgesien van die gevaar dat daar botsing kan kom tussen die uitvoerende gesag en die wetgewende gesag as die President ook uitvoerende mag besit en langs 'n ander weg verkies word, is dit ook belangrik dat die President 'n volksverenigende faktor moet wees. Hy moet dus buite die politieke stryd staan. Die beoogde Republiek sal net soos die bestaande staat 'n demokratiese en Christelike wees. Die taal en „alle ander regte" van die twee bevolkingsgroepe sal ten volle en gelyk gehandhaaf word. Die parlementêre regeringsvorm sal behou word. „Nodig sal net wees, die gewone voortsetting van grondwetlike ontwikkeling wat nog altyd ons pad na vryheid was." Oor die vraag of die republiek binne of buite die Statebond sal wees, sal eers kort voor die referendum beslis word omdat dit bepaal sal word deur Suid-Afrika se belange op daardie tydstip. Later het geblyk dat

---

42) Debatte van die Volksraad, Deel 97, 1958, kol. 36.
43) Die Burger, 20/10/58.
44) Debatte van die Volksraad, Deel 103, 1961, kol. 101.

die Regering, volgens dr. Verwoerd „amper teen my beterwete",[45] besluit om binne die Statebond te bly, „solank die Statebond bly soos dit vandag is".[46]

Die Eerste Minister het afgesluit: „Die strewe wat ons het, is besiel alleen deur die hoop dat uiteindelik hier ten minste 'n end aan die stryd en twis oor ons konstitusionele toekoms en tussen die taalgroepe sal kom, sodat ons tot een volk kan saamgroei."

Daar was ernstige bedenkinge binne die Party oor die wysheid om die referendum te bepaal. Hierdie gevoel het slegs enkele maande voor die klinkende oorwinning nog geheers. Hoewel die leiding van die Nasionale Party voor die tyd huiwerig was om dit met 'n referendum te waag, het die uitslag bewys dat dr. Verwoerd se besluit geregverdig was om daartoe oor te gaan ten spyte van sy kabinet se aanvanklike advies en die statistiese berekenings.[47] Die referendum het op 5 Oktober plaasgevind. Die uitslag van die referendum het ten gunste van 'n republiek 850, 458 en vir behoud van die monargale staatsvorm 775, 878 stemme getoon, dit wil sê 'n meerderheid van 74,580 vir die republiek.[48] Aangesien die verandering slegs bestaan het in die vervanging van die Koningin deur die President, is die stryd gevoer tussen „republikeine" en „monargiste". Daardeur is die strydvraag geïsoleer van die diepere dryfvere en drange waardeur dit in die verlede gekenmerk was.[49]

Hoewel die bedoeling was om 'n republiek binne die Statebond te verwesenlik, was dit anders beskik. Suid-Afrika het aansoek gedoen om sy lidmaatskap van die Statebond te behou. As gevolg van die teenstand van die nie-blanke lede van die Statebond, veral van Ghana en Nigerië, en die gepaardgaande inmenging in Suid-Afrika se binnelandse beleid, het dr. Verwoerd sy aansoek op die konferensie van Statebondspremiers in Londen egter teruggetrek ten einde die Britse Eerste Minister die verleentheid van 'n keuse tussen die swart state en Suid-Afrika te bespaar.[50]

---

45) F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, a.w., bl. 9.
46) Debatte van die Volksraad, Deel 106, 1961, kol. 33.
47) Vgl. min. Jan de Klerk, Die Burger, 17/9/64; Dr. A.H. Jonker, Dagbreek, 13/9/64; M.P.A. Malan, a.w., bl. 323.
48) M.P.A. Malan, a.w., bl. 294.
49) Vgl. M.P.A. Malan, a.w., bl. 294; Die Volksblad, 11/8/60.
50) Debatte van die Volksraad, Deel 107, 1961, kol. 3574.

Die Republiek van Suid-Afrika het op 31 Mei 1961, presies nege-en-vyftig jaar na die Vrede van Vereeniging, tot stand gekom.

Die grondwetlike inrigting van die nuwe staat in ooreenstemming met die uiteensetting wat dr. Verwoerd voor die referendum gegee het.[51]

Volgens die grondwet word die Staatspresident deur 'n kieskollege aangewys wat bestaan uit die Senatore en Volksraadslede in 'n gesamentlike sitting.[52] Die Republiek sal 'n voortsetting van die bestaande regeringstelsel wees waarin die regeringsgesag in die Eerste Minister as leier van die meerderheidsparty saamgetrek is. Soos mnr. Strijdom in 1958 tydens 'n debat in die Volksraad verklaar het, het 'n Eerste Minister onder die aanvaarde stelsel oor veel groter mag as die Staatspresident van die eertydse Boererepubliek in Transvaal beskik.

By hom uitsluitend berus die mag om sy kabinet saam te stel - en wanneer dit hom pas, te ontbind. Hoewel 'n Eerste Minister waarskynlik die standpunt van die meerderheid in sy kabinet in ag sal neem, is hy geensins daaraan gebonde nie. Sy beslissing is altyd finaal. Omdat alle parlementslede van die Party maatreëls van die regering wat in die koukus bespreek was, moet ondersteun, lojaal teenoor die Eerste Minister as leier van die party moet wees, het die Eerste Minister in praktyk ook volle beheer oor die wetgewende gesag.

Die Opposisie is in ieder geval uitgesluit van direkte mede-seggenskap by die bepaling van staatsbeleid.[53]

Gevolglik is dit moontlik dat die Afrikanervolk deur middel van 'n party oor 'n eie staat kan beskik. Wanneer daardie regerende party gevestig is op die nasionalisme, lewensbeskouing en beginsels van die Afrikanervolk, het die Afrikanervolk vir alle praktiese doeleindes daarin en daardeur in 1961 'n eie staat ontvang.

---

51) Debatte van die Volksraad, Deel 97, 1958, kol. 34.
52) Wet 32 van 1961, art. 8.
53) Vgl. Morris Broughton: Press and Politics of South Africa, Kaapstad, 1961, bl. 146.

HOOFSTUK XII

SAMEVATTING.[1]

Die republikeinse strewe van die Afrikanervolk het ontstaan toe Engeland, 'n buitelandse moondheid, sy staatkundige gesag oor Suid-Afrika uitgebrei het. Gepaard daarmee het 'n Engelse volksgroep, wat etnies aan hierdie moondheid verbonde is, hom langs die inheemse Afrikanervolk kom vestig. Die geskiedenis van die Afrikaner sedert die Groot Trek openbaar dat die verhouding van die Afrikanervolk tot asook die verskil tussen die Afrikaanse en die Engelse bevolkingsgroepe tradisioneel 'n belangrike dryfveer agter Afrikaanse vryheidsbewegings was.[2] Die vryheidsbeweging ná 1902 is mettertyd die republikeinse strewe genoem. Hierdie vereenselwiging is in werklikheid verwarrend, omdat dit die nadruk op die konstitusionele aspek van die vryheidstrewe lê. Die wesenlike dryfveer agter die vryheidstrewe was egter die gevoel van geroepenheid van die Afrikanervolk as 'n afsonderlike volk wat hom geopenbaar het in die drang om 'n eie staat as sy politieke volksorgaan te bekom.[3]

Die republikeinse strewe van die Afrikanervolk gedurende die tydperk 1902 tot 1961 het gevolglik twee aspekte: 'n staatkundige aspek wat gekenmerk word deur die strewe wat hom toespits op die herowering van regte wat deur die verowering van die Republieke in 1902 weggeneem is en 'n nasionale aspek wat beliggaam is in die stryd teen die binnelandse Engelse magsfaktor wat lojaal en verbonde was aan Engeland as buitelandse oorheerser en wat as sodanig die voortbestaan van die Afrikanervolk bedreig het.[4]

---

1) Die skrywer was van voorneme om die studie met 'n samevattende en konkluderende slothoofstuk af te rond (vgl. hoofstuk I, verw. 33). Veral hoofstuk I maar ook die inleiding en slot van onderafdelings en hoofstukke gee egter die kern van sy beskouings weer. Die gedeeltes is hier saamgevoeg met die gedeeltes wat in die oorspronklike manuskrip die slotgedeeltes van hoofstukke IX en XI gevorm het.
2) Bl. 2. Vgl. bll. 21, 25 e.v., 31.
3) Bl. 1.
4) Bl. 15. Vgl. bl. 85.

Uiterlik kon dit lyk asof die staatkundige „Britse konneksie" die knelpunt van die nasionale selfgeldingsdrang van die Afrikaner gevorm het. In werklikheid het die onwil van die Engelse groep om hulle met die politieke roepingsbesef van die Afrikaner te vereenselwig, in die weg gestaan van die Afrikaner se nasionale selfgeldingsdrang. Hierdie faktor het verhinder dat die Suid-Afrikaanse staat vir die Afrikaner waarlik 'n volkstaat en so 'n politieke instrument vir die verwesenliking van die Afrikaanse idee kon wees.[5)]

Die kernprobleem in die partypolitiek na 1902 trek dus saam op die vraag: watter standpunt moet die Afrikaner inneem teenoor die Engelse element in die land?[6)]

Unifikasie het in 1910 'n einde gemaak aan die geografies-politieke gebrokenheid van die Suid-Afrikaanse staat. Dit het egter ook die nasionale idee van die Afrikaner voor sy grootste toets gestel. Daar moes 'n weg gevind word in 'n situasie waarin twee volke, die een aangedryf deur imperialisme en die ander deur nasionalisme, vir die verwesenliking van hulle botsende ideale, aangewese was op dieselfde staatsorganisasie.

Die Afrikaanse nasionale strewe het gehunker na volledige uitlewing van die Afrikaanse volksgedagte. Dit wou dus ook op staatkundige gebied sonder belemmering deur die Engelse groep niks minder as 'n Afrikaanse staat verwesenlik nie.[7)]

Histories het die Afrikaner die idee van die volkstaat gekoester en veral Die Calvinisme het die volksbestemming in verband met 'n Goddellike roeping gebring. Dit saam met die algemene selfgeldingsdrang van 'n volk lei tot die volkstaatbeginsel: 'n volk onder sy eie owerheid op sy eie grondgebied vorm 'n staat. Die staat word sodoende tot op groot hoogte met die volk as etniese eenheid vereenselwig.[8)] Die volk het 'n staat om sy geroepenheid op staatkundige gebied te gehoorsaam.[9)] In die Groot Trek is daarom nie net na 'n eie staat gesoek nie, maar daarna gestreef om 'n staat

---

5) Bl. 138 e.v. Vgl. bl. 115 e.v.
6) Bl. 12 e.v., 21 e.v., 26, 30, 31 e.v., en veral 115 e.v.
7) Bll. 50, 115 e.v. Vgl. bl. 31.
8) Bl. 4.
9) Bl. 5. Vgl. bl. 53 e.v.

ooreenkomstig die nasionale identiteit en gevoel te verwesenlik. Die ideaal van staatkundige onafhanklikheid of vryheid is gevolglik die natuurlike uitvloeisel van die strewe na nasionale selfverwesenliking.[10] Nie al die politieke leiers het hierdie ideaal van die begin af duidelik gesien nie. Gevolglik vind ontwikkeling en stryd rondom die ideaal op die politieke erf plaas.[11]

x x x

Ná 1902, ná die verdwyning van die twee Boererepublieke, kom die Afrikaner met sy lewensbeskouing van die volkstaat as volksroeping plotseling te staan teenoor die Britse staatsidee.

Die konflik laat die Afrikaner hom staatkundig sowel as nasionaal bedreig voel.

Die Britse staatsidee berus op die liberale opvatting dat losse individue binne 'n land kontraktueel tot 'n staat verbind word. Dit staat het gevolglik 'n volk. Die idee van 'n massastaat staan gevolglik wesensvreemd teenoor die Afrikaanse volkstaatidee.[12] Almal wat hulle aan die Britse Kroon onderwerp, is lede van die Britse staatsvolk. Die Britse beskouing vervang die Afrikaanse begrip „volk" deur dié van „ras" en verplaas die begrip „volk" sodoende dadelik buite die staatsbegrip. 'n „Volk" is dan nie 'n etniese verband onder eie owerheid nie, maar slegs 'n staats- of regsgemeenskap waarbinne enkelinge op grond van onderdaanskap tot 'n eenheidsverband saamgeknoop word. Die Brits-liberale idee gaan dus van 'n staatsvolk in plek van 'n volk as etniese eenheid, van 'n massastaat in plek van 'n volkstaat uit.[13]

Die Britse staatsidee het uit die staanspoor Afrikaners soos Botha en Smuts beïnvloed. Tog was hulle Afrikaanse rassebewussyn, byvoorbeeld in verband met die Sjinese arbeiders aan die Witwatersrand, só sterk dat hulle nie bereid was om die volle konsekwensies van die Britse massastaatsidee te aanvaar nie. Hulle het die Britse massastaatsidee in sover dit ook die nie-blankes binne 'n staat

---

10) Bll. 25, 60 e.v.
11) Bl. 61.
12) Bll. 4, 9, 21, 53.
13) Bl. 8-10. Vgl. bl. 144.

tot die staatsvolk gereken nie, verwerp en dit slegs op die bestaande stemgeregtigde burgery van toepassing gemaak. Voorstanders hiervan het dus onder invloed van die Britse massa-staatidee weggeswenk van die Afrikaanse volkstaatidee tot dié van 'n burgerstaat. Volgens hierdie opvatting vorm die burgers binne 'n bepaalde grondgebied dan 'n volk.[14] Die idee van 'n burgerstaat stem wesenlik met die beginsels van die Britse massa-staatidee ooreen: die etniese volksgedagte word ook deur die idee van 'n staatsvolk vervang. Volgens hierdie idee is dit „rassehaat" en politieke misdaad om in die politiek van 'n bepaalde volk of van eksklusiewe „nasionalisme" ten opsigte van 'n ander blanke volksgroep te praat.[15]

Uit die idee van 'n burgerstaat met sy staatsvolk ontstaan 'n Suid-Afrikaanse gedagte in teenstelling met die Afrikaanse of nasionale. Hierdie konflik tree duidelik aan die dag in die politieke verdeling *ná 1912* met *Botha en Smuts* aan die een kant en Hertzog en Malan tot op sekere hoogte aan die ander kant.[16] Teenoor die tradisionele Afrikaanse volkstaatgedagte wat „volk" slegs in sy organiese of etniese betekenis verstaan, word die „bevolking" kragtens die massa-staatidee en die „blanke bevolking" kragtens die burgerstaat-idee as „volk" beskou.[17]

Wanneer die Afrikaans-nasionale of volkstaatgedagte uit die republieke van weleer ná 1902 in konflik met die Brits-liberale, individualistiese staatsopvatting kom, ontstaan die vraag of die Afrikanerdom hom in die politieke praktyk as 'n eenheid sou kon handhaaf en of hy in die nasionaal-onbelynde burgery opgebreek en versmelt sou word. Hertzog en Malan het eersgenoemde weg nagestreef en Botha en Smuts laasgenoemde.[18]

x x x

Die kernprobleem, naamlik die verhoudingsvraagstuk van Afrikaner tot Engelsman binne dieselfde staat, beheers die partypolitiek van 1902 tot 1961.

---

14) Bl. 10, Vgl. bl. 36 e.v.
15) Bl. 10. Vgl. bll. 55 e.v., 58 e.v., 146.
16) Bl. 19 e.v.
17) Bl. 144.
18) Bl. 35.

Vanuit die burgerstaatidee is 'n beleid van gelykskakeling (eenstroom) as oplossing onder leiding van Botha en Smuts aangebied.[19] Hier tel die kultuur- en taalbelange nie met die politieke of vaderlandse oogmerke mee nie. Die beleid word nie deur nasionale motiewe aangedryf nie, maar deur vaderlandse motiewe. 'n Welvarende Suid-Afrika weeg swaarder as die voortbestaan van 'n Afrikanervolk as etniese eenheid. In Suid-Afrika woon (met uitsluiting van die nie-blankes) net Suid-Afrikaners en nie Afrikaners en Engelse nie. Onbelemmerde staatkundige selfstandigheid en volkome selfbestuur (al is dit binne die Britse Statebond) bied genoegsame vryheid.[20] Dit was dan ook die uitgesproke ideaal van die eenstroom-beleid om die twee volksgroepe of sogenaamde „rasse", Afrikaners en Engelse, tot 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasie te bou deur middel van 'n konsiliasiebeleid wat nie te sterk op een stuk moes staan nie.[21]

Die ander rigting, onder leiding van Hertzog en later van Malan het die oplossing van die kernprobleem vanuit die volkstaatgedagte gesoek met 'n beleid wat die eie volksidentiteit langs dié van die Engelse gehandhaaf het. Hertzog wou die twee kultuurstrome langs mekaar lei (tweestroombeleid), totdat die Engelse stroom in die verre toekoms in die Afrikaanse sou vloei. Hy het van die taalbeginsel uitgegaan en vir die Afrikaner in sy staat volle nasionale selfstandigheid en politieke seggenskap naas die Engelsman opgeeis. Die Afrikanervolk moes as lewenseenheid en volle ontplooi. Hy het egter die republikeinse staatsvorm as 'n formele kwessie beskou, wat in die verre toekoms beslis kon word.[22] Die strydpunt bring volgens hom selgs wrywing tussen die volksgroepe en dit benadeel assimilasie.

Hertzog het tot 1926 verafrikaansing van die Engelse bevolkingsgroep deur natuurlike assimilasie nagestreef. Die Afrikaner moes eers in die leidende posisie geraak. Daarna moes hy op sy voorwaardes samewerking met die Engelsman aandurf en laasgenoemde só oor die assimilasiebrug na die Afrikaner toe oorbring. Nadat die twee groepe tot 'n nasionale

---

19) Bl. 31 e.v.
20) Bl. 36 e.v. Vgl. bl. 53.
21) Bll. 58 e.v., 115 e.v.
22) Bll. 19 e.v., 31, 43 e.v., 70, 86, 115 e.v.

eenheid, „'n selfbewuste Afrikanervolk", gekom het, kon die „formele kwessie" van staatsvorm besleg word.[23)]

Die tweestroom-beleid vertoon nuanseringe wat òf uit die volkstaatgedagte (Hertzog in sy eerste periode), òf uit die burgerstaatidee (Malan sedert sy bewindsaanvaarding in 1948) ontspruit.[24)]

By Strijdom en Verwoerd is die gedagtes van staatkundige onafhanklikheid en nasionale selfverwesenliking nie soos by Hertzog en Malan logies en temporeel onderskei nie, maar vervleg, en eersgenoemde word grotendeels as voorwaarde vir laasgenoemde gesien.[25)] Weliswaar was die referendum en republiekwording van 1961 om taktiese redes toegespits op die blote staatkundige of konstitusionele aspek. Dit kon egter nie geïsoleer word van die diepere dryfvere en drange wat uit die volkstaatgedagte deur die jare na verwesenliking voortgestu het nie.[26)]

Die standpunt van genl. Hertzog met sy assimilasiebrug vir die Engelssprekende Afrikaner (twee strome met die oog op een uiteindelike Afrikaanse stroom) verskil prinsipieel van die oplossing wat dr. D.F. Malan en die Nasionale Party ná hulle bewindsaanvaarding in 1948 vir die kernprobleem aangebied het. Hulle het toe vanuit die burgerstaatidee die ideaal van 'n „tweevolkige" nasionale staat voorgehou. Die twee afsonderlike tale en kulture moet op 'n grondslag van gemeenskaplike vaderlandsliefde (en nie volksliefde nie) vir en trou aan die Suid-Afrikaanse staat saamgebind word.[27)] Dit kom neer op 'n konsekwente en permanente tweestroom-beleid binne die oorkoepelende eenheid van 'n burgerstaat.

x x x

Ná die vernietiging van die Afrikaanse volkstate het die Engelse stelsel van partyregering op die grondslag van die Brits-liberale staatsidee onvermydelik gekom. Dié stelsel was tradisioneel en inherent vreemd aan die Afrikaner in die Noorde. Sy idee van 'n volkstaat, sy strewe na eenheid

---

23) Bl. 44-47. Vgl. bll. 60, 85 e.v.
24) Bll. 31, 49.
25) Bl. 20.
26) Bl. 228.
27) Bll. 49, 188.

ter wille van selfbehoud en sy politieke ervaring het gerebelleer teen die idee dat die „volk" maar net as 'n kieserskorps, 'n staatsburgery, 'n eenheid van gelyke enkelinge sonder natuurlike verbondenheid beskou word, is wat willekeurig met programme van partybeleid opgedeel en verdeel kan word.[28] Ondanks die verwarrende en verbrokkelende uitwerking van die vreemde staatsidee is die Afrikaner teen wil en dank in die stryd gewerp om binne die vreemde parlementêre stelsel vir sy staatkundige en nasionale eiendommelikhede te veg.[29]

Die Afrikanerleiers het uit die staanspoor versuim om hulle party op die nasionale grondslag as instrument vir die Afrikanervolk te organiseer en slegs steun te soek by diegene in die Engelse groep wat reeds die Afrikaner se lewensbeskouing en ideale gedeel het. Hulle het inteendeel hulle politieke benadering toegespits op die breë staatsburgery, asof die Afrikaanse volk reeds daar opgebreek was. Gevolglik tree politieke verdeeldheid onder die Afrikaners in toe Hertzog in 1912 die nadruk op die nasionale faktor lê.[30]

Die Afrikaans-nasionale gedagte moes aanvanklik ná 1912 in terme van 'n staatsburgery meeding, omdat die Nasionale Party nie uit die staanspoor 'n verenigde Afrikanerdom ingesluit het nie. Die Party moes selfs die Afrikaner se verlange na 'n volkstaat in die taal van die heersende imperialistiese staatsopvatting uitdruk sodat potensiële Engelse steun in verkiesings nie by voorbaat uitgesluit word nie.[31]

Ná 1934 het die nuwe Nasionale Party-leiding uitgegaan van die gedagte dat Afrikanerondersteuners van die Verenigde Party ook republikeinsgesind kon wees. Enersyds is getrag om hulle met 'n uitgesproke nasionale beleid na die Nasionale Party oor te trek. Andersyds is op hulle potensiële ondersteuning begin reken, indien die vraagstuk van

---

28) Bll. 11 e.v., 57 e.v., 73 e.v.
29) Bl. 31.
30) Bl. 57 e.v., 44 e.v.
31) Bl. 139 e.v. Vgl. 58.

republiekwording deur middel van 'n volkstemming uit die partypolitiek gelig sou word.[32)]

Die Engelse weerstand teen die Afrikaanse vryheidsideaal binne die partypolitiek het veroorsaak dat die leiding van die Nasionale Party telkens van die volkstaatidee wegbeweeg het na die burgerstaatgedagte in die hoop dat hulle Engelse steun vir hulle Party sou kry. Kort ná 1902 het politieke leiers van die Afrikaner reeds met die godsdienstige en kulturele leiers oor die onderwys gebots, omdat hulle met die oog op partypolitieke voordeel die welwillendheid van die Engelse bo die verwesenliking van die nasionale volksidentiteit nagestreef het. Dit het telkens weer gebeur en dan was hulle soms bereid om die republikeinse ideaal òf te verswyg of te verloën, òf in te kort en van alle Afrikaansnasionale motiewe te ontdaan, na gelang voordeel in 'n bepaalde verkiesing behaal kon word. Gevolglik tree die eienaardige verskynsel aan die lig dat in 1924 en 1948, toe Afrikaanse regerings aan bewind gekom het, die republikeinse strewe as sodanig 'n laagwatermerk bereik het.[33)]

Wanneer die republikeinse ideaal binne die partypolitiek versaak is, het telkens 'n spontane en natuurlike Afrikaanse reaksie uit die volkstaatidee na vore gekom. Die politieke leiers moes voor hierdie druk hulle telkens weer terughaas na die platform van die volkstaat, of anders gevaar loop dat hulle die steun van die Afrikaners aan republikeinsgesinde organisasies gaan afstaan. So het die onafhanklikheidsgedagte in 1914 by Afrikaners in albei politieke partye opgevlam in 'n stadium toe in partypolitieke geledere die Britse vlag verheerlik is.[34)] In die Rebellie het die <u>volk</u> met 'n gewelddadige herlewing van die vryheidsideaal teen 'n <u>owerheid</u> in opstand gekom, wat vir hom geen volksowerheid meer was nie, omdat hy in stryd gehandel het met die sedelike opvattings van die Afrikanervolk.[35)] Afrikaners het wapens teen hulle owerheid gedra in belang van die eer van die Boerevolk en nie ter wille van die bestaan van 'n „Britse konneksie" of Suid-Afrikaanse staat

---

32) Bl. 142. Voor 1943 het die Nasionale Party ook volgehou dat hy 'n blote meerderheid van setels in 'n verkiesing ook as mandaat sou beskou om 'n republiek uit te roep. Vgl. bl. 144. Hy het republiekwording daarmee met hom vereenselwig.
33) Bll. 32 e.v., 191.
34) Bll. 80, 82 e.v. Vgl. bl. 100.
35) Bl. 76.

nie.[36] Toe die Nasionale Party in 1919 hierdie ideaal opvang, het hy dadelik gegroei en beweeg in die rigting van Afrikaanse volkseenheid. Sodra daar egter 'n verkiesing in vooruitsig kom, laat hy telkens die republikeinse ideaal links lê.[37] Hy het skynbaar Smuts se bondgenootskap met die Engelse só sterk beskou dat hy nie die imperiale beleid met die republikeinse swaard tegemoet wou tree nie maar liewer met 'n breë verkiesingsprogram steun uit die staatsvolk wou soek.[38] Hierdie blik op die breë staatsburgerlike volk volgens die Britse staatsidee laat die fokus op die eie volk vervaag.[39] Die staatsburgerlike beskouing met die oog op die partypolitieke voordeel daarvan lei gevolglik in 1934 na die samesmelting van die twee groot politieke partye onder leiding van Hertzog en Smuts.[40] Wanneer die leiding van die Nasionale Party die republikeinse ideaal in die doofpot gesteek het, het dit nie by die gewone lede van die Party gebeur nie.

Die partyeenheid wat deur samesmelting tot stand gekom het, was geen volkseenheid nie. Gevolglik roep dit 'n skerp reaksie by 'n militante en radikale nasionalisme op waarin die twee hoofdryfvere van die vryheidsbeweging, naamlik die strewe na heerskappy vir die Afrikanerdom in sy vaderland en volledige staatkundige onafhanklikheid ten opsigte van Brittanje, op ondubbelsinnige wyse verenig word.[41] Voortaan word die strewe onder Afrikaners in toenemende mate gekenmerk deur 'n drang na volkseenheid met die oog op die verwesenliking van hulle staatkundige en nasionale aspirasies. As gevolg van die tweevolkige samestelling van Suid-Afrika tree gevolglik 'n noodsaaklike konsekwensie van die partystelsel in 'n land met 'n meervolkige samestelling na vore: in plaas van „beleidspartye" ontwikkel gaandeweg „volkspartye". Omdat die Afrikaners hulle staatkundige en nasionale aspirasies in 'n republiek wil verwesenlik, begin hulle daarna streef om die Afrikanervolk in 'n volksparty en wel in die Nasionale Party te verenig. Die ironie is dat die Afrikaners daarmee volkseenheid binne een party beoog, terwyl

---

36) Bl. 78 e.v.
37) Bl. 93 e.v.
38) Bl. 106 e.v.
39) Bll. 108 e.v., 112 e.v.
40) Bl. 120.
41) Ibid. Vgl. bll. 61, 132, 139 e.v.

die Britse parlementêre partystelsel vir die effektiewe werking daarvan juis 'n verdeling van die volk in partye veronderstel.[42)]

x x x

Die leiding van die Nasionale Party het in die verkiesing van 1938 ook nie die republikeinse ideaal voorgehou nie, maar op 'n veel laer niveau getrag om steun uit die breë staatsvolk te trek. Pas daarna het 'n vloedgolf van nasionalisme met die Eeufeesvierings die moontlikheid van volkseenheid geïllustreer. Toe die Ossewabrandwag gedreig het om die republikeinse strewe te monopoliseer en terwyl die Engelse toeskouers was by die Eeufees van 1938 en daarna al hulle aandag aan die oorlogspoging gewy het, het die Afrikaners die geleentheid gekry om onder mekaar te besin oor hulle volksgedagte en staatsidee. Die moontlikheid van volkseenheid binne 'n volksparty is in die skeuring van die Verenigde Party tydens die oorlogsverklaring in 1939 gegee. Die Herenigde Nasionale of Volksparty wat toe gebore is, het sy voet op die pad gesit om die Afrikanerdom in hom te verenig.[43)] Die hele verloop het die Engelse oor die algemeen uit hierdie Party gesluit. Die moontlikheid dat die „volk", en wel die Afrikanervolk, die seggenskap oor die lotgevalle van die Suid-Afrikaanse staat kan verkry, het die drang na „hereniging" op partypolitieke gebied in die volgende jare steeds sterker gemaak.[44)]

Dit was onvermydelik dat Hertzog, wat in hierdie stadium gedink het in terme van „twee seksies" van 'n staatsburgerlike volk, sou afskei van 'n Herenigde Nasionale of Volksparty wat op sy Uniale Kongres van 1941 gebreek het met die heersende opvattings in die partypolitiek en homself opwerp het as die partypolitieke beliggaming van die Afrikanervolk binne die heterogene Suid-Afrikaanse staat met sy liberalisties-gefundeerde regeringstelsel.[45)]

Op dié Uniale Kongres tree die <u>dryfvere van die vryheidsbeweging</u> duidelik na vore: Afrikanereenheid, Afrikanervryheid ten opsigte van die buiteland en Afrikanerseggenskap

---

42) Bll. 13, 144.
43) Bll. 151, 153 e.v., 161, 174, 179.
44) Bl. 144 e.v.
45) Bl. 159.

ten opsigte van sy eie staat.[46] Onafhanklikheid word nie net in 'n republiek onafhanklik van Brittanje gesoek nie, maar veral in 'n eie regeringstelsel wat moet aanpas by die volksaard en produk moet wees van die volkskultuur.[47]

Met hierdie eenheidsgrondslag het die Herenigde Nasionale Party die Afrikanervolk erken en aanvaar as skepper en draer van die Suid-Afrikaanse nasieskap. Eers wanneer die Engelse hulle hiermee sou vereenselwig, kon daar van samewerking op politieke gebied sprake wees. Ondertussen is die Engelse taal- en kultuurregte nie misken nie. Hulle kon egter die Afrikanervolk nie vervang nie, maar moes meewerk aan die Afrikaner-volksroeping. Wie aan hierdie volksbeweging op politieke terrein wou meehelp, was welkom as volksgenoot, al het hy ook Engels gepraat. Wie nie wou meehelp nie, het daarbuite gestaan.[48]

Binne die heterogene staatsvolk het die Herenigde Nasionale Party op hierdie wyse die Afrikanervolk geword. Hierdie volk binne hierdie Party aan bewind maak van die Suid-Afrikaanse staat 'n volkstaat op weg na sy politieke bestemming.[49] Die Afrikaner het so deur middel van sy Party in die posisie gekom dat hy sy eie beleid kon uitvoer. Hy het deur middel van sy Party vir alle praktiese doeleindes oor 'n eie staat beskik. Die Republiek is gevolglik eers verwesenlik toe die Nasionale Party die optimum volkseenheid onder Afrikaners in homself verwesenlik het en die Afrikaners ook die meerderheid van die stemgeregtigde kieserstal uitgemaak het.[50]

Die Afrikaner se drang na 'n volkstaat kan binne die meervolkige Suid-Afrikaanse staat slegs met die Nasionale Party bevredig word solank daar aan drie voorwaardes voldoen word: Partyeenheid, Partymeerderheid en Partysuiwerheid ten opsigte van beginsel en standpunt. Die partymeerderheid hang ook saam met die mate waarin Engelssprekendes hulle met die „nasionale idee" vereenselwig en daarteenoor die mate waarin die onnasionale element deur immigrasie versterk word. Die

---

46) Bl. 160.
47) Bl. 164.
48) Bl. 167.
49) Ibid.
50) Bll. 135, 196 e.v., 225 e.v. Vgl. bll. 14, 93, 229.

huidige „volkstaat" deur middel van die regerende Nasionale Party is vanuit die volkstaatideaal slegs 'n onvolkome en tussentydse hulpmiddel.[51]

In die gegewe omstandighede moet hierdie hulpmiddel met alle mag aangewend word vir die verwesenliking van 'n blywende Afrikaanse volkstaat. Die grondslae moet gelê word waarop Afrikaners en Engelse kan saamgroei tot een uiteindelike homogene Afrikanerdom. Met die anti-Britse reaksie onder Engelssprekendes is die moontlikheid vir hierdie ontwikkeling op Afrikaans-nasionale grondslag selfs in 1966 nog besonder gunstig.[52]

x x x

Ná die hoogtepunt met die eenheidsgrondslag op die Uniale Kongres van 1941 het die Herenigde Nasionale Party so vroeg as 1943 'n verkiesing tegemoetgegaan sonder om die republikeinse volkstaat op sy verkiesingsprogram te plaas. Dieselfde weg is andermaal doelbewus in 1948 gevolg en die Kleurvraagstuk is na vore geskuif in die hoop dat dit Engelse stemme sou trek. Dr. D.F. Malan het waarskynlik (en verkeerdelik) onder die indruk gekom dat steun van Engelssprekendes hom in 1948 aan die bewind geplaas het. Sy beleid sedert 1948 ten opsigte van die nasionale en konstitusionele aspekte van die vryheidsvraagstuk het vir hom veel lof in die Engelse pers verdien maar weinig bygedra tot die republikeinse strewe van die Afrikaner. Só vorm 1953 'n dieptepunt, maar tegelyk ook 'n nuwe beginpunt vir en van die republikeinse strewe.[53]

Omdat die Nasionale Party onder leiding van dr. Malan hom volkome op die Statebond-standpunt gestel het, het die republikeinse ideaal in 1953 feitlik, sover dit offisieel dié Party betref, nog net in sy Program van Beginsels bestaan. Die toestand is gevolglik in 1953 die teenoorgestelde van dié in 1919 toe 'n nie-republikeinse Nasionale Party 'n republikeinse standpunt ingeneem het. In 1953 het 'n republikeinse Nasionale Party 'n Britse Statebond-standpunt ingeneem.[54]

---

51) Bl. 168.
52) Bl. 168 e.v.
53) Bll. 191, 181 e.v., 198, 213.
54) Bl. 213.

Weer eens het klein Afrikaanse nie-partypolitieke organisasies op die grondslag van die volkstaatbeginsel die oplossing van die kernprobleem ten opsigte van die Suid-Afrikaanse tweevolkigheid gesoek in die aanvaarding van die Engelssprekendes as potensiële Afrikaners wat langs die weg van natuurlike assimilasie in die Afrikanerdom moet ingroei om tot „een volk met een trou" te kom.[55)]

Toe mnr. J.G. Strijdom vir dr. Malan in 1954 opvolg, het hy skynbaar voorsien dat die republikeinse ideaal uit die hande van die Nasionale Party geneem sou word indien daar nie daadwerklik met republikeinse propaganda en „stap-vir-stap" 'n republiek voorberei word nie. Die Engelse pers het dit as afskrikmiddel vir sy lesers aangegryp, maar daardeur skynbaar slegs die Engelse groep gekondisioneer sodat hulle maklik by eventuele republiekwording kon berus.[56)] Toe dr. H.F. Verwoerd betreklik onverwags, terwyl die republikeinse vraagstuk deur die rassevraagstuk oorheers was, in 1960 die konstitusionele aspek van die republikeinse strewe, naamlik die keuse tussen 'n monargie en 'n republiek, by wyse van 'n referendum in die politieke arena gewerp het,[57)] het die Afrikaners vir en die Engelse teen republiekwording gestem. Die geringe persentasie uit die onderskeie groepe wat anders gestem het, neutraliseer mekaar.

Die Republiek van Suid-Afrika is op geringe uitsondering na deur die verenigde krag van die Afrikanerdom tot stand gebring. Dié Republiek was 'n Afrikanerideaal, verwesenlik deur Afrikaners. Met behoud van die volste beskerming van die regte van Engelssprekendes vereis hierdie feit egter dat die Afrikanervolk erken en aanvaar moet word as die nasionale kern waaromheen die groter republikeinse volkseenheid moet groei. Die Republiek is reeds voorgehou as die noodsaaklike fondament vir ware „Suid-Afrikaanse" volkseenheid.[58)]

Omdat die Engelssprekende volksgroep die Calvinistiese of Christelik-nasionale lewensbeskouing van die Afrikaner mis, was hy tot 1961 anti-republikeins, besiel met 'n

---

55) Bl. 188. Wyle die skrywer was in lewe redakteur van Die O.B. en Die Republikein.
56) Bl. 214 e.v.
57) Ibid.
58) Bl. 226.

Engelse nasionalisme wat verkleef was aan Engeland en as groep gerig deur 'n liberalistiese leefwyse en lewensuitkyk. Dié volksgroep het gevolglik noodwendig 'n anti-republikeinse standpunt ingeneem en as groep ook buite die Nasionale Party bly staan.[59]

Ten spyte van die tweevolkige teorie en ideaal by sy leiers en ten spyte van die taktiese maneuvrering deur sy leiding met die oog op Engelse steun vir die Party as sodanig, was die Nasionale Party in 1941, 1953 en in 1961 nog altyd 'n party wat uitsluitend uit Afrikaners bestaan het. Dit het geword en is gedra, besiel en gebou deur die nasionalisme van die Afrikanervolk en was gegrond op die tradisie en lewensbeskouing van die Afrikaners.[60] Die feit dat die voormanne van die Nasionale Party hulle in 1941 kon vereenselwig met die aanvaarde eenheidsgrondslag, gebaseer op die volkstaatbeginsel, noop tot die gevolgtrekking dat die ommeswaai na die tweevolkige burgerstaatbeginsel ter wille van partypolitieke voordeel en nie op sterkte van prinsipiële besinning gedoen is nie.[61]

x x x

Die idee van 'n tweevolkige Suid-Afrikaanse staat, soos deur die leiers van die Nasionale Party ná 1948 bepleit, moet afgewys word. Die leuse „een volk met twee tale" is geen etniese eenheid nie. Die begrip stam uit die bodem van die burgerstaatidee en is aan die Afrikanervolk tradisioneel en inherent vreemd. Hierdie beleid strem en verongeluk daarby enige natuurlike assimilasieproses tussen Afrikaners en Engelse. Wanneer die huidige tweevolkige toestand uit beginsel bestendig word, vernietig dit onwillekeurig enige verwagting dat „volkseenheid" in Suid-Afrika ooit iets meer as politieke samewerking tussen twee verskillende etniese

---

59) Bl. 188.
60) Ibid.
61) Verskuif uit die slot van hoofstuk IX. Vir die maneuvrering met beleid verwys die skrywer ook na die benadering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling voor dr. Verwoerd op die toneel gekom het en staaf met Debatte van die Volksraad, Deel 71, kol. 4251.

groepe sal beteken, en so 'n verwagte samewerking word selfs nie eers binne 'n homogene volk maklik en durend verkry nie.[62]

Wanneer die partypolitieke propaganda gemik word op die bestendiging van die dubbelvolkigheid van die blanke Suid-Afrikaanse staat, bou dit 'n teoretiese, praktiese en sielkundige weerstand op by die Engelssprekende teen „oorlopery" na die inheemse Afrikanervolk. Wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis met die Franse Hugenote gebeur het en wat in die Verenigde State van Amerika gebeur waar selfs die skole ingespan word om assimilasie te bevorder, word deur dié beleid uitgesluit. Engelssprekendes word soms selfs teen hulle sin gedwing om hulle kinders in Engelsmediumskole te laat opgaan.[63]

Die enigste alternatief is om die partypolitieke propaganda toe te spits op volkseenheid rondom die kern van die inheemse Afrikanervolk. Die benadering van die kernprobleem vanuit die volkstaatbeginsel beoog die natuurlike assimilasie van vreemde elemente na gelang van hul bereidwilligheid en vermoë om hulle met die inheemse volk te vereenselwig. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is die vrug en konsekwensie van hierdie volkstaatgedagte ten opsigte van nie-assimileerbare groepe.[64]

In normale omstandighede geskied die assimilasieproses geleidelik en vanselfsprekend, en juis die onwilliges uit assimileerbare elemente word deur die openbare mening verwerp. Wanneer 'n beleid van tweevolkigheid egter teen hierdie assimilasie opgewerp word, moet dit eventueel lei tot 'n nuwe stryd, veral wanneer die Afrikaanse groep as gevolg van immigrante (wat binne die tweevolkige beleid 'n keuse het tussen Afrikaanse of Engelse skole) sy getalsoorwig en so die regering verloor het.[65]

Die beginsel van tweevolkigheid binne een Suid-Afrikaanse staat is ook inkonsekwent ten opsigte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling wat juis ontstaan het uit die volkstaatidee en nie uit 'n burgerstaatidee nie.

---

62) Bll. 182, 188. Gedagtes verskuif uit slot van hfst. IX. Vgl. ook by verw. 28.
63) Verskuif uit slot van hfst. IX.
64) Bl. 6 e.v. Vgl. hfst. IX.
65) Verskuif uit slot hfst. IX.

Ten opsigte van die nie-blanke volksgroepe word die beleid deur etniese beginsels bepaal. Dit is voor die Wêreldhof in verband met die Suidwes-Afrika-saak ontken dat hierdie beleid 'n rassebeleid is. Aan die ander kant word die twee blanke volke egter as 'n ras (blankes) binne een staat saamgegroepeer en as „blankes" teenoor die etniese state van die nie-blankes gestel. Die etniese begrip „Afrikanervolk" is klaarblyklik in hierdie geval vervang deur die rassebegrip „blankedom". Dit is inkonsekwent dat die etniese beginsels vanuit die volkstaatbeginsel ten opsigte van die nie-blanke groepe toegepas word, maar 'n tweevolkige eenheid op grond van die filosofie van die burgerstaat ten opsigte van die Afrikaner aangelê word.[66)]

Vanweë die sterk posisie wat die Eerste Minister as leier van die huidige Nasionale volksparty inneem en vanweë die feit dat die Opposisie geen direkte invloed op staatsbeleid kan uitoefen nie, beskik die Afrikanerdom op die oomblik deur middel van die Nasionale Party oor 'n eie staat en ervaar die Afrikanerdom die huidige staat as 'n volkstaat. Sodra egter weer 'n ander Party as politieke instrument van die ander volk binne dieselfde staat oorneem, sal die Afrikaner voel asof hy sy staat verloor het, alhoewel Suid-Afrika in 1961 op staatkundige gebied 'n republiek geword het. Die staatkundige verwesenliking van die republikeinse strewe, sonder die Afrikaans-nasionale inhoud, sal nie kan bevredig nie.[67)]

Die Afrikaner sal na die verwesenliking van die republikeinse status in 1961 die werklikheid dat hy deur middel van die Nasionale Party regeer, moet aanvaar as sy reg, anders sal hy die geleentheid vrugteloos benut om oor sy toekoms te beskik,

---

66) Ibid.
67) Wat hier volg, het die slot van hoofstuk XI in die oorspronklike manuskrip gevorm.

en verbeur. . Dit gebeur wanneer die Afrikaner die beginsel van die volkstaatgedagte verwerp en dus die staat en alles wat daarmee saamhang - ook die onderwys -, so neutraal moontlik probeer hou ten einde aan albei bevolkingsgroepe ewe veel „reg" te laat geskied. Hierdie neutrale beleid en sogenaamde ewe veel „reg" aan albei bevolkingsgroepe sluit die „reg" vir elke groep in om permanent afsonderlik voort te bestaan, afsonderlik versterk te word deur immigrasie en afsonderlik beheer uit te oefen oor die „neutrale" staat. Elke groep mag sy eie belange beskerm en bevorder deur middel van sy eie politieke organisasie. Geen begeerte tot of partybeleid met die oog op „volkseenheid" of „nasionale eenheid" kan enige groep die reg ontneem om homself te handhaaf en te laat geld deur middel van sy eie politieke party solank daardie selfhandhawing net nie die algemene belange en veiligheid van die Suid-Afrikaanse staat as sodanig benadeel nie. Daarom is 'n strewe na „volkseenheid" in teenspraak met die neergelegde beginsel van 'n tweevolkige „nasionaliteit", tensy daarmee beoog word dat politieke samewerking binne een organisasie uiteindelik tot assimilasie van die een deur die ander moet lei.

Omdat albei groepe se reg op voortbestaan egter in beginsel volkome gelyk is, sal so 'n assimilasie, bepaal deur die tweevolkige beleid, wanneer niemand, regstreeks of onregstreeks, wil bepaal wie deur wie geassimileer gaan word nie, na die een of die ander kant toe moet gaan. In 'n land waar die Angelsaksiese verbintenisse nog steeds op ekonomiese, kulturele en internasionale gebied oorheersend bly, en immigrasie juis die Engelse volksgroep begunstig, sal so 'n stuurlose geskiedkundige proses noodwendig moet uitloop op die assimilasie van die Afrikaner deur die Engelssprekende bevolkingsgroep.

Denkende Afrikaners vrees gevolglik reeds dat die Afrikaner wel die republiek verkry en die verkiesing in 1966 gewen het, maar die stryd om sy voortbestaan verloor het.[68] Die Afrikaner het op die lang pad van sy selfverwesenliking

---

68) Vgl. briewe Johan Theron en Robert van Tonder, Die Transvaler, 14 en 18/4/66.

juis geworstel teen Engelse sentiment. Ná elke voorwaartse stap moes hy die Engelssprekende groep op die pad van Afrikaner-nasionalisme met hom saamsleep. Nou is die ironie dat die Afrikaner in die verkreë republiek, nadat die geskiedenis sy strewe gelyk gegee en as noodsaaklik bewys het, weier om as inheemse volk sy reg as die leier prinsipieel te aanvaar. Terwyl Afrikaners terughuiwer in 'n beleid van tweevolkigheid, begeer sommige Rhodesiese Engelssprekendes om hul kinders Afrikaans op te voed,[69] en is juis Afrikaners van Engelse afkoms van die sterkste voorstanders van die Afrikanervolkstaat.[70]

Uit die oogpunt van 'n tweevolkige Suid-Afrikaanse staat moet politieke eenheid eintlik neerkom op die eensgesindheid van twee bondgenote ten opsigte van hulle gemeenskaplike „blanke" vaderland. Hierdie „politieke eenheid" - wat in werklikheid „samewerking" is - kan nooit duursaam wees nie. Enige bondgenootskap ontbind sodra uiteenlopende belange na vore kom.

Afrikaner-leierskap op politieke gebied was tot dusver in dieselfde mate gevolg van die Afrikaner se stryd na selfverwesenliking as wat dit bewys was van sy uitsluitlike Suid-Afrikaanse nasieskap. Die Engelssprekendes, daarenteen, het hulle in die verlede sodanig met die Britse volk vereenselwig dat hulle na Londen opgesien het om leierskap - iets wat in die toekoms nie meer sal gebeur nie. Hulle sal nie altyd gewillig wees om Afrikaner-leierskap in die plek daarvan te aanvaar nie.

Indien hulle as 'n volk met „ewe veel reg" naas die Afrikaner moet voortbestaan, sal hulle, versterk deur immigrasie, self weer na die bewind streef en dit dan weer in hulle eie koers gebruik.

---

69) Vgl. briewe in Die Transvaler en in Die Vaderland, 31/3/66. 'n Engelssprekende, Edmund Elias, skryf onder meer: „Dit is uitsluitlik aan die Afrikaanssprekendes te danke dat ons vandag 'n vrye en onafhanklike Republiek het. Ons kan die Afrikaner nooit ten volle vergoed vir hierdie wonderlike geskenk nie." Dagbreek, 8/8/65.

70) Vgl. T.B. Floyd, Die Transvaler, 29/6/65, wat homself in 1951 nog „'n Engelssprekende" noem, Ibid., 3/4/51; Robert van Tonder, (Ibid., 25/4/66) verwys na sy Engelse stamvader, Robert Spiller, wat verafrikaans het, en verwag dieselfde van ander Engelse immigrante.

Wanneer die staat losgemaak word van die Afrikaner sodat dit as die politieke instrument van twee volke met twee tale, twee kulture en twee geskiedenisse moet dien, het die begrip „selfverwesenliking" van die Afrikaner nie meer op 'n politieke toekoms betrekking nie maar is dit ingekort tot 'n kulturele strewe. Hierdie inkorting van die strewe na self-verwesenliking sal verder tot die aftakeling van Afrikaner-nasionalisme bydra en eenvoudig daartoe lei dat Afrikaner-nasionalisme deur 'n Engelsgeoriënteerde Suid-Afrikaanse nasionalisme vervang word. Met ander woorde, die jarelange strewe na nasionale selfverwesenliking moet met die prinsipiële aanvaarding van 'n tweevolkige staat vir die Afrikaner eindig in nasionale selfverloëning.

Allerlei politieke oorwegings het die Afrikaner se vryheidstrewe gesmoor deur dit te beperk tot die formeel-staatkundige aspek van die republiek en deur die vryheid-strewe los te maak van die nasionale aspek, die nasionalisme, wat juis na die selfverwesenliking op politieke gebied voort-gedring het. Dit kom neer op nasionale verydeling. Die resultaat daarvan moet wees dat die Afrikaner, beroof van sy idealisme, in materialisme sal versink, sonder enige gevoel van geroepenheid.

Dit is daarom noodsaaklik dat die aanspraak van die Afrikanerdom op sy historiese nasieskap as die volk van Suid-Afrika prinsipieel erken moet word. Die ideaal van 'n ver-enigde Afrikanerdom moet opnuut gestel word volgens die bindende formule van wyle genl. Hertzog wat ook daardie Engelssprekende Afrikaners insluit wat hulle met die geskie-denis en strewe van die Afrikanervolk vereenselwig. Alleen so kan die eeue-stryd van die Afrikaner oorwinnend afgesluit word in die voortbestaan van 'n roepingsbewuste Afrikanerdom wat sy groot taak in Afrika vervul „op die wortel van ons volkshistorie".

B Y L A E

DIE REPUBLIKEINSE ARTIKELS IN DIE PROGRAMME VAN BEGINSELS VAN DIE NASIONALE PARTYE.

A. Die Nasionale Party, 1914:[1)]

1. De Nationale Partij vertegenwoordigt de nationale overtuiging en aspiraties van 't Zuid-Afrikaanse volk binnen de Unie, en streeft er naar om deze overtuiging en aspiraties te ontwikkelen en te doen verwezenliken tot ruimste zegen voor land en volk.

   Zij erkent de noodzaaklikheid van 't aankweken van 'n machtig bezef van nationale zelfstandigheid en verklaart nadrukkelik dat de belangen van Zuid-Afrika door haar gesteld worden boven de belangen van enig ander land of volk.

   De positie van de Unie ten opzichte van hare betrekkingen tegenover het Verenigde Koninkrijk, berustende op die goede trouw van twee naties, wordt door haar zonder omweg erkent, en zij gevoelt zich ervan overtuigd dat de handhaving van een goede verstandhouding tussen de Unie en 't Rijk afhankelik is van het nouwgezette vermijden van enige handeling waardoor 't volk der Unie in zijn staatkundige vrijheid wordt verkort of belemmerd of waardoor enige der vrijheden van 't land of diens Regering onttrokken worden aan 't onmiddellik gezag of beheer van 't volk der Unie.

   Zij erkent de rechtmatige aanspraak der bevolking van de Unie op onderlinge eerbiediging van en op 't recht van vrije genot van al datgene dat een volk eigen is in taal, geschiedenis, godsdienst, gewoonten en zeden, en zocht door 't aanmoediging van een gevoel van oprechte waardering dier eigenschappen naar het ontwikkelen van het besef van nationale eigenwaarde en van een wis en degelik volkskarakter.

---

1) P.H. Coetzee: Partypolitiek in Suid-Afrika Sedert 1910, M.A.-verhandeling, Bloemfontein, 1952, bl. 120.

B. Artikel 4, Soos Gewysig in 1919:[2)]

Die bestaande betrekkings tussen die Unie en die Verenigde Koninkryk word deur die Nasionale Party sonder omweg erken.

Daar egter die uiteindelike bestemming en doel van die volk van die Unie, soos die van ieder ander sigself respekterende nasie, sy volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid moet wees en daar slegs deur sulke volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid die vriendskaplike houding tussen Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk kan bestaan, sal die Nasionale Party iedere geleentheid te baat neem en iedere poging aanwend om die bestaande regte en vryhede van die Unie getrou te handhaaf en om dit langs konstitusionele weg en met die oog op die belange van Suid-Afrika verder uit te brei totdat Suid-Afrika as selfstandige staat, ook in die praktyk en in iedere opsig gelykstaande is met die Verenigde Koninkryk en verder uiteindelik sy volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid verkry. In ooreenstemming hiermee verklaar die Nasionale Party sig beslis teen enige rigting, optrede of politiek wat die strekking het om bestaande regte en vryhede op enigerlei wyse in te kort en daarop inbreuk te maak of om die deur vir die verkryging van die uiteindelike volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid te sluit en onderneem om sodanige rigting, optrede of politiek met alle geoorloofde middele te bestry.

C. Artikel 4, Soos Gewysig in 1928:[3)]

Die Nasionale Party aanvaar die verklaring deur die Imperiale Konferensie by sy sitting van 1926 afgelê, en stel sig ten doel die handhawing van ons soewereine onafhanklikheid daardeur erken, en die uitoefening van staatsfunksies op eie gesag. In ooreenstemming hiermee verklaar die Nasionale Party sig beslis teen enige rigting, optrede of politiek wat die strekking het om ons vryhede op enigerlei wyse in te kort of daarop inbreuk te maak en onderneem om sodanige rigting, optrede of politiek met alle geoorloofde middele te bestry.

---

2) Ibid.
3) Ibid., bl. 125.

D. Die Nasionale Party, 1936:[4)]

3. Hy verteenwoordig die nasionale aspirasies en strewe van die Suid-Afrikaanse volk, wat hy wil opbou deur die aankweking van 'n kragtige besef van nasionale selfstandigheid en onafhanklikheid en deur die bevordering van 'n sterk gevoel van nasionale eenheid, gegrond op gemeenskaplike en onverdeelde toewyding aan Suid-Afrika en sy belange.

4. Die Party grond hom op die ondubbelsinnige erkenning dat Suid-Afrika volgens wet 'n soewerein-onafhanklike staat is, en dat hy daarom alle regte besit en op eie gesag alle staatsfunksies mag uitoefen wat deur daardie uitdrukking in sy volle internasionale betekenis aangedui word.

5. Hy onderneem om hierdie onafhanklikheid getrou te handhaaf, om enige vertolking, rigting, optrede of politiek wat daarmee in stryd is of daarop inbreuk maak, met alle geoorloofde middele te bestry en om alle nog bestaande konstitusionele ongerymdhede te verwyder.

6. Die Party erken onomwonde die reg van die volk om te enige tyd, as hy dit in belang van die land ag, sy regeringsvorm langs konstitusionele weg te verander.

7. Die Party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en daarom sal hy die republikeinse ideaal beskerm en hom beywer om 'n republiek in Suid-Afrika tot stand te bring.

8. Hy erken dat 'n republiek tot stand gebring kan word alleen op die breë grondslag van die volkswil en met die getroue inagneming van die gelyke taalregte van die twee sekcies van die blanke bevolking. In ooreenstemming hiermee lê hy vas dat hierdie konstitusionele verandering tot stand gebring sal kan word alleen as gevolg van 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die volk.

---

4) Ibid., bl. 366.

E. Die Herenigde Nasionale Party of Volksparty, 1941:[5]

9. Die Party erken onomwonde die reg van die volk om te eniger tyd as hy dit in belang van die land ag, sy regeringsvorm langs konstitusionele weg te verander.

10. Hy is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en tewens die enigste effektiewe waarborg is dat Suid-Afrika nie weer in Groot-Brittanje se oorloë ingesleep sal word nie.

11. Hy sal hom dus beywer om alle ongerymdhede, wat die bereiking van daardie volksvryheid belemmer, uit die weg te ruim.

12. Die Party erken egter dat 'n republiek tot stand gebring kan word alleen op die breë grondslag van die volkswil en met die getroue inagneming van die gelyke taal- en kulturele regte van die twee seksies van die blanke bevolking. In ooreenstemming hiermee lê hy vas dat hierdie konstitusionele verandering tot stand gebring kan word alleen ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die stemgeregtigde blanke bevolking en nie bloot as gevolg van 'n parlementêre meerderheid, wat by 'n gewone verkiesing verkry mag word nie.

==========

5) Program van Beginsels, Aksie en Konstitusie, 1941.

B R O N N E

A. AMPTELIKE PUBLIKASIES.

1. Van die Staat.

Report of Select Committee on Rebellions S.C.1 - 1915.

U.G. No. 44, 1938 (Sensus).

Debatte van die Volksraad.

Debatte van die Senaat.

2. Ander.

Herenigde Nasionale Party of Volksparty:

Program van Beginsels, Aksie en Konstitusie, 1941.

Idem:

Notule van die Ses-en-twintigste Kongres, Bloemfontein, 1941.

Die Ossewabrandwag:

Afrikaner-eenheidskomitee Gestig: Verklaring oor wat bereik is, Pamflet, Potchefstroom, 1941.

Die Ossewabrandwag, Vanwaar en Waarheen.

Dr. J.F.J. van Rensburg antwoord dr. D.F. Malan, Pamflet, 23.8.41.

B. KOERANTE.

Dagbreek en Sondagnuus, Johannesburg.

De Volksstem (na 1913 Die Volkstem), Pretoria.

Die Burger, Kaapstad.

Die O.B., Kaapstad.

Die Republikein, Pretoria.

Die Staatskoerant, Pretoria.

Die Transvaler, Johannesburg.

Die Vaderland, Johannesburg.

Die Volksblad, Bloemfontein.

Die Weste, Potchefstroom.

The Cape Argus, Kaapstad.

The Cape Times, Kaapstad.

The Friend, Bloemfontein.

(The) Rand Daily Mail, Johannesburg.

The Star, Johannesburg.

(The) Sunday Times, Johannesburg.

C. TYDSKRIFTE.

Common Sense, Johannesburg.
De Jonge Kalvinist, Potchefstroom.
Die Huisgenoot, Kaapstad.
Foreign Affairs, New York, Jaargang 8.
Intelligence Digest.
Koers, Potchefstroom.
Newsweek, New York.
The Daily Telegraph, London, 1949.
The Forum, Johannesburg.
The S.A. Observer.

D. SEKONDÊRE BRONNE.

ARMSTRONG, H.C. : Grey Steel, J.C. Smuts, a story in arrogance, Londen, 1937.

BEYERS, DR. COENRAAD : Die Groot Trek met betrekking tot ons nasiegroei, (Argief-jaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1941, Deel I).

BODENSTEIN, H.D.J. : Die Wolf in die Skaapvel, Kaapstad.

BOYDELL, THOMAS : My Beloved Country, Tweede druk, Kaapstad, 1959.

BRAAK, K. : Zuid-Afrika en Engeland, Utrecht, 1933.

BROUGHTON, MORRIS : Press and Politics of South Africa, Kaapstad, 1961.

CACHET, F. LION : De Worstelstrijd der Transvalers, Amsterdam, 1883.

CALPIN, G.H. : There are no South Africans, London, 1941.

Christelijke Encyclopaedie Voor het Nederlandsche Volk, Kampen, 1929.

COETZEE, J. ALBERT : Politieke Groeperinge in die Wording van die Afrikaner-nasie, Johannesburg, 1941.

COETZEE, P. HAASBROEK : Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910, M.A.-verhandeling, Bloemfontein, 1952.

COSTER, H.J. : De Locale Wetten en Volksraads-besluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, Pretoria, 1895.

CRAFFORD, F.S. : Jan Smuts: A Biography, Kaapstad, 1945.

DE GROOT, D.J. : De Reformatie en de Staatkunde, Christelijk Nationale Biblio-teek, 1955.

DE WET, C.J.H. : Manifes van die Konferensie van Afrikaners, Pamflet, Pretoria, 1940.

DIEDERICKS, DR. N. : Nasionalisme as Lewensbeskouing.

ENGELENBURG, N.F.V. : Genl. Louis Botha, Pretoria, 1928.

HEADLAM, C. : The Milner Papers, deel II, South Africa 1899-1905, London, 1933.

JACOBZ, S.P.E. : Besprekings in Komitee op Partykongresse, Pamflet, Pretoria, s.j.

: Nasionaliste Hou Koers! Pamflet, Pretoria, s.j.

KEMP, J.C.G. : Die Pad van die Veroweraar, Kaapstad, 1942.

KOHN, HANS : The Idea of Nationalism, New York, 1951.

KRÜGER, D.W. : Paul Kruger, Deel II, Johannesburg, 1965.

: Die Weg na die See, (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Deel I, 1938).

: South African Parties and Policies, 1910-1960, Kaapstad, 1960.

: The Age of the Generals, Johannesburg, 1958.

: Geskiedenis van Suid-Afrika, (verwerk en bygewerk), Elsiesrivier, 1965).

LUCAS, C.P. : The Report of the Earl of Durham, Londen, 1902.

MALAN, D.F. : Afrikaanse Volkseenheid, en my Ervarings op die Pad Daarheen, Kaapstad, 1959.

MALAN, M.P.A. : Die Nasionale Party van Suid-Afrika, Elsiesrivier, 1964.

MALHERBE, DR. D.F. DU TOIT: Afrikaner-Volkseenheid, Bloemfontein, 1942.

MARAIS, J.S. : The Fall of Kruger's Republic, Londen, 1961.

MEYER, P.J. : Die Afrikaner, Bloemfontein, 1940.

MOUTON, J.A. : Genl. Piet Joubert in die Geskiedenis van die Transvaal tot 1884, Pretoria, 1935.

McCORD, Capt. J.J. : South African Struggle, Pretoria, 1952.

MILLIN, S.G. : General Smuts, Deel I, Londen, 1936.

MÜLLER, C.F.J. : Die Britse Owerheid en die Groot Trek, Johannesburg, 1963.

NAUDÉ, : Generaal J.B.M. Hertzog en die Ontstaan van die Nasionale Party, M.A.-tesis, Potchefstroom, 1964.

NEAME, L.E. : General Hertzog. Prime Minister of the Union of South Africa since 1924 ....., London, s.j. (1929?)

OOST, HARM : Wie was die Skuldiges? Johannesburg, 1957.

PIROW, OSWALD : James Barry Munnik Hertzog, Kaapstad, s.j.

POTGIETER, DR. CAREL en THEUNISSEN, N.H. : Hendrik Potgieter, Johannesburg, 1938.

PYRAH, G.B. : Imperial Policy and South Africa, Londen, 1955.

RHOODIE, N.J. en VENTER, H.J. : Die Apartheidsgedagte, 'n sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling, Kaapstad en Pretoria, 1959.

SCHOEMAN, JOHAN : Die Anderkant van die Rebellie, en 'n Woord aan Generaal Smuts, Pretoria, 1915.

SCHOLTZ, G.D. : Die Rebellie, 1914-15, Johannesburg, 1942.

: Generaal Christiaan Frederik Beyers, Johannesburg, 1941.

: Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, Johannesburg, 1947.

STEENKAMP, ANNA ELIZABETH : Die Dagboek van - en Fragmentjies oor die Groot Trek, Pietermaritzburg, 1939.

STOKER, H.G. : Die Stryd om die Ordes, Potchefstroom, 1942.

SPIER, J.M. : Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee, Kampen, 1946.

STUART, J. : De Hollandsche Afrikanen en Hunne Republiek in Zuid-Afrika, Amsterdam, 1854.

VAN DEN HEEVER, C.M. : Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1943.

VAN DER MERWE, DR. N.J. : Marthinus Theunis Steyn, Kaapstad, 1921.

VAN DER WALT, A.J.H., WIID, A.J., GEYER, A.L. : Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad, 1951.

VAN JAARSVELD, F.A. : Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, 1868-1881, Johannesburg, 1957.

VAN JAARSVELD, F.A. en G.D. SCHOLTZ : Die Republiek van Suid-Afrika, Johannesburg, 1966.

VAN OORDT, J.F. : Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, Amsterdam, 1898.

VAN SCHOOR, M.C.E. : Die Nasionale en Politieke Bewuswording van die Afrikaner in Migrasie en sy ontluiking in Transgarip tot 1854, (Proefskrif, Potchefstroom, 1961; Gepubliseer in Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. 1963, Deel II).

VORSTER, M. STEYN : Die Britse Ryk, Sy Grondslag, Doel, Ontwikkeling, Vervorming en Toekoms, Amsterdam, 1929.

VULLIAMY, C.E. : Outlanders, Londen, 1938.

==========